

**JESAJA NET EEN BOEK?
DIE PENDULUM SWAAI TERUG**

deur

STEPHANUS IGNATIUS CRONJÉ


**Voorgelê ter gedeeltelike vervulling van die vereistes
vir die graad**

DOCTOR DIVINITATIS

**in die
Fakulteit Teologie (Ned Geref Kerk)
Departement Ou Testament
aan die
Universiteit van Pretoria**

**Promotor: Prof. W.S. Boshoff
Mede-promotor: Prof. J.H. le Roux**

**PRETORIA
April 2002**



OPDRAG

Hierdie studie word met liefde opgedra aan **ENGELA**

Sy het waarskynlik die swaarste gedra aan die las van hierdie studie.
Ek is haar baie dank verskuldig vir die aanmoediging, geduld en opoffering.

Ek besef dat die pad dikwels vir haar frustrerend was.

Die grootste dank aan haar gaan egter vir die ses maande in Londen en die
geleentheid wat sy my, deur haar bekwaamheid in haar eie beroep,

gebied het om in die British Library navorsing te doen.

Dit sal altyd vir my die hoogtepunt van my navorsing bly.

INHOUDSOPGAWE

VOORWOORD	ix
AFKORTINGS	xii
HOOFSTUK 1: PROBLEEMSTELLING EN HIPOTESE	
1.1 PROBLEEMSTELLING	1
1.1.1 DIE AGSTE-EEUSE PROFEET JESAJA EN DIE BOEK WAT SY NAAM DRA	1
1.1.2 HISTORIES-KRITIESE NAVORSING EN DIE BOEK JESAJA	3
1.1.3 REAKSIE OP DIE HISTORIES-KRITIESE BENADERING UIT KONSERWATIEWE GELEDERE	9
1.1.4 DIE HISTORIES-KRITIESE BENADERING: BOUSTENE VIR NUWE BENADERINGS	11
1.2 HIPOTESE	14
HOOFSTUK 2: VOORONDERSTELLINGS EN WERKWYSE	
2.1 KONTEKS EN APRIORI	18
2.2 TWEE PERSPEKTIEWE: "SLAGOFFER" VAN DIE OU TESTAMENTIESE WETENSKAP IN SUID-AFRIKA	21

2.3	EKSEGETIESE METODE	23
2.4	WERKWYSE	25

HOOFSTUK 3: DIE AGSTE EEU IN DIE OU NABYE OOSTE

- 'N HISTORIESE OORSIG

3.1	INLEIDING	29
3.2	PRIMÊRE BRONNE	32
3.3	DIE EINDE VAN 'N ERA	35
	<i>EKSKURSIE 1: DATERING VAN DIE KONINGS VAN</i>	37
	<i>ISRAEL EN JUDA</i>	
3.4	DIE OPKOMS VAN ASSIRIË AS WÊRELDMAG	40
3.5	DIE BELANGRIKHEID VAN SIRO-PALESTINA	42
3.6	ASSIRIESE VELDTOG IN SIRO-PALESTINA	44
3.7	SIRO-EFRAIMITIESE OPSTAND	46
3.8	DIE NOORDRYK: 'N LAASTE OPSTAND EN DIE	50
	VAL VAN SAMARIA	

HOOFSTUK 4: JUDA IN DIE AGSTE EEU EN DAARNA

- 'N HISTORIESE OORSIG

4.1	DIE POSISIE VAN DIE SUIDRYK	53
4.2	KONING HISKIA SE TROONBESTYGING	55
4.3	KONING HISKIA IN PERSPEKTIEF	57



4.4	ANTI-ASSIRIESE OPTREDE EN HISKIA SE ROL	58
4.5	HISKIA SE HERVORMINGS	62
4.6	SANHERIB KONSOLIDEER SY MAG	66
4.7	SANHERIB SE ANNALE	66
4.8	SANHERIB SE DERDE VELDTOG	67
	<i>EKSKURSIE 2: SANHERIB EN PALESTINA</i>	68
	<i>– EEN OF TWEE VELDTOGTE?</i>	
4.9	JUDA WORD BINNEGEVAL	77
4.10	DIE BELEG VAN JERUSALEM	79
4.11	DIE VERDERE LOT VAN DIE SUIDRYK	84
4.12	DIE WAARDE VAN HIERDIE HISTORIESE RAAMWERK EN DIE BYDRAE DAARVAN TOT DIE EKSEGETIESE PROSES	87
 HOOFSTUK 5: JESAJA 36-39 – 'N LITERÊRE PERSPEKTIEF		
5.1	INLEIDING	90
5.2	WATTER TEKS?	91
5.3	DIE TEKS EN TEKSKRITIEK	95
5.4	DIE JESAJA-ROL VAN QUMRAN	98
5.4.1	DIE BYDRAE VAN DIE ONTDEKKINGS BY QUMRAN IN DIE ALGEMEEN	98
5.4.2	DIE JESAJA-ROL (1 QIsa^a) EN SY BYDRAE TOT DIE ONDERHAWIGE NAVORSING	101

5.5	AFBAKENING VAN JESAJA 36-39	103
5.6	GATTUNG VAN DIE TEKS	108
HOOFSTUK 6: DETAILKSEGESE VAN JESAJA 38		
6.1	INLEIDING	114
6.2	DIE KEUSE VAN JESAJA 38 EN 39 – MOTIVERING	115
6.3	JESAJA 38:1	117
6.3.1	TEKSKRITIESE NOTAS EN LEKSIKALE AANGELEENTHEDE	117
6.3.2	VERTALING	118
6.3.3	TEKSTUELE GEGEWENS	118
6.4	JESAJA 38:2 EN 3	123
6.4.1	TEKSKRITIESE NOTAS EN LEKSIKALE AANGELEENTHEDE	123
6.4.2	VERTALING	124
6.4.3	TEKSTUELE GEGEWENS	124
6.5	JESAJA 38:4-6	126
6.5.1	TEKSKRITIESE NOTAS EN LEKSIKALE AANGELEENTHEDE	126
6.5.2	VERTALING	127
6.5.3	TEKSTUELE GEGEWENS	128
6.6	JESAJA 38:7 EN 8	131

6.6.1	TEKSKRITIESE NOTAS EN LEKSIKALE AANGELEENTHEDE	131
6.6.2	VERTALING	134
6.6.3	TEKSTUELE GEGEWENS	134
	<i>EKSKURSIE 3: DIE SOGENAAMDE HISKIALIED</i>	137
6.7	JESAJA 38:21 EN 22	143
6.7.1	TEKSKRITIESE NOTAS EN LEKSIKALE AANGELEENTHEDE	143
6.7.2	VERTALING	144
6.7.3	TEKSTUELE GEGEWENS	144
 HOOFSTUK 7: DETAILKSEGESE VAN JESAJA 39		
7.1	INLEIDING	147
7.2	JESAJA 39:1 EN 2	148
7.2.1	TEKSKRITIESE NOTAS EN LEKSIKALE AANGELEENTHEDE	148
7.2.2	VERTALING	150
7.2.3	TEKSTUELE GEGEWENS	151
7.3	JESAJA 39:3 EN 4	155
7.3.1	TEKSKRITIESE NOTAS EN LEKSIKALE AANGELEENTHEDE	155
7.3.2	VERTALING	156
7.3.3	TEKSTUELE GEGEWENS	156

7.4	JESAJA 39:5-7	159
7.4.1	TEKSKRITIESE NOTAS EN LEKSIKALE AANGELEENTHEDE	159
7.4.2	VERTALING	160
7.4.3	TEKSTUELE GEGEWENS	160
7.5	JESAJA 39:8	163
7.5.1	TEKSKRITIESE NOTAS EN LEKSIKALE AANGELEENTHEDE	163
7.5.2	VERTALING	163
7.5.3	TEKSTUELE GEGEWENS	163
7.6	DIE WAARDE VAN HIERDIE DETAILEKSEGETIESE STUDIE EN DIE BYDRAE DAARVAN TOT DIE EKSEGETIESE PROSES	165
7.7	DIE WAARDE VAN DIE DIAKRONIESE ÉN SINKRONIESE PROSES – WAAR LAAT DIT DIE LESER NOU?	168
7.7.1	TERUG NA DIE GESKIEDENIS	168
7.7.2	DIE NA-EKSILIESE GEMEENSKAP IN JERUSALEM AS MOONTLIKE GEHOOR VIR JESAJA 38-39	169
	<i>EKSKURSIE 4: JESAJA 36-39 EN 2 KONINGS 18-20</i>	172
	<i>- WIE WAS EERSTE?</i>	

HOOFSTUK 8: DIE VYFDE EEU IN DIE OU NABYE OOSTE

8.1	PROBLEME MET DIE SKRYF VAN 'N HISTORIESE OORSIG VAN DIE VYFDE EEU VOOR CHRISTUS	176
8.2	DIE AANBREEK VAN 'N NUWE ERA	180
8.3	DIE POLITIEKE BESTUUR VAN JUDA	187
8.4	DIE POLITIEKE BESTUUR VAN JUDA – GEVOLGE	189
8.5	TERUGKEER NA JUDA EN DIE HERBOU VAN DIE TEMPEL	191
8.6	DIE HOORDERS VAN DIE TEKS IN SY HUIDIGE VORM EN POSISIE IN JESAJA – 'N VERDEELDE GEMEENSAP <i>EKSKURSIE 5: ESRA EN NEHEMIA</i>	198 200
8.7	PRIMÊR TWEE STROME	202
8.8	SINKRETISME VERSUS MONOTEÏSME	204
8.9	DIE INVLOED VAN DIE KONFLIK OP DIE REDAKSIE GESKIEDENIS VAN JESAJA	206

HOOFSTUK 9: SAMEVATTING VAN DIE NAVORSINGS- RESULTATE VAN HIERDIE STUDIE

9.1	INLEIDING	209
9.2	NAVORSINGSGESKIEDENIS VAN DIE BOEK JESAJA	212
9.3	HISTORIESE PERSPEKTIEF	214

9.4	LITERÊRE PERSPEKTIEF	216
9.5	TERUG NA ('N) HISTORIESE KONTEKS	219
9.6	ENKELE VOORLOPIGE GEVOLGTREKKINGS	220
9.7	DIE BOODSKAP VAN JESAJA 38 EN 39 IN SY HUIDIGE VORM EN PLEK IN DIE BOEK JESAJA	222
9.8	JESAJA – NET EEN BOEK? DIE PENDULUM SWAAI TERUG	223
	OPSOMMING	226
	SUMMARY	229
	BRONNELYS	232

VOORWOORD

In die proses om hierdie studie te voltooi het ek beide eensaamheid en gemeensaamheid ervaar. Eensaamheid omdat dit 'n selfopgelegde taak is waarvoor ek alleen verantwoordelikheid kan neem. Gemeensaamheid omdat daar 'n verskeidenheid mense is wat moeite doen om jou worsteling te probeer begryp of, vir die wat al daar deur is, om jou moed in te praat.

Wat hier op papier gestalte gekry het, het 'n lang voorgeskiedenis. 'n Geskiedenis wat begin met my ouers wat my deur woord en met daad aan die God van wie die Bybel getuig, bekend gestel het. Daar was Eddie le Roux wat my as eerstejaarstudentjie laat voel het ek raak die grootste waarhede kwyt. My vrou, Engela, wat my telkens weer uitgedaag het om die vryheid wat ek in my geloof en teologie ervaar te laat grondvat. André van Niekerk wat met sy weersin in oppervlakkige teologie my altyd uitgedaag het om in die gemeente noukeuriger, dog eenvoudiger, te formuleer.

Dosente kan daartoe bydra dat sommige studente nooit 'n aanvoeling vir 'n bepaalde vak ontwikkel nie. Dosente kan deur hul entoesiasme by studente 'n liefde kweek vir 'n bepaalde vak. André Bartlett het die vuurtjie wat met hierdie studie steeds groter begin brand het in sy Hebreeuse klasse aan die brand gestee. Na hom het talle dosente uit verskillende departemente my geloof en my lewe verryk.

Daar was talle ander vriende binne en buite die akademiese wêreld wat met entoesiasme navrae gedoen en aangemoedig het. Dit het my laat aanhou en daarom, baie dankie. Dankie aan professor Wim Beuken wat dele van sy nuwe Jesaja-kommentaar aan my beskikbaar gestel het nog voordat die manuskrip by die drukkers was. Dankie ook vir ons heerlike gesprekke by twee OTWSA kongresse.

Ek is my promotors baie dank verskuldig. Eerstens professor Willem Boshoff wat ingestem het om, na professor Riempies Prinsloo, my eertydse promotor se ontydige dood, my verder deur die proses wat hom in hierdie studie voltrek het te begelei. Vir sy entoesiasme, opoffering en vriendskap sal ek professor Boshoff altyd dankbaar bly. Professor Riempies Prinsloo se dood was vir my persoonlik 'n terugslag. Ek sal hom altyd onthou vir sy absolute toewyding aan die studente wat onder hom studeer het. Dankie aan professor Jurie le Roux wat na sy kollega se afsterwe altyd vir my beskikbaar was. Hy en professor Ferdinand Deist het waarskynlik die grootste bydrae gelewer tot die ontwikkeling van my teologiese denke as volwasse student, veral wat betref die Bybelse geskiedenis.

Aan die Nederduitse Gereformeerde Gemeente Jakaranda in Pretoria; dankie vir studieverlof; dankie vir heerlike werksomstandighede; bowenal dankie vir die ruimte wat ek by julle ervaar om my teologiese denke te slyp. 'n Spesiale woord van dank aan Tannie Charlé Heydenreich en Chris Leipoldt vir ure en ure se proeflees. Dankie aan Jim Huston vir sy hulp met die *Summary* aan die einde van hierdie studie.

Aan my kollega, doktor Gawie Thirion, dankie vir jou vriendskap, ondersteuning en hulp. Dankie vir die oorgawe waarmee jy die verantwoordelikheid van alleen in 'n gemeente staan op jou geneem het tydens my en Engela se verblyf in Londen. Ek besef dat dit, saam met jou verantwoordelikhede by die Suid-Afrikaanse Polisie Diens, baie van jou gevra het.

Baie dankie aan my familie, vriende en talle gemeentede wat soveel belangstelling getoon het in dit waarmee ek besig was en my dikwels aangespoor het om dit waarmee ek besig was tot voltooiing te bring.

Dankie aan my liewe vrou, Engela. Vir haar was hierdie studie amper 'n groter bron van spanning as vir my. Tog het sy geduldig gebly, bly aanmoedig en steeds verstaan as ek moes werk wanneer daar iets anders op ons program was wat sy eerder wou doen. Die las van voltyds in die bediening staan en dan nog 'n studie soos hierdie te wil voltooi vra baie. Engela moes meermale die spit afbyt. Dankie, en nogmaals dankie aan haar. Jou liefde is vir my oneindig baie werd.

Aan die God met wie ek in hierdie studie geworstel het, kom al die eer toe. Vir krag en genade wat ek oorfloedig ervaar het en steeds ervaar dank ek Hom.

LYS VAN AFKORTINGS

AB	The Anchor Bible
ANEP	<i>Ancient Near East in Pictures</i> , ed. JB Pritchard, 1954 (Princeton: Princeton University Press)
ANET	<i>Ancient Near Eastern Texts</i> , ed. JB Pritchard, 1950 (Princeton: Princeton University Press)
ARAB	<i>Ancient Records of Assyria and Babylonia</i> , Luckenbill, DD Volume II. Historical Records of Assyria
ATD	Das Alte Testament Deutsch
BAR	Biblical Archaeology Review
BASOR	Bulletin of the American Schools of Oriental Research
BAT	Die Botschaft des Alten Testaments
BGSA	Die Bybelgenootskap van Suid-Afrika
BHS	<i>Biblia Hebraica Stuttgartensia</i> , eds. Elliger, K & K Rudolph, 1977 (Stuttgart: Deutsche Bibelstiftung)
BKAT	Biblischer Kommentar Altes Testament
bv.	byvoorbeeld
BZAW	Beiheft zur Zeitschrift für die alttestamentliche Wissenschaft
COT	Commentary on the Old Testament
ed.	editor
ed	edition

ekv.	enkelvoud
ens.	ensovoorts
et al.	et alii
e.v.	en volgende
FOTL	The Forms of the Old Testament Literature
Gen.	Genesis
Hers uitg	Hersiene uitgawe
HKAT	Handkommentar zum Alten Testament
HTS	Hervormde Teologiese Studies
JB	Jerusalem Bible
JBL	Journal of Biblical Literature
Jer.	Jeremia
Jes.	Jesaja
JETS	Journal of the Evangelical Theological Society
JNES	Journal of Near Eastern Studies
JNSL	Journal of Northwest Semitic Languages
JSOT	Journal for the Study of the Old Testament
JSOTSS	Journal for the Study of the Old Testament Supplement Series
KAT	Kommentar zum Alten Testament
Kon.	Konings
Kron.	Kronieke
L	Codex Leningradensis B19 ^A
LXX	Septuaginta

MT	Massoretiese Teks
NAV	Nuwe Afrikaanse Vertaling van die Bybel (1983) Sesde uitgawe 1986 (<i>met herformulerings</i>)
NEB	New English Bible
NGTT	Ned Geref Teologiese Tydskrif
NICOT	The New International Commentary on the Old Testament
o.a.	Onder andere
OTE	Old Testament Essays
OTL	Old Testament Library
OTWSA	Ou Testamentiese Werkgemeenskap van Suid-Afrika
POT	De Prediking van het Oude Testament
Ps.	Psalms
RSV	Revised Standard Version
red.	Redakteur
rev	Revised
SBT	Studies in Biblical Theology
SJOT	Scandinavian Journal of the Old Testament
SJT	Scottish Journal of Theology
ST	Studia Theologica
u.a.	und andern
vC.	voor Christus
vgl.	vergelyk
vols.	volumes

vr.	vroulik(e)
VT	Vetus Testamentum
WBC	World Biblical Commentary
ZAW	Zeitschrift für die Alttestamentliche Wissenschaft
1QIsa ^a	Eerste Jesaja-rol wat by Qumran ontdek is
1QIsa ^b	Tweede Jesaja-rol wat by Qumran ontdek is

HOOFSTUK 1

PROBLEEMSTELLING EN HIPOTESE

1.1 PROBLEEMSTELLING

1.1.1 DIE AGSTE-EEUSE PROFEET JESAJA EN DIE BOEK WAT SY NAAM DRA

Vanaf die vroegste tye van die bestaan van die Christelike kerk is die boek wat die naam van die agste-eeuse profeet יֵשַׁעְיָהוּ בֶן-אָמוֹץ¹ (vgl. Jes. 1:1) dra deur die oorgrote meerderheid lidmate en Bybelnavorsers beskou as die werk van dié profeet

¹ “Jesaja seun van Amos” (tensy anders vermeld, is alle vertalings my eie).

self. In hierdie siening het die talryke verwysings in die Nuwe Testament na die profeet Jesaja waarskynlik geen geringe rol gespeel nie. Blaai 'n mens na die "LOCI CITATI VEL ALLEGATI" in Nestle-Aland (1981:758-762) se *Novum Testamentum Graece*, blyk dit duidelik dat Jesaja een van die Ou-Testamentiese geskrifte is wat heel dikwels deur Nuwe-Testamentiese skrywers aangehaal word om onder meer gesag te verleen aan hulle eie geskrifte.² Dat daar gevolglik so 'n sterk tradisie rondom die outeurskap van Jesaja gegroei het, is te begryp.

Die enkele navorsers wat anders gedink het oor die outeurskap van die boek Jesaja, het aanvanklik hoofsaaklik uit Joodse kringe gekom. Harrison (1977:765) wys daarop dat die tweede-eeuse Joodse skrywer, Moses ben Samuel Ibn Gekatilla, 'n kommentaar op die boek Jesaja geskryf het waarin hy die vroeëre hoofstukke beskou as die werk van die agste-eeuse profeet, maar die latere dele van die boek in die Tweede Tempel Periode plaas. Die bekende Joodse geleerde van die Middeleeue, Ibn Esra, sluit hierby aan deurdat hy Jesaja 40-66 beskou as die pennevrug van iemand anders as dié agste-eeuse profeet (Harrison 1977:765).

Ten spyte van hierdie enkele stemme het die standpunt van een persoon, te wete die agste-eeuse profeet Jesaja, as outeur van die hele boek egter die geldende standpunt

² Hier is nie sprake van aanhalings in die streng sin van die woord nie, aangesien die vroeë skrywers nie noodwendig gedeeltes woordeliks aangehaal het nie, maar eerder gedeeltes uit gesaghebbende dokumente in hul eie woorde weergegee het. Daarby was daar verskillende versamelings gesaghebbende geskrifte wat in verskillende gemeenskappe gebruik is en wat nie almal presies ooreengestem het met die kanon soos ons dit vandag het nie (vgl. Deist 1988:22). Vandaar, onder meer, die verskil tussen die teks soos ons dit in die Ou Testament vind en die Nuwe Testament se weergawe daarvan.

gebly in die kerklike en akademiese hoofstroom van die Christendom vanaf die tyd van die Vroeë Kerk, deur die Middeleeue heen, tot en met die aanvang van die *Aufklärung*. Die verligting met sy klem op die menslike rede, so tekenend van die mondigwording van die Middeleeuse mens, het egter sy invloed ook op die kerklike en teologiese terrein laat geld. Die gevolg was dat, wat die teologie betref, die *Aufklärung* die konteks verskaf het waarin die Bybel, soos sekulêre geskrifte destyds, voortaan op 'n histories-kritiese wyse gelees is.

1.1.2 HISTORIES-KRITIESE NAVORSING EN DIE BOEK JESAJA

Wat die boek Jesaja betref, is dit waarskynlik JC Döderlein wat met sy kommentaar in 1775 die kritiese navorsing op die spoor geplaas het wanneer hy van die veronderstelling uitgaan dat dié boek uit twee duidelik onderskeibare dele bestaan (Snijders 1969:10). JB Koppe en JG Eichhorn sluit in hul navorsing by hierdie siening aan (Harrison 1977:765). In 1821 lei W Gesenius die Jesaja-navorsing 'n tree verder in hierdie rigting wanneer hy van die standpunt uitgaan dat Jesaja 40-66 nie alleen nie-Jesajaans van aard is nie, maar dat dit ook in wese 'n eenheid vorm (Harrison 1977:765). GA Smith (1888 & 1890), E König (1926) en CC Torrey (1928) was onder meer wetenskaplikes wat in hul navorsing by Gesenius aansluiting vind (Harrison 1977:765).

Hier het dit egter nie geëindig nie, want volgens Harrison (1977:766) identifiseer geleerdes soos F Bleek, B Stade en K Budde onderlinge verskille in hoofstukke 40-66

wat hulle oortuig dat dié hoofstukke óók nie die werk van net een outeur kan wees nie.

Hiermee is die weg gebaan vir Bernhard Duhm om in 1892 in sy bekende, veelbesproke en “epoch-making” (Seitz 1991:1) kommentaar, te stel dat Jesaja 40-66 inderdaad uit twee dele bestaan (Duhm 1968). Hy identifiseer in hoofstukke 40-66 die werk van ’n onbekende profeet wat hy Deuterokesaja noem en baken dit af as Jesaja 40-55, asook die werk van nog ’n onbekende profeet wat hy Tritokesaja noem en wat afgebaken word as Jesaja 56-66 (Duhm 1968:14-15, 19, 418 e.v.). Die identifisering van Jesaja 56-66 as die werk van ’n enkele profeet is waarskynlik die mees oorspronklike bydrae van genoemde werk van Duhm (vgl. Zenger 1998:383). Met reg kan Duhm dan ook die krediet ontvang vir dit wat nou beskou word as die klassieke driedeling van die boek Jesaja (Seitz 1991:14).

Op hierdie spoor sou baie navorsers volg, terwyl die standpunte van Duhm verder verfyn, afgerond en uitgebrei is. Teen die laat negentiende eeu was die meeste navorsers oortuig van die resultate van die kritiese navorsing (Childs 1983:317). Dit het onder andere behels dat Jesaja 1-39 beskou is as die werk van ’n voor-eksiliese outeur met baie *ipsissima verba* van die profeet daarin. Jesaja 40-55 is beskou as die werk van ’n onbekende profeet wat gedurende die ballingskap opgetree het, terwyl Jesaja 56-66 gereken is as die produk van ’n na-eksiliese profeet.

Die oënskynlik historiese afstand tussen die drie onderskeie dele speel dus onder meer ’n belangrike rol in die afbakening daarvan. Daar ontstaan dan ook die praktyk

om na die onderskeie dele te verwys as Protojesaja (1-39), Deuterojesaja (40-55) en Tritojesaja (56-66) (Williamson 1994:1), hoewel Jesaja 56-66 se posisie as onafhanklike versameling nooit so sterk gestaan het soos dié van die ander twee versamelings nie (Clements 1985:95-96).

Hierdie driedeling van die boek Jesaja is tot so 'n mate gevestig as die standaardbeskouing onder Ou-Testamentiese navorsers, dat dit aan die begin van die twintigste eeu as vanselfsprekende vertrekpunt in enige Jesaja-navorsing aanvaar is (Childs 1983:317). Dit beteken egter nie dat alle teenstand uit konserwatiewe geleedere daarmee van die tafel gevee is nie.³ Geen nuwe en oortuigende argumente is egter tot nog toe uit dié geleedere gesien nie (Childs 1983:318). Die rol van die Duitse teoloog Bernhard Duhm in hierdie ontwikkeling van die Jesaja-navorsing kan moeilik oorskat word en daarom is dit waarskynlik veilig om te konkludeer dat na die verskyning van Duhm se kommentaar, Jesaja-navorsing nooit weer dieselfde sou wees nie (Zenger 1998:383).

In 'n entoesiastiese navolging van Duhm se driedeling het, oor die algemeen gesien, die meeste navolgers van sy hipotese die geheelprentjie van die boek Jesaja uit die oog verloor; iets wat Duhm self, volgens Seitz (1991:12-14), nie in sy kommentaar doen nie. So byvoorbeeld, het talle navorsers wat in sy spore gevolg het, baie moeite gedoen met die datering van die onderskeie dele van Jesaja, die identifisering van die

³ Harrison (1977:769-774) gee 'n entoesiastiese en oor die algemeen 'n waarderende oorsig van die weerstand teen die kritiese navorsing uit konserwatiewe geleedere.

ipsissima verba van die profeet teenoor latere redaksionele toevoegings, pogings om Deutero- en Tritojesaja te identifiseer, asook 'n soeke na die waarskynlike plekke waar Deutero- en Tritojesaja onderskeidelik sou ontstaan het.⁴ In hierdie proses het die oorgrote meerderheid navorsers egter oog verloor vir die geheelprentjie. Waar Duhm nog gepoog het om in sy identifisering en behandeling van die drie onderskeibare dele die boek Jesaja in sy geheel te verdiskonteer, het die meeste navorsers na hom weinig tot geen erns daarmee gemaak nie (Seitz 1991:14).

Die resultate van bogenoemde navorsing het gevolglik tot 'n haas onhoudbare situasie aanleiding gegee in dié sin dat daar byna geen ruimte meer was vir die eenheid van die boek nie. Daar is soveel klem geplaas op kleiner eenhede dat die geheel uit die oog verloor is. Op dié manier is die boodskap van die boek Jesaja myns insiens tot 'n groot mate verskraal. Dit is onder meer die gevolg van die moeite wat gedoen is met 'n omskrywing van die *Sitz-im-Leben* van elkeen van die drie Jesajas, terwyl die *Sitz-im-Leben* van die geheel in die literatuur grootliks afgeskeep is.⁵ Ons sou dus kon sê dat talle navorsers na Duhm uit die algemeen aanvaarde standpunt dat daar historiese afstand tussen die onderskeie dele in Jesaja is, sonder meer ook 'n redaksionele en komposisionele afstand afgelei het (vgl. Seitz 1991:4-7).

⁴ Vergelyk veral die kommentare in die Bronnelys uit histories-kritiese geleedere.

⁵ Clements (1985:96) verwys byvoorbeeld na die feit dat Deuterojesaja nie alleen in talle kommentaarreekse heeltemal op sy eie in 'n band hanteer word nie, maar selfs wanneer daar 'n kronologiese bespreking van die profete van Israel en Juda gemaak word, word Deuterojesaja heel op sy eie, los van sy literêre konteks bespreek.

Hoe dit ook al sy, aan die einde van die negentiende begin twintigste eeu is die driedelige komposisie van Jesaja tot so 'n mate as die standaardbeskouing gevestig, dat diegene wat nog die komposisionele eenheid van die boek probeer handhaaf het, se standpunte hoegenaamd nie meer ernstig opgeneem is nie (Harrison 1977:769).

Ten spyte van grondige literêr-kritiese navorsing sedert Duhm se kommentaar, het baie van die kritiese vrae egter onbeantwoord gebly en kan daar tot 'n sekere mate van 'n *impasse* in hierdie veld van navorsing gepraat word (Childs 1983:320). Vrae wat gevra word is byvoorbeeld: “Hoe is dit moontlik dat so 'n groot volume literatuur aan 'n Judese profeet uit die agste eeu gekoppel is? Wat is die aard van kontinuïteit tussen dié profeet en sy volgelinge? Het Jesaja se oorspronklike boodskap beide belofte én oordeel behels?” Hierdie en nog talle ander vrae in dié verband, is dikwels in histories-kritiese studies aan die orde gestel, maar is nog nie bevredigend beantwoord nie.

Genoemde *impasse* het daartoe gelei dat daar gedurende die eerste helfte van die twintigste eeu navorsers na vore tree wat poog om uit die literêr-kritiese bane te breek en wyer te dink. Hier kan onder meer Skandinawiese navorsers vermeld word wat na vore getree het met die gedagte aan 'n profetesekool wat rondom Jesaja sou ontstaan en gegroei het en wat op dié wyse kontinuïteit tussen die verskillende tydvakke en vlakke in die boek verseker het (Childs 1983:320). Die gedagte aan 'n profetesekool het egter nooit wye aanhang onder Ou-Testamentici geniet nie en Clements (1982:119-120) slaag daarin om in sy artikel die swakhede van hierdie benadering aan die kaak te stel.

Soos Clements (1982:119), is Williamson (1994:6) ook van mening dat dit aanvanklik S Mowinckel (1946) is wat die idee aan 'n Jesajaanse profeteskoel as vertrekpunt neem en dat DR Jones (1955) en JH Eaton (1959) hierdie gedagtes verder ontwikkel het. Childs (1983:320) wys egter tereg daarop dat Mowinckel, maar veral laasgenoemde twee navorsers, die gedagte aan 'n Jesajaanse skool verder neem deur aandag te gee aan tradisies en tradente. Deur te fokus op die tradisies van Jesaja van Jerusalem en diegene vir wie daardie tradisies belangrik genoeg was om dit te koester en te verkondig, kom die godsdienstige konteks van dié tradisies meer onder die soeklig (Childs 1983:320).

In 'n sekere sin is hierdie standpunt egter maar net 'n aanpassing van die tradisionele gedagte, naamlik dat die eenheid van die boek geleë is in die outeur, al is dit by Mowinckel en sy geesgenote 'n kollektiewe outeur. Uit genoemde artikel van Clements (1982:120) blyk die probleem egter nie vir hom soseer te lê in die hipotese van 'n sogenaamde Jesajaanse skool van dissipels nie, maar eerder in die aanname dat die eenheid van die boek Jesaja op die een of ander wyse verband hou met 'n eenheid in outeurskap.

Vanuit *Traditionsgeschichtliche* geledere het daar ook nuwe bydraes gekom. Wat Jesaja-navorsing betref, het dit beteken dat daar veel meer klem gelê is op 'n ondersoek na die aard en omvang van daardie tradisies onderliggend aan Protojesaja. In dié verband kan Gerhard von Rad se werk as voorbeeld dien. So byvoorbeeld, kom hy na 'n deeglike bespreking van tradisies (Von Rad 1982:155-175) tot die gevolgtrekking dat die Sion- en Dawid-tradisie die twee tradisies is waarop Jesaja se

ganse prediking gebaseer is (Von Rad 1982:174). Hierdie gedagte sou deur latere navorsers opgeneem en verder uitgebrei word.

1.1.3 REAKSIE OP DIE HISTORIES-KRITIESE BENADERING UIT KONSERWATIEWE GELEDERE

Soos verwag kan word, het die resultate van die histories-kritiese metode in die algemeen met felle teenstand te doen gekry uit sowel akademiese as kerklike kringe (Le Roux 1993:49). Daar is nie alleen teen die metode en resultate daarvan te velde getrek nie; eksponente van dié metode is verdag gemaak as sou hulle ondermyners van die Skrif se gesag wees en ook sommer van die Christelike geloof in die algemeen (Deist 1994:92).⁶ Hierdie lot het ook diegene getref wat hulle met Jesajavorsing besig gehou het.

Wat die boek Jesaja betref, het genoemde reaksie beteken dat daar krampagtig vasgeklou is aan die agste-eeuse profeet as outeur van die hele boek. Talle kommentare, artikels en ander boeke het die lig gesien waarin dié standpunt sterk verdedig is. Harrison (1977:769-772) noem onder meer in dié verband J A Alexander en R Stier uit die negentiende eeu en G L Robinson, J J Lias, J Ridderbos en A Kaminka uit die twintigste eeu.

⁶ Dat dit reeds van vroeg af die lot van navolgers van die histories-kritiese metodes was, sien ons in die lewens van onder andere Baruch de Spinoza en Richard Simon (Soggin 1989:6).

Sommige navorsers het in hul kritiek inderdaad swak plekke in die histories-kritiese metode geïdentifiseer, terwyl daar, heel tereg ook, op die verskraling van die boodskap van die boek deur dit so te versnipper gewys is.⁷ Met sulke kritiek is daar nie fout te vind nie en daar behoort daarvan kennis geneem te word. Die probleem is egter die rigting waarin daar opgegaan is as reaksie teen die resultate van die historiese kritiek, te wete 'n fundamentalistiese teruggrype na wat die indruk skep van 'n ampse voorwetenskaplike benadering tot die Skrif.

Die indruk is egter dat die standpunt van behoudende navorsers nie regtig 'n groot impak op akademiese gebied in sy geheel gemaak het nie, hoewel dit steeds in konserwatiewe akademiese, maar hoofsaaklik kerklike kringe gehandhaaf word. Ons sit dus met 'n situasie waar daar geldige kritiek opgegaan het vanuit daardie kringe wat die historiese kritiek teengestaan het. Self kon hulle egter geen bevredigende bydrae lewer om daardie swakhede wat blootgelê is, te ondervang nie. Meer bevredigende bydraes sou eers op die tafel geplaas word met wat, baie breed gesien, beskryf kan word as nuwe literêre benaderings⁸ tot die Ou Testament.

⁷Sien byvoorbeeld Harrison (1977) en Childs (1983) in dié verband.

⁸ In 'n onlangse werk baken Exum & Clines (1993) enersyds die terrein van die nuwe literêre benaderings af en bied dan 'n aantal essays van verskillende navorsers aan as illustrasies van werk wat op dié terrein gedoen is.

1.1.4 DIE HISTORIES-KRITIESE BENADERING: BOUSTENE VIR NUWE BENADERINGS

Dit is maar eers in die latere deel van die twintigste eeu en dan veral die laaste aantal jare dat werklik nuwe bydraes gemaak word wat enersyds krities is oor talle benaderings uit histories-kritiese kringe, maar andersyds ook bou op sommige van die benaderings se resultate. Daar is, soos wat die geval met Duhm se kommentaar was, al meer navorsers wat in hul navorsing poog om die eenheid van die boek Jesaja nie uit die oog te verloor nie (Zenger 1998:383). Beide Seitz (1991:18 e.v.) en Williamson (1994:5 e.v.) sluit OH Steck by hierdie groep in. In sy bekende werk oor Jesaja 35 stel Steck (1985) dat dié hoofstuk 'n redaksionele brug vorm tussen eerste en tweede Jesaja en dat die aanvanklike redaksionele werk aan die einde van, of kort ná, die Persiese tyd geplaas kan word.

Ook Barth (1977) kan nog in hierdie kategorie behandel word (sien Seitz 1991:19). Sy bydrae lê veral in Jesaja 1-35 en die gedagte aan 'n omvangryke Assiriese redaksie van die boek in die tyd van koning Josia van Juda (sien veral Barth 1977:203 e.v.). Dit gee daartoe aanleiding dat hy ook nadink oor die vraag na die voortgaande groei van die boek Jesaja (Barth 1977:298). Kortom, hoewel genoemde twee Ou-Testamentici steeds histories-krities en dan met name *Redaktionsgeschichtlich* te werk gaan, word daar rekening gehou met die moontlikheid van groter literêre en komposisionele eenheid.

Dit is egter navorsers soos PR Ackroyd, RE Clements en R Rendtorff⁹ wat die krediet moet kry dat hulle die eintlike aanvoorwerk gedoen het wat tot gevolg gehad het dat daar tans 'n hele geslag Ou-Testamentici is wat in hul navorsing, indien nie volledig nie, dan ten minste tot 'n groot mate, fokus op die eenheid van die boek Jesaja as geheel.¹⁰ Belangrik egter is om raak te sien dat dit nie maar bloot 'n teruggryp is na die ou fundamentalistiese standpunt van Jesaja, die agste-eeuse profeet, as enigste outeur nie. Eerder word die teks in sy geheel as vertrekpunt geneem, maar dan met inagneming van die resultate van die histories-kritiese navorsing in die algemeen (Melugin & Sweeney 1996:13-14).

Die invloed van die kant van die strukturalisme, die nuwere literêre benaderings, met inbegrip van die leser-respons kritiek en die kanoniese benadering is ook duidelik te bespeur in nuwere navorsing. Dit alles hou verband met die nuutste neiging onder talle navorsers om eerder sinkronies as diakronies te werk te gaan; die sogenaamde immanente lees van die teks is vir hulle belangrik. Die teks in sy “finale vorm” word beklemtoon en nie soseer die voorgeskiedenis daarvan nie. Daarom word die eenheid van die boek gesoek op die vlak van intratekstuele relasies (vgl. bv. Clements 1985:95-113) of die geïmpliseerde leser (vgl. bv. Conrad 1991:31), eerder as op die vlak van outeurskap.

⁹ Al drie het talle publikasies die lig laat sien, waarvan talle in hierdie studie geraadpleeg is (vgl. die Bronnelys).

¹⁰ Vergelyk Melugin se inleiding wat 'n bondige *Forschungsgeschichte* bied oor Jesaja-navorsing gedurende die laaste ongeveer kwart van die twintigste eeu (Melugin & Sweeney 1996:13-29).

Een van die beste onlangse voorbeelde is waarskynlik die werk van O'Connell (1994). Hy gaan op soek na die vorm en retoriek van die hele boek Jesaja en kry dit dan, volgens hom, ook. Hy kom tot die gevolgtrekking dat Jesaja uit 'n reeks asimmetriese konsentriese strukture bestaan wat in 'n geïmpliseerde lyn van argumentasie gerangskik is (O'Connell 1994:20-21). In sy geheel is die boek Jesaja 'n "verbondsredetwis", bestaande uit sewe groter literêre eenhede waarin daar 'n geleidelike progressie is. Na sy oordeel is dit die werk van 'n sesde-eeuse outeur/redaktor en is dit ontwerp om 'n reaksie van spyt op sonde en begeerte om met Jahwe versoen te word, by die hoorders/lesers op te roep (O'Connell 1994:235-237). Die struktuur van die boek is dus nie toevallig nie, maar beplan.

'n Artikel waarin Carr (1993:61-80) aan die hand van verskeie argumente oortuigend aantoon dat dié benaderings ook maar hul tekortkominge het, kan ook op genoemde werk van O'Connell van toepassing gemaak word. Die eenheid of samehang is nie altyd so waterdig as wat voorstanders van die nuwere metodes dit wil hê nie. So, byvoorbeeld, sou 'n mens aan O'Connell kon vra of dit moontlik is om alle tekste binne Jesaja 1-66 werklik so maklik in sy skema in te pas? En dan ook, is dit Jesaja se inherente struktuur, of is dit O'Connell se eie skepping?

In sy konkluderende refleksie toon Carr (1993:79) veral aan dat die soeke na 'n strukturele en literêre eenheid of samehang in die teks en die absolute vertroue dat dit wel daar is, ons ook weer kan laat oog verloor vir die ryke pluraliteit en verskeidenheid wat in Bybelse tekste aanwesig is. Wat Jesaja spesifiek betref, is die redaksionele proses waarskynlik nog meer kompleks as wat tot nou toe aanvaar is en

kan 'n mens selfs dink in terme van verskeie redaktors wat hul idees van die makrostruktuur van die boek in Jesaja ingedra het (Carr 1993:77).

Die winspunt van hierdie benaderings is dat dit steeds rekening hou met, ten minste sommige, resultate van die histories-kritiese navorsing; trouens, hedendaagse navorsers sal moeilik daaraan kan ontsnap. Daarom word daar in hierdie studie by die nuwere navorsing aangesluit, maar dan met die oortuiging dat alle navorsing wat sedert die negentiende eeu gedoen is en in die toekoms nog gedoen sal word, nog vir baie jare nie die histories-kritiese resultate buite rekening sal kan laat nie. Verder is die oortuiging hier dat die sinkroniese en diakroniese benaderings nie teenoor mekaar hoef te staan nie, maar mekaar eerder aanvul en dat meer erkenning hieraan in die eksegetiese proses gegee moet word. Rendtorff (1996:32-49) wys in 'n artikel tereg daarop dat een van die belangrikste punte op die agenda van Jesaja-navorsing die verhouding tussen die sinkroniese en diakroniese benaderings tot die teks behoort te wees en by hierdie veronderstelling wil die onderhawige studie aansluit.

1.2 HIPOTESE

Na Duhm se aanvoorwerk het daar letterlik 'n beweging aan die gang gekom waarin die drie dele waaruit Jesaja sou bestaan radikaal losgemaak is van mekaar. Daar is gepoog om Proto-, Deutero- en Tritojesaja elkeen volledig op sy eie bene te laat staan deur hulle waterdig van mekaar af te grens. Raakpunte tussen die drie dele is

hoofsaaklik hanteer as *glosse* of die lukraak redaksionele insette van die finale redaktor(s) wie se bydraes op 'n stadium in die navorsingsgeskiedenis as minderwaardig beskou is.

Ten spyte van die soms swak argumentasie en dikwels onbevredigende oplossings wat aan die hand gedoen is om die talle raakpunte te verklaar, het die histories-kritiese beweging in belangrikheid en populariteit gegroei. Dit het inderdaad 'n nuwe, sou ek kon sê tweede, dimensie verleen aan die interpretasie van die teks; 'n interpretasie wat ons kennis oor die tyd van die agste-eeuse profeet Jesaja, maar ook dié van die eksiliese en na-eksiliese profete baie verruim het. Die histories-kritiese metodes het die grondwerk gedoen wat veral die *redaktionsgeschichtliche* navorsing betref. Talle navorsers wat die nuwere metodes toepas sou later sterk steun op dié resultate.

Met die opkoms van die strukturalisme en die nuwe literêre en kanoniese benaderings is daar baie sterk klem gelê op die eenheid van die teks. Daar is sterk argumente gevoer vir die lees van die boek as 'n literêre eenheid. Hoewel daar nie sprake is van 'n teruggryp na die standpunt dat die agste-eeuse profeet, Jesaja seun van Amos, die outeur van die hele boek is nie, is die algemene beskouing onder hierdie navorsers dat die bedoeling van die finale redaktor(s) was om die werk as 'n literêre eenheid aan te bied en dat daar in hierdie eenheid 'n bepaalde boodskap opgesluit is. Die gevoel is dat die drie dele nie toevallig bymekaar gevoeg is nie, maar dat die finale redaktor(s)

met hierdie boek in sy geheel 'n bepaalde boodskap aan die hoorders¹¹ van destyds wou oordra. Dit is dus vanselfsprekend dat die redaktor(s) in hierdie geleedere weer positief bejeën is. Hulle is as kreatiewe mense beskou met besondere teologiese insigte (Melugin & Sweeney 1996:15).

In hierdie sinkroniese benaderings word daar in besonder, maar nie uitsluitlik nie, gesteun op intertekstuele relasies binne die boek Jesaja in sy geheel. Selfs dit wat in histories-kritiese geleedere tradisioneel beskou is as duidelike breuke en/of interpolasies, word hier nie hanteer as *glosse* of redaksionele slordigheid nie. Veel eerder word dit beskou as doelbewuste planmatige en gestruktureerde redaksionele versorging wat bydra tot die boodskap van die boek in sy geheel.

Hierdie benaderings het tot gevolg gehad dat die jarelange aanvaarde standpunt dat daar 'n waterdigte skeiding tussen Proto-, Deutero- en Tritojesaja bestaan, nie meer so wyd aanvaar word nie. Die raakpunte tussen die drie dele staan nou baie meer op die voorgrond en dan as doelbewuste raakpunte. Op dié wyse het die sinkroniese benaderings as 't ware 'n derde dimensie¹² geopen tot die verstaan van die boek Jesaja.

¹¹ Dit spreek vanself dat hierdie hoorders nie dieselfde is as dié van die agste-eeuse Jesaja nie. In die historiese navorsing sal daar weer teruggekom word na hierdie punt.

¹² Wanneer ek hier praat van 'n tweede en 'n derde dimensie wil ek nie daardeur die nuwere literêre en kanoniese benaderings bo die histories-kritiese benaderings plaas nie. Dit is alleen maar bedoel as aanduiding van hoe navorsing kan lei tot 'n ruimer verstaan van die oorgelewerde tekste.



As hipotese word dan nou gestel dat:

- die tradisionele skeiding tussen Proto-, Deutero- en Tritojesaja nie so waterdig is as wat daar oor die algemeen onder histories-kritiese navorsers aanvaar word nie;
- daar wel 'n bepaalde relasie tussen die drie dele bestaan, maar dat die omvang en aard van die relasies nie so duidelik is as wat voorstanders van die sinkroniese benaderings tot die teks dit wil hê nie; en
- 'n sinkroniese en 'n diakroniese benadering in die eksegetiese proses nie teenoor mekaar gestel moet word nie, maar eerder komplementêrend aangewend moet word.

Die hipotese gaan aan die hand van Jesaja 38 en 39 getoets word¹³.

¹³ Oor dié keuse later meer.

HOOFSTUK 2

VOORONDERSTELLINGS EN WERKWYSE

2.1 KONTEKS EN APRIORI

Wetenskaplike teksuitleg of eksegesi het een doel voor oë, naamlik om die teks te verstaan (Deist & Vorster 1986:8). Om die teks te verstaan, is dit nodig om met 'n kritiese bril na die teks te gaan. Daar moet die kritiese bewussyn wees dat daar agter die teks wat gelees word en die eksegeet wat lees, 'n geskiedenis lê wat die verstaansproses beïnvloed. Daar moet verder die bewussyn wees dat die eksegesi binne 'n konfessionele kring plaasvind waarin daar die verwagting leef dat God vandag nog deur sy Woord mense aanspreek. Steek stel dit só:

Daß das biblische Gotteswort auch heute lebendig und menschnah zur Sprache kommt, ist das *Ziel* aller theologischen Arbeit (Steck 1989:1).

Die teks waarom dit in hierdie studie gaan, naamlik Jesaja 38-39, het 'n geskiedenis van mondelinge oorlewering, totstandkoming, oordrag en redigering wat baie kompleks is (Kaiser 1984:223) en in 'n groot mate aan die hedendaagse leser onbekend is. Meer nog: hierdie prosesse het hulle, wat die 21ste-eeuse Westerling betref, binne 'n vreemde sosiale, kulturele, godsdienstige, filosofiese, ekonomiese geografiese en staatkundige agtergrond voltrek. Die mense wat met en in die teks na ons toe kom, het byvoorbeeld eeue gelede in 'n wêreld geleef wat ons in algemene terme as Mediterreens of selfs as Oosters kan tipeer. Daarby is hul geskrifte in vreemde tale, te wete Hebreeus en Aramees, aan ons oorgelewer. Ons sou hul ekonomie kwalik kapitalisties kon noem, terwyl hul staatsbestel eerder monargies as demokraties was. Dit alles maak 'n grondige kennis van die konteks van Jesaja vir die 21ste-eeuse leser uiters belangrik.¹⁴

Uit navorsing is dit verder duidelik dat die teks geleidelik tot stand gekom het in 'n reeks kontekste wat die verstaansproses verder kompliseer.¹⁵ Daar is die konteks van die hoorders van die sogenaamde *ipsissima verba* van die agste-eeuse profeet, die eksiliese, en na-eksiliese konteks, die konteks van die boek Jesaja in sy geheel, dié

¹⁴ Om 'n oorsigtelike idee van die verskille tussen ons wêreld en dié van die mense van die Ou Testament te kry, kan 'n werk soos die van Matthews & Benjamin byvoorbeeld geraadpleeg word (1995:xiii-xx).

¹⁵ Vergelyk, onder andere, die "Inleidings" op die Ou Testament wat genoem word in die Bronnelys aan die einde van hierdie studie.

van die Hebreuse kanon en uiteindelik ook die Christelike kanon waarbinne hierdie studie homself tuis vind.¹⁶

Dit beteken dat dele van Jesaja en uiteindelik ook die boek self in hierdie studie ver buite die gehoor waarvoor dit aanvanklik bedoel was, geplaas is. In elkeen van die kontekste is en word daar met nuwe of ander oë daarna gekyk en is dit geïnterpreteer binne die konteks van 'n betrokke leser(s) en sy/haar/hul bepaalde tydvak.

Sowel hierdie, as die eie persoonlike wordingsgeskiedenis as eksegeet en as mens, gelowige mens, behoort in 'n eksegetiese studie soos hierdie verreken te word. Die eksegeet se eie opvattinge, geskiedenis, persoonlikheid, wêreldbeskouing, en so meer speel onteenseglik 'n rol in sy/haar verstaan van 'n bepaalde teks (Deist 1980:32-38). Hieroor hoef die eksegeet nie skaam te wees nie, want eksegetiese arbeid is per slot van rekening deursigtige arbeid. Soos wat eksegetiese metodes deursigtig behoort te wees (Steck 1989:5), behoort die eksegeet se breër vooronderstellinge ook deursigtig te wees. In hierdie opsig is selfkennis en eerlikheid onontbeerlik.

Navorsing word ook nie in 'n vakuum gedoen nie. Ander navorsers was voor my besig met Jesaja 38-39 en ander is steeds daarmee besig. Die navorser is en word steeds vanuit hierdie oord beïnvloed. Met ander woorde, ook die

¹⁶ Vergelyk byvoorbeeld Clements (1985:97) in verband met die verskil in literêre en historiese konteks.

Forschungsgeschichte van 'n bepaalde teks vorm deel van enige navorsers se vooronderstellings en ook dit moet as vertrekpunt erken word.

Die verantwoordelike optrede vir die skrywer van 'n studie soos hierdie is dus om homself/haarself nie alleen te vergewis van die geskiedenis van die teks onder bespreking nie, maar om homself/haarself ook te verantwoord ten opsigte van die eie persoonlike vooronderstellings. Dit word dan nou gedoen met die wete dat ook dié 'n heel subjektiewe kyk na die eie vooronderstellings is.

2.2 TWEE PERSPEKTIEWE: “SLAGOFFER” VAN DIE OU-TESTAMENTIESE WETENSKAP IN SUID-AFRIKA

Uit die bespreking in Hoofstuk 1 van hierdie studie het dit duidelik geblyk dat daar in die navorsing met twee perspektiewe deeglik rekening gehou sal moet word, te wete 'n historiese perspektief en 'n literêre perspektief. Ons sou ook kon praat van onderskeidelik 'n diakroniese en 'n sinkroniese benadering. Die historiese perspektief moet verreken word omrede die boek Jesaja die geskiedenis as vertrekpunt neem, terwyl die oorlewering, versameling en kanonisering van die boek binne die geskiedenis voltrek is (vgl. o.a. Venter 1989b:534 in die verband). Aan die ander kant kan die literêre perspektief weer nie nagelaat word nie, omdat die boek in letterkundige vorm na ons toe kom.

615429477
i16027917

Daar is egter 'n tweede en heel subjektiewe en persoonlike rede waarom daar in die onderhawige studie op hierdie twee perspektiewe gekonsentreer gaan word. Aan die een kant is daar by my 'n diep historiese bewussyn en voorliefde vir geskiedenis. Hierdie liefde vir die historiese en wat hierdie studie spesifiek betref, die breër historiese bedding van die Bybel as geloofsdokument, is hoofsaaklik die gevolg van talle werke van professor Ferdinand Deist, wetenskaplik én populêr, wat op my as persoon 'n blywende indruk gemaak het. Dit is aangewakker deur die lesings van professor Jurie le Roux aan die Teologiese Fakulteit, Afdeling B van die Universiteit van Pretoria. Hoofsaaklik aan die hand van hierdie twee here, sowel direk as indirek, is ek oortuig van die onontbeerlike van die historiese perspektief binne die verstaansproses. My liefde en keuse vir die histories-kritiese metodes het ek, onder andere, aan hulle te danke.

Aan die ander kant is ek die produk van 'n bepaalde teologiese fakulteit, met name die Teologiese Fakulteit Afdeling B van die Universiteit van Pretoria en dan heel spesifiek met professor Willem Prinsloo as voorgraadse dosent en later aanvanklike promotor¹⁷. Genoemde fakulteit het onder die sterk leiding van Prinsloo en andere, bekend geword vir sy klem op 'n sinkroniese benadering tot die teks en dan veral in die vorm van struktuuranalise. Dat daar uit hierdie stal studente Suid-Afrika en die wêreld ingestuur is wat eksponente by uitnemendheid van die struktuuranalise

¹⁷ Professor Riempies Prinsloo is oorlede voordat ek my studies voltooi het.

geword het (Le Roux 1993:32, 229-232)¹⁸ is voorwaar prysenswaardig en vul mens met 'n gevoel van trots. Trots dat jy een van die bevoorregtes was om onder sulke bekwame hande as eksegeet gevorm te word.

Dit spreek vanself dat jy as student van die Ou Testament nooit sal kan ontsnap aan dié invloede nie. Dat dit sy merk in 'n mindere of meerdere mate op jou laat, is onvermydelik. Daarom kan dit nie anders nie dat hierdie studie ook 'n literêre karakter sal hê waarin die sinkroniese dimensie van die teks ook 'n rol sal speel. Die teks soos dit vandag voor die eksegeet lê, mag nie aan die eksegeet verbygaan nie en daarom sal ook dit 'n invloed op my navorsing hê.

2.3 EKSEGETIESE METODE

Navorsing het aan die lig gebring dat die histories-kritiese metodes belangrike perspektiewe ten opsigte van die verstaan van die boek Jesaja geopen het. Dieselfde navorsing toon egter ook dat daar tekortkominge in hierdie metodes is wat maak dat daar ook na ander weë gekyk moet word. Die bedoeling is egter nie om historiese navorsing van die tafel te vee nie, maar om eerder, met inagneming van die sterk en swak punte van die metodes, 'n eie standpunt in verband met die historiese bedding van die teks te formuleer.

¹⁸ Ek het bewus geword van die impak en invloed van my eertydse promotor, maar ook die werk van Ferdinand Deist en die lesings van Jurie le Roux op my lank voor ek Le Roux se *A Story of two Ways* gelees het. Le Roux se boek het hierdie bewussyn op 'n besondere wyse verwoord en bevestig.

Teen hierdie agtergrond gaan daar dan gefokus word op die teks in sy huidige vorm - die sogenaamde *finale teks*. Die klem sal in besonder val op die *Gattung* van die teks en die lig wat dit werp op 'n interpretasie van die teks. Daar sal gelet word op die struktuur asook intertekstuele relasies in die teks. Dit is die strukture en relasies binne Jesaja 36-39¹⁹ self, maar ook die verhouding tussen dié eenheid en die res van die boek Jesaja. Daar sal aangetoon word dat ook hierdie benaderings maar hul tekort kominge het en dat baie van die sogenaamde relasies en strukture wat aangetoon word, nie so voor die handliggend is as wat sommige voorstanders wil voorgee nie.

Hierdie studie maak dus ook op die terrein van die Ou-Testamentiese metodologie met die Suid-Afrikaanse debat as konteks 'n geringe bydrae. Die vraag of 'n mens in sy benadering tot die teks reg kan laat geskied aan sowel 'n historiese as 'n literêre perspektief, is hier aan die orde. Die apriori van hierdie studie is dat 'n mens dit wel kan doen, sonder om daarmee die absolute gespesialiseerdheid van beide perspektiewe te relativeer.²⁰ Insgelyks word toegegee dat daar wel detailaspekte by beide perspektiewe in so 'n benadering in die slag mag bly. Dit moet egter uiteindelik beoordeel word in die lig van dié studie in sy geheel.

¹⁹ Hoewel daar in hierdie studie, soos vroeër vermeld en later meer breedvoerig gemotiveer sal word, gefokus word op Jesaja 38 (uitgesonder die sogenaamde gebed van Hiskia) en 39, word die volledige verhaalkompleks, te wete 36-39 wel aan die orde gestel. Enersyds word Jesaja 36-39 in sy huidige vorm aangebied as een verhaal en vorm dit 'n duidelik afgebakende eenheid. Andersyds vorm dit die onmiddellike konteks van Jesaja 38 en 39 (sien Hoofstuk 5).

²⁰ Die opmerking wat Exum & Clines (1993:15) in verband met die nuwe literêre benaderings maak, wil ek graag op my studie van toepassing maak: "In a post-modern world, there is no centre, no standing-place that has rights to domination, no authority that can manage or control what is to count as scholarship. No one, therefore, need lose sleep over the existence of methodologies that are unfamiliar, uncongenial, or questionable, nor about their incapacity to participate in every new approach".

2.4 WERKSWYSE

Wat die struktuur van hierdie navorsing betref, beteken dit dat die historiese bedding wat in Jesaja 36-39 'n rol speel, eerste nagespeur word. Sake soos die politieke, godsdienstige en sosio-ekonomiese omstandighede van die gegewe tyd word aan die orde gestel. Die gevolge hiervan vir die volk van God op die verskillende lewensterreine, sal 'n belangrike komponent van hierdie deel van die studie uitmaak. Dit is spesifiek die agste-eeuse konteks wat grondig ondersoek word omrede die skrywer/redaktor(s) van Jesaja die gebeure wat in Jesaja 36-39 afspeel spesifiek in dié tydgleuf plaas.²¹

Vir dié doel is dit egter nie alleen Jesaja 36-39²² wat as bron geld nie. Wat die Ou Testament betref, hou 2 Konings 18-20, asook 2 Kronieke 32:1-31 direk verband met Jesaja 36-39. Trouens, op enkele uitsonderings na, stem Jesaja 36-39 en 2 Konings 18-20 woordeliks met mekaar ooreen.²³ Na hierdie ooreenkoms en ook die moontlike verband tussen hulle, sal daar meermale in die studie verwys word. Daarby wys Hayes & Hooker (1988:72) daarop dat Jesaja 15-33 na alle waarskynlikheid ook afspeel teen die agtergrond van Hiskia se regeringstyd, maar dan met die volgorde 15-18, 28-33 en 19-27.

²¹ Sien Hoofstuk 3.

²² Uit die aard van die saak sal 1QIsa^a en die LXX saam met MT in die detailsegeese hanteer word. Veral 1QIsa^a, maar ook die LXX word in Hoofstuk 5 meer breedvoerig aan die orde gestel.

²³ Vergelyk Wildberger se *Synoptischer Vergleich* van die twee gedeeltes (1982:1484-1495).

Wat 2 Kronieke betref, sal daar in hierdie studie net daarvan kennis geneem word, terwyl dit nie op dieselfde wyse as 2 Konings aan die orde sal kom nie, aangesien dit op 'n ander manier fokus op Hiskia se regeringstyd. In 2 Kronieke begin die vertellings aangaande Hiskia reeds in Hoofstuk 29 en strek dit tot aan die einde van Hoofstuk 32. Hiskia se godsdienstige hervormings en rykdom kom byvoorbeeld hier meer omvattend aan die orde, terwyl die gebeure waarvan Jesaja 36-39 vertel in slegs een hoofstuk afgehandel word.²⁴

Wat ons as Protestante se kanon betref, moet daar ook kennis geneem word van ander profetiese werke, soos byvoorbeeld Miga, wat as tydgenote van Jesaja gereken word, wat moontlik lig kan werp op die tema onder bespreking²⁵. Laastens, wat die Katolieke kanon betref, kan daar ook na Ben Sirag verwys word waar daar in Hoofstuk 48:17-25 'n bondige weergawe is van Hiskia se regeringstyd en spesifiek ook 'n verwysing na Sanherib se beleëring van Jerusalem (Rahlf's 1979:464-465). Dié betrokke gedeelte skep egter die indruk dat dit eerder aansluit by Kronieke se evaluering van koning Hiskia van Juda se regeringstyd.

Die mense van wie die Bybel vertel, het nie in isolasie geleef nie. Hulle was deel van die geskiedenis van 'n bepaalde deel van die wêreld op 'n gegewe tyd en is daarom deur gebeure van hul tyd geraak, soms in 'n mindere mate, maar dikwels ook in 'n

²⁴ Childs (1967) gee in sy werk aandag aan Kronieke se weergawe van Hiskia se regeringstyd, terwyl Vaughn (1999) se werk as 'n meer resente voorbeeld op die gebied dien vermeld te word.

²⁵ Vergelyk byvoorbeeld die werk van Stansell (1988).

meerdere mate as wat meermale toegegee word. Dit beteken dat ander gegewens (hoofsaaklik tekste en ander argeologiese vondste) wat uit dié tyd dateer ook bestudeer moet word. Wat die agste eeu voor Christus betref, is dit veral tekste en muurpaneel²⁶ wat uit die verskillende paleise van die Assiriese konings opgegrawe is wat van toepassing is en dan met name die annale van die Assiriese en Babiloniese konings.²⁷ Na dié tekste sal daar dan ook meermale verwys word, of daaruit aangehaal word. Die toepaslike Bybelgedeeltes, saam met laasgenoemde, geld as primêre bronne vir hierdie studie. Bogenoemde onderwerpe word in Hoofstuk 3 en Hoofstuk 4 aan die orde gestel.

Sodra die agste-eeuse konteks deeglik uitgestippel is, word daar meer spesifiek gefokus op die teks van Jesaja en dan veral in detail na die afgebakende teks. Hier sal aandag gegee word aan die makrostruktuur, mikrostruktuur, literêre konvensies, intratekstuele relasies, en so meer. Daar sal detaileksegese van toepaslike gedeeltes gedoen word wat beteken dat veral die Ou-Testamentiese teks hier deeglik bestudeer sal word met inbegrip van tekskritiek. In hierdie deel van die studie kom sekondêre bronne soos kommentare, inleidings op Jesaja, teologieë van die Ou Testament en ander monografieë egter ook aan die orde en dien as gespreksgenote vir die eksegeet. Hierdie deel van die studie kom in Hoofstukke 5 tot 7 onder die loep.

²⁶ Vergelyk onder andere Cornelius (1989) se artikel oor die belangrike bydrae van die muurpaneel tot die breër historiese agtergrond van die Ou Nabye-Ooste.

²⁷ In hierdie studie word hoofsaaklik van ANET (Pritchard 1950) gebruik gemaak.

Nadat die teks in die historiese konteks bestudeer is waar die redaktor(s) van Jesaja dit geplaas het en daar in fyn besonderhede gekyk is na die teks van Jesaja, maar dan veral Jesaja 38 en 39, word die leser terug gestuur na die historiese konteks. Nou egter die historiese konteks van die geïmpliseerde gehoor van Jesaja 36-39 wat in Hoofstuk 8 van hierdie studie aan die orde kom. Ten slotte word daar in Hoofstuk 9 van hierdie studie 'n aantal konklusies getrek. Die resultate van hierdie studie word saamgevat en vergelyk met die hipotese wat in Hoofstuk 1 gestel is en eie gevolgtrekkings word aan die hand daarvan gemaak. Op hierdie wyse word daar vasgestel of die oogmerke wat aan die begin van hierdie studie gestel is, wel bereik is.

Navorsing geskied nie maar net ter wille van navorsing nie. Te meer nog 'n studie soos hierdie wat aan 'n kerklike teologiese fakulteit verbind is. Ek is van mening dat 'n studie soos hierdie, hoewel dit primêr 'n akademiese studie is en wil wees, tog ook op die kerklike terrein 'n bydrae behoort te lewer. Teologie behoort immers nie slegs ter wille van teologie beoefen te word nie. Teologiese navorsing behoort steeds by te dra tot 'n ruimer verstaan van die Bybel wat in die kerk alom die Woord van God genoem word. Daarom sal daar in die laaste hoofstuk van hierdie studie gefokus word op 'n boodskap van die afgebakende teks met die hoop dat dit tog in 'n mate sal bydra tot 'n beter verstaan van sodanige teks, maar dan ook meer algemeen tot die boek Jesaja in sy geheel. Vir dié doel sal die navorsingsresultate van hierdie studie geïntegreer word.

HOOFSTUK 3

DIE AGSTE EEU IN DIE OU NABYE-OOSTE

- 'N HISTORIESE OORSIG

3.1 INLEIDING

Reeds die opskrif van hierdie hoofstuk kan by die leser ten minste twee vrae oproep, naamlik: Hoekom spesifiek die agtste eeu voor Christus as historiese konteks bestudeer en hoekom 'n oorsig? In 'n sekere sin is die antwoord op hierdie vrae voor die hand liggend. Die agste eeu voor Christus word as historiese konteks bestudeer omrede die skrywer(s)/redaktor(s) van die boek Jesaja die teks onder bespreking, te wete Jesaja 36-39, in dié tyd plaas (Rendtorff 1988:8):



וַיְהִי בְּאַרְבַּע עָשָׂר שָׁנָה לְמֶלֶךְ
חִזְקִיָּהוּ עָלָה סִנְחַרִּיב מֶלֶךְ־אַשּׁוּר עַל
כָּל־עַרְי יְהוּדָה הַבְּצֻרוֹת וַיִּחְפְּשֵׂם:
(Jesaja 36:1)²⁸

Met dié spesifieke vers, soos dit die geval is met talle ander in die afgebakende eenheid, word die leser²⁹ verplaas na die agste eeu voor Christus. Dat dit nie dieselfde tyd is waarin die skrywer en sy lesers geleef het nie, is reeds sigbaar met 'n oppervlakkige of eerste deurlees van die teks, terwyl 'n detailksegeese dit bevestig.³⁰ Ons sal dit dus voorlopig moet stel dat die skrywer sy gehoor doelbewus verplaas na die agste eeu voor Christus en dat 'n sekere kennis van gebeure en omstandighede in die Ou Nabye-Ooste gedurende dié tyd dus onontbeerlik is vir die verstaan van die teks onder bespreking. Anders gestel: indien 'n bepaalde historiese konteks dan nou in 'n bepaalde teks so eksplisiet gestel word, kan die eksegeet tog nie anders as om die gegewe konteks ernstig op te neem nie.

Twee opmerkings van Beuken is in hierdie verband noemenswaardig:

“Belangrijker dan de kwestie op welk historisch tijdstip hij gesproken heeft, is de vraag naar welke situatie het boek ons verplaatst” (Beuken 1986:9).

²⁸ “In die veertiende jaar van koning Hiskia, het koning Sanherib van Assirië opgetrek teen al die vestingstede in Juda en dit verower.”

²⁹ Alhoewel hier slegs van “die leser” gepraat word, wil ek nie daardeur sê dat daar nie ook moontlik 'n mondelingse tradisie bestaan het wat die geskrewe teks voorafgegaan het nie.

³⁰ Die standpunt dat die sogenaamde *finale teks* wat die navorser voor hom het dateer uit 'n latere tyd as die agste eeu voor Christus gaan later beredeneer, maar reeds vroeër in die studie algaande duidelik word.

Hy vervolg op die volgende bladsy:

“Het historische tijdvak waarin de profeet werkt, hoeft niet samen te vallen met het gelovige drama dat zijn orakels ontvouwen, maar staat er ook niet noodsaaklik los van”. (Beuken 1986:10).

Gesien in hierdie lig, is die konteks van die agste eeu voor Christus van kardinale belang vir die verstaan van die teks onder bespreking en begin hierdie ondersoek dan ook op dié bepaalde punt.

In sowel hierdie as die volgende hoofstuk word daar gepoog om aan die hand van die primêre bronne en wel tot die mate wat dit ons toelaat, die politieke, sosio-ekonomiese, godsdienstige en ander omstandighede van die dag te reconstrueer.³¹ Hiermee word die problematiese aard (Kruger 1996:52) van die historiese agtergrond van Jesaja 36-39 nie ontken nie. Dit is juis die problematiek rondom hierdie perikoop, onder andere, wat die navorser noop om homself te verantwoord.

³¹ In 'n artikel vra Prinsloo (1988) indringende vrae oor die reconstruksie van 'n historiese raamwerk vir 'n gegewe teks. As voorbeeld gebruik hy Jesaja 28:1-6. Hy vra spesifiek wat navorsers bedoel wanneer hulle 'n bepaalde teks in Jesaja as agste-eeus dateer. Word daarmee bedoel dat dit in die agste eeu deur die profeet Jesaja geuiter is; dat dit in die agste eeu neergeskryf is; dat dit alleen maar verwys na die agste eeu, terwyl dit veel later eers op skrif gestel is? Baie belangrik, vra hy dan: Kanselleer die finale historiese konteks van Jesaja nie die agste-eeuse konteks uit nie? In sy positiewe benadering van Watts se benadering kry ek die indruk dat Prinsloo in laasgenoemde rigting neig (Prinsloo 1988:16-17). Terwyl ek Prinsloo se vermaning tot versigtigheid in genoemde artikel ernstig opneem, skaar ek myself egter aan die kant van Beuken (1986) se opmerkings hierbo aangehaal. Daarom tog hierdie poging tot 'n oorsigtelike historiese reconstruksie van die agste eeu vC, sonder om daarmee die teenwoordigheid of belangrikheid van teologiese/ideologiese invloede van latere geslagte in die teks te negeer.

Dit bly egter 'n oorsig omrede die navorser deeglik bewus is van die gespesialiseerde aard van geskiedenis as vak en al die samelewings en ander faktore wat by die skryf van 'n geskiedenis in ag geneem moet word (Deist & Le Roux 1987:1-45). Alhoewel hierdie studie dus vanuit sowel 'n literêre as 'n historiese perspektief op die teks fokus, is die skryf van 'n geskiedenis van die agste eeu voor Christus, of dan nou enige ander tydperk wat deur die teks opgeroep mag word, nie die hoofogmerk nie. Dit is daarom nie 'n geskiedenis van die agste eeu voor Christus nie, maar 'n historiese oorsig. Dit kyk na die agste eeu vanuit 'n bepaalde perspektief, naamlik om die teks in sy huidige vorm en plek in die Christelike kanon beter te probeer verstaan. Laasgenoemde bly deurentyd die doel voor oë. Dit spreek dus vanself dat sekere elemente wat in 'n meer omvattende geskiedenis aan die orde gestel sou word, nou agterweë bly, terwyl slegs sekere aspekte meer prominent in hierdie oorsig figureer.

3.2 PRIMÊRE BRONNE

Wat die dokumente betref wat as primêre bronne³² vir hierdie studie geld, is 'n waarskuwingswoord op hierdie punt gepas. Meer spesifiek hou die waarskuwingswoord verband met die sogenaamde historiese betroubaarheid³³ al dan nie van die bronne onder bespreking.

³² Sien Hoofstuk 2.

³³ Wanneer hier gepraat word van historiese betroubaarheid is ek deeglik bewus van die problematiese aard van die begrip. Daarom is dit belangrik om daarop te wys dat hier met die begrip historiese betroubaarheid bedoel word die mate waarin gebeure waarna een of meer van die primêre bronne verwys, verband hou met gebeure soos dit na alle waarskynlikheid kon plaasgevind het.

Vir baie jare reeds is die neiging onder talle navorsers om ten gunste van die Mesopotamiese bronne te kies wanneer daar deur beide die Bybel en een van dié bronne oor 'n bepaalde stuk geskiedenis berig word.³⁴ Een van die belangrikste argumente wat hiervoor aangevoer word, is die feit dat die Assiriese en Babiloniese bronne byna direk na die gebeure waarna dit verwys, neergeskryf is (Deist & Le Roux 1987:5). 'n Mens vermoed gevolglik dat dié bronne histories meer betroubaar sal wees as die Bybelse bronne wat dikwels dekades (en dit is baie konserwatief bereken) na die werklike gebeure eers op skrif gestel is. Hierdie geneigdheid is in besonder ook waar wat die teks onder bespreking betref (Laato 1995:198).

Daar is egter vir 'n geruime tyd reeds navorsers wat óók die Assiriese en Babiloniese tekste met meer omsigtigheid hanteer en dan by name persone soos Childs (1967), Wildberger (1982) Laato (1987) en Seitz (1991). Ook Deist wys daarop dat die koning van die dag in die Ou Nabye-Ooste die mees sentrale figuur in sy ryk was (Deist & Le Roux 1987:5) en dat dit tot 'n groot mate geïllustreer word in die hofannale van die onderskeie Assiriese konings waar dit hoofsaaklik oor 'n betrokke koning en al sy groot dade handel (Luckenbill 1926:2-4).

Elke koning se tyd word geteken as sou dit beter wees as enige koning voor hom, terwyl die verhale en beelde almal daarop gemik is om sy lof te besing en sy prestasies op te hemel (Luckenbill 1926:7; vgl. ook ANET 1950:284 & Hallo

³⁴ Kaiser (1973), Barth (1977) en Clements (1980b) is maar enkele persone wat as voorbeelde genoem kan word.

2000:304-305). So sien ons byvoorbeeld dat wanneer 'n veldslag uitgebeeld word daar nooit dooie Assiriese soldate is nie, maar altyd die dooies van die vyand; of wanneer 'n Assiriese koning in die teenwoordigheid van 'n ander koning uitgebeeld word, word die Assiriese koning twee tot drie keer groter as die ander koning uitgebeeld.³⁵ Die teenwoordigheid van godefigure en of simbole in genoemde muurpanele en gedenksuile bevestig die gode se seën oor die koning en dat hy ooreenkomstig hulle wil handel. Dit is immers dié gode wat dit alles aan hom toevertrou het en aan hom oorwinning en voorspoed gee (Reade 1998:21).

Laato (1995) neem bogenoemde vermaning in 'n onlangse studie selfs verder wanneer hy navorsers in 'n artikel tot versigtigheid maan oor die hantering van dokumente uit die Ou Nabye-Ooste in die algemeen:

“This study will raise questions on the larger historiographical problem of how the ancient sources are to be used (Assyrian, Babylonian, Egyptian, etc. royal inscriptions) in the reconstruction of the historical events of the ancient Near East.” (Laato 1995:199).

Hierdie studie wil bogenoemde vermanings tot versigtigheid ernstig opneem in die skildering van die agste-eeuse dekor met die wete dat die prentjie wat ons,

³⁵ Dit word byvoorbeeld duidelik uitgebeeld in muurpanele wat opgegrawe is by die plekke waar die eens indrukwekkende Assiriese paleise te Nimrod, Korshabad en Ninivé gestaan het en tans, onder andere, in die British Museum te sien is (vgl. Mitchell 1998). Ek was bevoorreg om dit persoonlik te kon sien. 'n Foto ter illustrasie vind ons in Pritchard (1973 foto nommer 121).

aan die ander kant, in die Ou Testament vind nie noodwendig meer betroubaar is nie. Trouens, ons sal moet erken dat ons in elkeen van die primêre bronne te doen het met dokumente wat die geskiedenis interpreteer, inkleur en aanwend om 'n bepaalde boodskap oor te dra (Deist & Le Roux 1987:8).

Aan die ander kant bly ook die dekor van die agste eeu in die Ou Nabye-Ooste wat in hierdie hoofstuk geskilder word, maar net 'n rekonstruksie wat geen aanspraak maak op volledigheid of kanoniteit nie. Dit is uiteindelik niks meer nie as hierdie navorser se tekening van die agste eeu voor Christus aan die hand van die beskikbare bronne in 'n poging om op 'n verantwoordelike en verantwoorde wyse sin te maak uit die gebeure waarvan Jesaja 36-39 vertel.

3.3 DIE EINDE VAN 'N ERA

Om en by die middel van die agste eeu voor Christus het omstandighede in en rondom Palestina vir Israel (ook bekend as die Noordryk) en Juda (ook bekend as die Suidryk), die twee ryke waarin die eens verenigde ryk van Dawid en Salomo³⁶ verdeel het, in so 'n mate geraak dat albei ryke se status permanent verander is. Hoewel daar deur die jare gereelde konflik met mekaar (1 Kon. 12:21; 14:19, 30;

³⁶ Ek is bewus van die jongste debat wat die vraag stel of daar werklik so 'n verenigde ryk onder Dawid en Salomo was (Davies 2000:26-27). Vir die doeleindes van hierdie studie is genoemde vraag egter nie van direkte belang nie en derhalwe word hier aangesluit by die "grand narrative" van Israel se geskiedenis, soos die Ou Testament dit vertel.

15:6,16-17, 32) en hul onderskeie bure was (vgl. 1 en 2 Kon.) en hoewel die twee afsonderlike ryke wel soms die aftog moes blaas, het hulle nooit in die proses hul politieke onafhanklikheid verloor nie (Noth 1983:254). Gebeure buite Siro-Palestina het hulle wel geraak, maar meer op 'n indirekte as direkte wyse. Ten minste het dit hulle vir geen oomblik hul onafhanklikheid gekos nie (Bright 1981:269). Trouens, onder koning Jerobeam II (788-748 vC)³⁷ van die Noordryk en Ussia (785-760 vC)³⁸ van die Suidryk het dié twee ryke 'n tyd van voorspoed geniet wat herinner het aan die dae van Dawid en Salomo (Keller 1956:235).

Daar moet egter in gedagte gehou word dat hierdie tye van voorspoed wat die mense van Israel geniet het, te wete dié onder Dawid en Salomo én dié onder latere konings soos Jerobeam II en Ussia, moontlik was omrede daar vir ongeveer vyf honderd of meer jaar 'n magsvakuum in die Ou Nabye-Ooste was (Roux 1992:266-281). Daar het gedurende dié tyd geen wêreldmag bestaan wat, eers die verenigde ryk en later die verdeelde ryk, ingrypend en permanent kon beïnvloed nie (Bright 1981:269). Elke krisis en aanslag kon tot dusver hanteer, afgeweer en oorleef word. Na die middel van die agste eeu sou dinge in die Ou Nabye-Ooste egter nooit weer dieselfde wees nie en is dit in 'n groot mate te wyte aan die toetrede tot die openbare lewe van Tiglat-Pileser III, koning van Assirië.

³⁷ Sien *Ekskursie 1* hieronder.

³⁸ Ussia is ook bekend as Asarja (Galil 1996:172). Ussia moes abdikeer nadat hy melaats geword het. Hy het egter nog lank daarna bly lewe (Hayes & Hooker 1988:54).

EKSKURSIE 1

DATERING VAN DIE KONINGS VAN ISRAEL EN JUDA

Op hierdie punt is dit eers nodig om die een en ander oor die datering van die regeringstye van die konings van Israel en Juda te sê.

Wanneer 'n mens deur van die verskillende dokumente oor die geskiedenis van Israel en Juda blaai, kom jy gou agter dat daar nie algemene eenstemmigheid onder navorsers is oor die datering van die onderskeie ryke se konings nie. In hul boek oor hierdie onderwerp, sê Hayes & Hooker (1988:5) onder meer dat geen dateringsstelsel tot nog toe naastenby algemene aanvaarding onder geleerdes verwerf het nie. Trouens, dit is ook al een van die mees komplekse vraagstukke in Bybelse geskiedenis genoem (Galil 1996:1) en die verskeidenheid opinies in die literatuur bevestig dit.

Dit spreek vanself dat dié probleem ook nie in hierdie studie opgelos gaan word nie en daarby val so 'n stuk navorsing buite die raamwerk van die onderhawige studie. Aan die ander kant, is dit tog belangrik om ten minste die probleem aan die orde te stel en ter wille van die verdere verloop van die onderhawige studie, 'n voorlopige keuse te maak vir 'n bepaalde dateringsstelsel.

In die literatuur is daar redelike eenstemmigheid oor daárdie aspekte wat 'n datering van die regeringstye van die konings van Israel en Juda bemoeilik. Een van die belangrikste probleme wat genoem word - sien Miller & Hayes (1986:228) vir 'n lys van problematiese vrae - is dat daar, wat die

jaartelling in die Ou Nabye-Ooste betref, van verskillende sisteme gebruik gemaak is.

Een so 'n sisteem, wat ons ook in die Ou Testament vind, is 'n sisteem waar jare aangedui word aan die hand van die regeringsjare van die onderskeie konings. Die vraag is egter, hoe tel 'n mens die jaar waarin die koning aan bewind kom? Begin die jaar met sy troonbestyging en tel jy dus sy regeringstyd vanaf die vorige nuwejaarsfees of tel jy dit eers vanaf die volgende jaar se nuwejaarsfees?

Hierop volg dan verder die vraag: Wanneer het die nuwe jaar in Israel en Juda begin? In die Ou Nabye-Ooste kon die nuwe jaar in die lente of in die herfs begin en navorsing dui daarop dat ons in die Ou Testament met albei sisteme te make het.

'n Verdere probleem is dat ons in die Ou Testament talle sinkronisasies aantref. Die begin van 'n koning se regeringstyd word in Israel altyd vermeld met 'n verwysing na die huidige koning in Juda se regering en ook omgekeerd. Dan is daar ook nog verwysings na ander Ou Nabye-Oosterse konings se regeringstye, terwyl 'n sinkronisasie met Assiriese en Babiloniese koningslyste ook talle probleme oplewer.

Belangrik is die opmerking van Miller & Hayes, (1986:228) naamlik dat daar rekening gehou moet word met die redaktor(s) se teologiese intensies wat betref die onderskeie Ou-Testamentiese geskrifte en dan spesifiek wat 1 en 2 Konings betref en dat datums in hierdie redaksionele proses heel vloeibaar hanteer is.

'n Laaste punt wat hier dien vermeld te word, is die verskille in datering wat bestaan tussen die Massoretiese teks en die Griekse teks van die Koningsboeke. In sy boek gee Galil (1996:127-144) heelwat aandag aan dié verskille.

In die lig hiervan is dit te wagte dat daar baie oor die saak van datering van die konings geskryf is, wat dan ook die geval is. Van die belangrikste werke oor die onderwerp is dié van Albright (1945:16-22), Andersen (1969:69-114), Thiele (1977), Hayes & Hooker (1988) en Galil (1996). Deeglike navorsing ten spyte, is daar egter nie eenstemmigheid oor die kronologie van die twee ryke van die eens verenigde Israel nie.

In hierdie studie word daar hoofsaaklik aangesluit by die standpunt van Hayes & Hooker (1988). In dié werk word daar van die standpunt uitgegaan dat die Bybelse gegewens 'n redelike refleksie van die werklike kronologiese gebeure is, sonder om dit te verabsoluteer. In die lig van die gebrek aan eenstemmigheid oor 'n dateringsstelsel en die uiteenlopende standpunte oor die saak, lyk so 'n weg voorlopig die meer verantwoorde weg te wees, hoofsaaklik omrede dit die gegewens is waarmee ons tans sit. Andersyds moet daar in die onderhawige studie, ter wille van die verdere logiese verloop van die studie, noodwendig 'n keuse gemaak word.

In genoemde werk van Hayes & Hooker gaan hulle kortliks as volg te werk: Na 'n uiteensetting van hul vooronderstellings (daar word vyftien vooronderstellings genoem en bespreek), word die regeringstye van die onderskeie konings van Israel en Juda parallel bespreek vanaf die regering van Jerobeam I

(927-906 vC) van Israel en Rehabeam (926-910 vC) van Juda tot en met die val van Samaria in 722 (721) vC, waarop die regeringstye van die konings van Juda verder bespreek word, deur die inname van Jerusalem in 597 vC tot en met die regeringstyd van Gedalja (585-582 vC). Die Assiriese en Babiloniese konings word saam met die parallele bespreking van die konings van Israel en Juda bespreek vanaf die regering van die Assiriese koning Salmaneser III (858-824 vC) tot en met die regering van die Babiloniese koning Nebukadneser (604-562 vC).

In hierdie lig moet die datums in die onderhawige studie verder beoordeel word.

3.4 DIE OPKOMS VAN ASSIRIË AS WÊRELDMAG

Die verskyning van Tiglat-Pileser III, ook in die Ou Testament bekend as Pul (2 Kon. 15:19) en as Pulu in die Babiloniese koningslys B (ANET 1950:272), op die wêreldtoneel lei 'n nuwe era in die geskiedenis van Assirië in.³⁹ Daar kan met reg na hom verwys word as die eintlike stigter van die neo-Assiriese ryk (Noth 1983:253). Tiglat-Pileser III bestyg die Assiriese troon in 744 vC en sou sy invloed laat geld tot in 727 vC en selfs daarna deurdat sy opvolgers sy metodes oorgeneem en verder gevoer het. Hy was die eerste in 'n ry van formidabele soldate en leiers wat die Assiriese ryk as wêreldmag gevestig en tot groot hoogtes gevoer het:

³⁹ Sien Tomes (1993:60-61) vir die identifisering van Pul met Tiglat-Pileser III.

“Dies änderte sich plötzlich, als Tiglatpileser III den Thron besteig (744-727); er ist einer der größten assyrischen Eroberer gewesen. Mit der Zurückhaltung oder Lässigkeit seiner Vorgänger hat er gebrochen und die assyrische Eroberungstradition aufgenommen, die ihn nach Westen wies. Mit ihm begann die Reihe der zielbewußten assyrischen Könige, die die alten Großmachtpläne endlich verwirklichen wolten und tatsächlich das Assyrische Reich von Erfolg zu Erfolg führten” (Fohrer 1977:148).

Met die opkoms en vestiging van die neo-Assiriese ryk is daar dus vir die eerste keer ’n ryk in die Ou Nabye-Ooste wat byna die hele gebied onder een sterk regeerder verenig het (Jagersma 1979:219).⁴⁰ Dit was moontlik omrede Tiglat-Pileser III as ’t ware ’n staatkundige hervorming teweeggebring het (Roux 1992:305 e.v.). Op plaaslike vlak het hy die struktuur van die staat hervorm deur die vroeëre groot provinsies, wat moeilik administreerbaar was, op te deel in kleiner, makliker bestuurbare distrikte (Soggin 1993:235). Wat Assirië se bure betref, het hy ’n nuwe imperialistiese buitelandse beleid ingevoer wat geblyk het baie effektief te wees. Donner (1986:297 e.v.) slaag daarin om die onderskeie stappe wat deur dié koning gevolg is, duidelik uit te stippel.

Soos wat dit die geval was met die meeste Assiriese konings voor Tiglat-Pileser III,

⁴⁰ Sien die kaart in Aharoni & Avi-Yonah (1979:146) en Donner (1986, Karte 5) vir ’n aanduiding van die omvang van die Assiriese ryk onder die verskillende konings.

was daar die state wat hulle vrywillig aan die Assiriese troon onderwerp het. Dit het beperkte soewereiniteit behels, asook die betaling van swaar belasting en die navolging van 'n buitelandse beleid wat deur die Assiriese koning dikteer is. Met die eerste tekens van rebellie was daar direkte militêre ingrype en die plasing van 'n pro-Assiriese heerser op die troon, verkieslik van adellike afkoms ter wille van aanvaarding. Dikwels is die grense van die opstandige staat ook drasties ingekort ten gunste van óf Assirië, óf een van sy ander lojale vasalle. Tribuut is ook drasties verhoog.

Sou daar vroeër of later wêér tekens van 'n opstand of 'n rebellie bespeur word, word daar weer eens militêr ingegryp met 'n gepaardgaande vervanging van die opstandige leier deur 'n Assiriese goewerneur. Die mense wat die boonste laag van die samelewing uitmaak, is in ballingskap weggevoer en vervang deur vreemde etniese groepe van elders. So word die staat leierloos gelaat. Die oorblywende grondgebied word deel van die Assiriese grondgebied. Hierdie stelsel was effektief, grootliks vanweë die buigzaamheid in die toepassing daarvan (Soggin 1993:236) en op dié wyse het die Assiriërs hulle as wêreldmag gevestig.

3.5 DIE BELANGRIKHEID VAN SIRO-PALESTINA

Een van die belangrikste voorwaardes vir sukses as wêreldmag in die Ou Nabye-Ooste was besit en/of beheer van die state in Siro-Palestina (Noth 1983:253). Daarom

dan dat daar dwarsdeur die geskiedenis van die Ou Nabye-Ooste maar altyd 'n toutrekkery was tussen wie ook al die mag gehad het in Mesopotamië aan die oewers van die Tigris en Eufraat of in Egipte aan die oewers van die Nyl (Roux 1992).⁴¹ Vir enige mag in Mesopotamië of Egipte was Siro-Palestina nie slegs belangrik vir sy rykdom in bosbou en minerale nie, of vir sy lang kuslyn langs die Mediterreense see en ryk handel nie. Dié gebied was ook belangrik omrede dit die deurgang was tussen die suid-ooste van Klein-Asië en Egipte (Noth 1983:253). Indien 'n vors dus dié gebied kon beheer, het hy tot 'n verskeidenheid rykdomme en handelsroetes toegang gehad.⁴²

Tiglat-Pileser III het dit waarskynlik besef (Bright 1981:270), daarom is dit nie vreemd nie om te sien dat hy onmiddellik stappe begin doen het om groot dele van Siro-Palestina by die Assiriese ryk in te lyf om sodoende die gebied aan Assirië te onderwerp (Hermann 1980:309-310). Deur dit te doen het hy heelwat verder gegaan as sy voorgangers van die negende eeu. Hulle was tevrede met die betaling van tribuut deur Siriese en Palestynse heersers wat hulle oorwin het (Bright 1981:271). 'n Voorbeeld hiervan sien ons in die annale van Adad-Nirari III (810-783):

“...the country of the Hittites, Amurru-country in its full extent, Tyre, Sidon, Israel, Edom, Palestine, as far as the shore of the Great Sea of the Setting Sun, I

⁴¹ Dié werk van Roux (1992) gee die leser 'n goeie idee van 'n toutrekkery wat letterlik oor eeue gestrek het en waarby selfs die Perse en Grieke ook later betrokke was.

⁴² In Aharoni & Avi-Yonah (1979:9-12) is daar kaarte met illustrasies wat vir die leser 'n goeie idee gee van die belangrikste internasionale roetes in die ou Nabye-Ooste, van die belangrikste roetes in Palestina asook van die belangrikste ekonomiese bedrywighede in die onderskeie gebiede.

made them submit all to my feet, imposing on them tribute.” (ANET 1950:281).

Tiglat-Pileser III lyf egter die oorwonne state as provinsies by Assirië in om sodoende enige moontlike opstand uit te skakel (Aharoni & Avi-Yonah 1979:145). As voorbeeld kan die volgende aanhaling uit die annale van Tiglat-Pileser III gemeld word:

“[. . . the town R]ashpuna which is (situated) at the coast of the Upper Sea, [the towns . . .]nite, Gal’za, Abilakka which are adjacent to Israel (*Bît Hu-um-ri-a*) [and the] wide (land of) [. . .]li, in its entire extent, I united with Assyria. Officers of mine I installed as governors upon them. (ANET 1950:283).

3.6 ASSIRIESE VELDTOG IN SIRO-PALESTINA

Vir Tiglat-Pileser III was die onderwerping van Siro-Palestina een van sy belangrikste oogmerke (Fohrer 1977:150-156). Omdat die Assiriërs die land vanaf die noorde binnegeval het, het die noordelike dele van Sirië die mag van Assirië eerste gevoel, maar Tiglat-Pileser III het nie veel moeite ondervind om reeds in sy regeringstyd dele van sentraal en suid-Siro-Palestina aan sy mag te onderwerp nie (Bright 1981:271). Dit dien egter vermeld te word dat, hoewel ons kennis dra van

sommige van die belangrikste gebeurtenisse van sy regeringstyd, Tiglat-Pileser III se annale tog grootliks onvolledig en swak behoue gebly het (Tomes 1993:66).

Uit dit wat wel behoue gebly het, sien ons dat Tiglat-Pileser III in 743 vC begin het met sy verowering van die weste en die vestiging van Assiriese provinsies in die gebied. In die jaar 738 vC, na 'n kort afwesigheid in die weste (Hayes & Hooker 1988:61) het hy die noordelike en sentrale Siriese staat Hamat verower. Hy het die grootste dele van Hamat Assiriese provinsies gemaak terwyl hy slegs 'n klein deeltjie van die staat as 'n onafhanklike eenheid laat voortbestaan het. Op hierdie stadium het die meeste ander Siriese state asook verskeie Fenisiese kus stede en ander state in Klein-Asië reeds tribuut aan Tiglat-Pileser III betaal (Gunnweg 1972:102-104). Die annale van die Assiriese koning meld onder die lys van tribuutbetalende state en konings onder andere Resin van Damaskus en Menahem van Samaria:

“I received tribute from Kushtashpi of Commagene (*Kummuhu*), Rezon (*Ra-hi-a-nu*) of Damascus (*Šaimerišu*), Menahem of Samaria (*Me-ni-hi-im-me* ^a*Sa-me-ri-na-a-a*) Hiram (*Hi-ru-um-mu*) of Tyre ...”
(ANET 1950:283).

Die Assiriese annale vermeld dat een van Tiglat-Pileser III se belangrikste veldtogte van 734 vC 'n ekspedisie ingesluit het na Filistia. Hy het dus teen hierdie tyd reeds so ver as die mees suid-westelike uithoeke van Siro-Palestina gevorder (Noth 1983:258). Fragmente van sy annale wat opgegrawe is by die koninklike stad Kalah meld onder meer dat hy 'n basis gevestig het by wat vandag bekend is as *wadi el 'arish* die mees

suid-westelike grens van Asië (Cornelius 1989:43). Tiglat-Pileser III wou dit waarskynlik op dié manier onmoontlik maak vir die kleiner state in Siro-Palestina om enige kontak met Egipte te maak.

Ons kan ook aanvaar dat die kleiner state in die suide van Siro-Palestina wat nog nie op 'n direkte wyse deur hierdie gebeure geraak is nie, wel Assiriese soewereiniteit moes erken deur die betaling van tribuut (Noth 1983:259). Juda was na alle waarskynlikheid een so 'n staat. Wat dus gebeur het, is dat Tiglat-Pileser III binne 'n redelike kort tyd die ganse Siro-Palestina binnegeval het, vrees gesaai het onder die mense van die gebied,⁴³ baie state oorwin en daarvan Assiriese provinsies gemaak het en waar hy state nie Assiriese provinsies gemaak het nie, die konings aan hom tribuut moes betaal.

3.7 SIRO-EFRAIMITIESE OPSTAND

Dit is teen hierdie agtergrond wat daar in 734 vC in suidelike Siro-Palestina 'n beplande opstand was wat die lot van Juda ook sou beïnvloed (Donner 1986:303-

⁴³ Soggin (1993:235) maak melding van die vrees wat die Assiriese leër ingeboesem het, maar wys dan tegelykertyd daarop dat daar nie sekerheid is oor die presiese aard van die vrees wat gesaai is nie. Was die Assiriese weermag werklik niks anders as 'n klomp barbaarse wreedaards wat niks en niemand ontsien het nie, of is die wreedaardige beeld wat van hulle geskilder word nie dalk maar net die gevolg van 'n goeie propaganda slenter om die vyand by voorbaat te ontmoedig om die Assiriese leërs te opponeer nie?

316). Die sogenaamde Siro-Efraimitiese oorlog⁴⁴ waarvan ons in die Ou Testament lees, hou hiermee verband. Ons lees in 2 Konings 15:37; 16:5 en Jesaja 7:1 en verder, hoe Jerusalem deur die gesamentlike magte van die Aramese koninkryk van Damaskus en die koninkryk van Israel aangeval en beleër is. Uit Jesaja 7:6 blyk dit dat die oogmerk van hierdie konfrontasie die afsit en vervanging van koning Agas van Juda, kleinseun van Ussia was:

נעלה ביהודה ונקיצנה ונקענה אלינו ונמליך
מלך בחוזה את בן-טבאל:
(Jesaja 7:6)⁴⁵

Sy pa se naam, טבאל laat dink dat die plaasvervanger-koning wat Peka en Resin in gedagte gehad het 'n Arameër kon wees (Noth 1983:259), dus iemand wat hul opstand teen Assirië ter wille sou wees. Alles dui daarop dat Aram en Israel die Assiriese juk wou afgooi en dat hulle om die een of ander rede vir Juda as bondgenoot wou gehad het (Fensham & Pienaar 1982:141). Koning Agas van Juda wou egter nie saam met hulle teen Tiglat-Pileser III in opstand kom nie. Moontlik was Agas bang dat dieselfde lot Juda sou tref wat die Filistynse stede getref het indien hy teen Tiglat-Pileser III sou rebelleer (Noth 1983:259).

⁴⁴ Volgens Noth (1983:259) is hierdie benaming die gevolg van die gebruik van die Engelse Bybel om die naam Aram meestal met Sirië te vertaal, terwyl die koninkryk van Israel dikwels aangedui word as Efraim (vgl. bv. Jes. 7:1 e.v. en Hos. 11).

⁴⁵ “Laat ons optrek teen Juda en dat ons dit skrik maak en laat ons dit vir ons verower en laat ons die seun van Tabeal daaroor koning maak.”

Aanvanklik het Aram en Efraim goeie vordering gemaak teen Juda, in so 'n mate dat dit 'n baie angstige koning Agas (Jes. 7:2) laat seek het na 'n weg uit die bedreigende situasie. Die profeet Jesaja besoek koning Agas en moedig hom aan om slegs op Jahwe te vertrou, want Hy sou help (Fensham & Pienaar 1982:141). Teen die advies van die profeet Jesaja in (Jes. 7:3-9), besluit Agas om die hulp van 'n sterker moondheid in te roep.⁴⁶ Volgens 2 Konings 16:7-9 het Agas geskenke uit die tempel en uit die koninklike skatkamers vooruit na Tiglat-Pileser III gestuur en homself vrywillig aan hom onderwerp. Ons weet nie presies waar die Assiriese koning hom op die gegewe oomblik bevind het nie, maar hy het Agas in Jerusalem te hulp gesnel en die Siro-Efraimitiese oorlog het 'n vroeë dood gesterf (Albertz 1992a:162).⁴⁷

Tiglat-Pileser III het eers vir Israel binnegeval, waarskynlik om Damaskus te isoleer (Noth 1983:260) en al die Israelitiese stede, behalwe Samaria, ingeneem, soos daar ook in sy annale vermeld word:

“In my former campaigns I had considered all the cities [which . . . as . . .] and I had carried away as booty and . . . the town Samaria only I did

⁴⁶ Sommige navorsers huldig die standpunt dat die gedagte dat Agas vir Tiglat-Pileser III om hulp sou gevra het en dat laasgenoemde toe hierdie klein, onbeduidende staatjie te hulp gesnel het, die werk van latere redaktors was. Tiglat-Pileser III was besig met 'n veldtog in die weste en sy teenwoordigheid hier het die Siro-Efraimitiese plan 'n vroeë dood laat sterf (Hayes & Hooker 1988:63).

⁴⁷ Dit is nodig om op hierdie punt daarop te wys dat Tomes se opmerking tog belangrik is al handhaaf hierdie navorser die “klassieke standpunt” as rede vir die Siro-Efraimitiese oorlog: “... I hope that those who continue to say that Rezin and Pekah were trying to force Judah into an alliance against Assyria will in future not present it as an established fact but qualify it with “perhaps” or “probably”, admit that there are only arguments, not evidence...” (1993:71).

le[ave/except . . .] their king..." (ANET 1950:283).

Die res van die Israelitiese gebied is in die Assiriese provinsiale sisteem geïnkorporeer. Die verowerde gebied is in drie provinsies verdeel en na die provinsie se hoofstad vernoem. So byvoorbeeld is Galilea en Jisreël verenig om die Meggido provinsie te vorm. Die strook langs die noordelike kuslyn van Palestina is vernoem na die stad Dor, terwyl die Israelitiese gebied oos van die Jordaanrivier die provinsie van Gilead geheet het (Noth 1983:261).

In die neo-Assiriese ryk het die inisiatief van Tiglat-Pileser III af uitgegaan en hierin het toekomstige troonopvolgers hom nagevolg, om die gewone bevolking van die oorwonne volke net so in die land te laat, terwyl die hoëklas burgers, amptenare en leiers na ander provinsies in die ryk gedeporteer is (Roux 1992:307). Hierdie boonste laag van die bevolking is dan weer vervang deur mense uit een van die ander oorwonne state (Noth 1983:261). Ons vind 'n voorbeeld hiervan in die annale van Sargon II, opgeteken teen die sogenaamde Cyprus Stela:

"I smash[ed] like a flood-storm the country of Hamath (*A-ma-at-tu*) in its entire [extent]. I br[ought its] ki[ng] Iaubi'di as well as his family, (and) [his] warriors in fett[ers], as the prisoners (contingent) of his country, to Assyria. From these (prisoners) I set [up a troop] of 300 chariots (and) 600 moun[t]ed men equipped with leather shields and lan[ces], and ad[d]ed them] to my royal corps. I se[ttled] 6,300 Assyrians of reliable [disposition] in the country of

Hamath and installed an officer of mine as go[vernor] over them, imposing upon [th]em (the payment) of tri[bute]” (ANET 1950:284).

Dat dit waarskynlik ook in die geval van Israel gebeur het, kan ons wel aflei uit die vae opmerking in 2 Konings 15:29.

3.8 DIE NOORDRYK: ’N LAASTE OPSTAND EN DIE VAL VAN SAMARIA

Peka is deur sy eie mense onttroon (2 Kon. 15:30) en ene Hosea het koning geword. Onder sy regering het die betaling van tribuut aan Tiglat-Pileser III, wat intussen ook Damaskus verpletterend verslaan het (732 vC), voortgeduur.

“They overthrew their king Pekah (*Pa-qa-ha*) and I placed Hoshea (*A-ú-si-*) as king over them. I received from them 10 talents of gold, 1,000(?) talents of silver as their [tri]bute and brought them to Assyria.” (ANET 1950:284).

Damaskus is ook in ’n reeks Assiriese provinsies verdeel en Tiglat-Pileser III was nou heerser oor min of meer die hele Siro-Palestina (Noth 1983:261).

Enkele jare later het koning Hosea van Israel, nadat Salmaneser V Tiglat-Pileser III opgevolg het, die betaling van tribuut gestaak en 'n verhouding met Egipte aangeknoop (2 Kon. 17:4-5). Daar is nie aanduidings dat Israel hulp van ander state gehad het nie, maar 'n mens kan dit waarskynlik aanvaar (Donner 1986:314). Hoe dit ook al sy, hulp uit Egipte het nooit opgedaag nie, Hosea word gevange geneem en Samaria vir drie jaar beleër (Roux 1992:310).

Kort nadat Sargon II⁴⁸ vir Salmaneser V opgevolg het op die Assiriese troon, val Samaria in die jaar 722/721 vC (Bright 1981:276).⁴⁹ Die stad word ook omskep in 'n Assiriese provinsie, die boonste lae van die samelewing gedeporteer na Mesopotamië en Medië en in Samaria vervang deur 'n vreemde opperklas (Donner 1986:315-316).

“At the begi[nning] of my royal rule, I . . . the town of the Sama]rians [I besieged, conquered] (2 lines destroyed) [for the god . . . who le]t me achieve (this) my triumph. . . . I led away as prisoners (27,290 inhabitants of it (and) [equipped] from among [them (soldiers to man)] 50 chariots for my royal corps . . .

⁴⁸ Sargon II se regeringstyd was 721-705 vC.

⁴⁹ Mitchell (1998) meen dat dit waarskynlik Salmaneser V is wat Samaria verower het en nie sy broer, Sargon II nie, terwyl Jagersma (1979:224) daarop wys dat die Assiriese bronne die verowering van Samaria op Sargon II se rekening plaas, maar dat die sogenaamde Babiloniese Kronieke Salmaneser V die krediet hiervoor gee. Reade (1998:65) maak in dié verband die volgende opmerking: “The Assyrian king of this time was Shalmaneser V, but he did not have time to commemorate his achievements in stone, and it was his successor, Sargon II who claimed credit for the victory”. Hayes en Hooker (1988:72) meen egter dat dit nie nodig is om Sargon II so kras te oordeel nie. Hulle stel voor dat albei konings 'n hand gehad het in die vernietiging van Samaria en dat ons alleen maar die tydperk wat die proses geneem het, kan uitbrei. Die vraag na wie nou presies die Assiriese koning was onder wie se hand Samaria geval het, Salmaneser V of Sargon II, is onses insiens egter nie van wesenlike belang vir die interpretasie van Jesaja 36-39 nie. Daar word egter erkenning aan ons gebrekkige kennis, argeologiese fondse ten spyte, gegee.

[The town I] re[built] better than (it was) before and [settled therein people from countries which [I] myself [had con]quered. I placed an officer of mine as governor over them and imposed on them tribute as (is customary) for Assyrian citizens.” (ANET 1950:284).

So kom die koninkryk van Israel, ook die Noordryk genoem, finaal tot ’n einde om nooit weer te herleef nie. Die groep wat weggevoer is, is waarskynlik geabsorbeer in die meerderheidsamelewings waarheen hulle gedeporteer is, terwyl dieselfde ook gebeur het met diegene wat weer in Samaria gevestig is - met hulle gode, gebruike en al (Albertz 1992b:524-525). Wat eens bekend was as Israel (of die Noordryk) het nou deel van die Assiriese ryk geword en Samaria se inwoners het Assiriese burgers geword (Na’aman 1995:180). Die naam van die nuwe Assiriese provinsie was *samerina* en vir die eerste keer verwys dit nie meer na die hoofstad nie, maar na die landstreek (Soggin 1993:242-243).

Van die verdere lot van die streek weet ons nie veel nie. Uit die Assiriese annale is dit duidelik dat Sargon II die stad Samaria herbou het (sien aanhaling op vorige bladsy) en dat dit die setel van die Assiriese goewerneur geword het. Uit Esra 4:2 en 10 weet ons dat daar eers onder Esarhaddon (681-669 vC) en toe onder Assurbanipal (669-631 vC) steeds meer vreemdelinge in die streek gevestig is (Soggin 1993:242-243). Wat die Noordryk, of die tien stamme bekend as Israel betref, word hiermee volstaan.

HOOFSTUK 4

JUDA IN DIE AGSTE EEU EN DAARNA

- 'N HISTORIESE OORSIG

4.1 DIE POSISIE VAN DIE SUIDRYK

Van die verdeelde ryk van Dawid en Salomo was Juda van minder politiese en strategiese belang as Israel (Koch 1982:105). Juda het nie teen die see gelê nie en van die heel belangrikste kommunikasieweë het nie direk deur Judese grondgebied gestrek nie (Miller & Hayes 1986:46, 233-235), maar tog naby aan haar gelê (Baly 1974:190). Daarby het Juda sterk natuurlike verdedigingslinies gehad na alle rigtings toe, behalwe die noorde (Baly 1974:190). Ons sal dus saam met Eybers (1984:51) kan stem wanneer hy sê dat Juda geïsoleer van, maar tog ook naby was aan van die

belangrikste kommunikasieweë. Haar ligging, saam met ander geografiese toestande, het dus waarskynlik daartoe bygedra dat Juda vir ongeveer 150 jaar langer as Israel bly voortbestaan het, al was dit meermale as vasalstaat (Jagersma 1979:228).

Juda was egter steeds belangrik as 'n bufferstaat tussen Egipte en eers Assirië en later Babilonië en daarom het beheer van die gebied vir beide Egipte en watter mag ook al in Mesopotamië in beheer was, belangrik gebly (Soggin 1993:245). Gedurende die laaste aantal jare van die agste eeu voor Christus was Juda egter een van weinig Siro-Palestynse state wat nog 'n mate van onafhanklikheid geniet het (Roux 1992:314).

Ons sou dus enersyds saam met Bright (1981:276) kon stem wanneer hy opmerk dat omrede Agas uit eie vrye wil hom aan die Assiriese koning Tiglat-Pileser III onderwerp het (Hoofstuk 3), het Juda deur al hierdie gebeure heen bly voortbestaan as afhanklike vasalstaat. Agas het bly voortgaan met die betaling van tribuut en word nêrens in een van die opstande teen Assirië genoem of geïmpliseer nie (Noth 1983:264). Andersyds sou ons kon byvoeg dat Juda se geografiese ligging en aard hierin waarskynlik ook tot 'n groot mate bygedra het (vgl. Baly 1974:177-190 & Eybers 1984:51-70).

Met reg kon Juda haarself dus nou as sowel die enigste erfgenaam van die Israelitiese tradisie en geloof, as die Dawidiese ideologie en staat beskou (Soggin 1993:245). So 'n beskouing word ondersteun deur die algemeen aanvaarde standpunt onder geleerdes dat dit in die periode direk na die val van Samaria was dat heelparty tradisies en geskrifte, wat later deel sou uitmaak van dit wat ons vandag as die Ou

Testament ken, hul weg na die Suidryk gevind het en deel van 'n groter redaksionele proses aldaar geword het. Vir Juda om haarself as die verteenwoordiger van die ware Israel te beskou, was dus nie té vergesog nie (Venter 1989:29).

4.2 KONING HISKIA SE TROONBESTYGING

Agas is as koning van Juda opgevolg deur sy seun Hiskia⁵⁰ (727-699 vC). In die lig van die problematiese aard van die datering van die regeringstye van die konings van Israel en Juda,⁵¹ is dit egter nodig om vir 'n oomblik spesifiek stil te staan by die regeringstyd van koning Hiskia. Beide Hayes & Hooker (1988:68-83) en Galil (1996:98-106) beredeneer Hiskia se regeringstyd deeglik. Hieruit blyk dat daar hoofsaaklik drie beskouings oor die kroningsdatum van Hiskia bestaan.

⁵⁰ In 'n onlangse artikel trek Etz die genealogie van die Judese konings, soos dit in die boeke Konings en Kronieke weergegee word, in twyfel (1996:39-53). Hy neem die verhouding tussen Joram en Ahasia en Agas en Hiskia in behandeling en dui met duidelike argumente aan waarom daar in beide gevalle waarskynlik nie sprake van 'n vader-seun verhouding is nie. Etz meen dat Hiskia en Maäseja (2 Kron. 28:7) moontlik seuns van koning Jotam kon wees en dus broers of halfbroers van Agas. Moontlik het Agas geen seun gehad nie en gevolglik maak hy Hiskia sy erfgenaam, of kon hy hom selfs as seun aangeneem het. Vergelyk in verband met aanneming onder meer Matthews & Benjamin (1995:8, 73 & 110). Die skrywers van die Konings en Kronieke boeke laat dit waarskynlik om teologiese redes lyk of daar in die genoemde twee gevalle sprake van vader-seun verhoudings is. Dit wat Etz se artikel betref.

So 'n argument sou inpas by die huidig algemeen aanvaarde standpunt dat Konings en Kronieke eerder fokus op die oordra van elkeen se eie bepaalde boodskap as op eksakte geskiedskrywing. Vir dié doel gebruik hulle hul bronne en tradisies selektief en plooi dit om hul onderskeie boodskappe te dien.

Die vraag is: Sou ons Etz gelyk gee, sal dit 'n beduidende invloed op 'n rekonstruering van die historiese konteks van die agste eeu vir die doeleindes van hierdie bepaalde studie hê en sal dit die hipotese van hierdie studie in gedrang bring? Die antwoord op beide vrae is: Nee. Nee, want soos Etz (1996:50-53) aandui, neem dit nie die belangrike teologiese funksie wat Hiskia in die Ou Testament vervul, weg nie. Dit kan alleen maar die algemeen aanvaarde oortuiging, naamlik dat die Bybelse redaktors met teologiese agendas werk, versterk.

⁵¹ Sien Hoofstuk 3 *Ekskursie 1*.

Indien Sanherib Juda in 701 vC binnegeval het, soos die algemeen aanvaarde standpunt onder beide Bybelnavorsers en Assirioloë is, dan is Hiskia in 715 vC gekroon (Galil 1996:98-99). Dit word bereken op grond van die “veertiende jaar van koning Hiskia” waarvan Jesaja 36:1 melding maak. Ten spyte van die feit dat “die veertiende jaar van koning Hiskia” na ’n baie akkurate datum lyk (Hayes & Hooker 1988:74), verwerp beide Hayes & Hooker (1988:74) en Galil (1996:102-103) dit as ’n betroubare datum en word dié datum as ’n redaksionele berekeningsfout gesien (Galil 1996:102-103).

’n Tweede standpunt plaas Hiskia se kroning in om en by 722 vC onder meer op grond van die profesie in Jesaja 14:28-32 en ’n sinkronisering van sy regeringstyd met dié van koning Hosea van die Noordryk (Galil 1996:99). Ook dié standpunt word deur Galil (1996:99-100) afgewys op grond van foutiewe berekeningsfoute wat navorsers sou maak.

’n Derde standpunt wat by verre die meeste aanhang onder geleerdes geniet en wat deur sowel Hayes & Hooker as Galil gehandhaaf word, is dat Hiskia iewers tussen die jare 728 tot 725 vC gekroon is⁵² en dat hy tussen 699 en 697 vC oorlede is. Om sy standpunt te staaf, meld Galil (1996:99) ’n lys van navorsers wat hierdie standpunt handhaaf. Reeds in *Ekskursie I* is dit gestel dat daar in hierdie studie by Hayes &

⁵² Galil plaas Hiskia se kroning in 726 vC (1996:104), terwyl Hayes & Hooker dit in 727 vC plaas (1988:71).

Hooker se standpunt aangesluit word en die beredenering deur Galil bevestig dié besluit.⁵³

4.3 KONING HISKIA IN PERSPEKTIEF

Na 'n lang tyd waarin Judese konings hulle uit die geledere van enige Assiriese koalisies gehou het, 'n situasie waarin die profeet Jesaja geen geringe rol gespeel het nie (Hayes & Hooker 1988:72), is daar onder Hiskia se bewind uiteindelik ook in Juda met anti-Assiriese optrede begin (Hermann 1980:314-315). Voordat daar egter verder uitgebrei word op sy anti-Assiriese beleid, is dit belangrik om enkele opmerkings te maak oor koning Hiskia van Juda in die algemeen.

Indien ons let op die 2 Konings se beriggewing, sien ons dat daar in besonder drie belangrike dinge gedurende Hiskia se regeringstyd plaasgevind het, te wete 'n godsdienstige hervorming, oorlog met die Filistyne en anti-Assiriese opstande (2 Kon. 18:4-8) en besondere ingenieursprestasies (2 Kon. 20:20) waaronder 'n tunnel wat Hiskia gebou het om Jerusalem van voldoende water te voorsien. Moontlik is dit onder meer om dié redes dat hy in Kronieke saam met koning Josia, wat 'n aantal jare na hom in Jerusalem regeer het, as een van die grootste konings beskou is wat Juda ooit gehad het (2 Kron. 29-32).

⁵³ Na my oordeel, is die verskil van een jaar tussen Hayes & Hooker aan die een kant en van Galil aan die ander kant, nie van wesenlike belang nie.

Soggin meen egter daar behoort anders oor Hiskia geoordeel te word, veral as 'n mens die fokus meer op sy politieke oordeel en die resultate wat sy regering gelewer het, laat val:

“Hezekiah left the country divided and in almost total ruin apart from the capital, which, moreover, suffered the after-effects of a long siege.” (Soggin 1993:246).

Die eerlike navorser sal erken dat, indien daar by die propaganda rondom Hiskia en sy regeringstyd verbygekyk word, Soggin se oordeel nie te ver van die kol af is nie. Dus, ten spyte van die Bybelse oordeel dat Hiskia 'n vroom en regverdige koning was en dat hy sekere bouwerk en ander positiewe dinge op sosiaal-maatskaplike en godsdienstige gebied mag gedoen het, dui die geskiedenis daarop dat hy 'n land agtergelaat het wat, buiten vir Jerusalem, totaal en al verwoes is. Juda se grondgebied is radikaal ingekort, plek-plek is vreemdelinge gevestig, terwyl talle stede onbewoon gelaat is (Clements 1980b:19-20). Kortom: Sosio-ekonomies, godsdienstig en polities was Juda platgeslaan (2 Kon. 18:13-16; ANET 1950:287-288). Dít was Hiskia se nalatenskap.

4.4 ANTI-ASSIRIESE OPTREDE EN HISKIA SE ROL

Indien ons nou egter weer teruggaan en Hiskia se verhaal by die begin gaan haal, blyk dit dat Hiskia se beleid aanvanklik dieselfde was as dié van Agas en dat hy getrou sy

belasting aan die Assiriese koning betaal het (Soggin 1993:249).⁵⁴ Gedurende sy bewind doen daar egter geleenthede hulself voor wat bevorderlik sou wees vir die bevryding van die Assiriese juk en Hiskia gryp hierdie geleenthede aan (Albertz 1992a:163). 'n Anti-Assiriese koalisie, waarvan Juda deel was (ANET 1950:287), word om en by 713-711 vC gevorm onder leiding van Azuri, koning van Asdod. Betaling van tribuut word gestaak en alle tekens van Assiriese opperheerskappy verwyder (ANET 1950:286-287). Die godsdienstige hervorming waarna 2 Konings 18:4 verwys en waarvoor Hiskia so geprys word (2 Kon. 18:3 en 5) speel waarskynlik in hierdie tyd af (Gunneweg 1972:107-108).⁵⁵

Sommige navorsers plaas ook die besoek van die Babiloniese afvaardiging, waarvan Jesaja 39 berig, in hierdie konteks. Volgens so 'n siening rebelleer dus ook Merodag-Baladan⁵⁶ gedurende hierdie tyd teen Assirië deur alle tekens van Assiriese opperheerskappy te verwyder (Roux 1992:321). Jesaja 39:1-8 en 2 Konings 20:12-19 (sien ook 2 Kron. 32:25-39) meld dat die Babiloniese koning Merodag-Baladan 'n afvaardiging na koning Hiskia gestuur het met briewe en geskenke en dat Hiskia weer op sy beurt aan die Babiloniese afvaardiging die skatte en die wapens wat daar in Jerusalem was, gewys het (Donner 1986:324-325). Dit is baie waarskynlik dat een van die hoof oogmerke van hierdie Babilonies-Judese kontak die bespreking van gesamentlike militêre optrede teen Assirië was.

⁵⁴ Hayes & Hooker (1988:72) wys daarop dat hy waarskynlik nie eens vir Samaria aktief ondersteun het met sy finale val nie.

⁵⁵ Sien ook paragraaf 4.5.

⁵⁶ Merodag-Baladan is in die Babiloniese annale bekend as Marduk-apla-iddinna II.

Oor die presiese tyd van dié Babiloniese afvaardiging se besoek aan Jerusalem, is daar egter verskil van mening onder navorsers. Aan die een kant is daar diegene, soos onder meer Brinkman (1984:57-60), wat van mening is dat hierdie besoek uit Babilonië plaasgevind het gedurende die anti-Assiriese koalisie in die tyd van Sanherib en wel om en by 704-703 vC. Aan die ander kant is daar diegene, soos byvoorbeeld Schoors (1998:51), wat van mening is dat dit plaasgevind het aan die einde van die anti-Assiriese optrede gedurende Sargon II se regering en dan wel rondom 714-711 vC. Hoe dit ookal sy, ons weet dat Babilonië ten minste een keer in die doodsnikke van die agste eeu teen Assirië rebelleer in 'n tyd wat daar oor 'n wye gebied opstande teen Assirië voorgekom het (Soggin 1993:250). Ons kan dus die Bybelse getuienis oor so 'n besoek aan koning Hiskia se hof uit Babel as 'n sterk moontlikheid aanvaar (2 Kon. 20:12-19; Jes. 39:1-8; 2 Kron. 32:31).⁵⁷

Dié opstande teen Assirië het plaasgevind gedurende die regeringstyd van Sargon II, terwyl hy in die noorde en noord-weste van sy ryk aan die veg was (ANET 1950:285-286). Van die state in Siro-Palestina rebelleer met die vooruitsig van hulp van die kant van Babel asook van Egipte, wie se posisie gedurende dié tyd weer enigins sterker was ten opsigte van Assirië (Fohrer 1977:157). Sargon II noem in hierdie verband die Filistyne, Juda, Edom en Moab:

“Then [to] the rulers of Palestine (*Pi-lis-te*), Judah

⁵⁷ Wat genoemde besoek uit Babel betref, sal daar later (Hoofstuk 7) weer teruggekeer word na die volgorde van die gebeure soos vertel in 2 Konings 18-20 en Jesaja 36-39 en waar ek meen die besoek geplaas behoort te word.

(*Ia-ú-di*), Ed[om], Moab (and) those who live (on islands) and bring tribute [and] *tâmartu* - gifts to my lord Ashur - [he spread] countless evil lies to alienate (them) from me, and (also) sent bribes to Pir'u, king of Musru - a potentate, incapable to save them - and ask him to be an ally" (ANET 1950:287).

Na drie jaar kon Sargon II eers 'n leër na die suide van Siro-Palestina stuur om die opstand te onderdruk. Maar Egipte, wat op hierdie stadium deur die Etiopiese farao Shabaka regeer is, bewys homself as 'n onbetroubare bondgenoot deur die koning van Asdod, wat na Egipte gevlug het om uit die kloue van die Assiriërs te ontsnap, aan die Assiriese leër oor te gee (Bright 1981:282). Gelukkig vir Juda het Hiskia saam met van die ander state betyds tot sy sinne gekom en tribuut betaal aan Sargon II. So is die bedreiging vir eers weer afgeweer (Noth 1983:265).

Sargon II sterf in 705 vC en word opgevolg deur Sanherib (704-681). Met die openbare bekendmaking van Sargon II se dood, breek daar verskeie ernstige opstande in die Assiriese ryk uit, maar veral in die Mediterreense gebied en in Babilonië. Die opstande was van so 'n ernstige aard dat dit byna al Sanherib se tyd, aandag en energie in beslag neem (Roux 1992:319-320). So besig was Sanherib om sy heerskappy in verskillende dele van sy ryk waar daar opstande was te vestig, dat omstandighede al te gunstig was vir die state in die suide van Siro-Palestina om die Assiriese juk af te gooi. Hierdie keer was die anti-Assiriese opstand dan ook van 'n veel groter skaal as dié onder Sargon II (Noth 1983:265) en het die staat Juda geen geringe rol gespeel nie (Donner 1986:322).

In die Assiriese annale lees ons selfs dat die koalisiestate vir Padi, die koning van Ekron, 'n Filistynse stad wat nie deel van die koalisie wou vorm nie, aan koning Hiskia oorgelewer het wat laat dink dat Hiskia moontlik een van die leiers, of selfs dié leier (Soggin 1993:250), van die opstand kon wees:

“The officials, the patricians and the (common) people of Ekron - who had thrown Padi, their king, into fetters (because he was) loyal to (his) solemn oath (sworn) by the god Ashur, and had handed him over to Hezekiah, the Jew (*Ha-za-qi-(i)a-ú^{amel}Ia-ú-da-ai*) - (and) he (Hezekiah) held him prison, unlawfully,” (ANET 1950:287).

Die anti-Assiriese koalisie het, soos nou al 'n gewoonte geword het, ook weer op Egiptiese hulp staatgemaak (Soggin 1993:250). Dit is juis gedurende hierdie tyd wat die profeet Jesaja so duidelik waarsku teen enige vertroue op Egipte (bv. Jes. 30:1-5 & 31:1-3), dit terwyl daar Judese afgevaardigdes met die farao gaan onderhandel het vir hulp teen Assirië (Donner 1986:323-324).⁵⁸

4.5 HISKIA SE HERVORMINGS

In die Ou Nabye-Ooste het politieke opperheerskappy nie net beteken dat die

⁵⁸ Soos later sal blyk uit die bespreking (Hoofstuk 7), is daar navorsers wat die besoek vanuit Babel aan Hiskia se hof gedurende hierdie opstand plaas.

onderhorige staat se koning tribuut moes betaal nie. Die amptelike godsdiens van die heersers moes ook beoefen word, nie in die plek van die inheemse godsdiens nie, maar daarnaas (Noth 1983:266). So was dit ook met Juda gesteld (2 Kon. 16:10-18). Vir solank as wat Juda tribuut betaal het aan die Assiriese koning, het die Assiriese godsdiens 'n plek gehad naas die tradisionele aanbidding van Jahwe in die tempel in Jerusalem (Noth 1983:267). Toe Hiskia dus in 705 vC teen Assirië rebelleer deur nie meer tribuut te betaal nie, het hy ook die tempel en dus die godsdiens gesuiwer (Donner 1986:330).

Dit is moontlik teen hierdie agtergrond wat die Ou-Testamentiese berigte van grootskaalse hervormings deur koning Hiskia van Juda hul plek in die tradisie gekry het. Volgens 2 Konings 18:3-7⁵⁹ het Hiskia sy loopbaan begin met godsdienstige hervormings van ongekende omvang:

³Hiskia het gedoen wat reg is in die oë van die Here en het in alles die voorbeeld van sy voorvader Dawid gevolg. ⁴Hiskia het die hoogtes laat verwoes, die klippilare laat stukkend slaan en die gewyde pale laat afkap. Hy het ook die koperslang wat destyds deur Moses gemaak is, laat stukkend slaan, want tot nou toe het die Israeliete die koperslang met offers vereer. Die slang is Negustan genoem. ⁵Hiskia het op die Here die God van Israel vertrou. Nie een van al die konings van Juda voor of na Hiskia was soos hy nie.

⁵⁹ Sien ook die Rabshakeh se toespraak (Jes. 36:7 & 2 Kon. 18:22). Oor die historiese bedding van hierdie teks asook die plek daarvan in die toespraak van die Rabshakeh, sien Na'aman (1995:179-195).

⁶Hy was getrou aan die Here en het nie van Hom af weggedraai nie. Hiskia was gehoorsaam aan die gebooi wat die Here aan Moses gegee het. ⁷Die Here was by Hiskia, en Hiskia was voorspoedig in alles wat hy onderneem het. Hy het in opstand gekom teen die koning van Assirië en was nie meer aan hom onderdanig nie.” (NAV 1983).

Hierdie optrede het gemaak dat hy gesien is as ’n getroue volgeling van Jahwe wat godsdienshervorming teweeggebring het onder die volk van die Here wat verval het in die aanbidding van afgode.⁶⁰

Die historiese betroubaarheid van hierdie berigte word egter deur sommige navorsers in twyfel getrek (Na’aman 1995:179).⁶¹ Vir talle navorsers is hierdie temas maar net berigte wat die hervormings, wat baie jare later onder koning Josia van Juda sou plaasvind, antisipeer (bv. Handy 1988:111-115). Op dié wyse sou Josia se hervormings die finale fase in ’n proses wat dekades voor sy tyd begin is, verteenwoordig (Soggin 1993:249). Om hierdie hervormings te beskou as deel van die Deuteronomistiese beweging, of selfs die begin van so ’n beweging, word ook glad nie meer so wyd aanvaar nie, hoewel daar toegegee word dat dit in Deuteronomistiese terme geformuleer is (Soggin 1993:248).

⁶⁰ In 2 Kronieke 29-31 word hierdie hervorming in nog groter detail uitgespel. Die historisiteit van hierdie teks word egter ernstig bevraagteken (Jagersma 1979:229).

⁶¹ Na’aman (1995:179-195) trek selfs die historisiteit van die Josia-hervormings in twyfel!

Terwyl Soggin (1993:248) die rede vir die plasing van godsdienstige hervormings op die rekening van Hiskia gaan soek by pogings om die kultus in Jerusalem te sentraliseer, gaan Na'aman (1995:179-195) in 'n totaal ander rigting op. Hy meen dat Hiskia in die Koningsverhaal in 'n bepaalde skema ingepas word waar hy geteken word as die antiese van Agas en as 'n prototipe van Josia (Na'aman 1995:194).

Uit die literatuur wat bestudeer is en waarvan slegs enkele verteenwoordigers van verskillende standpunte hierbo kortliks genoem is, lyk dit dus of die navorser met redelike stelligheid kan konkludeer dat die grootskaalse godsdienstige hervormings wat aan koning Hiskia toegeskryf word, eerder op 'n bepaalde teologiese agenda by die redaktor(s) van die Ou-Testamentiese geskifte berus as op historiese werklikhede. So 'n gevolgtrekking blyk nie vergesog te wees nie, aangesien dit die een saak is waarvoor verteenwoordigers van andersins uiteenlopende standpunte, dit met mekaar eens is.

Dat Hiskia se anti-Assiriese optrede egter gepaard gegaan het met, ten minste, sekere godsdienstige en sosiale hervormings hoef, aan die ander kant, nie betwyfel te word nie (vgl. bv. Albertz 1992:181). Dit sou in dié tyd nie alleen tekenend gewees het van 'n anti-Assiriese houding nie, maar sulke hervormings pas ook baie goed in by 'n krisistyd soos wat die Suidryk beleef het na die val van die Noordryk (Koole 1997:1).⁶²

⁶² Albertz (1992:180-186) voer 'n sterk argument ten gunste van godsdienstige en sosiale hervormings in Hiskia se tyd wat moeilik geïgnoreer kan word.

4.6 SANHERIB KONSOLIDEER SY MAG

Die afgooi van die Assiriese juk deur 'n hele aantal state het in so 'n mate versprei dat daar inderdaad 'n sterk moontlikheid was dat Assiriese opperheerskappy 'n finale nekslag toegedien kon word. Wat hierdie hoop versterk het, is die feit dat dit Sanherib 'n hele aantal jare geneem het om sy mag te konsolideer en die opstandige state weer aan die mag van Assirië te onderwerp (Noth 1983:267). Sanherib het eers sy mag in Mesopotamië en in die ooste van sy ryk gevestig. In dié proses is ook Babilonië onderwerp en koning Merodag-Baladan verban (Schoors 1998:96).⁶³ Vier jaar na sy troonbestyging in 701 vC kon Sanherib eers begin met sy beroemde veldtog teen Siro-Palestina om die ou orde daar te gaan herstel (Hermann 1980:317) en in sy annale doen Sanherib nogal breedvoerig verslag van hierdie veldtog van hom (Noth 1983:267).

4.7 SANHERIB SE ANNALE

Uit die regeringstyd van Sanherib is daar vir vandag se navorser 'n ryke nalatenskap van bronne in die vorm van historiese dokumente, muurpaneel en so meer (Luckenbill 1927:115). Vir hierdie studie is Sanherib se weergawe van sy derde

⁶³ Sien 4.4.

veldtog na Palestina van groot belang en ook wat hierdie veldtog betref, is daar genoeg inligting beskikbaar (Hayes & Hooker 1988:79).

Volgens Luckenbill (1927:115) vorm die beroemde Taylor Prisma, wat in die British Museum uitgestal word, die finale uitgawe van Sanherib se annale, maar in 1920 verkry die *Oriental Institute of the University of Chicago* 'n selfs nog beter bewaarde prisma met Sanherib se annale daarop. Die twee weergawes is, wat inhoud betref, byna identies (Scheffler 2000:90). Die Taylor Prisma dateer uit ongeveer 691 vC en die Chicago Prisma uit ongeveer 689 vC (Luckenbill 1927:115). In die bespreking wat volg, word hierdie bronne saam met die Bybelse getuienis as primêre bronne gebruik.⁶⁴

4.8 SANHERIB SE DERDE VELDTOG

Aangesien hierdie veldtog van Sanherib die direkte agtergrond van Jesaja 36-39 vorm, is dit nodig om op hierdie punt eers by wyse van 'n ekskursie die problematiek van dié besondere veldtog aan die orde te stel, voordat daar vervolg word met die voltooiing van die historiese raamwerk onder bespreking.

⁶⁴ ANET (1950:287-288) waarin Pritchard van die sogenaamde Chicago Prisma gebruik maak en King (1898:52-66) wat van die sogenaamde Taylor Prisma gebruik maak, was tot my beskikking, asook die muurpaneel waarin die slag van Lagis uitgebeeld word. Laasgenoemde kon ek persoonlik fotografeer, asook populêre lesings in dié verband in die British Museum bywoon (1999). Aanhalinge uit die Assiriese annale is uit ANET (1950) tensy anders vermeld.

EKSKURSIE 2
SANHERIB EN PALESTINA – EEN OF TWEE
VELDTOGTE?

Die problematiek wat betref Sanherib se veldtog na Palestina, hou primêr verband met die vraag of Sanherib tydens sy regering een of twee veldtogte na Palestina en meer spesifiek teen koning Hiskia van Juda, onderneem het. Op hierdie punt is daar verdeeldheid onder geleerdes en lyk dit nie of ons enigsins nader aan 'n antwoord is nie (vgl. Tawil 1982:195; Laato 1987:49 en Seitz 1993:45, om maar net enkeles te noem). Die volgende opmerking van Tawil som die huidige akademiese situasie goed op:

“Indeed, an impasse appears to have been reached. The historical evidence which is needed to understand the actual historical sequence of events appears to be unavailable.” (Tawil 1982:202).

Om mee te begin: Sanherib se annale vertel van slegs een veldtog wat dié Assiriese koning teen Juda onderneem het en dit was gedurende sy derde veldtog na Palestina in om en by 701 vC. Jerusalem is beleër en Hiskia 'n swaar belasting opgelê, wat hy betaal het (2 Kon. 18:13-16 word deur die oorgrote meerderheid navorsers in hierdie verband vermeld). Geen melding word in Sanherib se annale gemaak van 'n inname van Jerusalem nie. Ook word geen verdere veldtog teen Juda of 'n beleg van Jerusalem andersins vermeld nie (ANET, 287-288).

Blaai 'n mens egter na die Bybelse getuienis oor Sanherib se veldtog na Palestina, raak die prentjie meer gekompliseerd: Is

daar in 2 Konings 18:13-19:37 en Jesaja 36-37 sprake van een of twee militêre veldtogte teen Hiskia? Het Sanherib Jerusalem by een, of by twee geleenthede beleër? By een geleentheid het Hiskia tribuut betaal en so 'n aanslag afgeweer (2 Kon. 18:13-16 – 'n berig wat nie in Jesaja vermeld word nie) en by 'n tweede geleentheid het hy geweier om tribuut te betaal en is Jerusalem deur 'n wonderwerk gespaar van vernietiging (Jes. 36-37 en 2 Kon. 18:17-19:37).

Dan is daar ook die gedagte dat Jesaja 36-37 (2 Kon. 18:17-19:37) in der waarheid uit twee berigte bestaan wat hier gekombineer is in een verhaal (Clements 1980b:53-54). Uit die navorsing tot nou toe, is daar dus navorsers wat tot drie dele onderskei in die Bybelse weergawe van Sanherib se veldtog(te) na Palestina (Tawil 1982:202). Dit is die kern van die probleem rondom Sanherib se veldtog na Palestina waarmee Bybelnavorsers gekonfronteer word.

Vervolgens word dié drie berigte, soos dit tans in die navorsing gereflekteer word, bondig weergegee.

1. Weergawe A:

2 Konings 18:13-16 (kom nie in Jesaja voor nie):

Sanherib val Juda binne en verower al die versterkte stede. Hiskia besef dat hy nie 'n kans staan teen die Assiriese magte nie en stuur 'n boodskap na Sanherib waarin hy onderneem om tribuut te betaal. Sanherib, wat op daardie stadium by Lagis aan die veg was, aanvaar Hiskia se aanbod en lê hom 'n swaar belasting op, wat Hiskia dan ook betaal. Soos Clements (1980b:19) tereg aandui, is hierdie weergawe maklik versoenbaar met gebeure gedurende Sanherib se derde veldtog

na Palestina in 701 vC soos berig word in sy annale (ANET, 287-288).

2. Weergawe B₁:

Jesaja 36:1-37:9a, 37-38 (2 Kon. 18:17-19:9a, 36-37):

Dit gaan hier hoofsaaklik om die Rabsake, wat met 'n groot leër deur Sanherib na Jerusalem gestuur word, se pogings om Hiskia se amptenare te oortuig om oor te gee. 'n Gesprek wat in detail aangebied word. Hiskia vertrou egter op die boodskap van die profeet Jesaja en weier om oor te gee. Die Rabsake keer terug na Sanherib waar hy by Libna aan die veg was. Intussen ontvang Sanherib berig dat die Tirhaka van Kus oppad is. Hy slaan kamp af en vertrek na Nineve. Op 'n dag, terwyl hy in die tempel van sy god Nisrok was, word hy deur twee van sy seuns vermoor.

Dit dien vermeld te word dat hierdie verwysing na Tirhaka van Kus egter probleme oplewer aangesien hy nie voor 690 vC koning oor Egipte was nie (Schoors 1998:97). Dié probleem het onder meer by sommige navorsers die gedagte van 'n tweede veltog deur Sanherib na Palestina laat ontstaan (Clements 1980b:113).

3. Weergawe B₂:

Jesaja 37:9b-36 (2 Kon. 19:9b-35):

'n Tweede keer word die Rabsake na Jerusalem gestuur. Sanherib het gehoor dat die Egiptiese koning Tirhaka en sy leër in aantog is en hy stuur die Rabsake hierdie keer met dreigbriewe na Hiskia. Weer eens maak Hiskia staat op die advies van Jesaja wat hom verseker dat Jerusalem nie ingeneem sal word nie en dat die Assiriese leër die aftog sal

blaas. Opvallend is die rol wat profesieë in hierdie berig speel (Clements 1980b:56-58), asook die dramatiese einde daarvan: Sanherib verloor 185 000 soldate in een nag en hy keer terug na Nineve sonder om Jerusalem in te neem.

Wanneer geleerdes poog om op grond van hierdie getuienis dan nou 'n historiese rekonstruksie te maak, loop standpunte hoofsaaklik langs een van die volgende gedagtes:

Een-veldtog-teorie:

Sanherib het Siro-Palestina slegs een keer gedurende sy bewind binnegeval. Hy onderdruk die opstand in Sirië en langs die suidelike kus gebied van Palestina met gemak. Sanherib se sukses laat Hiskia besef dat verdere anti-Assiriese optrede futiel sal wees en hy poog om vrede te maak met Sanherib. Sanherib lê Hiskia 'n swaar belasting op, wat Hiskia betaal en Sanherib val Jerusalem nie binne nie. Die Assiriese koning kom egter te hore dat die Egiptiese koning met sy leër in aantog is en, moontlik omrede hy seker wil maak dat Hiskia hom nie moontlik van agter af kan bedreig in 'n moontlike geveg met Egipte nie, eis Sanherib dat Hiskia Jerusalem se hekke vir hom oopmaak. Op sterkte van die profeet Jesaja se profesie, weier Hiskia egter om oor te gee. Terwyl Jerusalem nog onder beleg van die Assiriese leër is, onttrek Sanherib sy troepe op grond van rede(s) waaroor ons vandag net kan spekuleer.

Twee-veldtogte-teorie:

Sanherib het twee veldtogte na Palestina onderneem: Een in 701 vC (2 Kon. 18:13-16) waartydens Hiskia tribuut betaal en Jerusalem gevolglik nie deur Sanherib ingeneem word nie. Hy

ondernem 'n tweede veldtog na Palestina in 688 vC nadat hy verneem van 'n verdere anti-Assiriese opstand in die gebied ondersteun deur Tirhaka, wat intussen die Egiptiese troon bestyg het. Sanherib wend hom na Palestina, onderdruk die opstand en beleër Jerusalem. Hiskia verlaat hom weer op die profetiese woord van Jesaja en die Assiriërs hef om die een of ander rede die beleg baie skielik op.

Daar is inderdaad meer standpunte oor die saak (Clements 1980b:14). Hier is egter slegs dié gemeld wat vir die doel van hierdie studie as die belangrikste geag word. Die ander is eintlik niks meer as geringe variasies op genoemdes nie en daarom word daar hiermee volstaan.

Die belangrikste punt van kritiek teen die een-veldtog-teorie is dat die Egiptiese koning Tirhaka eers in 690/689 vC koning geword het (Horn 1966:3-11) en dus nie in 701 vC teen Assirië as koning van Egipte kon optrek nie (Bright 1981:306).

In 'n artikel 'n aantal jare gelede lê Tawil (1982) nog 'n moontlike probleem met die een-veldtog-teorie bloot en wel op grond van die vertaling van 2 Konings 19:24 (Jes. 37:25) waar die Rabsake in sy toespraak verwys na **יְאֲרֵי מְצֹרֶה**. Soos Tawil (1982:195) tereg in hierdie artikel daarop wys, word dit in die meeste vertalings vertaal met iets soos “vreemde waters/waters van vreemde(ander) lande/waters van vreemdelinge”, wat kommentators dan met die Nylrivier in Egipte in verband bring.

Tawil verskil egter van die meeste ander geleerdes en vertaal

dit as “die strome van berg Masor” (Tawil 1982:201). Berg Masor identifiseer hy met ’n plek net noord-oos van Nineve vanwaar Sanherib kanale aangelê het na Nineve en dit kan in 694 vC gedateer word (Tawil 1982:200). Die Rabsake kon dus nog nie gedurende die beleg van Jerusalem in 701 vC van Sanherib se groot ingenieurswerke geweet het nie, want hy het dit nog nie voltooi nie. Dus moes daar ’n tweede beleg van Jerusalem gewees het.

William Shea het weer heel onlangs die vraag op die voorgrond geplaas in ’n artikel waarin hy pleit ten gunste van die twee-veldtog-teorie (Shea 1999:36-64). Hy baseer sy argument, behalwe vir reeds bekende bewyse, op die grootskaalse afwesigheid van annale van Sanherib uit die tydperk tussen 688-681 vC en ’n onlangs ontdekte teks van Tirhaka wat Egiptiese ondersteuning bied aan die twee-veldtogte-hipotese (Shea 1999:38). Hy wys ook daarop dat die “siege ramp” wat by Lagis opgegrawe is, ontbreek op die relief van die verowering van Lagis wat in Sanherib se paleis te Nineve in die troonkamer gevind is (Shea 1999:40-41). Hy is van mening dat dié relief na die eerste veldtog gemaak is, maar dat dit grootliks oordryf en dat Sanherib eers met sy tweede veldtog na Palestina die “siege ramp” gebou het en Lagis totaal verwoes het (Shea 1999:41).

Wat die twee-veldtogte-teorie betref, word aangesluit by Schoors (1972:13) en Cogan (2000:302) se standpunt naamlik dat daar geen enkele positiewe historiese grond bestaan vir ’n tweede veldtog deur Sanherib na Palestina nie. Ter motivering kan daar op die volgende punte van kritiek gewys word:

Eerstens het Sanherib geen verdere belang in die weste gehad na sy veldtog in 701 vC nie, want hy was te besig om Nineve te omskep as sy nuwe hoofstad.

Ten tweede, wat die Bybelbronne se getuienis oor die veldtog betref, kan dit moontlik wees dat Jesaja en 2 Konings gebruik maak van 'n tegniek wat ons ook in die Babiloniese kronieke vind. Gebeure wat oor 'n lang tydperk plaasgevind het, word naamlik vertel asof dit alles gedurende dieselfde tydperk, of dan ten minste kort opeenvolgend plaasgevind het. Die tegniek word byvoorbeeld toegepas met die sluipmoord op Sanherib. Daar word na Sanherib se sluipmoord verwys as sou dit plaasgevind het direk na sy terugkeer van Juda na Nineve. In werklikheid weet ons dat dit eers 21 jaar later plaasgevind het.

Die verwysing na Tirhaka is moontlik die resultaat van dieselfde proses. Hier word die naam van 'n minder bekende koning vervang deur die naam van 'n baie meer bekende koning Tirhaka, wat bekend was vir sy oorloë teen die Assiriërs, miskien ook omrede die redaktor(s) die boodskap dekades na die werklike gebeure aan hul gehoor vertel (Tadmor 1976:143-145).

Derdens: Wat Tawil se hipotese omtrent die interpretasie van 2 Konings 19:24 betref, kan daar op dieselfde trant geredeneer word dat Sanherib se bouwerk alom bekend was en dat mense vir jare daarna nog daaroor gepraat het. Hierdie bekende feit word deur die outeur/redaktor(s) in die Rabsake se toespraak geplaas omrede dit bydra tot die skildering van Sanherib se gespog.

Dan is dit 'n ope vraag of 'n mens, soos Shea, op grond van die afwesigheid van genoegsame inligting uit Sanherib se annale kan aflei dat hy wel 'n tweede veldtog na Palestina onderneem het. Wat die onlangs ontdekte teks van Tirhaka betref, meld dit nie die naam van sy opponent in die betrokke veldslag nie (Shea 1999:39-40) en die standpunt dat dit Sanherib was, berus bloot op spekulاسie.

Ook die standpunt dat die reliëf in die paleis se troonkamer 'n oordrywing van 'n eerste kleiner oorwinning oor Lagis is, berus hoegenaamd nie op feite nie, maar pas eerder mooi in Shea se skema in. Selfs indien aanvaar word dat die muurpaneel 'n oordrywing is, is dit op sigself tog geen bewys dat Sanherib meer as een veldtog na Siro-Palestina onderneem het nie.

In hierdie studie word daar aangesluit by die een-veldtog-teorie en wel om die volgende redes:

- (1) Sanherib se annale maak nie melding van twee veldtogte teen Jerusalem nie.
- (2) Ons het in Jesaja en in 2 Konings nie te doen met “eksakte geskiedskrywing” nie, (sien veral Hoofstuk 6 en verder van onderhawige studie) dus kan die “foutiewe” plasing van Tirhaka aan die einde van die agste eeu voor Christus goedskiks verklaar word soos hierbo.
- (3) Na 701 vC was Sanherib besig met die vestiging van sy eie hoofstad in Nineve en het hy nie veel belang in Palestina gehad nie (Tadmor 1976:145).
- (4) Daar is geen dwingende teksetuienis (Jes. 36-39 en 2 Kon. 18-20) vir 'n twee-veldtogte-teorie nie.

(5) Die sogenaamde getuienis uit die onlangs ontdekte Tirhaka teks en idee dat die reliëf in Sanherib se troonkamer in die Nineve paleis oordryf, berus op spekulasie.

Sanherib het weinig weerstand in die noorde van Siro-Palestina ervaar, waarskynlik omrede hierdie state reg deur die opstand teen Assirië relatief vreedsaam gebly het. Hy is hiervandaan langs die Fenisiese kus af waar koning Luli van Sidon die enigste vors was wat onderwerp moes word, terwyl die ander stede nie vinnig genoeg tribuut kon betaal nie. Die konings van Asdod, Ammon, Moab en Edom het dieselfde gedoen (Noth 1983:268). Hierna het hy die Filistynse stede Askelon en Ekron verower (Hermann 1980:317-318).

Terwyl hulle steeds in 'n oorlog teen Filistynse en Judese stede gewikkel was, het 'n aantal Egiptiese konings die Assiriese leër gekonfronteer, maar hulle het die veldslag teen die Assiriërs verloor (Donner 1986:326). Die Egiptiese leër was waarskynlik nie op volle sterkte nie, maar het uit konings en soldate uit die deltagebied bestaan. Laato (1995:224) meen dat die veldslag naby die dorp Eltekeh plaasgevind het en dat die leër bestaan het uit Egiptiese en Etiopiese magte onder bevel van Tirhaka, wat gepoog het om Juda, Ekron en moontlik Askelon van hulp te wees. Na die oorwinning oor Egipte was die Assiriese opperheerskappy weer herstel.

4.9 JUDA WORD BINNEGEVAL

Gedurende die tyd van opstand teen Assirië het Hiskia nie net vir hom 'n klomp bondgenote versamel om die Assiriese juk af te gooi nie. Hy het waarskynlik besef dat Sanherib geen rebellie sommer net daar sal laat nie. Gevolglik gebruik Hiskia ook die tyd om sy verdediging op te knap (Paul & Dever 1973:131). Soos uit 2 Kronieke 32:3-5 blyk, versterk hy die mure van Jerusalem en bou hy vir hom nog ekstra voorraadkamers om meer voedsel te berg met die oog op 'n beleg van die stad (Cornfeld 1976:128-130 & 154). Hy vul sy weermag aan met nog strydwaens (Cornfeld 1976:154) en verseker Jerusalem van voldoende water (Bright 1981:285) deur die bou van die bekende Siloam tunnel (Gunneweg 1972:106) waarvan ons onder andere in 2 Konings 20:20 en Sirag 48:17 lees.⁶⁵ Die tunnel het water vanaf die Gihonfontein onder die heuwel van Jerusalem herlei na 'n dam in die laer deel van die stad (Bright 1981:285).⁶⁶

Hiskia wou seker maak dat hy gereed is vir enige moontlike strafekspedisie wat Sanherib mag stuur om die opstand teen die Assiriese ryk te onderdruk. Toe Sanherib dus, nadat hy die res van Siro-Palestina weer aan die Assiriese magte onderwerp het

⁶⁵ Jagersma (1979:230-231) is van mening dat die tunnel moontlik eerder gebou is met die oog op die toename in die populasie van Jerusalem, as met die oog op 'n beleg.

⁶⁶ In Paul en Dever (1973:131-135) is daar 'n volledige beskrywing, met sketse en foto's, van hierdie besondere stukkie ingenieursvernuf.

en die Egiptiese leër verslaan het, opruk na Juda en Jerusalem, was Hiskia en die inwoners van Jerusalem reg vir hom (Bright 1981:285-286).

Met die binneval van Filistea gedurende sy derde militêre ekspedisie in Palestina (Laato 1995:213-215) het Sanherib se troepe ook sommer Juda se grondgebied beset.

Ons lees in Jesaja 36:1 (sien ook 2 Kon. 18:13) die volgende:

וַיְהִי בְּאַרְבַּע עָשָׂרָה שָׁנָה לְמֶלֶךְ חֲזַקְיָהוּ עַל־הָ
סִנְחָרִיב מֶלֶךְ־אַשּׁוּר עַל כָּל־עָרֵי יְהוּדָה הַבְּצֻרוֹת
וַיַּחֲפְשֵׂם:

(Jesaja 36:1)⁶⁷

Sanherib meld in sy annale dat ses-en-veertig van die vestingstede en kleiner dorpie beset is (Hermann 1980:318).

“As to Hiskia, the Jew, he did not submit to my yoke, I laid siege to 46 of his strong cities, walled forts and to the countless small villages in their vicinity, and conquered (them) by means of well-stamped (earth-) ramps,...” (ANET 1950:288).

Die prentjie uit beide bronne is dus heel duidelik: die hele Juda, met die uitsondering van Jerusalem waar Hiskia hom op daardie stadium bevind het, is deur die Assiriese

⁶⁷ “In die veertiende jaar van koning Hiskia, het koning Sanherib van Assirië opgetrek teen al die vestingstede in Juda en dit verower.”

magte ingeneem (Noth 1983:268). Daar was enkele vestingstede in die weste van Juda wat aanvanklik die aanslag afgeweer het, soos byvoorbeeld Lagis wat deur Sanherib persoonlik beleër is. Die een na die ander moes hulle egter die knie voor die Assiriese leërs buig totdat Lagis ook uiteindelik voor die Assiriese mag val⁶⁸ en Jerusalem, wat vroeër deur Hiskia versterk is, alleen bly staan het.

4.10 DIE BELEG VAN JERUSALEM

Hoewel Jerusalem, soos vermeld, bly staan het voor die Assiriese mag, was dit 'n beleërde stad (Donner 1986:328). Die Bybelse bronne (Jes. 36-37, 2 Kon. 18 & 19 & 2 Kron. 32:1-23) getuig daarvan terwyl Sanherib se annale die volgende meld:

“Himself (Hiskia) I made a prisoner in Jerusalem,
his royal residence, like a bird in a cage. I surrounded
him with earthwork in order to molest those who
were leaving his city’s gate.” (ANET 1950:288).

Volgens Laato (1995:224-226) het Hiskia bang geword oor die nuus dat die een stad na die ander voor Sanherib geval het waar die konings nie oorgegee het nie. Hiskia

⁶⁸ Die relatief goed bewaarde panele uit Kamer 36 van die paleis in Nineve (Edelman 2000:88) wat die beleëring en uiteindelijke verwoesting van Lagis uitbeeld, word in die British Museum in Londen uitgestal en die uwe het die geleentheid gehad om dit persoonlik te sien en te fotografeer (sien ook ANEP 327e.v.). Die Assiriese beleg van Lagis is die enigste historiese gebeure deur die Ou Testament berig waarvan daar nie alleen spore gevind is op die argeologiese plek in Israel nie, maar ook in die ruïnes van 'n argeologiese plek buite Israel, naamlik in die Assiriese stad Nineve (Scheepers & Scheffler 2000:250). Laasgenoemde outeurs gee 'n goeie beskrywing, met foto's en illustrasies van die uitbeelding hiervan op die muurpaneel in die paleis te Nineve (Scheepers & Scheffler 2000:250-267).

stuur boodskappers na Sanherib met die boodskap dat hy oorgee en sal betaal wat Sanherib ook al eis. Soos verwag kan word, eis Sanherib 'n groot tribuut en Hiskia stuur dit na hom in Lagis (Laato 1995:200). Dit kon ook moontlik die geleentheid wees waartydens Hiskia vir Padi, die voormalige koning van Ekron, aan Sanherib oorgegee het (Laato 1995:225).

Óf Sanherib was nie met die tribuut tevrede nie, óf hy het homself bedink, maar hoe dit ook al sy, hy eis dat Hiskia oorgee en net om aan Hiskia te beduie dat hy ernstig is, stuur Sanherib 'n deel van sy leër na Jerusalem en hulle beleër die stad (2 Kon. 18:17/Jes. 36:1-2). Diep onder die besef van die erns van die situasie, begin die inwoners van Jerusalem paniekerig raak. Hiskia wend hom tot die profeet Jesaja wat hom verseker dat die stad nie ingeneem sal word nie. Hiskia moet net op Jahwe vertrou (2 Kon. 19:2-7/Jes. 37:2-7). Vir sommige van Hiskia se troepe en leiers was die situasie egter net té oorweldigend en hulle slaan op die vlug en in dié proses word baie gevang (ANET 1950:288/Jes. 22:3). Hiskia bly egter saam met die gelowiges agter in Jerusalem en wag vir uitkoms.

Tot op hierdie punt lewer die onderskeie bronne tot ons beskikking nie veel probleme nie: Sanherib se magte beleër Jerusalem en Hiskia, saam met die gelowige inwoners van Jerusalem, sit vasgekeer maar vol vertrou en wag op Jahwe.

Wat die uiteinde van die beleg betref, is die bronne egter nie so duidelik nie. Volgens 2 Konings 19:32-37, Jesaja 37:33-38 en 2 Kronieke 32:20-22 is Jerusalem op die laaste nippertjie deur 'n wonderwerk van ondergang gered. Op hulle beurt maak die

Assiriese annale, wat wel die beleg van die stad beskryf, geen melding van die inname en/of verwoesting van Jerusalem nie. Ons lees slegs dat Sanherib terug is in Nineve waar hy tribuut van Hiskia ontvang het:

“Hezekiah himself, whom the terror-inspiring splendour of my lordship had overwhelmed and whose irregular and elite troops which he had brought into Jerusalem, his royal residence, in order to strengthen (it), had deserted him, did send me, later, to Niniveh, my lordly city, together with 30 talents of gold, 800 talents of silver, precious stones, antimony, large cuts of red stone ... (and) all kinds of valuable treasures, his (own) daughters, concubines, male and female musicians. In order to deliver the tribute and to do obeisance as a slave he sent his (personal) messenger. (ANET 1950:288).

Dit is 'n vreemde toedrag van sake gesien in die lig van die Assiriese konings se gewoonte om hul oorwinnings te laat neerskryf en uit te beeld, asook die venyn waarmee Sanherib oor die algemeen in sy annale na Hiskia verwys (Laato 1995:219-200).

Die probleem waarmee navorsers worstel, het dus twee kante. Aan die een kant is daar die vraag na 'n geldige interpretasie van die Bybelse getuienis aangaande Jerusalem se wonderbaarlike verlossing. Aan die ander kant is daar die vraag na die Assiriese annale se verswyging van die inname van Jerusalem.

Een moontlike oplossing vir die probleem is dat daar waarskynlik ander faktore was, moontlik polities van aard (bv. Soggin 1993:251), wat daartoe gelei het dat Sanherib die beleg skielik ophef en na Nineve teruggekeer het. In so 'n situasie kan 'n mens aanvaar dat hy tevrede was met die betaling van tribuut deur Hiskia - sien die aanhaling uit ANET (1950:288). In die lig van die feit dat die anti-Assiriese koalisie verbreek is en met die politieke knou wat hy Hiskia toegedien het:

“His towns which I had plundered, I took away from his country and gave them (over) to Mitinti, king of Ashdod, Padi, king of Ekron, and Sillibel, king of Gaza.” (ANET 1950:288).

het Sanherib dit moontlik nie nodig geag om Jerusalem in te neem nie. Tevrede met die feit dat Hiskia se mag gebreek is, sy grondgebied ingekort is tot Jerusalem (Fohrer 1977:163) en hy ekonomies geruïneer is deur onder meer 'n lang beleg en die heffing van 'n swaar belasting, keer Sanherib dus terug na Nineve sonder dat hy Jerusalem binneval. Sanherib aanvaar Hiskia se tribuut⁶⁹ en laat hom toe om as vasalkoning verder te regeer.

Persoonlik wonder ek of geografiese faktore nie ook in die Assiriese opheffing van die beleg 'n rol kon gespeel het nie. In 4.1 is daar verwys na Juda se enersydse

⁶⁹ Die betaling van tribuut deur Hiskia waarna 2 Konings 18:13-16 verwys, kan moontlik hier inpas. Wat detail betref, verskil 2 Konings 18:13-16 op sekere punte van die Assiriese annale. Die verskille maak egter geen wesenlike verskil aan die historiese rekonstruksie wat hier voorgestel word nie. In Jesaja 36-39 word daar egter geen melding gemaak van tribuut wat Hiskia aan Sanherib sou betaal het nie.

nabyheid aan belangrike deurgangsroetes, maar aan die ander kant aan haar geïsoleerdheid daarvan.⁷⁰ Indien ons aanvaar dat Hiskia se mag en grondgebied so radikaal ingekort is, as wat hierbo gestel is, kon Sanherib moontlik van oordeel gewees het dat 'n koning wie se magte so ingeperk is en deur wie se grondgebied daar geen belangrike verbindingsweë strek nie, nie langer vir hom en sy ryk bedreiging inhou nie. Dit was dus nie vir hom nodig om Jerusalem in te neem nie.

'n Ander moontlike verklaring wat deur sommige geleerdes voorgestaan word (bv. Laato 1995) is dat daar 'n plaag in die Assiriese kamp uitbreek het wat verwoesting gesaai het. Die gevolg was dat die Assiriese leër nie die beleg kon volhou nie en met die aanhoor van gebeure het Sanherib geen ander keuse gehad nie as om sy leër te laat terugkeer na Nineve (Laato 1995:225). Voorstanders van hierdie standpunt verwys graag na Herodotus (1996:138) se vertelling van 'n muisplaag wat gedurende die nag deur die Assiriese kamp sou getrek het tydens 'n veldtog teen Egipte (Soggin 1993:252):

“... thousands of field-mice swarmed over the Assyrians during the night, and ate their quivers, their bowstrings, and the leather handles of their shields, so that on the following day, having no arms to fight with, they abandoned their position and suffered severe losses during their retreat”.
(Herodotus 1996:138).

⁷⁰ Vergelyk in dié verband Baly (1974:177-190) en Eybers (1984:51-70).

Wat die uiteinde van Sanherib se beleg van Jerusalem betref, sal die eerlike navorser moet erken: Ons het tans te min inligting tot ons beskikking om by 'n beslissende antwoord uit te kom, maar dit relatiewer nie die stel van 'n voorlopige rekonstruksie van die moontlike afloop van gebeure nie.

In hierdie studie word die standpunt gestel dat Sanherib, hoewel hy Jerusalem beleër het, nie die stad ingeneem het nie. Om redes waaroor ons tans alleen maar kan bespiegel, is die beleg opgehef en keer Sanherib terug na Nineve waar hy tribuut van Hiskia ontvang. Hiskia regeer tot aan die einde van sy lewe as vasal van Assirië in Jerusalem. Met verloop van jare het hierdie gebeure 'n legendariese karakter binne die tradisies van die Suidryk verkry en is dit as voorbeeld gesien van 'n gelowige koning se vertrou op Jahwe en Jahwe se verlossende handeling in die geskiedenis van die koning en die stad.

4.11 DIE VERDERE LOT VAN DIE SUIDRYK

Die verdere lot van die Suidryk tydens Assiriese heerskappy as wêreldmag is nie op hierdie stadium van direkte belang vir die interpretasie van Jesaja 36-39 nie en daarom word slegs enkele, heel kursoriese opmerkings gemaak.

Vanaf die jaar 701 vC tot en met die regeringstyd van koning Josia van Juda (639-608 vC), sou die Suidryk ondergeskik aan die Assiriese vors bly (Fohrer 1977:164). Dit

alles het, onder meer, beteken dat koning Hiskia, asook sy seun Manasse en dié se seun, Amon, weer plek moes maak vir die Assiriese staatsgodsdienst naas die Jahwe-aanbidding in die tempel in Jersusalem (Auret 1993:49).

So is die deur uit die aard van die saak weer oopgemaak vir die binne koms van allerlei vreemde godsdienstige elemente in die lewe van die mense van Juda (vir meer inligting oor die konsekwensies hiervan vir die godsdienst van Israel kan Donner 1986:329-338 gelees word). Ons kan egter saam met Jagersma stem wanneer hy opmerk:

“Hoewel 2 Kon. 21.21 sterk Deuteronomisties gekleur is, kunnen we ons toch niet aan de indruk onttrekken, dat Juda in deze tijd een periode van diep verval op godsdienstig terrein beleefd. Ook 2 Kon. 23 en Jer. 2 wijzen in deze richting”. (Jagersma 1979:232).

Uit 2 Konings 21:1-18 blyk dat veral Manasse, seun van Hiskia, skerp veroordeel is oor hierdie toedrag van sake.

Onder Josia se bewind sou Juda egter, hoofsaaklik weens groot verskuiwings in die magspolities van destyds, meer onafhanklik kon optree en sy grondgebied uitbrei totdat dit, ten minste na die noorde, 'n groter gebied beslaan het as wat daar ooit onder Juda se heerskappy was ná die skeuring van die ryk (Jagersma 1979:234-239). Jagersma (1979:235) noem die tyd wat min of meer ooreenkom met Josia se

regeringstyd, 'n “overgang tussen de Assyrische en Babyloniese heerskappij”, wat in Juda self gekenmerk is deur godsdienstige hervormings en staatkundige uitbreidings.

Assirië het gedurende dié tyd soveel probleme ondervind om sy magspesie te handhaaf dat hy nie teen Juda kon optree nie. Daar was voortdurende opstande in Babilonië, terwyl Egipte ook weer 'n al groter rol in die Ou Nabye-Ooste begin speel het. Assirië word dan ook uiteindelik in 608 vC deur 'n gesamentlike mag van Babilonië en Medië finaal verslaan.

Dit het Palestina oorgelaat vir Egipte om beheer oor te neem, wat farao Neko toe ook doen soos blyk uit talle bronne (bv. Herodotus 1996:145 e.v. en onder meer 2 Kon. 23:31-34). Dus, na 'n kort onderbreking gedurende die ondergang van die Assiriese ryk, was Juda nou weer volkome onder beheer van 'n buitelandse mag en moes hulle tribuut betaal (Jagersma 1979:243-244).

Rondom die jaar 605 vC vind 'n beslissende veldslag tussen Egipte en Babel te Karkemis plaas en verslaan die Babiloniese kroonprins, Nebukadnesar die Egiptiese mag. Daarmee is Egipte se mag oor Palestina ook gebreek en sou Juda, met sporadiese pogings tot opstand, tot en met sy val in die somer van 586 vC⁷¹ as vasalstaat van die Babiloniese kroon bly voortbestaan (Jagersma 1979:244-245).

⁷¹ Vergelyk onder meer Jagersma (1979:251-252) en Hayes & Hooker (1988:95-98) se bespreking van hierdie datum.

4.12 DIE WAARDE VAN HIERDIE HISTORIESE RAAMWERK EN DIE BYDRAE DAARVAN TOT DIE EKSEGETIESE PROSES

Aan die einde van die rekonstruering van 'n historiese raamwerk vir die agste eeu voor Christus, kan met reg gevra word na die waarde en bydrae daarvan tot die eksegetiese proses in die algemeen, maar dan ook tot die onderhawige studie in besonder.

Soos nou reeds by meer as een geleentheid aangetoon is, plaas die outeur/redaktor(s) die teks binne 'n bepaalde historiese raamwerk waarmee die leser in die leesproses rekening moet hou. Dit is dan ook in die afgelope twee hoofstukke (Hoofstukke 3 en 4) gedoen. Met die bronne tot ons beskikking, is hier gepoog om 'n eie prentjie te vorm van gebeure in die laaste helfte van die agste eeu voor Christus en met name gebeure rondom die Assiriese beleg van Jerusalem gedurende hierdie tyd.

Uit die beskikbare bronne het daar geblyk, indien nie historiese onjuisthede nie, dan ten minste vae, onvolledige en verwarrende inligting in die Bybelse teks te wees. So het ons byvoorbeeld gesien dat gebeure wat in werklikheid oor 'n langer tydperk gestrek het, vertel word asof dit kort op mekaar sou volg, byvoorbeeld Sanherib se dood; dat konings en gebeure uit hul historiese posisie in die teks gebruik word, byvoorbeeld wie die farao aan bewind in Egipte was gedurende dié tyd en die tyd van die besoek van Babiloniese gesante aan Hiskia se hof. Dan is daar ook die

verswyging van die tribuut wat Hiskia aan Sanherib sou betaal het en die wonderwerkagtige karakter wat die Bybelse weergawe oor Sanherib se opheffing van die beleg van Jerusalem bied.

Die vraag is nou: Beteken dit dat die Bybelse gegewens onbruikbaar is? Uit die aard van die saak is die antwoord hierop 'n emfatiese nee! Nee, dit moet ons nie laat twyfel aan die Bybel, aan sy boodskap, of aan die bruikbaarheid daarvan nie. So 'n historiese speurtog doen niks anders as om die leser weer terug te stuur na die teks nie.

Indien die Bybelse teks vaag, onduidelik en ekonomies met historiese inligting omgaan, ja, op sommige plekke selfs oënskynlik onakkuraat blyk te wees, dan moet die leser hom-/haarself onmiddellik die vraag afvra: Is die teks se bedoeling dan om geskiedenis weer te gee; om dinge te vertel soos dit werklik gebeur het? Het die teks nie moontlik 'n ander intensie as bloot die vertel van bepaalde gebeure rondom koning Hiskia se regeringstyd nie? En om 'n antwoord hierop te kry, kan die navorser nie anders as om terug te gaan na die teks nie. Daar moet dus in die teks self gesoek word na die bedoeling van die teks onder bespreking.

So word die insluiting van 'n diakroniese benadering tot die teks geregverdig en dien dit as 'n onontbeerlike deel van die eksegetiese proses. Anders as wat die beskuldiging uit sommige kringe dit graag wil hê, lei historiese arbeid in die eksegetiese proses dus nie die leser weg van die teks af nie, maar dit bring die leser juis weer terug na die teks toe. Nou egter as 'n ingeligte leser. In die onderhawige

studie beteken dit gevolglik dat die sinkroniese dimensie van die eksegetiese proses in die volgende hoofstukke aan die orde kom wanneer daar gefokus word op die teks soos dit tans voor ons lê.

HOOFSTUK 5

JESAJA 36-39 – 'N LITERÊRE PERSPEKTIEF

5.1 INLEIDING

In die vorige hoofstuk (Hoofstuk 4) is daar gepoog om 'n historiese raamwerk van die laaste helfte van die agste eeu voor Christus te reconstrueer. Dit is enersyds gedoen, soos beduie is in 3.1, omrede die teks sy leser/hoorder verplaas na dié tyd. Andersyds is 'n historiese perspektief deel van die onderhawige studie (Hoofstuk 2).

Die historiese konstruksie hier staan egter nie los van die teks nie. Dit bly altyd 'n integrale deel van die totale eksegetiese proses. Trouens, wanneer daar met die Bybel gewerk word, kan die navorser nie anders as om by die teks te begin nie. Le Roux

(1993:246-269) doen baie moeite om hierdie punt so duidelik moontlik te illustreer.

Met verwysing na Deist maak hy byvoorbeeld die volgende opmerking:

“...context construction implies *thorough exegesis* of the text. It is not true that historical inquiry removes one from the text. Meticulous study of the prophetic text must precede any construction of a social context. Everything starts and ends with the text”.
(Le Roux 1993:247).

Die onderhawige studie deel bogenoemde standpunt, gevolglik verskuif die fokus vervolgens na die teks.

5.2 WATTER TEKS?

Wanneer ons sê dat die fokus vervolgens na die teks verskuif, dan is die vraag onmiddellik: Na watter teks verwys ons as ons praat van “die teks”?⁷² Enersyds kan die vraag as oorbodig beskou word aangesien Protestantse teoloë oor die algemeen, maar dan spesifiek Protestantse teoloë binne die Gereformeerde tradisie in Suid-

⁷² Hierdie vraag hou ook verband met studente, predikante en teoloë se soms oënskynlike onnadenkende gebruikmaking van begrippe en idees soos “die oorspronklike”, die “oorspronklike Hebreeus”, “die teks”, “die Hebreeuse teks” en “die finale teks van die Ou Testament”, almal begrippe en idees wat één so ’n teks vir die Ou Testament en/of Hebreeuse Bybel veronderstel (sien Deist 1988:10).



Afrika, meestal met “die teks” verwys na die Massoretiese Teks soos ons dit vind in *Biblia Hebraica Stuttgartensia*.

Andersyds is dit tog nodig om die vraag te stel, al is dit net om ons bewus te maak van die probleme rondom ’n teks van die Ou Testament of dan nou die Hebreuse Bybel. En dit is presies hoe die vraag in die onderhawige studie funksioneer. Deur die vraag te stel, wil ek aantoon dat ek bewus is van die problematiese aard van die gebruik van ’n Ou-Testamentiese teks en/of ’n Hebreuse teks. Die oortuiging word egter gehuldig dat genoemde problematiek⁷³ nie die navorser daarvan mag weerhou om te kies om ’n bepaalde tekstradisie as vertrekpunt te neem nie.

Teen hierdie agtergrond word dit dan gestel dat, wat hierdie studie betref, daar gebruik gemaak word van die Hebreuse teks van *Biblia Hebraica Stuttgartensia*, wat gebaseer is op die gekorrigeerde Codex Leningradensis B19^A, met die wete dat dit maar één tekstradisie verteenwoordig en dan wel ’n tradisie wat binne ’n bepaalde geloofsgemeenskap geleef het (Deist 1988:5).⁷⁴

As redes vir die gebruik van *Biblia Hebraica Stuttgartensia* kan eerstens aangevoer

⁷³ Kortliks (die saak is baie meer kompleks en uitgebreid) kan maar net genoem word dat die problematiek hoofsaaklik om twee sake gaan. In die eerste plek weet ons vandag dat daar tussen ongeveer 400 vC en 100 nC meer as een Hebreuse teks op verskillende plekke in omloop was. Trouens, daar was dikwels meer as een tekstradisie in omloop in dieselfde geografiese gebied (Deist 1988:10-24). Tweedens weet ons dat die Christene en die Jode gedurende bogenoemde tyd nie dieselfde Bybel gelees het nie. Daar was inderdaad talle ooreenkomste, maar die Ou Testament en die Hebreuse Bybel is nie identies nie (Deist 1988:21-24). Vergelyk ook Müller se insiggewende artikel in die verband (1993:194-207).

⁷⁴ Dit bly egter steeds die oudste gedateerde manuskrip van die volledige Hebreuse Bybel (Elliger & Rudolph 1977:x).



word dat dit in lyn is met die reformatoriese tradisie waar daar gekies is om met die Hebreeuse teks van die Ou Testament te werk eerder as met die Griekse of Latynse vertalings (Deist 1988:22). Die Hebreeuse tradisie voorsien ons immers van die primêre tradisie wat betref die Ou Testament (Deist 1988:55). Ons moet egter in gedagte hou dat die tweede Rabbynse Bybel van Jacob ben Chayyim⁷⁵ tot en met die vroeër jare van die vorige eeu die standaard Bybel gebly het vir gedrukte uitgawes van die Hebreeuse Ou Testament (Würthwein 1957:27-28),⁷⁶ wat beteken dat die reformatore met die Ben Chayyim teks gewerk het (Deist 1988:5), terwyl daar in ons dag eerder met Codex Leningradensis,⁷⁷ of Codex Aleppo⁷⁸ gewerk word.

Tweedens kom die Ben Chayyim-teks en die Codex Leningradensis tog uit dieselfde stal. Albei is deel van die Ben Asher-familie se nalatenskap.⁷⁹ Laasgenoemde is egter ouer, terwyl daar navorsers is wat oortuig is van die egtheid van die tradisies wat leer dat Codex Leningradensis 'n afskrif is van 'n manuskrip wat deur Aäron ben Moses ben Asher self geskryf is (Würthwein 1957:26). Verskille ten spyt, is ons dus met ons hedendaagse teks darem nie totaal vreemd aan ons reformatoriese erfenis nie.

Daar moet egter altyd in gedagte gehou word dat die vroeë Christene nie noodwendig dieselfde Hebreeuse tekstradisie gebruik het as wat in Joodse kringe algemeen in

⁷⁵ In 1524/25 deur Daniël Bomberg in Venisië gepubliseer (Würthwein 1957:27-28).

⁷⁶ Kittel het eers in die derde uitgawe van sy *Biblia Hebraica* van die Ben Chayyim-teks oorgeskakel na *Codex Leningradensis* (Kittel 1973:xxx).

⁷⁷ *Biblia Hebraica Stuttgartensia*.

⁷⁸ Hebrew Bible edition of the *Jerusalem Hebrew Bible Project* (Deist 1988:59).

⁷⁹ Die Ben Chayyim-uitgawe het die teks van die Ben Asher familie as basis gebruik. Dié familie was in die 9de en 10de eeu aan die werk en teen die 14de eeu was hul uitgawe van die Hebreeuse Bybel so goed gevestig dat dit as basis kon dien vir Ben Chayyim se uitgawe (Deist 1988:31).



gebruik was nie. Deist (1988:22) wys daarop dat die vroeë Christene, in die lig van hul verbintenis met die apokaliptiek, waarskynlik 'n teks gebruik het wat nader aan dié van Qumran is.

Daarby is dit duidelik uit Nuwe-Testamentiese aanhalings uit die Ou Testament dat hulle ander en meer boeke as gesaghebbend beskou het as dié wat uiteindelik in die Joodse kanon opgeneem is. Christene het ook nie op alle plekke presies dieselfde geskifte geles nie, terwyl die Septuaginta en ander Griekse en Latynse vertalings vry algemeen in gebruik was (Deist 1989:10). Dus, dit wat ons vandag via die reformasie ken as die Ou Testament, is nie presies dit wat die vroeë Christene verstaan het onder Ou Testament nie.

In die onderhawige studie word van hierdie navorsingsresultate slegs kennis geneem. Hier word, in lyn met ons reformatoriese tradisie, vir die Hebreeuse teks van dit wat ons vandag as die Ou Testament ken, gekies. Die Septuaginta weergawe van Jesaja sal wel, soos ook die Jesaja-rol wat by Qumran gevind is (1QIsa^a), by die detailksegeese aan die orde kom. Dan egter as alternatiewe tekstradisies en nie as hulpmiddels om 'n sogenaamde oorspronklike of prototeks te rekonstrueer nie. Dit moet die navorsers eerder meer insigte bied in die ontwikkeling en groei van tekstradisies en redaksionele prosesse wat daaruit vloei (Deist 1988:15-16).

Derdens is *Biblia Hebraica Stuttgartensia* tans, ten minste onder Gereformeerde Ou-Testamentici in Suid-Afrika, die mees algemeen gebruikte teks. Aangesien ek binne bogenoemde konfessionele kringe my navorsing doen, maak dit tog sin om die

tekstradisie wat die mees algemeen in gebruik in dié kringe is in 'n studie soos hierdie as vertrekpunt te neem.⁸⁰

Hierby kan ten slotte gevoeg word dat die Massoretiese Teks tot op hede die mees volledige Hebreeuse teks van die Ou Testament tot ons beskikking is en daarom word dit gewoonlik as basisteks gebruik (Deist 1988:203).

5.3 DIE TEKS EN TEKSKRITIEK

Op hierdie punt sal 'n woord oor tekskritiek en sy funksie binne onderhawige studie gepas wees, veral omrede tekskritiek as studierigting sedert die ontdekking van 'n groot aantal Bybelse en ander geskrifte in die grotte by Qumran, op 'n nuwe baan geplaas is (Deist 1988:13).

Daar was nog altyd, en is steeds 'n verskeidenheid definisies vir tekskritiek (vgl. Deist 1988:10-16 en 1995:59-60). Die toevallige ontdekking van die Qumran-manuskripte (Vermes 1977:9) het egter die meeste van die tradisionele beskouings oor die Hebreeuse teks en tekskritiek radikaal verander (Deist 1988:13). Waar daar in die verlede hoofsaaklik met die hipotese gewerk is dat daar agter al die verskillende

⁸⁰ Hiermee word uit die aard van die saak nie bedoel dat studies binne Gereformeerde kringe nie van ander tekstradisies behoort gebruik te maak nie. Intendeel, daar is waarskynlik te min erkenning binne dié kringe vir tekstradisies buite die algemeen gebruikte Massoretiese tekstradisie. Die onderhawige studie val egter nie binne die veld van tekskritiek nie en gevolglik kan daar nie te veel hier op die saak uitgebrei word nie.

Hebreeuse manuskripte en vertalings één oorspronklike moederteks lê, waarvan alle ander tekste alleen maar kopieë of vertalings is (Deist 1988:10-11), is daar nou die besef dat daar nog altyd 'n verskeidenheid tekste op verskillende plekke in gebruik was en dat hierdie verskeidenheid tekste nie presies met mekaar ooreenstem nie en dat dit ook nie van een moederteks afstam nie (Deist 1988:14-16).

Vir 'n meer volledige uiteensetting van die ontstaan, ontwikkeling, groei en beskrywing van die dissipline tekskritiek, kan die werke van Würthwein (1957), Harrison (1977), Deist (1981; 1988) en Steck (1989) geraadpleeg word.

Hierdie studie wil graag by Deist (1988) aansluit wat betref die funksie van tekskritiek binne die eksegetiese proses:

“...it is impossible to reconstruct from *all* existing textual witnesses *one* proto-text for the whole Old Testament. Therefore, textual criticism should, apart from having the task of classifying different manuscripts according to different textual traditions, be incorporated into the exegetical process proper.”
(Deist 1988:6).

Dit beteken dat die radikale onderskeid wat daar dikwels in die eksegetiese proses gemaak word tussen die *Redaktionsgeschichte* van 'n Ou-Testamentiese teks en sy *Textgeschichte* nie langer gehandhaaf kan word nie. Die geskiedenis van die teks



moet eerder hanteer word as 'n verlengstuk van die redaksionele geskiedenis daarvan totdat so 'n tekstradisie homself gevestig het in 'n min of meer finale vorm (Deist 1988:15). Omdat elke gemeenskap min of meer sy eie tradisie finaliseer, sal daar egter meer as een finale teks wees.

Behalwe dat hier die oortuiging gedeel word dat tekskritiek deel is van die eksegetiese proses as geheel en dus binne die behandeling van die detaileksegese in hierdie studie ter sprake sal kom, is ek ook oortuig dat daar versigtig met tekskritiese wysigings aan die Massoretiese Teks, wat hier as basisteks gebruik word, omgegaan moet word. Ook oor die aanbring van “korreksies” aan die teks laat ek my in hierdie studie lei deur Deist wanneer hy opmerk:

“We suggested that “correcting” such instances would be destroying part of the tradition...” (Deist 1988:84).

Wanneer die navorser wel tekswysigings aanbring, moet hy oortuig wees dat die alternatiewe lesing wel deel is van die Massoretiese tradisie en dat daar 'n noue verband tussen die alternatiewe lesing en die Massoretiese Teks is (Deist 1988:37-38), anders word daar met die tradisie gelol en skep die navorser as 't ware 'n nuwe tekstradisie. Daar sal dus konserwatief met tekskritiese wysigings omgegaan word.

5.4 DIE JESAJA-ROL VAN QUMRAN

5.4.1 DIE BYDRAE VAN DIE ONTDEKKINGS BY QUMRAN IN DIE ALGEMEEN

Noudat die eie posisie ten opsigte van tekskritiek gestel is, is dit nodig om in die lig van die ontdekking in die Judese woestyn gedurende 1947, van wat Cross (1995:19) 'n antieke biblioteek noem, vlugtig te verwys na twee Jesaja-rolle wat saam met baie ander geskrifte in verskeie grotte by Qumran en omtreкке ontdek is.⁸¹ Hierdie uiters belangrike ontdekking strek oor 'n redelike gebied (Cross 1995:19) en het plaasgevind in die tydperk 1947 tot 1956 waartydens altesaam 11 grotte met manuskripte en fragmente van manuskripte in die omgewing van die ruïnes van Qumran ontdek is (Vermes 1977:9-13). Genoemde Jesaja-rolle maak, soos taamlik algemeen bekend is, deel uit van letterlik honderde (Cross 1995:20) Bybelse en buite-Bybelse⁸² geskrifte wat vandag algemeen bekend staan as die *Dooie See Rolle*, of die *Qumran-rolle of -geskrifte*.

⁸¹ Hoewel talle mense onder die indruk is dat al die Qumran-geskrifte in dieselfde algemene gebied ontdek is en in dieselfde taal geskryf is, te wete Hebreeus, is die teendeel eerder waar (Greenspoon 1998:101).

⁸² Daar is meer as 870 manuskripte in die 11 grotte in die omgewing van Qumran ontdek en die manuskripte kan verdeel word in Bybelse en buite-Bybelse manuskripte. Eersgenoemde, met ooreenstemmende manuskripte in die Hebreeuse Bybel, bestaan uit 220 manuskripte (Abegg 1998:325).

Weergawes van elke boek van die Hebreeuse Ou Testament, soos in die Protestantse kanon vervat, met die uitsondering van die boek Ester, is by Qumran gevind (Vermes 1977:202 & Abegg et al 1999:630).

Oor die belangrikheid van die ontdekkings by Qumran in die algemeen,⁸³ dien vermeld te word dat een van die belangrikste bydraes van die dokumente tot op hede, in hul bydrae tot ons kennis van die geskiedenis van vroeë Judaïsme lê (Sanders 1999:1). Die prentjie wat homself voor die navorser ontvou, is een van grootskaalse diversiteit op elke terrein van die Joodse lewe gedurende die tyd sedert die val van Jerusalem in 587 vC en die vernietiging van dieselfde stad deur die Romeine in 70 nC en weer in 135 nC (Sanders 1999:2). Navorsers was reeds baie vroeër bewus van diversiteit in die Joodse lewe van destyds. Die omvang daarvan, soos blyk uit die navorsing by Qumran, het geleerdes egter verras. Vir die eerste keer is daar die besef dat diversiteit deel was van die eie aard van vroeë Judaïsme en dat dit nie maar net 'n terloopse saak was wat byvoorbeeld van tyd tot tyd sy kop sou uitsteek nie (Sanders 1999:2).

Ook die rekonstruksie van die geskiedenis van die kanoniseringsproses moes, in die lig van die ontdekkings by Qumran, grondig hersien word (Sanders 1999:3). Sanders (1999:21) praat dan ook van die proses van kanonisering as 'n "multiple-track" proses en wys daarop dat die vermindering van die getal funksionele kanons tot dit wat ons tans in die Judaïsme en Christendom vind, die gevolg is van 'n reaksie op historiese en kulturele faktore wat die diversiteit van destyds uitgedaag het. Wat die Bybelse manuskripte wat ontdek is betref, help dit ons vandag om 'n idee te vorm van

⁸³ Cross (1995:121) dui aan: "The Essene manuscripts, biblical and non-biblical, contribute new data to several areas of Old Testament study: the history of the Hebrew canon, the development of Hebrew (and Aramaic) dialects, scripts, orthographies, and scribal procedures, and ... the historical criticism of the Old Testament, and the history of the Old Testament text".

die stand van daardie dokumente wat later bekend sou staan as die Ou Testament op 'n stadium vóór die proses van standaardisering gefinaliseer is (Deist 1988:62). Navorsers het verder vir die eerste keer Hebreuse weergawes van apokriewe geskrifte tot hul beskikking gehad. Dié het op hul beurt waardevolle lig gewerp op die Hebreuse tekste wat deur verskillende vertalers in die pre-Christelike era gebruik is (Deist 1988:62).

Met die ontdekking by Qumran het navorsers se houding jeens die Septuaginta (LXX) ook dramaties verander. In die verlede was die algemene beskouing dat die skrywers van die Septuaginta 'n teks gebruik het wat rof weg ooreenstem met die Massoretiese teks. Verskille tussen die LXX en die Massoretiese teks is hoofsaaklik toegeskryf aan interpretasie en ander aktiwiteite van die outeurs van die LXX (Greenspoon 1998:102). Met die ontdekking van Hebreuse manuskripte met 'n teks wat baie lyk soos die Hebreuse teks wat die vertalers van die Ou Griekse teks kon gebruik het, het hierdie siening egter veld verloor en is talle aannames oor die tekstuele manipulasie wat voor die deur van die Griekse vertalers gelê is, as foutief blootgelê (Greenspoon 1998:102).

Laastens wys Deist (1988:62) op die belangrike bydrae wat Qumran-studies gelewer het in die veld van tekskritiek. Dit is hoofsaaklik aan hierdie ontdekkings te danke dat die eeu oue idee van een algemene Hebreuse teks wat onderliggend aan alle bestaande weergawes is, bevraagteken is en moontlik selfs onttroon is as algemeen aanvaarde wetenskaplike standpunt (Deist 1988:62).

Tekskritiek as deel van die eksegetiese proses is in 5.3 behandel en daarom word hiermee volstaan. Vervolgens verskuif die fokus na die Jesaja-rolle wat by Qumran ontdek is.

5.4.2 DIE JESAJA-ROL (1QIsa^a) EN SY BYDRAE TOT ONDERHAWIGE NAVORSING

Daar is twee, en nie slegs een weergawe nie, van die boek Jesaja by Qumran ontdek en albei wel ook in Grot 1 (Wildberger 1982:1523). Terwyl die een 'n meer populêre teks is en volledig behoue gebly het, verteenwoordig die tweede Jesaja-teks 'n tradisie baie nader aan die Massoretiese Teks, maar dié het slegs gedeeltelik behoue gebly (Deist 1981:75). Die eerste, groter rol, is bekend as 1QIsa^a en bevat al 66 hoofstukke van Jesaja, terwyl die tweede, onvolledige rol bekend as 1QIsa^b, uit Jesaja 38-66 bestaan. Die feit dat 1QIsa^b tot 'n groot mate met die Massoretiese Teks ooreenstem, asook die feit dat dit slegs vanaf Jesaja 38 behoue gebly het, maak hierdie manuskrip van minder tekskritiese belang (Wildberger 1982:1523).

1QIsa^a, 'n boekrol van leer, is die oudste Hebraëuse teks van Jesaja tot ons beskikking en dateer uit ongeveer 125 vC (Abegg et al. 1999:267). Hierdie rol word in Jerusalem bewaar en is te sien in die "Shrine of the Book", wat deel uitmaak van die Israel Museum (Scheepers & Scheffler 2000:213). Hoewel 1QIsa^a die Massoretiese Teks in wese bevestig, is daar tog 'n groot mate van variasie tussen genoemde twee tradisies en dan variasies wat nie net op ortografiese vlak lê nie (Würthwein 1957:23-24).

'n Vergelyking tussen die MT, die LXX en 1QIsa^a toon aan dat die drie tradisies dikwels elkeen hul eie weg volg (Deist 1988:65). Interessant is die resultate van 'n studie van Ziegler (1976:90-115) waarin hy onder meer daarop wys dat 1QIsa^a en die LXX dikwels lesings bevat wat met mekaar ooreenstem, maar dat dit dan verskil van die Massoretiese Teks. Soms is eersgenoemdes se lesing korter, maar meermale langer as die Massoretiese Teks (Deist 1988:65). Dit is veral die grammatikale verskille tussen die Massoretiese Teks en 1QIsa^a wat opvallend is en dit is juis hier waar die ooreenkomste tussen 1QIsa^a en die LXX die oog vang (vgl. Ziegler 1976:90-115).

Ook wat die konsonante teks betref gaan die LXX en 1QIsa^a een rigting en die Massoretiese Teks 'n ander, terwyl dit ook geld wat die weergee van persoonsname betref (Deist 1988:65). Daar is byvoorbeeld 36 gevalle waar 1QIsa^a een lesing het en die Massoretiese Teks 'n ander en waar dit presies gaan om die verskil in volgorde van konsonante in die onderskeie konsonante tekste (Ziegler 1976:90-115). In talle van hierdie gevalle word die lesings van 1QIsa^a ondersteun deur die LXX (Deist 1988:65). Op grond hiervan is dit vir Deist duidelik dat 1QIsa^a nie slegs 'n lokale populêre teks, of 'n slordige afskrif van die Massoretiese Teks verteenwoordig nie. Vir hom verteenwoordig 1QIsa^a 'n tekstradisie anders as die Massoretiese Teks (Deist 1988:65). Hy verwoord dit so:

“... we are here dealing with two separate texts or textual traditions, the one reflected in the Massoretic text and the other in the Qumran text,

the latter showing close affinity with the Hebrew text(s) underlying the Septuagint version. (Deist 1988:65).

Wat 1QIsa^a betref, word hier voorlopig met bogenoemde algemene opmerkings volstaan. Met die behandeling van die detailksegeese van die afgebakende teks sal, waar toepaslik, ooreenkomste en verskille tussen die Massoretiese Teks, die LXX en 1QIsa^a in meer detail aan die orde gestel word.

5.5 AFBAKENING VAN JESAJA 36-39

By byna alle eksegete, ongeag hul benadering tot die teks of konfessionele oortuigings, is daar eenstemmigheid:

“Die vier Kapital Jes 36-39 sind eine in sich geschlossene Einheit.” (Wildberger 1982:1374).

Daar is wel onder navorsers verskil van mening oor die literêre tipe van dié vier hoofstukke, byvoorbeeld Harrison (1977:783) wat dit “*purely historical material*” noem, of Soggin (1993:310) wat dit “*a narrative section*” noem. Sommige, byvoorbeeld Jensen (1984:272), noem dit selfs ’n “*Historical Appendix*”, of ’n *Epilogue* (Widyapranawa 1990:229) en nog ander, byvoorbeeld Procksch (1930:439), “*Jesaiaerzählungen*. Dat die vier hoofstukke egter ’n eenheid vorm, word deur die oorgrote meerderheid navorsers aanvaar. Selfs Calvin (1900:406), wat aan die begin

van die kerkhervorming staan, merk op dat hierdie vier hoofstukke 'n duidelike afgebakende eenheid vorm.

Eenstemmigheid oor die afbakening van perikope binne hierdie eenheid bestaan egter nie. Hier kan byvoorbeeld die indeling van iemand soos Kaiser (1980), wat die histories-kritiese perspektief verteenwoordig, vergelyk word met dié van iemand soos Oswaldt (1986) wat die meer konserwatiewe rigting verteenwoordig. Tog is min of meer almal dit met Sweeney eens wanneer hy opmerk:

“Isaiah 36-39 is an easily identifiable narrative block within the larger structure of the book of Isaiah. (1996:454).

Om dus die teks vir die doel van hierdie studie af te baken, is nóg 'n kontroversiële, nóg 'n moeilike taak aangesien inleidings, kommentare, monografieë en artikels dit byna sonder uitsondering eens is dat Jesaja 36-39 'n logies sluitende en gestruktureerde eenheid vorm.⁸⁴ Daar word egter volledigheidshalwe gewys op enkele van die mees voor die hand liggende argumente ter ondersteuning van Jesaja 36-39 as literêre eenheid binne die boek Jesaja as geheel.

Die sterkste aanduiding dat die leser hier met 'n afgebakende eenheid te doen het, is geleë in die *Gattung* van Jesaja 36-39. In teenstelling met die voorafgaande en

⁸⁴ Die standpunt is so algemeen dat byna enige bron in hierdie studie gelys as verwysing gebruik kan word.

daaropvolgende hoofstukke, het ons hier te doen met 'n narratiewe teks⁸⁵ (Soggin 1993:310). Aan die een kant is daar Jesaja 35 wat in die kategorie van heilsbelofte val (Prinsloo 1987:91). Dit vorm ook 'n eenheid met Jesaja 34 en hoewel die twee hoofstukke in kontras met mekaar staan, toon hulle albei apokaliptiese trekke (Kaiser 1984:225). Aan die ander kant is dit duidelik dat Jesaja 40:1-11 in taal en styl van Jesaja 36-39 verskil en dat dit 'n proloog vorm tot 'n nuwe tyd in die geskiedenis van Juda, naamlik die Babiloniese ballingskap (Westermann 1985:32-33). Jesaja 40:1-11 vorm dus die aanvang van dit wat vandag algemeen bekend staan as Deuterojesaja (Jesaja 40-55). Kaiser (1984:225-226) en Rendtorff (1984:300) wys daarop dat Jesaja 34, maar veral 35 se taal herinner aan Deuterojesaja, terwyl Clements (1985:98) van die standpunt uitgaan dat Jesaja 35 doelbewus die belangrikste temas van Jesaja 40-55 antisipeer en saamvat.

Dit is egter Steck (1985) wat Jesaja 35 die duidelikste afgrens van Jesaja 36-39, terwyl hy die verband tussen Jesaja 35 en Jesaja 40 ewe duidelik uitwys (Steck 1985:13-14). So vind ons byvoorbeeld in beide 35 en 40 die uitdrukking כְּבוֹד־יְהוָה “die heerlikheid van Jahwe” (35:2 & 40:5), terwyl die begrippe מִדְּבָר “wildernis” en עֲרֵבָה “waterlose streek” (35:1,6 & 40:3; 41:19) en דֶּרֶךְ “pad” (35:8 & 40:3) die verhouding tussen Jesaja 35 en 40 versterk⁸⁶. Trouens, Steck (1985) is van mening dat Jesaja 35 doelbewus geskryf is om Proto- en Deuterojesaja met mekaar te

⁸⁵ Hoewel die *Gattung* van Jesaja 36-39 eers in 5.6 meer breedvoerig bespreek word, word dit ter wille van die bespreking hier nou reeds gestel dat ek my by diegene voeg wat 36-39 as 'n narratiewe teks aanvaar.

⁸⁶ Vir verdere voorbeelde kan Steck (1985) geraadpleeg word.

verbind. Dit het nie saam met Jesaja 34 as “Kleinen Jesaja-Apokalypse” selfstandig die rondte gedoen nie, is nie die afsluiting van ’n Protojesaja versameling of die aanvang van ’n Deuterojesaja versameling nie, maar is geskryf as brug tussen Proto- en Deuterojesaja (Steck 1985:49 & 101). Tussen Jesaja 35 as brug en Jesaja 40 e.v. waarmee Jesaja 1-34 verbind word, staan Jesaja 36-39 as ’n verhalende teks uit.

’n Verdere aanduiding dat Jesaja 36-39 as selfstandige en afgebakende eenheid bestudeer kan word, is die feit dat waar gebeure in dié teks duidelik in die agste eeu voor Christus afspeel, sowel Jesaja 35, as Jesaja 40 die eksiliese (Watts 1987:7-8) en wat Jesaja 40-55 betref, moontlik selfs die na-eksiliese tyd as agtergrond veronderstel (Prinsloo 1987:98). In Jesaja 34-35 is dit Edom, wat met die Babiloniese verowering van Jerusalem in 587 vC deelgeneem het aan die plundering van Jerusalem, wat as volk teenoor Juda staan. Met ander woorde, in Jesaja 34-35 is Edom Juda se vyand, terwyl Babilonië in Jesaja 40-55 die veronderstelde vyand is. Hulle kan gesien word as bondgenote in dié sin dat beide in 587 vC ’n rol gespeel het in die verwoesting van Jerusalem. In Jesaja 36-39 is dit egter Assirië wat die vyand is, terwyl Babilonië enersyds as moontlike bondgenoot gesien kan word (Jes. 39:1-2), maar andersyds as toekomstige vyand geteken word (Jes. 39:6-7).

Jesaja 36-39 het ook, behalwe vir die tipies narratiewe bindinge van die teks,⁸⁷ verdere interne bindinge wat dit as eenheid afbaken. Hier word slegs een voorbeeld van interne binding aan die orde gestel, naamlik die herhaling van woorde soos פטב

⁸⁷ Sien die bespreking by 5.6.

“om te vertrou” (Jes. 36:4,5,6,7,9; 37:10) – vergelyk Jenni & Westermann (1984:303) se uiteensetting van die woord בָּטַח “om te vertrou”,⁸⁸ נָצַל “om te verlos” (Jes. 36:14,15,18,19,20; 37:12, 38:6), en יָשַׁע “om te red” (Jes. 37:20,35, 38:20). Hiskia moet op Jahwe vertrou en Jahwe sal verlos, Hy wat Jahwe is, sal die koning en die stad red. Sion sal nie tot niet gaan nie.

Die herhaaldelike voorkoms van hierdie teologiese temas bind nie alleen die teks nie, maar gee ook reeds vir die leser ’n aanduiding van die rigting waarin daar gesoek moet word na die boodskap van Jesaja 36-39.⁸⁹ Vergelyk byvoorbeeld Alter (1981:93) se belangrike opmerking:

“A *Leitwort* is a word or a word-root that recurs significantly in a text, in a continuum of texts, or in a configuration of texts: by following these repetitions, one is able to decipher or grasp a meaning of the text, or at any rate, the meaning will be revealed more strikingly.”

As laaste argument vir die afbakening van Jesaja 36-39 as literêre eenheid, kan melding gemaak word van Deist (1988:65) wat daarop wys dat daar in 1QIsa^b ’n

⁸⁸ In Harris et al (1980:234) word die opmerking gemaak dat dit juis hier in Jesaja 36-39 is waar die volle betekenis en inhoud van בָּטַח op ’n besondere wyse geïllustreer word.

⁸⁹ Daar kan in hierdie verband voorlopig gewys word op die belangrike werk van Alter (1981) en dié van Bar-Efrat (1997). Alter staan byvoorbeeld ’n hele hoofstuk (Hoofstuk 5) af aan die bespreking van die motief van herhaling binne Bybelse narratiewe. In dié verband is veral die bespreking van die *Leitwort* op bladsy 92 en 93 belangrik. Sien ook Bar-Efrat (1997:211-216).

breuk tussen Jesaja 39 en Jesaja 40 is.⁹⁰ Ten minste is daar in Jesaja 40:14-16⁹¹ sprake van 'n ander handskrif. Hy wys ook daarop dat daar vanaf Jesaja 40 meer dikwels gebruik gemaak word van die langer suffiks vorms (Deist 1978:75). By Deist (1981:75-76) is daar geen twyfel nie dat hoewel Jesaja 40 op dieselfde vel begin as wat Jesaja 39 eindig, daar sprake is van 'n breuk tussen Jesaja 39 en Jesaja 40 en hierdie breuk is belangrik vir die identifisering van Jesaja 36-39 as 'n narratiewe blok.

Dus, die getuienis is oortuigend en die konsensus algemeen onder Ou-Testamentici: Jesaja 36-39 vorm 'n geslote eenheid binne die totale komposisie van die boek Jesaja en ons wend ons vervolgens tot 'n bespreking van die *Gattung* van hierdie eenheid.

5.6 GATTUNG VAN DIE TEKS

Nadat daar duidelikheid verkry is oor die teks waarmee gewerk word en hoe daar met dié teks in die onderhawige studie omgegaan word, en nadat die afbakening van Jesaja 36-39 as literêre eenheid aan die hand van voorbeelde gemotiveer is, moet daar vervolgens aandag gegee word aan die *Gattung* of literêre *genre* van die teks.

⁹⁰ Würthwein (1957:23) is van mening dat die breuk in 1QIsa^a gesien kan word as tussen Jesaja 1-33 en 34-66.

⁹¹ Dit is die eerste leesbare stuk van Jesaja 40 uit 1QIsa^b (Deist 1988:65).

Met so 'n ondersoek na die *Gattung* van Jesaja 36-39⁹² raak dit heel gou duidelik dat standpunte ten opsigte van die *Gattung* van hierdie eenheid basies in een van twee rigtings opgaan. Daar is diegene, soos byvoorbeeld Harrison (1977:783), wat dit gewoon beskou as “*purely historical material*”. Die indruk is egter dat hierdie standpunt hoofsaaklik in ouer kommentare en inleidings op die Ou Testament voorkom en dan ook meermale in meer konserwatiewe of konfessionele kringe.⁹³ Daar is weinig Ou-Testamentici wat vandag nog meen dat Jesaja 36-39 van veel, indien enige historiese waarde is.

Aan die ander kant is daar diegene, soos byvoorbeeld Soggin wat dit “*a narrative section*” noem (1993:310). Daar kan met redelike veiligheid gesê word dat dit vandag die algemeen aanvaarde standpunt is. Dit gebeur selde dat 'n ernstige akademiese werk vandag die *Gattung* van dié teks iets anders as 'n narratiewe of verhalende teks noem. In hierdie studie word daar by hierdie, vandag algemeen aanvaarde, standpunt aangesluit. Ter motivering kan daar op enkele van die narratiewe elemente van die teks gewys word.

Daar is in Jesaja 36-39 'n duidelike aanduiding van tyd, ruimte, opeenvolging van gebeure en karaktertekening.⁹⁴ Die teks word binne 'n bepaalde historiese raamwerk

⁹² Uit die aard van die saak is daar eenstemmigheid onder navorsers dat Jesaja 38:9-20 'n poëtiese teks is en die mening word ook in die onderhawige studie gedeel. Dit maak hier egter deel uit van 'n groter narratief.

⁹³ In sy kommentaar sê Calvyn (1900:406) dat Jesaja 36-39 in hoofsaak geskiedkundig van aard is.

⁹⁴ Sien Brink vir 'n behandeling van aspekte soos tyd (1987:89-106), ruimte (1987:107-122), karaktertekening (1987:66-88) en so meer. Vergelyk in dié verband ook Potgieter (1991), veral bladsye 46-94.

geplaas, te wete die regeringstyd van koning Hiskia van Juda en Sanherib van Assirië toe laasgenoemde se magte Jerusalem beleër het (Jes. 36:1). Die jaar 701 vC is in besonder hier ter sprake.⁹⁵

וַיְהִי בְּאַרְבַּע עָשָׂרָה שָׁנָה לְמֶלֶךְ
חֲזַקְיָהוּ עָלָה סַנְחֵרִיב מֶלֶךְ-אַשּׁוּר עַל
כָּל-עָרֵי יְהוּדָה הַבְּצֻרוֹת וַיְחַפְּשֵׁם:
(Jesaja 36:1)⁹⁶

Deur Jesaja 38:1 en 39:1 word die twee kleiner verhaaleenhede van Hoofstukke 38 en 39 respektiewelik in dieselfde tydsgleuf as die verhaal in Jesaja 36-37 opgeneem en sodoende gekoppel aan die groter verhaal van Jesaja 36-39. Die verhaaleenheid in Jesaja 38 begin met:

בְּיָמִים הָהֵם חָלָה חֲזַקְיָהוּ לְמוּת
(Jesaja 38:1)⁹⁷

en dié in Jesaja 39 met:

בָּעֵת הַהִיא שָׁלַח מֶרְדֳּךְ בֶּלְאָדָן
בֶּן-בֶּלְאָדָן מֶלֶךְ-בָּבֶל סְפָרִים וּמִנְחָה
אֶל-חֲזַקְיָהוּ וַיִּשְׁמַע כִּי חָלָה וַיַּחְזֵק:
(Jesaja 39:1)⁹⁸

⁹⁵ Sien Hoofstuk 4.

⁹⁶ “In die veertiende jaar van koning Hiskia, het koning Sanherib van Assirië opgetrek teen al die vestingstede in Juda en dit verower.”.

⁹⁷ “In daardie dae het Hiskia tot die dood toe siek geword”.

⁹⁸ “In daardie tyd het Merodag-Baladan, seun van Baladan, koning van Babel, briewe en ’n geskenk na Hiskia gestuur. En hy het gehoor dat hy siek was en herstel het.”.

Dit is duidelik dat die bedoeling van die redaktor(s) was dat die hoorders/lesers die teks in sy geheel moet lees asof dit in dieselfde tydsgleuf afspeel. Die tekste wat aangehaal is, dui ook opeenvolging van gebeure aan en saam met die tydsaspek word die kleiner verhaaleenhede sodoende deel gemaak van die groter verhaal van Jesaja 36-39 en so vorm dié teks 'n eenheid.

Die gebeure in die verhaal speel hoofsaaklik in en om Jerusalem af.⁹⁹ Daar word spesifiek melding gemaak van **בְּחַצְרוֹת הַבְּרִיכָה הָעֲלִיּוֹנָה בְּמִסְלַח שְׂדֵה כּוֹבֵס**¹⁰⁰ en **בֵּית יְהוָה**¹⁰¹, terwyl die paleis van koning Hiskia implisiet in die teks teenwoordig is. Deur ruimte word die eenheid van die verhaal dus verder versterk.

Jahwe kom deurgaans in die teks voor waar Hy nie alleen die Een is teen wie die Assiriese koning hom verset nie, maar ook as die troue Here wat dié wat op Hom vertrou, red. Hy verlos nie alleen vir koning Hiskia van sy siekte nie, maar verlos ook die stad, Jerusalem van ondergang.

Ook die profeet Jesaja en koning Hiskia speel in die narratief prominente rolle. Hiskia is die vroom, Godvresende koning wat, anders as sy voorganger Agas, volkome op Jahwe vertrou. Hy word dan ook geseën deurdat daar 15 jaar by sy lewe gevoeg

⁹⁹ Die uitsondering is Jesaja 37:37-38 waar melding gemaak word van Nineve en die tempel van die god Nisrok.

¹⁰⁰ Jesaja 36:2 “by die watervoor van die boonste dam, by die groot pad van die Bleikveld”.

¹⁰¹ “die huis van Jahwe”.

word. Jesaja tree hoofsaaklik as mondstuk vir Jahwe op. Hy is die boodskapper wat aan die koning Jahwe se wil bekend maak. Dit lyk selfs of hy ook as raadgewer optree.

Dan is daar die Assiriese koning Sanherib wat nie alleen teen koning Hiskia te staan kom nie, maar in sy grootheidswaan homself ook teenoor Jahwe opstel. Die Babiloniese koning, Merodag Baladan, speel via sy gesante ook 'n rol in die narratief. Op 'n verdere vlak vind ons Sanherib se gesant, die Rabsake, Hiskia se gesante wat by die naam genoem word en die Babiloniese afvaardiging wat in Hoofstuk 39 vermeld word.

Die narratief vertoon ook 'n duidelike ontwikkeling, spanningslyn, krisis, ontknoping en afloop in elkeen van die onderskeie kleiner verhaaleenhede binne die groter verhaal. In Jesaja 36-37 is daar byvoorbeeld die bedreiging van die stad deur die Assiriese magte en hul koning, Sanherib se gespog en arrogansie. Hier teenoor staan die beleërde stad, Jerusalem en die nederige koning van Juda, Hiskia, terdeë bewus van sy tekortkominge in die lig van Sanherib se mag. Hy wend hom tot Jahwe, sy God, met die vertroue dat dié hom en die stad sal red uit die hand van die Assiriese koning. Jahwe, so vertel die verhaal, verhoor Hiskia se noodroep, gryp in en die Assiriese leër vertrek sonder om Jerusalem in te neem. In sy eie land sterf Sanherib aan die hand van sy eie seuns, in die tempel van sy god, terwyl dié nie in staat is om te red nie!

In Jesaja 38 word vertel dat Hiskia se lewe, na die bedreiging uit Assiriese se geledere afgeweer is, weer bedreig word. Hy word ernstig siek. Wéér wend die vrome



koning hom tot Jahwe en weer verhoor Jahwe sy gebed en kom tot Hiskia se redding. Hiskia hef 'n loflied aan tot eer van sy God wat hom verlos het.

In hoofstuk 39 is dit Hiskia wat so 'n bietjie spog oor sy vermoëns voor die afvaardiging van Merodag Baladan van Babel af. Die profeet Jesaja kondig die val van die stad voor die einste Babiloniërs aan, maar weer word die koning “gered” deurdat dié onheil Jerusalem nie in sy tyd sal tref nie. Daarmee is die oorgang na Deuterokesaja dan ook gemaak en word die narratiewe eenheid aan die boek Jesaja in sy geheel gekoppel.

Kortom Jesaja 36-39 vorm 'n duidelike narratiewe eenheid binne die groter verhaal van die boek Jesaja. Daarmee is die funksie van sy plek hier egter nog nie beantwoord nie.

HOOFSTUK 6

DETAILEKSEGESE VAN JESAJA 38

6.1 INLEIDING

In die vorige hoofstuk is daar gevra na die literêre aard van Jesaja 36-39. Die net is wyd gespan deurdat daar begin is om vanuit die perspektief van die tekskritiese wetenskap na die teks te kyk. Die teks is binne die breër konteks van die boek Jesaja as selfstandige eenheid afgebaken en die *Gattung* is vasgestel as synde 'n narratiewe teks te wees. Vervolgens is die literêre aspekte van Jesaja 36-39 as narratiewe eenheid aan die orde gestel. Daarmee is, saam met die historiese perspektief van die vorige twee hoofstukke, 'n grondslag gelê om die literêre perspektief nou 'n stap verder te neem wanneer daar vervolgens in meer detail op die teks gefokus word.

Die voorafgaande historiese en literêre ondersoek dra daartoe by dat die navorser nou as ingeligte leser op die teks in sy kleiner eenhede kan fokus. Ook dit is bedoel om die navorser te help met die formulering van 'n eie bydrae tot die akademiese diskussie waarbinne hierdie studie val. Daar word egter alleen maar 'n seleksie uit Jesaja 36-39 gemaak en vir dié doel val die keuse op Hoofstukke 38 en 39. Wat Hoofstuk 38 betref, word verse 9-20, die sogenaamde Hiskia-lied,¹⁰² wel binne die detaileksegetiese raamwerk ingesluit en as eenheid aan die orde gestel. Die lied word egter nie in detail geëksegetiseer nie. Die keuse ten gunste van Jesaja 38-39 word vervolgens gemotiveer.

6.2 DIE KEUSE VAN JESAJA 38 EN 39 - MOTIVERING

Uit 'n oorsig van die literatuur wat handel oor Jesaja 36-39 raak dit gou duidelik dat die klem hoofsaaklik op Hoofstukke 36 en 37 val, met ander woorde die beleg van Jerusalem deur Sanherib, Hiskia se vertroue op Jahwe gedurende 'n politieke krisis en die wonderbaarlike verlossing van die stad deur die hand van Jahwe. In talle kommentare, monografieë en artikels word Jesaja 36-39 as eenheid erken en vermeld. Nadat dit aangetoon is, werk die meeste navorsers egter verder hoofsaaklik met Hoofstukke 36 en 37. Die lied van Hiskia (38:9-20) kry soms wel ook aandag, maar die res van Hoofstuk 38, asook Hoofstuk 39 word selde met dieselfde diepte

¹⁰² Waar 38:9-20 by die detaileksegese aan die orde kom, sal die *Gattung* daarvan bespreek word.

bestudeer as 36 en 37.¹⁰³ 'n Mens sou jou onmiddellik die vraag wou afvra: Maar waarom? Gaan 'n belangrike deel van die funksie en boodskap van Jesaja 36-39 nie op dié wyse verlore nie? Toegegee, die meeste bronne dui wel aan dat so 'n betrokke studie fokus op Jesaja 36 en 37,¹⁰⁴ maar dit is juis die toedrag van sake wat myns insiens 'n studie regverdig wat op Hoofstukke 38 en 39 fokus.

Verder is dit so dat daar in die historiese deel van hierdie studie reeds daarop gewys is dat Jesaja 39 kronologies eerder voor as na Jesaja 36 en 37 hoort (Hoofstuk 4). Vervolgens gaan verder betoog word dat ook Jesaja 38 kronologies voor Jesaja 36 en 37 hoort en dat die orde dus moet lees: 38, 39, 36 en 37. Indien ons aanvaar, en dit is in hierdie studie die geval, dat die redaktor(s) 'n teologiese eerder as 'n historiese intensie met die afronding van Jesaja in die oog gehad het,¹⁰⁵ dan bevestig die omgekeerde orde nie alleen so 'n teologiese intensie nie, maar roep die omgekeerde historiese orde ook om ondersoek. Hoekom is die historiese orde omgekeer? Is dit toevallig? Was die redaktor(s) nalatig? Was sy/hul bronne foutief, of het hy/hulle dit dalk heel doelbewus gedoen? Indien hy/hulle dit doelbewus gedoen het, waarom? Op hierdie en soortgelyke vrae sal die navorser moet ingaan.

Indien daar oortuigend aangetoon kan word dat Jesaja 38 en 39 hier eerder 'n teologiese as historiese intensie het, kan dit die navorser ten slotte help in sy soeke na

¹⁰³ Vergelyk die kommentare, monografieë en artikels in die bronnelys.

¹⁰⁴ Childs (1967) is maar een van talle voorbeelde.

¹⁰⁵ Sien die volgende hoofstuk.

die funksie en boodskap van Jesaja 36-39 spesifiek hier in die boek Jesaja. Sodoende sal hierdie studie 'n bydrae lewer in die breër akademiese diskussie oor die boek Jesaja en dan in besonder in verband met die onderlinge verhouding tussen die onderskeie dele. Daar word vervolgens begin met die detaileksegesi van Jesaja 38 en 39.

6.3 JESAJA 38:1

6.3.1 TEKSKRITIESE¹⁰⁶ NOTAS EN LEKSIKALE AANGELEENTHEDE

- a) Die LXX-weergawe van hierdie teks begin met 'Εγέντο “dit het gebeur”. Daar is egter geen rede om die MT dienooreenkomstig te wysig nie. Sou dit wel gedoen word, sal dit geen wesenlike verskil aan die interpretasie van die teks maak nie.
- b) Dit is interessant om daarop te let dat 1QIsa^a vir beide die eiename Hiskia en Jesaja die korter vorm חזקיה וישעיה gebruik. Daarby lees 1QIsa^a צוי waar die MT צו lees. Laasgenoemde is waarskynlik die afgekapte, of verkorte vorm, van צוה “om bevel te gee” (Wildberger 1982:1441).

¹⁰⁶ Die bespreking van die tekskritiese notas in hierdie hoofstuk moet in die lig van hierdie studie se benadering ten opsigte van die hantering van tekskritiese notas (5.3) beoordeel word.

6.3.2 VERTALING

38¹ In daardie dae het Hiskia tot die dood toe siek geword. En Jesaja, die seun van Amos, die profeet, het na hom toe gekom en hy het vir hom gesê: So sê Jahwe: Gee bevel aan jou huis, want jy gaan sterf en nie lewe nie.¹⁰⁷

6.3.3 TEKSTUELE GEGEWENS

Die verhaal in verband met Hiskia se siekte in Jesaja 38 is 'n selfstandige eenheid (Wildberger 1982:1446) wat onder meer deur die frase **בַּיָּמִים הָהֵם** “in daardie dae” en 38:6¹⁰⁸ deel gemaak word van die groter verhaal in Jesaja 36-39. Soos in Jesaja 36 en 37, speel die profeet Jesaja hier onder meer ook die rol van tussenganger tussen God en koning. Dit kan gesien word as 'n verdere binding tussen die twee verhale, te wete dié in Jesaja 36 en 37 en dié in Jesaja 38. Dus, hoewel Jesaja 38 'n selfstandige verhaal is, is daar reeds in die eerste vers aanduidings dat die redaktor(s) bedoel het om Hoofstuk 38 se verhaal te verbind met die verhaal wat ons in Jesaja 36 en 37 vind.

Hiskia se siekte word geplaas gedurende die tyd van die Assiriese beleg van Jerusalem (Delitzsch 1975:124). Talle navorsers in besonder uit histories-kritiese kringe, wys egter daarop dat Jesaja 38 kronologies nie hier in die verhaal pas nie,

¹⁰⁷ Vir die doeleindes van die detailsegeuse gebruik ek my eie vertaling en die vertaling is redelik letterlik van aard.

¹⁰⁸ Die herhaling van die belofte van Jesaja 37:35 hier in vers 6 versterk Hoofstuk 38 se posisie in Jesaja 36-39, maar daaroor meer by die bespreking van Jesaja 38:6.

maar eerder vóór Sanherib se beleg waarvan Hoofstukke 36 en 37 vertel (vgl. Eichrodt 1967:262-263). Selfs iemand soos Oswalt merk op:

“Thus the relation of these chapters to chs. 36 and 37 may be logical rather than chronological”. (1986:672).

Vier argumente ten gunste van so 'n standpunt dien vermeld te word.

Ten eerste maak Hoofstukke 36 en 37 geen melding van enige siekte wat Hiskia onder lede sou hê nie. Daarenteen ontvang Hiskia in Jesaja 38:5 en 6 die versekering dat hy genees sal word en dat die stad nie in die hande van die Assiriese koning sal val nie. In Jesaja 37:33-36 word die verlossing van die stad vermeld, maar geen melding gemaak van Hiskia se siekte nie.

Tweedens, indien ons aanvaar dat Merodag-Baladan se besoek voor die beleg van Jerusalem plaasgevind het,¹⁰⁹ soos die meeste navorsers ook doen, pas Jesaja 38 nie histories in sy huidige konteks nie aangesien Jesaja 39:1 melding maak van Hiskia se siekte waarvan die Babiloniërs kennis dra.

¹⁰⁹ Sien Hoofstuk 4 asook die detaileksegeese by Jesaja 39:1 vir 'n datering van die Babiloniese afvaardiging na Jerusalem.

Derdens is daar die kwessie van Hiskia se regeringstyd. In hierdie studie word Hiskia se regeringstyd aanvaar as om en by 727-699 vC.¹¹⁰ Sanherib se beleg van Jerusalem word geplaas in die jaar 701vC. Soos daar reeds aangetoon is, is daar oor hierdie datum byna volkome eenstemmigheid.¹¹¹ Dus, indien daar nog vyftien jaar tot koning Hiskia se lewe toegevoeg word en ons sou hou by die volgorde van die teks soos ons dit tans voor ons het, klop die sinkronisering van die konings van Juda gewoon nie, omrede ons dan daarmee moes rekening hou dat Hiskia tot ten minste 687 vC kon regeer het. Voeg hierby dat Merodag-Baladan reeds in 701 vC finaal sy heerskappy in Babel verloor het dan word dit duidelik dat die kronologiese juistheid van die huidige orde van die verhaal in Jesaja 36-39 moeilik gehandhaaf kan word.

Laastens pas Hoofstuk 38 tematies voor Hoofstukke 36 en 37 aangesien dit die prentjie van die vrome Hiskia inlei. Widyapranawa (1990:253) meen dat Hiskia juis gedurende die Assiriese beleg van Jerusalem op Jahwe vertrou het omrede hy sy vroeëre wonderbaarlike genesing gesien het as 'n teken van God se genade. Sowel op persoonlike vlak as op die politieke terrein vertrou die koning op Jahwe. In beide gevalle toon Jahwe homself as die getroue en word die koning begenadig.

Hierdie vers stel dit baie duidelik dat Hiskia tot die dood toe siek was. Daarom ook die opdrag: "Gee bevel aan jou huis!". Dit beteken gewoon dat Hiskia sy wil en testament aan die hoof van sy huishouding en ander regeringsamptenare bekend moes

¹¹⁰ Sien *Ekskursie 1* asook die argumentering in die res van Hoofstuk 4.

¹¹¹ Sien *Ekskursie 2*.

maak, sodat daar na sy dood 'n vreedsame oordrag van mag kon wees (Widyapranawa 1990:254).

Oor die aard van die siekte is daar nie duidelikheid nie. In teenstelling met hierdie vers, meld Jesaja 38:21 alleen maar 'n sweer wat hoogstens baie pynlik was, maar nie fataal nie (Watts 1987:51). Om hieroor te spekuleer is myns insiens ook nie belangrik nie. Die klem val op Jahwe wat Hiskia genees, met ander woorde, verlos het. In hierdie verband maak Blenkinsopp (2000:484) die belangrike opmerking deur daarop te wys dat, hoewel kronologies gesproke Hiskia se siekte en herstel die bevryding van Jerusalem voorafgaan, dit hier juis na dié gebeure geplaas word om sodoende Hiskia se verlossing van die dood teenoor Sanherib se gewelddadige en ontydige dood te stel (Jes. 37:38). Terwyl Sanherib tot sy god bid, word hy gewelddadig om die lewe gebring. Hiskia bid tot sy God en hy ontvang genesing. Die fokus is gevolglik nie op die áárd van sy siekte nie, maar op goddelike verlossing. Ook Ackroyd (1974:344), hoewel om ander redes, meen dat die fokus op die goddelike genesing val.

Dit is dan ook Ackroyd (1974) en Watts (1987) wat voorstel dat daar gedink moet word in terme van 'n teologiese interpretasie van Hiskia se siekte en genesing. Aan die een kant is daar Watts (1987:50-51) wat wys op die historiese en teologiese aard van die koning se siekte. Hy het nie alleen 'n pynlike sweer gehad nie, maar het ook aan 'n politieke siekte gely in dié sin dat die Assiriese bedreiging vir hom 'n pynlike saak was (Watts 1987:50-51). Na my oordeel lewer hierdie interpretasie egter nie 'n sinvolle bydrae tot die interpretasie van Hiskia se siekte en genesing in die breër konteks van die verhaal nie.

Aan die ander kant is daar Ackroyd (1974:344-346) wat, soos Watts, dit ook as beide 'n fisiese en teologiese siekte sien. Hy egter, bring dit in verband met die Babiloniese ballingskap en saam met die sogenaamde Hiskia-lied (Jes. 38:9-20), ook in verband met die uiteindelijke herstel van Juda.

Persoonlik sluit ek eerder by Ackroyd se gedagte aan. Na sy oordeel is die berig van Hiskia se siekte en genesing volledig in Jesaja 38:1-6 en 2 Konings 20:1-7 (Ackroyd 1974:344). Daar word berig dat Hiskia dodelik siek was, maar weer gesond geword het. Daar word egter nog 'n motief by hierdie berig gevoeg, naamlik die teken waardeur die herstel van die koning bevestig word en in die Jesaja-teks word dit die belangrikste motief (Ackroyd 1974:334). Deur hierdie nuwe motief val die fokus nie meer op Hiskia se siekte nie, maar op sy wonderbaarlike herstel. Die hoorder(s)/leser(s) word uitgenooi om hier 'n dieper betekenis raak te sien. Hiskia se regeringstyd moet verstaan word as van kardinale belang vir die verstaan van Juda se lot as geheel (Ackroyd 1974:344). Ook die toevoeging van die sogenaamde Hiskia-lied tot die Jesaja-teks versterk die teologiese betekenis van hierdie berig.

Hiskia se siekte en die aankondiging dat hy gaan sterf word 'n soort oordeel en 'n soort ballingskap. Dit sluit ook aan by die oordeelsaankondiging in die volgende verhaal (Jes. 39) wat handel oor die besoek uit Babel. Die gedagte aan sy lewe wat gered word en regeringstyd wat verleng word na sy sterk pleidooi tot God, is 'n moontlike rigtingwyser vir die herstel van die gemeenskap (Ackroyd 1974:346).

6.4 JESAJA 38:2 EN 3

6.4.1 TEKSKRITIESE NOTAS EN LEKSIKALE AANGELEENTHEDE

- a) 1QIsa^a gebruik in Jesaja 38:2 weer die verkorte vorm vir Hiskia se naam, terwyl 2 Konings 20:2 sy naam uitlaat, maar die *nota accusativi* אֶחָה־ invoeg.
- b) Watts (1987:50) wys daarop dat die Targum hier lees לְכוּחַל בֵּית מִקְדָּשָׁא "na die muur van die heilige huis (tempel)". Dit is egter nie nodig om so 'n wysiging aan die teks aan te bring nie. Oswalt (1986:671) wys tereg daarop dat daar geen rede bestaan om aan enige ander muur as die muur van die vertrek waarin Hiskia gedurende sy siekte gelê het, te dink nie.
- c) 2 Konings 20:2 eindig met die infinitiewe vorm לֵאמֹר, terwyl Jesaja 38:3 begin met וַיֹּאמֶר "en hy het gesê".
- d) In Jesaja 38:3 het 1QIsa^a die *Qal*-vorm van die werkwoord הִלֵּךְ, maar het tog bokant dié werkwoord 'n הָהֵךְ geskryf wat laat dink dat 1QIsa^a bewus was van die MT wat die *hitpael*-vorm van die werkwoord hier gebruik.
- e) Waar die MT in Jesaja 38:3 die vorm לֵב "hart" het, het sowel 1QIsa^a as 2 Konings 20:3 'n variante vorm לִבָּב.

f) IQIsa^a gebruik die langer vorm van ׀ַבְּכֹא “en hy het gehuil” en lees dus ׀ַבְּכֹא.

6.4.2 VERTALING

²En Hiskia het sy gesig na die muur toe gedraai en hy het tot Jahwe gebid.

³En hy het gesê: “Ag Jahwe, onthou tog dat ek in trou en met ’n volkome hart voor u aangesig gewandel het; die goeie wat ek gedoen het voor u oë. En Hiskia het bitterlik gehuil.

6.4.3 TEKSTUELE GEGEWENS

Hiskia, by die aanhoor van die profeet Jesaja se woorde, rig hom tot Jahwe in gebed. In sy gebed beroep hy hom op sy eie godsdienstigheid, toewyding en regte optrede. In sy kommentaar vra Widyapranawa (1990:255) die vraag waarom Hiskia nie sy gebed met ’n skuldbelydenis oor sy sonde begin nie, soos ’n mens te wagte sou wees nie? In antwoord op sy eie vraag wys hy daarop dat Hiskia se gebed waarskynlik langer was en dat hy daarin wel sy sonde vermeld het – vergelyk Jesaja 38:17 (Widyapranawa 1990:255).

Indien ’n mens egter in ag neem dat Hiskia konsekwent in Jesaja 36-38 as ’n vroom, voorbeeldige en godvresende koning geskets word, is die verswyging van enige sonde aan sy kant hier verstaanbaar (Clements 1980a:290). Dit dra by tot die beeld wat die skrywer van Hiskia wou skep, naamlik ’n koning na God se hart. In dié trant

stel Kilian (1994:212) dat hierdie gebed duidelik van Deuteronomistiese oorsprong is en dat dit bedoel is om Hiskia as die ideale koning te teken. Op dieselfde trant verwys Procksch (1930:462) spesifiek na באמה “in trou” en בלב שלם “met ’n volkome hart” as Deuteronomisties.

Oor die algemeen gesien, beskou die Ou Testament ’n lang lewe as teken van God se genade en seën (Widyapranawa 1990:255). Aan die ander kant dui ’n kort lewe en een wat ontydig en skielik tot ’n einde kom op God se straf (Kilian 1994:212). Hiskia se siekte en dreigende ontydige sterwe is volgens die verteller dus eintlik onregverdig (Kilian 1994:212). Deur die absolute voorbeeldige optrede van die koning, naamlik deur nie te protesteer of ’n skuldbelydenis te doen nie, wil die skrywer aantoon dat die verlenging van Hiskia se lewe geen gewone voorsiening van God se kant af was nie (Clements 1980a:290). Net so is ook die verlossing van Jerusalem voor die magte van Sanherib (Jes. 38:6) geen gewone daad van beskerming van die stad deur God nie, maar ’n baie spesiale beskerming wat pas by die regering van so ’n godvresende koning soos Hiskia (Clements 1980a:290). Op dié wyse, so meen Clements (1980a:290), impliseer die redaktor(s) dat die belofte wat in Jesaja 36 en 37 oor die stad uitgespreek is, nie ’n ewige belofte was nie.

6.5 JESAJA 38:4-6

6.5.1 TEKSKRITIESE NOTAS EN LEKSIKALE AANGELEENTHEDE

- a) 2 Konings 20:4 lees: ויהי ישעיהו לא יצא העיר החיכנה “en Jesaja was nog nie uit die middelste voorhof nie”, dus ’n veel langer teks as wat ons hier in Jesaja 38:4 vind. Daar is egter geen teksgetuienis om so ’n verandering aan die MT te regverdig nie. Trouens, indien een van Jesaja en 2 Konings by die ander geleen het, dan sou hierdie uitbreiding juis die prioriteit van Jesaja kon bevestig, ’n standpunt wat nog sterker steun sou kry indien ’n mens Watts se opmerking in verband met dié uitbreiding ondersteun:

“This phrase heightens the sense of an immediate response to Hezekiah’s prayer.” (Watts 1987:50).

Hier word dus volstaan met die MT se lesing van Jesaja 38:4.

- b) As gevolg van die uitbreiding in 2 Konings 20:4, verskil 2 Konings 20:5 van Jesaja 38:5, deurdat dit “teruggekeer” in plaas van הלוך “gaan” lees.
- c) 2 Konings 20:5 het verder nog twee uitbreidings op Jesaja 38:5, te wete die volgende frases נגיד עמי “die leier van my volk” net na אל-חזקיהו “vir Hiskia” en na יהוה “kyk ek” volg בית העלה השלישי “die huis van Jahwe.” Daar is geen genees. Op die derde dag sal jy opgaan na die huis van Jahwe.” Daar is geen

getuienis op grond waarvan die MT gewysig hoef te word nie en die uitbreiding van 2 Konings se teks tel in die guns van die beskouing dat Jesaja in Ouderdom prioriteit behoort te geniet, nieeenstaande Delitzsch se mening dat:

“(t)he text Kings is the more authentic throughout;”
(Delitzsch 1975:113).

- d) Die Siriese vertaling lees *mws* vir die MT se ׁוּסַף . Vergelyk ook die LXX en die Vulgaat. BHS stel voor dat ׁוּ gelees word, maar op grond van die beskouing van tekstkritiek wat in hierdie studie gehandhaaf word, word volstaan met die lesing soos dit in die MT staan.
- e) 1QIsa^a en 2 Konings 20:6 het $\text{ׁוּלְמַעַן דָּוִד עֲבָדִי}$ “ter wille van my en ter wille van Dawid, my kneg” as toevoeging tot die ooreenstemmende teks. Die MT se lesing word egter gehandhaaf.

6.5.2 VERTALING

⁴En die woord van Jahwe het gekom tot Jesaja, naamlik:

⁵”Gaan! Sê vir Hiskia: so sê Jahwe, die God van jou vader Dawid: Ek het jou gebed gehoor. Ek het jou tranes gesien. Kyk, ek sal vyftien jaar by jou dae voeg”.

⁶”Uit die handpalm van die koning van Assirië sal ek jou en hierdie stad red. En ek sal hierdie stad beskut”.

6.5.3 TEKSTUELE GEGEWENS

In Jesaja 38:4-8 maak die profeet Jesaja God se besluit omtrent koning Hiskia bekend en daarom hoort dié verse struktureel saam as een perikoop. Vers 4 lei die antwoord van Jahwe deur sy profeet Jesaja in, terwyl verse 5 en 6 die inhoud van Jahwe se aankondiging, naamlik dat hy koning Hiskia gaan red, bevat. God gaan sy lewe spaar en hom uit die hand van die Assiriese koning red. In verse 7 en 8 gee Jahwe dan aan Hiskia 'n teken as bevestiging van sy woord. Verse 4-6 word egter vir besprekings doeleindes voorlopig van verse 7 en 8 geskei.

Jahwe antwoord Hiskia se gebed. Die oorspronklike oordeel staan wel, maar dit word met vyftien jaar uitgestel. Jahwe sien sy tranes en hoor sy gebed. Clements (1980a:290) meen dat dié woorde gesien moet word as 'n stereotipe formule. Die profeet kondig aan dat hy gesond sal word en dat daar nog vyftien jaar by sy lewensjare gevoeg sal word.¹¹²

Opvallend is egter dat geen melding gemaak word van Hiskia se aanspraak op 'n voorbeeldige godsdienstige lewe nie. Dit laat dink dat die skrywer Hiskia se verkeerde optrede en oordeelsfoute doelbewus verswyg (vgl. Soggin, 1993:246, se

¹¹² Genoeg is reeds in hierdie studie gesê oor die duur van Hiskia se lewe en heerskappy (vgl. o.a. Hoofstuk 4).

negatiewe oordeel oor Hiskia se regeringstyd in Hoofstuk 4 van hierdie studie) om sodoende 'n meer positiewe prentjie van Hiskia as koning te teken.¹¹³

Die belofte word nog verder uitgebrei. Hiskia sal nie alleen gesond word nie, maar hy sal ook ontkom aan die hand van die Assiriese koning; hy en die stad (Jes. 38:6). Tereg wys Clements (1980a:290) daarop dat hierdie opmerking heel onverwags hier opduik. Dit versterk egter die vermoede, soos reeds by die bespreking van Jesaja 38:1 opgemerk is, dat die bedoeling is om Hoofstuk 38 aan die voorafgaande verhaal te bind. Dit is duidelik; Hiskia se siekte en verlossing, asook Jerusalem se beleëring en bevryding is hier bedoel om saam geles te word.

Watts (1987:50) is van mening dat Hiskia meer as net 'n fisiese siekte onder lede gehad het. Hiskia het volgens Watts ook aan 'n diplomatieke siekte gely. Daarmee bedoel Watts (1987:50) dat hy depressief was oor die tribuut wat hy aan Sanherib moes betaal en die haglike omstandighede waarin hy hom as koning van Juda bevind het (ANET 1950:288). In hierdie sin gaan dit dus om meer as 'n fisiese siekte en het Hiskia gevolglik meer as medisyne nodig gehad het om hom te genees.

Hoe dit ook al sy, met verse 5 en 6 word Hoofstuk 38 duidelik verbind met Hoofstukke 36 en 37 waar dit om die bevryding van Jerusalem uit die hand van die

¹¹³ Ook die verwysing na Hiskia as 'n vroom koning wat op Jahwe alleen vertrou het, het nou reeds meermale in hierdie studie opgeduik. In die volgende hoofstukke sal nog verder op die moontlike betekenis daarvan uitgebrei word.

Assiriese magte gaan. Nie alleen is die verwysing na Dawid opvallend nie, maar Jesaja 38:6 dra duidelik dieselfde boodskap as Jesaja 37:35 oor, veral die byna woordelike herhaling wat die bevryding van die stad betref. Die twee verse lees naamlik:

וַגְּנוּזְחֵי עַל־הָעִיר הַזֹּאת לְהוֹשִׁיעָהּ לְמַעַנִי וּלְמַעַן דָּוִד
עַבְדִּי:

(Jesaja 37:35)¹¹⁴

וּמִכַּף מֶלֶךְ־אֲשׁוּר אֶצִּילְךָ וְאֵח הָעִיר הַזֹּאת וַגְּנוּזְחֵי
עַל־הָעִיר הַזֹּאת:

(Jesaja 38:6)¹¹⁵

Die skrywer wou doelbewus koning Hiskia se siekte en genesing koppel aan Jerusalem se beleëring en bevryding. In die lig van Jesaja 38:6 kan daar met reg gevra word of die verwysing na "jou vader Dawid" toevallig kan wees, gelees in die lig van Jesaja 37:35. Ek is van mening dat die verwysing hier na Dawid nog 'n verdere meganisme is om die twee verhale, te wete dié van Hiskia se genesing na 'n siekbed en dié van die bevryding van die beleëring van die stad, met mekaar te verbind. Die konsekwensies van hierdie oortuiging word later in die studie uitgespel.

¹¹⁴ "En ek sal hierdie stad beskut om dit te verlos om my eie onthalwe en om Dawid, my kneg se onthalwe" (Jes. 37:35).

¹¹⁵ " Uit die handpalm van die koning van Assirië sal ek jou en hierdie stad red. En ek sal hierdie stad beskut" (Jes. 38:6).

Na my oordeel bevestig die belofte van vers 6, naamlik dat die koning en die stad nie in die hande van die Assiriese koning sal val nie, dat Jesaja 38 en 39 kronologies voor Jesaja 36 en 37 hoort. Verder bevestig die herhaling van Jesaja 37:35 juis die teologiese eerder as die historiese intensie van die Hiskia-narratief. Dit teenoor Oswalt (1986:677) wat van mening is dat Jesaja 38:6 kon verwys het na enige toekomstige beleëring van Jerusalem deur 'n Assiriese koning aangesien geen Assiriese koning in elk geval Jerusalem ooit ingeneem het nie. Die argument van Oswalt doen homself egter geforseerd voor.

6.6 JESAJA 38:7 EN 8

6.6.1 TEKSKRITIESE NOTAS EN LEKSIKALE AANGELEENTHEDE

a) Jesaja 38:7 verskil heelwat van die ooreenstemmende teks in 2 Konings 20:9.

BHS stel voor dat hier saam met 2 Konings 20:9 **זֶה יִשְׁעֵיהוּ** “en Jesaja het gesê” gelees word. Daar is egter geen rede om die wysiging aan te bring nie. Soos dit nou in Jesaja 38 staan, lees dit sonder probleme.

b) Dan lees die MT **אֲשֶׁר** waar 2 Konings 20:9 **כִּי** lees, terwyl 2 Konings 20:9 nie die

MT se **הַזֶּה** het nie.

- c) Verder vervolg 2 Konings 20:9 e.v. met die volgende woorde wat nie in Jesaja voorkom nie:

הַלֵךְ הַצֵּל עֶשֶׂר מֵעֲלוֹחַ אִמ־יָשׁוּב עֶשֶׂר מֵעֲלוֹחַ:
וַיֹּאמֶר יְחִזְקִיָּהוּ נִקְל לְצֵל לְנִטּוֹחַ עֶשֶׂר מֵעֲלוֹחַ
לֹא כִי יָשׁוּב הַצֵּל אֲחֻרָנִיחַ עֶשֶׂר מֵעֲלוֹחַ:
וַיִּקְרָא יִשְׁעִיָּהוּ הַנְּבִיא אֶל-יְהוָה¹¹
(2 Kon. 20:9b-11a)¹¹⁶

Hier geld die tekskritiese beginsel wat lui: Die korter teks en die moeilikste verstaanbare een word beskou as die ouer een (Würthwein 1957:80). Daar is gevolglik geen rede om die MT te wysig nie.

- d) Vers 8 verskil van die ooreenstemmende vers in 2 Konings 20:11 wat betref inhoud en posisie binne die narratief. Watts (1987:50) meen dat hier aanduidings is dat daar moontlik gepoog is om die teks in Jesaja 38:8 te verander om dit makliker te laat lees. Hy meen dat hier twee gevalle van dittografie in die teks is en dat indien dit erken word, die teks gemaklik lees. Die volgende word deur hom as dittografie¹¹⁷ beskou : יָרְדָה : אֲשֶׁר הִמְעֵלּוֹחַ "op die trappe wat dit terug gegaan het" en בְּשֶׁמֶשׁ "deur die son". Watts wys daarop dat wat die langer frase betref, die werkwoord in die vroulike vorm is, terwyl צָל "skaduwee", wat אֲשֶׁר se

¹¹⁶ "Moet die skaduwee tien opgaan of moet dit tien teruggaan? En Hiskia het gesê: Dit is maklik vir die skaduwee om tien grade te daal. Nee, laat die grade teruggaan, tien grade agteruit. En Jesaja, die profeet het Jahwe aangeroep".

¹¹⁷ Let ook op Kutscher (1974:540) se opmerkings in dié verband.

antesedent is, in die manlike vorm is. Die hele frase is dittografie vir die laaste deel van Jesaja 38:8 en kan daarom uitgelaat word en so ook בְּשֶׁמֶשׁ "deur die son" (Watts 1987:50). Die LXX voeg ὁ ἥλιος "die son" na ירדה by en BHS stel voor dat השמש dus ingevoeg word. Deur dit te doen, meen Watts, verskaf die LXX 'n vroulike subjek vir ירדה אֲשֶׁר. Indien beide as dittografie gesien word, is geeneen nodig nie. Dan handel die eerste deel van vers 8 oor die skaduwee en die tweede oor die son (Watts 1987:50).

- e) In 1QIsa^a se lesing volg עליה "van die altaar" op במעלות en BHS stel voor dat עליה hier ingevoeg word. Indien ons aanvaar dat 1QIsa^a 'n ander teksfamilie as die MT verteenwoordig, is so 'n verandering egter nie nodig nie.
- f) Die LXX voeg ἀποστρέψω in. BHS stel voor dat אני משיב ingevoeg word na אחז. Dieselfde argument as by (e) kan hier aangevoer word.
- g) BHS stel voor dat ons hier saam met 1QIsa^a אה-השמש sal lees.
- h) Die LXX lees hier κατέβη ἡ σκιά "die skaduwee het afgegaan". BHS stel voor dat hier ירד הצל gelees word.

Ten spyte van die talle voorstelle vir tekswysigings by Jesaja 38:7 en 8 word daar in hierdie studie dus volstaan met die MT soos ons dit in BHS vind. In Jesaja 38:8 lees

die teks veral moeilik, maar in sy huidige vorm is dit nie onverstaanbaar en onverklaarbaar nie.

6.6.2 VERTALING

⁷”En dit sal vir jou die teken wees van Jahwe dat Jahwe dit wat hy gesê het sal doen.”

⁸”Kyk, ek sal die skaduwee van die dalende son op die trappe van Agas se bokamer tien trappe laat teruggaan. En die son het tien trappe teruggegaan op die trappe wat dit gedaal het.”

6.6.3 TEKSTUELE GEGEWENS

’n Teken word belowe om sodoende Hiskia se vertrouwe dat dit wel sal gebeur, te versterk en ook om te bevestig dat dit Jahwe is wat dit doen. Ook die gedagte aan ’n teken bind Jesaja 38 aan die voorafgaande verhaal (Jes. 37:30), terwyl dit herinner aan Jesaja 7 waar die profeet Jesaja die destydse koning Agas aanmoedig om vir Jahwe ’n teken te vra, maar Agas weier om dit te doen (Beuken 1999)¹¹⁸. In Jesaja 38:7 bied Jahwe vir Hiskia ’n teken aan en Hiskia aanvaar dit. Volgens die weergawe van die verhaal in 2 Konings vra Hiskia vir die teken (2 Kon. 20:8), ’n versoek wat in ’n verkorte vorm in Jesaja 38:22 weergegee word. Wat die verband tussen Agas en ’n

¹¹⁸ Professor Wim Beuken het goedgunstiglik ’n deel van sy Jesaja-kommentaar aan my beskikbaar gestel voordat dit persklaar was, gevolglik is daar geen bladsy numerering nie.

teken van Jahwe, en Hiskia en 'n teken van Jahwe betref, bind die volgende frase, wat ons in sowel Jesaja 7:3 as 36:2 vind, die twee gebeure nog duideliker aan mekaar:

בְּחַעֲלָה הַבְּרָכָה הָעֲלִיּוֹנָה בְּמַסְלַח שְׂרָה כּוֹבֵס¹¹⁹

In die vraag na die funksie en boodskap van Jesaja 36-39 sal die implikasies van die verbande uitgespel moet word.

Vir 'n teken om effektief te wees, is dit in die reël belangrik dat dit iets buitengewoons sal wees. Dit moet téén die normale of verwagte ingaan. En dit is presies wat nou hier gebeur. In plaas daarvan dat die skaduwee van die son van wes na oos skuif, skuif dit van oos na wes. Beuken (1999) meen dit is selfs meer buitengewoon as die son stilstand by Gibeon waarvan ons in Josua 10:12 en 13 lees.

Soos dit reeds by die bespreking van 6.6.1 duidelik geword het, is die vertaling van Jesaja 38:8 geen maklike taak nie. Daar is groot verskille tussen die MT en die LXX, terwyl die MT en 1QIsa^a ook van mekaar verskil. Die verskille is egter nie so groot as dié tussen MT en die LXX nie. Althann (1988:22) dui, met verwysing na A Catastini, drie probleme aan met die Massoretiese Teks. Eerstens is daar die vroulike werkwoord הָרָה wat na alle waarskynlikheid 'n manlike selfstandige naamwoord as

¹¹⁹ "die watervoor van die boonste dam by die groot pad na die Bleikveld".

subjek het, te wete צל. Ten tweede is בשמש hier moeilik verklaarbaar en in die derde plek is daar die vraag na die interpretasie van מעלורח.

Dit is waarskynlik die maklikste om by die derde saak te begin. Die beweging van die son was sigbaar אחז במעלורח "op die trappe van Agas". Dit verwys na alle waarskynlikheid na trappe wat deur Hiskia se voorganger, Agas laat bou is. Talle navorsers, soos ook die Targum, verstaan dit as 'n sonwyser (Wildberger 1982:1453).¹²⁰ Oswalt (1986:678) meen dat dit moontlik 'n trapsgewyse piramide kon wees met 'n pilaar bo-op. Oor die aard van אחז במעלורח en oor wat dit presies was, is daar onder navorsers nie eenstemmigheid nie (vgl. Wildberger 1982:1453). Of dit ontwerp was om die beweging van die son deur die dag te meet en of dit maar toevallig so uitgewerk het, is gevolglik nie met sekerheid te bepaal nie. Vir die interpretasie van die teks is die presiese betekenis daarvan egter nie van kardinale belang nie. Belangrik is dat die skaduwee gewoonlik af beweeg teen die spesifieke trappe, maar op hierdie bepaalde dag het dit op beweeg en dit was Hiskia se teken dat die woorde van Jahwe waar sou word. Dit is waarskynlik die beste om in navolging van Blenkinsopp (2000:484) dit, soos IQIsa^a, te sien as verwysend na trappe eerder as die gesig van 'n sonwyser.

Om te probeer verklaar wat presies hier gebeur het, is myns insiens nie moontlik nie (vgl. Kaiser 1980:402-403) en vir die eerlike navorser is die verantwoordelikste weg

¹²⁰ אבן שעי"א "'n klip van tye".

waarskynlik om getrou te bly aan die teks en nie in onnodige spekulatiewe argumente te verval oor wat presies gebeur het en oor die moontlikheid van so 'n gebeure al dan nie (vgl. Watts 1987:52). Tereg wys Beuken (1999) daarop dat die son in die perspektief van die Ou Testament, soos ook die mens, ondergeskik is aan sy Skepper (vgl. bv. Gen. 1:14-19; Jer. 31:35, Ps. 74:16, ens.). Die son speel hier dus 'n dienende rol en niks meer nie. Wat vasstaan, is dat die teken gedien het as aanmoediging vir koning Hiskia om op Jahwe te vertrou .

EKSKURSIE 3¹²¹

DIE SOGENAAMDE HISKIALIED

Soos reeds vermeld, ontbreek Jesaja 38:9-20 in die weergawe van 2 Konings 18-20 (Snijders 1969:339), terwyl dit in Jesaja 36-39 deel gemaak word van die verhaal oor Hiskia se siekte en genesing. Op grond van die feit dat dié lied in 2 Konings ontbreek en in Jesaja bygevoeg is, kan ons aanvaar dat dit hier 'n besondere betekenis en funksie moet hê (Coetzee 1989:13).

Die meeste navorsers is dit met Blenkinsopp (2000:484) eens dat die psalm nie deur Hiskia self geskryf is nie, maar dat die toedigting daarvan aan Hiskia heel maklik uit die tradisie verklaar kan word. In Spreuke 25:1 is daar die verwysing na die "manne

¹²¹ Jesaja 38:9-20 word in 'n ekskursie behandel aangesien dit nie met dieselfde diepgang as die res van Jesaja 38-39 in sy kleiner eenhede hanteer word nie.

van Hiskia" wat spreuke van Salomo sou versamel en opgeteken het, terwyl Hiskia in die rabbynse tradisie beskou word as die skrywer of redaktor van talle versamelings, insluitende die boek Jesaja (Blenkinsopp 2000:484-485)! Kaiser (1980:403) wat, soos reeds genoem, aan Konings se weergawe prioriteit gee, is egter van mening dat die redaktor(s) wat verantwoordelik was vir die plasing van Jesaja 36-39 in die Jesaja-versameling, nie ook verantwoordelik was vir die Hiskia-psalm se plasing hier nie.

Wat die afbakening en *Gattung* van Jesaja 38:9-20 betref, is daar ewe min verskil van mening onder navorsers as wat betref dié van Jesaja 36-39 as geheel. Die meeste navorsers praat van 38:9-20 as die Hiskia-psalm, Hiskia-lied of dankgebed en sien dit as afgebakende eenheid binne sowel Jesaja 38 as die verhaal in Jesaja 36-39 as geheel.

Tereg wys Wildberger (1982:1454) daarop dat 38:9-20 in vers 9 van 'n eie opskrif voorsien is, terwyl 38:21 geensins 'n natuurlike voortsetting van 38:20 is nie. Hy verwys dan na Jesaja 38:9-20 as die Hiskia-psalm (Wildberger 1982:1454).

Ook Watts (1987:57) noem dit Hiskia se psalm en wys daarop dat die woord מִכְתָּם 'n bekende tegniese term vir 'n psalm is. So 'n argument kan egter slegs aangevoer word indien die tekskritiese wysiging wat BHS in dié verband voorstel wel deurgevoer word.

Die meeste navorsers verwys na Jesaja 38:9-20 as Hiskia se psalm (vgl. kommentare en artikels in die bronnelys) en daarom word daar nie verder voorbeelde in die teks genoem nie.

Daar is egter nie dieselfde mate van eenstemmigheid oor presies watter soort psalm ons hier vind nie. Oswalt (1986:681) wys daarop dat die navorsers op grond van Jesaja 38:9 sou verwag dat dit 'n danklied moet wees (Kilian 1994:213 gee aan Jesaja 38:9-20 die opskrif "Das Danklied Hiskijas"), maar dat, buiten vir Jesaja 38:19 en 20, nóg die inhoud, nóg die vorm van die psalm so 'n verwagting ondersteun. Aan die ander kant, vervolg Oswalt (1986:681), dui die inhoud en metrum wel in die rigting van 'n klaaglied, maar ontbreek die tipiese kenmerke van 'n klaaglied. Coetzee (1989:13) sien ook elemente van 'n "doxology of judgement" daarin raak.

Binne die konteks van Jesaja 38, asook die groter eenheid, te wete Jesaja 36-39, lyk dit nie verkeerd om na Jesaja 38:9-20 as 'n danklied (of selfs 'n individuele danklied) te verwys nie, wat vir die situasie in Jesaja 38 aangepas is (Kilian 1994:213). Dit is ook dan die standpunt wat deur die meerderheid navorsers gehuldig word.

Schoors (1972:214) meen dat die lied aanvanklik onafhanklik bestaan het en dat dit later hier in Jesaja 38 ingevoeg is. Hy is verder van mening dat 38:9 'n

redaksionele opskrif is waardeur die psalm met sy huidige konteks verbind word (Schoors 1972:214). Schoors aanvaar ook BHS se voorstel dat die MT gewysig word om מִכְהָם ("psalm") te lees en nie מִכְהָב ("geskrif") nie.

Die eerste hoofdeel van die lied bevat die herinnering aan die nood waarin die digter verkeer het (Eichrodt 1967:265-266). Schoors (1972:214) wys daarop dat daar ander dankliedere is (bv. Ps 30:7 e.v.; 31:23; 41:5-11; 116:4-6) wat ook eers begin deur die nood te beskryf waaruit die mens gered is voordat dit voortgaan met dank.

Dankbaarheid kom pas in Jesaja 38:15-20 aan die orde (Schoors 1972:215) en Jesaja 38:15 lei dus die tweede deel van die lied in (Eichrodt 1967:266). Procksch (1930:464) maak in dié verband die volgende opmerking: "Er unterscheidet zwei Hauptstrophen; in der ersten (v. 10-14) vergegenwärtigt sich der Dichter die vergangene Not, in der zweiten (v. 15-20) erhebt sich auf diesem Hintergrunde das Danklied."

Tereg wys Oswald (1986:682) egter daarop dat daar nie eenstemmigheid oor die verdeling van die twee hoofdele is nie. So byvoorbeeld deel Kaiser (1980:406) die lied só op dat Jesaja 38:16 die tweede deel van die lied inlei, terwyl iemand soos byvoorbeeld Wildberger (1982:1456) 38:17b as die begin van die tweede deel van die lied beskou. Wat

die verdeling van die teks betref, volg Coetzee (1989:22) in Wildberger se spore.

Delitzsch (1975:116-122) gaan egter verder en deel die lied in vier strofes in. In die eerste strofe (10-12) kyk die digter terug op sy nood, terwyl hierdie retrospeksie in die tweede strofe (13 en 14) voortgesit word. In die derde strofe (15-17) vertel die digter hoe Jahwe sy lot verander het en lei dit tot 'n jubelende vierde strofe (18-20). Coetzee (1989:22,23) argumenteer egter oortuigend vir 'n alternatiewe indeling: Opskrif (9); klagte oor die naderende dood (10 en 11); klagte: Jahwe is verantwoordelik vir sy posisie (12 en 13); selfbejammering en smeking (14); sekerheid van gebedsverhoring en smeking (15-17a); lof vir verlossing (17b-19) en gemeenskaplike lof vir redding (20).

Uit BHS is dit duidelik dat daar talle probleme in die MT van Jesaja 38:9-20 is en Snijders (1969:339) merk in dié verband op dat "(w)e moeten veel moeite doen een draaglijke vertolking van deze zang tot stand te brengen". Barré (1995:385-399) wys veral op Jesaja 38:16-17b en poog in sy artikel om op grond van die struktuur van die Hiskia-lied 'n verstaanbare vertaling daar te stel.

Na hierdie kursoriese opmerkings is dit nou nodig om die vraag waarin hierdie studie eintlik geïnteresseerd is te stel, naamlik: Watter bydrae

maak die Hiskia-lied tot die verhaal in Jesaja 38, maar ook in die breër verhaal te wete Jesaja 36-39?

In antwoord op die vraag kan daarop gewys word dat die Hiskia-lied in sy geheel beslis bydra tot die beeld wat die verhaal van Hiskia wil stel, te wete dié van 'n swak, nederige en vrome koning (Watts 1987:58). Trouens in dié opsig ondersteun die lied die boek Jesaja daarin dat dit Hiskia voorhou as 'n vroom en godvresende koning wat nie te blameer is vir die katastrofe van 701 vC nie (Watts 1987:58). In dié opsig word dan ook saam met Beuken (1999) gestem wanneer hy sê dat die lied nie as 'n vreemde element in die verhaal gesien moet word nie.

Beuken (1999) meen dat die Hiskia-lied verder geassosieer word met die konteks waarbinne dit staan deurdat dit gerig word tot Jahwe (Jes. 38:12-19) en 'n derde party (Jes. 38:10-13, 20). Volgens hom anker die aanspreek van Jahwe die lied in die narratief deurdat Jahwe in die narratief 'n aktant is, terwyl die aanspreek van 'n derde party dit assosieer met die lesers van B₁ (vgl. *Ekskursie 2*) in Jesaja 36-37 (Beuken 1999). Vir Beuken (1999) verteenwoordig Jesaja 38:9-20 'n kommentaar op die belofte en waarborg van die teken wat gegee is en as sodanig bevat dit die sleutel tot die verstaan van die gebeure.

6.7 JESAJA 38:21 EN 22

6.7.1 TEKSKRITIESE NOTAS EN LEKSIKALE AANGELEENTHEDE

- a) In 1QIsa^a is Jesaja 38:21 en 22 in die kantlyn geskryf en dit laat Deist (1988:54) tot die gevolgtrekking kom dat dit nie oorspronklik deel was van 1QIsa^a se weergawe van Jesaja 38 nie.¹²² In die MT maak dit egter gewoon deel uit van die teks soos dit daar staan. Deist (1988:54) is van mening dat dit daarop dui dat die Jesaja-tekst op 'n stadium in die MT se tradisie in lyn gebring is met 2 Konings se weergawe van dieselfde gebeure, terwyl dit ook vir ons 'n aanduiding is dat ons in die MT en in 1QIsa^a met twee verskillende tradisies te doen het.
- b) In die 2 Konings-weergawe volg die gebeure van Jesaja 38:21 en 22 dié van Jesaja 38:6 en daarna vertel 2 Konings 20:9-11 van die teken wat Jahwe vir Hiskia gegee het.
- c) Terwyl Jesaja 38:21 **שאו**, letterlik “neem op” lees, vind ons in 2 Konings 20:7 **קח** letterlik “neem”. 1QIsa^a laat dit gewoon weg.

¹²² Sien ook Parry & Qimron (1999:64 en 65).

- d) In Jesaja 38:21 lees die teks וַיִּמְרָחוּ “laat hulle vryf”, maar 2 Konings 20:7 lees וַיִּקְחוּ וַיִּשִׂמוּ “en hulle het geneem en hulle het geplaas”. Daar is egter geen rede om die MT te wysig nie.
- e) 2 Konings 20:8 is langer en lees effe anders as Jesaja 38:22.

6.7.2 VERTALING

²¹En Jesaja het gesê: “Laat hulle ’n vyekoek neem en laat hulle dit op die sweer sit”. En dit is gedoen. ²²En Hiskia het gevra: “Wat is die teken dat ek sal opgaan na die huis van Jahwe?”

6.7.3 TEKSTUELE GEGEWENS

In hul huidige posisie doen Jesaja 38:21 en 22 hulle vreemd voor, veral indien ’n mens hulle met die weergawe in 2 Konings vergelyk. Die orde in 2 Konings maak dat die verhaal gemaklik vloei. In Jesaja 38:21 en 22 kry die leser die gevoel dat die verse uit plek is; dat die redaktor(s) dit so as ’n laaste gedagte net bygevoeg het. Navorsers soos byvoorbeeld Delitzsch (1975:113) en Procksch (1930:463) stel sommer prontuit dat dit nie hier hoort nie en verwys dan na 2 Konings se weergawe as die korrekte weergawe. Met ander woorde, Jesaja 38:21 behoort na regte op Jesaja 38:6 te volg. Hoffer (1992:69) wys in sy artikel daarop dat die NEB en die JB tot so ’n mate oortuig is dat die MT op hierdie punt die volgorde verkeerd het, dat hulle die

materiaal in hul vertalings herrangskik! Ander vertalings, soos byvoorbeeld die RSV, beskOu אָמַר as 'n *plusquamperfektum* of begin die vers met 'n temporele aanduiding, sê Hoffer (1969:69).

Voorbeelde van navorsers wat ooreenstemmende sentimente met wat hierbo genoem is deel, sal meer as vermenigvuldig kon word. Daarom kan dit ook nie anders nie as dat daar saamgestem word met die standpunt dat Jesaja 38:21 en 22 nie oorspronklik in sy huidige posisie deel van die narratief was nie, maar dat dit na alle waarskynlikheid, soos Snijders (1969:345) dit stel, 'n redaksionele nota is. Die indruk is dat die Hiskia-psalm hierin 'n rol kon gespeel het. Om die psalm deel te maak van die Hiskia-narratief hier in Jesaja, is dit tussen die berig oor die teken (Jes. 38:8) en die opdrag om 'n vyekoek op die sweer te plaas (Jes. 38:21), geplaas (vgl. Snijders 1969:345). Dit is inderdaad moontlik dat die redaktor(s) die Hiskia-lied juis hier voor die genesing geplaas het omrede, soos ons nou reeds telkemale gesien het, hy die koning se vroomheid en vertroue in Jahwe wil beklemtoon (Beuken 1999).

Oor die oorspronklike posisie van Jesaja 38:21 en 22 is daar vandag nie sekerheid nie. In hierdie navorsing word daar egter aangesluit by diegene wat van die standpunt uitgaan dat ook die twee verse, soos dit vandag in die MT staan, 'n bydrae lewer tot die interpretasie van die teks. Tereg merk Williams (1989:43) op dat die verhaal soos ons dit nou het, die klem op die ballingskap en nie op die beleg van Jerusalem nie, laat val. Hoffer (1992:77) meen dit kan op twee vlakke gelees word waarvan die een vlak is om dit te lees as 'n simboliese verteenwoordiging van die ballingskap. In die

Hiskia-lied se slotvers word die koning geteken as iemand wat daarna uitsien om weer Jahwe se lof in die tempel te besing (Jes. 38:20). Dit beteken dat die doel van persoonlike herstel, soos die hoop van die ballinge, daarin geleë is om weer na die tempel te kan opgaan (Hoffer 1992:77). Indien 'n mens egter onrein is deur byvoorbeeld die aanwesigheid van רִיחַ op jou liggaam, kan jy die tempel nie ingaan nie, net soos hulle, wat as ballinge in 'n afgeleë land sit, nie na die tempel toe kan gaan nie (Hoffer 1992:77). Tereg merk Hoffer op dat Jesaja 38:21 en 22 so beskou in hul huidige konteks, begin sin maak (1992:77).

Vye is in die Ou Nabye-Ooste as medikasie gebruik (Wildberger 1982:1454) en lyk hier baie gewoon teenoor die buitengewone teken van vers 8. Die genesing word egter steeds gesien as die werk van Jahwe. Vers 22 sluit dan die berig van Hiskia se siekte af deur die klem op sy vroomheid te laat val (Watts 1987:53). So vorm verse 21 en 22 'n logiese afsluiting vir die verhaal.

HOOFSUK 7

DETAILEKSEGESE VAN JESAJA 39

7.1 INLEIDING

Die detaileksegetiese deel van die onderhawige studie word vervolgens voortgesit met die behandeling van Jesaja 39. Hierdie hoofstuk van die studie sluit dus by die voorafgaande een aan. Die verdeling van die detaileksegeese in twee hoofstukke is om twee redes gedoen. Aan die een kant is dit praktiese, aangesien die bespreking van die detaileksegeese in slegs een hoofstuk so 'n hoofstuk te lank sal maak. Aan die ander kant is dit wat in Jesaja 39 vertel word 'n verhaal op sy eie, wat alleen maar op verskillende maniere aan Jesaja 38 gebind word.

7.2 JESAJA 39:1 EN 2

7.2.1 TEKSKRITIESE NOTAS EN LEKSIKALE AANGELEENTHEDE

- a) Soos *codex Leningradensis B 19^A*, lees die MT ook אהה, maar baie ander Hebreuse manuskripte asook 1QIsa^a lees die meer verwagte אהה. In die lig van die uitgangspunt omtrent wysigings aan die MT, word die MT se lesing gehandhaaf. In sy bespreking van die *pronomina demonstrativa* sê Gesenius in sy Hebreuse Grammatika dat זה (vr. זה) byna altyd dui op 'n nuwe persoon of saak, terwyl הוא (vr. היא) gewoonlik verwys na 'n persoon of saak wat reeds bekend is (Cowley 1980:442). So 'n standpunt sou dus daarop dui dat Jesaja 38 en Jesaja 39 deur die redaktor(s) met mekaar in verband gebring word.
- b) Dit is interessant om daarop te let dat waar sowel die MT as 1QIsa^a die Babiloniese koning se naam as מרודך skryf, dit in die ooreenstemmende teks in 2 Konings 20:12 מרודך gespel word. Die Akkadiese naam is *Marduk-apal-iddina*, en dit kan vertaal word met “Marduk het my 'n erfgenaam gegee” (Roux 1992:311). Die MT en 1QIsa^a verskil egter oor die skryf van die tweede deel van die koning van Babel se naam. Die MT lees בלאך, terwyl 1QIsa^a בלאך lees. In albei gevalle word die MT se lesing gehandhaaf.

- c) Daar is 'n Hebreuse manuskrip wat סופרים in plaas van die MT se ספרים lees. Laasgenoemde verwys na 'n brief, geskrewe boodskap of dokument, hier uit die aard van die saak in die meervoud, terwyl eersgenoemde die betekenis van “skrywers” dra. BHS stel voor dat dit na ספרים verander word (vgl. die Akkadiese *šapīru*) sodat dit as “boodskappers” of “gesante” vertaal kan word. Die LXX voeg nog καὶ πρέσβεις by, sodat dit “briewe en gesante en geskenke” lees. Hoewel Duhm (1968:284) en andere die voorstel steun, is daar myns insiens geen dwingende getuienis om die teks te wysig nie. Die stuur van briewe dui tog op Merodag-Baladan se persoonlike betrokkenheid, terwyl dit tog vanselfsprekend is dat briewe saam met boodskappers gestuur sal word.
- d) BHS stel voor dat ons saam met 2 Konings 20:12 en vele weergawes כִּי שָׁמַע “want hy het gehoor” sal lees. Daar is geen dwingende rede om so 'n verandering te maak nie, dus word daar volstaan met die MT.
- e) 1QIsa^a lees וַיִּהְיֶה en dit kom ooreen met Jesaja se orakel in Jesaja 38:1. 2 Konings 20:12 meld egter nie Hiskia se genesing nie en impliseer dat die besoek gedurende sy siekte plaasgevind het.
- f) Jesaja 39:2 begin met וַיִּשְׁמַח “en hy was bly”, terwyl die weergawe in 2 Konings met וַיִּשְׁמַע “en hy het gehoor” begin. Die LXX lees hier καὶ ἐχάρη

... χαράν μεγάλην, wat ons kan vertaal met iets soos “en hy het gejuig met groot blydskap”.

- g) 1QIsa^a, sommige Hebreuse manuskripte en 2 Konings 20:13 voeg die voorsetsel כל־ by ביה, met ander woorde “hele huis”.
- h) Wildberger (1982:1470) wys daarop dat Dahood כליו ביה nie as “wapenhuis” vertaal nie, maar eerder as “wynkelder”. Wildberger is van mening dat daar geen gronde vir so ’n interpretasie is nie en wys dit onomwonde af.

7.2.2 VERTALING

39 ¹In daardie tyd het Merodag-Baladan, seun van Baladan, koning van Babel, briewe en ’n geskenk na Hiskia gestuur. En hy het gehoor dat hy siek was en herstel het.

²En Hiskia was bly oor hulle en hy het hulle sy skathuis laat sien; die silwer en die goud en die speserye en die goeie olie en sy hele wapenhuis en alles wat te vind was in sy skatkamers. Daar was nie ’n ding in sy huis en in sy hele ryk wat Hiskia hulle nie laat sien het nie.

7.2.3 TEKSTUELE GEGEWENS

Soos wat die geval met Jesaja 38 is, vorm ook Jesaja 39 'n geslote eenheid wat as 'n narratiewe teks getipeer kan word. Blenkinsopp (2000:487) noem dit die “derde en laaste episode” van die verhaal wat in Jesaja 36 begin het. Deur die vermelding van koning Hiskia se siekte en genesing word hierdie verhaal weer losweg aan Jesaja 36-38 gebind (Kilian 1994:215). Terselfdertyd word dit ook op dié wyse met die gebeure rondom 701 vC verbind (Kilian 1994:215). Die aanduiding *בְּעַד הַהֲרָא* bied ons egter geen hulp met die werklike datering van die gebeure wat volg nie. Uit die Assiriese en Babiloniese annale weet ons egter dat Merodag-Baladan aanvanklik elf jaar (721-710 vC) in Babel regeer het (Roux 1992:311-312) en dat hy, met onder meer hulp van Elam, teen Sargon II in opstand gekom het. Sargon II maak in dié verband die volgende opmerkings:

“Merodach-baladan, son of Iakin, king of Chaldea, seed of a murderer, prop of a wicked devil, who did not fear the lord of lords, put his trust in the Bitter Sea, with its tossing waves, violated the oath of the great gods and withheld his gifts. Humbanigash, the Elamite [here Sargon’s scribes err since this ruler had died in 717; see *ABC* 74], he brought to his aid and all of the Sutu, desert folk, he caused to revolt against me; he prepared for battle and made straight for Sumer and Akkad” (*ARAB* II§ 66) (Hayes & Hooker 1988:76).

Hoewel die Assiriese bronne van die teendeel getuig, het Sargon II volgens die Babiloniese getuienis nie kon hond haaraf maak teen hierdie Oosterse koalisie nie en het Merodag-Baladan tot in 710 vC in Babel regeer (Bright 1981:280). In 710 vC is hy egter uit Babel verdryf en was Sargon II toe koning van Assirië en Babel (Hayes & Hooker 1988:78). Met Sargon II se dood het Merodag-Baladan egter, en weer met hulp van Elam, die troon in Babel beset. Eers in 702 vC kon Sanherib, Sargon II se opvolger, hom finaal van die troon verdryf (Roux 1992:321).

Die besoek van 'n Babiloniese afvaardiging aan Hiskia waarvan hier in Jesaja 39:1 vertel word, kon in enige van die twee regeringstye van Merodag-Baladan plaasgevind het. Hy was immers knaend in konflik met sy Assiriese bure en pogings tot koalisievorming, selfs in Siro-Palestina, sou sy kanse teen Assirië kon bevorder. Galil (1996) sluit aan by die meerderheidstandpunt onder navorsers en plaas die besoek uit Babel gedurende om en by 712-710 vC.

Die standpunt wat die besoek gedurende Merodag-Baladan se tweede regeringstyd plaas, kan egter ook korrek wees. Hiskia was gedurende dié tyd oënskynlik 'n baie sterker bondgenoot as wat die geval in 712-710 vC was (Donner 1986:324-325) en kon Babel gedurende 703-702 vC dus heelwat meer bied.

Indien ons egter aanvaar, soos in Hoofstuk 4 betoog, dat Hiskia in 699 vC oorlede is met inagneming daarvan dat daar vyftien jaar by sy lewe gevoeg is (Jesaja 38), dan lyk dit inderdaad of die besoek gedurende Merodag-Baladan se eerste regeringstyd

plaasgevind het. Ons moet ook in ag neem dat so 'n vroeër datum min of meer saamval met die troonverwisseling, wat die Assiriërs ook enigsins swakker sal laat.

Wat ook al 'n bepaalde navorser se standpunt mag wees, byna almal is dit eens dat Jesaja 39 kronologies vóór die beleg van Jerusalem deur koning Sanherib se magte en dus voor Jesaja 36 en 37 tuishoort. Soos Delitzsch (1975:124) tereg daarop wys: hoe kon Hiskia gespog het met al sy wapentuig en skatte indien hy reeds so 'n swaar belasting aan Sanherib moes betaal?

Ons is nie seker wie die Baladan is van wie Merodag 'n seun was nie. Oswalt (1986:694) meen dat sy pa moontlik die *Marduk-apalidina*, na wie die Assiriese koning Tiglat-Pileser III verwys, kan wees. Alles dui egter daarop dat Merodag-Baladan 'n prins was van *bīt yakin*, wat behoort het aan een van die Chaldese stamme uit die suide van Babilonië (Kaiser 1980:409).

In 'n artikel bespreek Begg (1989:121-125) die rol wat Babilonië in die boek Jesaja speel en dan meer spesifiek met verwysing na Jesaja 13-23, 36-39 en 40-48. Met verwysing na Jesaja 39 sê Begg (1989:123) dat dié hoofstuk dien om die fokus te verskuif van die verhouding Israel-Assirië na Israel-Babilonië. Op dié wyse dien dit ook as brug tot Jesaja 40 en dit wat daarop volg. So 'n standpunt versterk die argument dat Jesaja 39 uit sy historiese konteks geneem en juis hier geplaas is. Deur dit hier te plaas en nie waar dit histories beter in die verhaal inpas nie, word die leser



voorberei op Jesaja 40 e.v. waar Babilonië in die plek van Assirië op die voorgrond tree.

Begg (1989:124-125) wys verder daarop dat Babilonië in Jesaja baie meer negatief ervaar en geteken word, terwyl dit in boeke soos Jeremia, Esegïel en andere weer baie meer neutraal hanteer word. Dit kan vir die Babiloniese redaksie van Jesaja dui op 'n tyd baie naby aan die oorgawe van Babel aan Kores. Op hierdie tydstip sou Joodse sentimente jeens Babel op sy hewigste wees (Begg 1989:124-125). Hoewel die verhaal in Jesaja 39 afspeel gedurende die tyd wat Assirië die wêreldheersers was, word dit dus moontlik hier vertel vanuit 'n eksiliese en moontlik selfs 'n na-eksiliese perspektief.

Soos Oswalt (1986:694) in verband met Jesaja 39:2 tereg opmerk, is dit te verstane dat daar by die Judeërs opgewondenheid sou wees oor 'n besoek van Babel se kant af. Hiskia sou, ongeag die presiese datum van so 'n besoek, altyd ondersteuning teen Assirië, wat die aard daarvan ook al mag wees, verwelkom het. Enige opstand teen Assirië sou die druk op hom verlig het (Watts 1987:66).

Die teks dui nie pertinent aan dat dit hier gaan om 'n potensiële politieke bondgenootskap nie; tog meen die meeste navorsers dat die wys van skat- en wapenkamers daarop dui dat dit nie net 'n gewone welwillendheidsbesoek was nie. Vanuit 'n Babiloniese perspektief was Juda waarskynlik nie militêr gesproke 'n groot bondgenoot nie, maar eerder in die sin dat Juda die Assiriese koning se aandag kon

aftrek terwyl Merodag-Baladan sy posisie in Mesopotamië kon verstewig. Clements (1980a:295) meen dat die klem op die koninklike skatte die *post eventum* aard van die profesie wat in verse 6 en 7 volg, aandui. Ons kan dus nie aan die ontstaan van die teks dink asof dit voor 598 vC¹²³ reeds in sy huidige vorm bestaan het nie.

Wat opvallend in Jesaja 39 is, is dat indien ons aanvaar dat dit hier in vers 2 wel gaan om 'n moontlike politieke alliansie, so 'n alliansie lynreg in stryd was met die waarskuwings teen sulke alliansies vroeër in Jesaja, terwyl dit ook 'n ander beeld van koning Hiskia skep as wat die geval met Jesaja 36-38 is.

7.3 JESAJA 39:3 EN 4

7.3.1 TEKSKRITIESE NOTAS EN LEKSIKALE AANGELEENTHEDE

- a) 2 Konings 20:14 lees nie, soos Jesaja 39:3 אֱלִי “na my” nie. Die Jesaja-lesing word egter gehandhaaf aangesien dit by die vraag aan koning Hiskia pas en daar geen ander rede is om te vermoed dat dit 'n *glosse* is nie.
- b) Wat 39:4 betref, voeg die LXX die eienaam Ἡσαίας tussen אֱלִי en מֶלֶךְ in, maar daar is geen rede om so 'n verandering aan die MT aan te bring nie. Uit die

¹²³ Later meer oor die datums 598vC en 587/586vC.

konteks is dit immers duidelik dat die profeet Jesaja koning Hiskia se gespreksgenoot is.

7.3.2 VERTALING

³En Jesaja die profeet het by koning Hiskia gekom en hy het vir hom gevra: “Wat het hierdie manne gesien en van waar af het hulle na jou toe gekom?” En Hiskia het geantwoord: “Uit ’n ver land het hulle na my toe gekom, uit Babel uit.”

⁴En hy vra: “Wat het hulle in jou huis gesien?” En Hiskia antwoord: “Alles wat in my huis is, het hulle gesien. Daar is niks in my skatkamers wat ek hulle nie laat sien het nie.”

7.3.3 TEKSTUELE GEGEWENS

Opvallend in Jesaja 39:3 is weer eens die profeet se gemaklike toegang tot die koning. Hy word nie genooi nie, Jesaja meld homself sommer aan. Eichrodt (1967:268) meen dat Jesaja 39:3 e.v., soos ook Jesaja 37:1-4, moontlik op ’n bepaalde mate van spanning kan dui wat daar tussen Jesaja en Hiskia geheers het. Blenkinsopp (2000:488-489) argumenteer ook ten gunste van ’n ondertoon van spanning tussen profeet en koning. Dit versterk die vermoede van ’n Deuteronomistiese redaksie wat die koning iewers in die verloop in ’n positiewe lig wil stel, veral soos blyk uit die

uitdrukking מארץ רחוקה “uit ’n ver land” wat slegs deur Deuteronomistiese skrywers gebruik word (Blenkinsopp 2000:489).

Die besoek aan die koninklike hof in Jerusalem deur ’n afvaardiging van ’n vreemde moondeid laat dus verdere vrae ontstaan oor die beeld wat die tradisie van Hiskia geskep het. Was hy regtig so ’n vroom, gehoorsame koning soos die tradisie wil voorgee? In watter mate is sy optrede anders as dié van sy voorganger, Agas, wat ook op ’n vreemde moondeid vertrou het? Kilian (1994:216) wys dan ook tereg daarop dat die beeld wat ons in Jesaja 39 van Hiskia het nie volledig klop met die beeld van hom in Jesaja 36-38 nie. In hoofstukke 36-38 word hy telkens geteken as ’n koning wat op Jahwe vertrou. In Jesaja 39 roem hy egter in homself (Kilian 1994:216).

In sy antwoord is koning Hiskia aanvanklik vaag oor die besoekers se land van herkoms: מֵאֶרֶץ רְחוֹקָה בָּאוּ.¹²⁴ Wildberger (1982:1477) meen dat koning Hiskia deur hierdie opmerking moontlik by die profeet die indruk wou laat dat die besoek eintlik ’n onbeduidende besoek was. Aan die ander kant vra Oswalt (1986:695) weer of die antwoord nie moontlik kan sinspeel op Josua 9, waar alliansies met ver lande as toelaatbaar voorgestel word nie. Indien laasgenoemde standpunt as geldig beskou word, kan verstaan word hoekom Hiskia se verhouding met die Babiloniërs as sodanig nie te skerp veroordeel word nie, maar eerder sy gespog. Ek wil egter aansluit by Ackroyd (1974:338-339), wat van mening is dat die uitdrukking

¹²⁴ “Uit ’n ver land het hulle gekom...”



eerder op die Babiloniese ballingskap sinspeel. Tereg waarsku hy daarteen dat 'n mens te veel inlees in 'n enkele sin of frase, maar toon dan met talle teksverwysings uit ander profetiese literatuur oortuigend aan dat die uitdrukking “'n ver land” dikwels op ballingskap dui (Ackroyd 1974:338-339).

Op 'n vraag van die profeet Jesaja, kom koning Hiskia met die hele sak patats vorendag (Jes. 39:4). Hy het hulle alles laat sien. Die כָּל en לְאֵלֵינוּ beklemtoon die feit dat Hiskia die gesante uit Babel alles laat sien het. Die herhaling van die feit dat die Babiloniese afvaardiging “alles” gesien en dat daar niks is wat koning Hiskia hulle nie laat sien het nie, sowel hier as in Jesaja 39:6, laat my vermoed dat dié saak sterk betekenis dra. In aansluiting by Ackroyd (1974:341) sien ek hierin 'n verdere antisipasie van die Babiloniese ballingskap.

As versterking van sy argument, wys Ackroyd (1974:339) dan verder daarop dat die vermelding van die feit dat hulle alles “gesien” het, 'n dieper betekenis het. Hy wys daarop dat die werkwoord הִנֵּה vyf keer in die verse voorkom. Met verwysing na Deuteronomieum 34:1-4 wys Ackroyd (1974:339-341) daarop dat so 'n “sien” op uiteindelijke besitname van dit wat gesien word, kan dui. Die feit dat Jahwe dan in vers 6 deur sy profeet aankondig dat alles wat daar in die koning se besit is na Babel weggevoer sal word, versterk Ackroyd se argument. Deur die Babiloniese gesante alles te laat sien, het Hiskia effektief al die besittings van Juda aan Babel oorhandig in antisipasie van die ballingskap (Ackroyd 1974:341). Hoewel die katastrofe tot die

toekoms behoort, bevestig die “sien” van “alles” eintlik reeds die onafwendbaarheid van die ballingskap en dat dit alles in die hand van Jahwe is.

As ’n laaste gedagte dien vermeld te word dat hierdie gedeelte die feit wil bevestig dat ook Hiskia maar net ’n mens was en dus ook foute kon maak. Vertroue in Jahwe is nie ’n towerstaffie wat alleen maar in tye van krisis gebruik kan word nie - vertroue in Jahwe is ’n lewenstyl (Oswalt 1986:693). Dit moes die koning en uiteindelik die volk leer.

7.4 JESAJA 39:5-7

7.4.1 TEKSKRITIESE NOTAS EN LEKSIKALE AANGELEENTHEDE

- a) In 2 Konings 20:16 ontbreek die woord צבֹאֲרוֹת “leërskare”. 1QIsa^a en die LXX ondersteun egter die MT se lesing.
- b) Terwyl die MT die enkelvoudsvorm וְנִשָּׂא “weggevoer word” het, vind ons in 1QIsa^a die meervoudsvorm וְנִשְׂאוּ. Weer eens sit ons hier met twee verskillende tekstradisies wat so ’n geringe verskil heel verklaarbaar maak. Indien die MT verander sou word om ook ’n meervoudsvorm te lees, sou dit nie veel verandering ten opsigte van die vertaling, interpretasie en die betekenis van die teks teweegbring nie. Die MT se lesing word dus gehandhaaf. In die 2 Konings-

weergawe word כבל met die הָ agteraan geskryf. Ook hier is egter geen wysiging nodig nie (vgl. Wildberger 1982:1470).

- c) 1QIsa^a lees ממעיכה “uit jou lendene”, terwyl die MT eenvoudig ממך “uit jou” het. Wildberger (1982:1470-1471) wys egter tereg daarop dat daar geen rede is om die MT te wysig nie. Soos die vers tans daaruit sien, is dit duidelik verstaanbaar.

7.4.2 VERTALING

⁵Toe sê Jesaja vir Hiskia: “Hoor die woord van Jahwe van die leërskaer:

⁶Kyk, daar kom dae dat alles wat in jou huis is en wat jou vaders bymekaar gemaak het tot vandag toe, weggevoer sal word na Babel toe. Nie ’n ding sal oorbly nie, sê Jahwe.

⁷En van jou seuns wat uit jou sal voortkom, wat jy sal verwek, sal hulle neem en hulle sal hofdienaars wees in die paleis van die koning van Babel.”

7.4.3 TEKSTUELE GEGEWENS

Volgens Kaiser (1980:408) word die funksie van Jesaja 39 in verse 5-7 aan die orde gestel. Die brug na Deuterojesaja word geslaan. Die rede vir die plundering van die Judese paleis, die tempel en die stad Jerusalem, asook die deportasie van die Dawidiese koningshuis en ander Judeërs deur Nebukadneser, word in Jesaja 39:5-7

alles teruggevoer na 'n insident in die lewe van koning Hiskia en die gevolglike oordeel van Jahwe wat deur die profeet Jesaja aangekondig is (Kaiser 1980:409). Kilian (1994:216) meen verder dat hierdie verhaal die profeet Jesaja se legitimiteit as ware profeet bevestig.

Die oordeelsaankondiging wat in verse 6 en 7 volg, word hier in vers 5 voorafgegaan deur 'n formule wat aan die inleiding van 'n profetiese boodskap herinner (Clements 1980a:295). Hier word geen motivering vir die oordeel oor die koninklike skatte en nageslag van Hiskia gegee nie. Terwyl Clements (1980a:295) meen dat die geïmpliseerde rede die vertoon van die skat- en wapenkamers is, wys Oswalt (1986:696) daarop dat dit nie gaan om die vertoon by dié betrokke geleentheid nie. Die wys van die skat- en wapenkamers is dus nie die oorsaak nie, maar eerder 'n voorbeeld van Israel se optrede in die algemeen. Die sonde lê daarin dat Hiskia se optrede tipies van 'n koningshuis en volk is wat 'n verwaande gesindheid openbaar, terwyl hulle glad nie op Jahwe vertrou nie (Oswalt 1986:696).

Sou 'n mens kon sê dat daar in hierdie teks 'n stuk goddelike ironie steek (Widyapranawa (1990:262)? In Jesaja 39:1 en 2 verneem ons van 'n Babiloniese afvaardiging wat deur Hiskia met ope arms verwelkom word en aan wie hy alles wys wat in sy huis is. Nou kom die profeet Jesaja met 'n woord van Jahwe af: alles wat in sy huis is, sal na Babilonië toe weggevoer word. Daar sal niks oorbly nie!

'n Belangrike vraag is: na watter geleentheid verwys hierdie deportasie? Is dit dié van 598 vC of dié van 587 vC? Watts (1987:66) meen dit verwys na 598 vC, en Blenkinsopp (2000:488) interpreteer 2 Konings 24:10-17 ook so dat Jesaja 39:6 en 7 na die gebeure van 598 vC verwys. Wildberger (1982:1478) reken weer dat dit die gebeure van 587 vC op die oog het en dan onder meer op grond van die verwysing in 2 Konings 25:13. So wys Beuken (1999) ook op 587 vC as moontlike datum, maar meld dan tereg dat dit nie vir die navorser van vandag moontlik is om 'n klinkklare antwoord op die vraag te bied nie. Persoonlik meen ek dat dit die gebeure van 587 vC op die oog het. Daar word tog by meer as een geleentheid gesê dat Hiskia die Babiloniese gesante “alles” gewys het en dat hulle “alles” gesien het. Alles is nie reeds met die eerste beleëring van Jerusalem in 598 vC weggevoer nie. Daarby meen ek dat die vroeëre verwysing na die Judeërs se houding jeens Babel (vgl. die bespreking van Jesaja 39:1 en 2) eerder nader aan 587 vC as 598 vC sal staan.

Selfs Hiskia se nageslag sal weggevoer word. Erger nog: hulle sal in die hofhouding van die koning van Babel dien! Sommige navorsers, byvoorbeeld Oswalt (1986:697), vertaal סרִי־סִים as “eunugs”, wat beteken dat Hiskia se nageslag ontman sal word, sodat hulle nie meer hulle eie denke of gesag sal hê nie, maar hulle heer se bevele slaafs sal navolg. So sal die huis van Dawid finaal tot 'n val kom en verneder word.

Beuken (1999) wys egter daarop dat Jesaja 39:7 eerder as 'n interpolasie gesien moet word. Hy wys daarop dat Jesaja 39:6 met die bekende slotformule אֲמַר יְהוָה eindig en dat, terwyl die profesie betreffende die verwydering van sy besittings op die

oortreding wat koning Hiskia begaan het rus, dit nie die geval is wat betref die deportering van sy nageslag nie (Beuken 1999). Beuken meen dat die redaktor(s) dit gewoon hier bygevoeg het ter wille van die volledige gebeure en sluit sodoende aan by 2 Konings 24:12-16 en 25:11-17, wat verwys na die gebeure in 597 vC en 587 vC, waartydens sowel die koning se besittings as sy nageslag na Babilonië weggevoer is.

7.5 JESAJA 39:8

7.5.1 TEKSKRITIESE NOTAS EN LEKSIKALE AANGELEENTHEDE

- a) 2 Konings 20:19 lees הֲלוֹא אִם “waarom dan nie, as” in plaas van Jesaja 39:8 se כִּי “want”, terwyl die woordorde verskil van Jesaja 39:8 sodat יְהוָה “sal wees” volg op רִאמָה “bestendigheid”. Die MT se lesing word egter hier gehandhaaf. Dit is tog interessant om daarop te let dat die LXX רִאמָה vertaal het met δικαιοσύνη “geregtigheid”.

7.5.2 VERTALING

⁸Toe sê Hiskia aan Jesaja: “Die Woord van Jahwe wat u gespreek het, is goed.

En hy sê: Want daar sal vrede en bestendigheid in my dae wees.”



7.5.3 TEKSTUELE GEGEWENS

In hierdie vers word daar weer iets van Hiskia se vroomheid sigbaar: hy aanvaar die uitspraak van Jahwe sonder teenspraak. Hy onderwerp hom gewillig aan die wil van Jahwe (Watts 1987:66). Met ander woorde Hiskia word, in ooreenstemming met Jesaja 36-38, weer eens geteken as die toonbeeld van 'n vroom, regverdige koning wat op Jahwe vertrou (Beuken 1999). Die vraag is egter of iets van Soggin se oordeel oor Hiskia nie hier bevestig word nie.¹²⁵ Hiskia is alleen maar begaan oor sy eie belange. Solank sy eie persoonlike heerskappy onaangeraak deur die nasionale krisis gelaat word, is hy tevrede.

Tereg wys Oswald (1986:697) daarop dat daar nie eenstemmigheid onder geleerdes is oor die interpretasie van Jesaja 39:8 nie. Word Hiskia hier in 'n positiewe of 'n negatiewe lig gestel? Die meerderheid skyn te meen dat dié vers hom hoofsaaklik in 'n positiewe lig stel. Na die oordeelsaankondiging van Jesaja 39:5-7, word die positiewe beeld van die koning as't ware weer in Jesaja 39:8 gehandhaaf (Beuken 1999). So kon hy vir latere geslagte as 'n voorbeeld van vroomheid voorgehou word (Sweeney 1996:510).

Uit die aard van die saak is dit duidelik dat Hiskia nederig dankbaar is dat God se oordeel uitgestel sal word en hom nie persoonlik sal tref nie. Is dit egter nie maar net 'n tipies menslike reaksie van Hiskia se kant af nie? Hy is verlig: ten minste gaan hy

¹²⁵ In 4.3 word Soggin se negatiewe oordeel oor Hiskia en sy nalatenskap kortliks vermeld.

wat Hiskia is God se oordeel vryspring. Oor die lot van sy nageslag is hy nie té bekommerd nie; ten minste sal hy gespaar word. Vergelyk dit byvoorbeeld met sy reaksie toe hy weens siekte in lewensgevaar verkeer het (Jesaja 38).

Oswalt (1986:697) meen dat dit die leser daarop wys dat Hiskia toe nie die “beloofde kind” was nie. Hy is nie sonder foute en tekortkominge nie en daarom kan Juda se hoop nie op hom gevestig wees nie. Hy is nie die een wat sou kom nie. Hulle vertrou moet in God en in Hom alleen gesetel wees. Ja, Hiskia se lewe het sonder twyfel gewys dat Jahwe vertrou kan (moet) word. Dit wys egter ook dat ons nie op ’n mens, goed of sleg, kan vertrou nie, maar op God alleen (Oswalt 1986:697).

7.6 DIE WAARDE VAN HIERDIE DETAILEKSEGETIESE STUDIE EN DIE BYDRAE DAARVAN TOT DIE EKSEGETIESE PROSES

Soos wat die geval was met die historiese deel van hierdie studie (Hoofstukke 3 & 4) is dit nodig om nou te vra na die bydrae van die literêre deel van hierdie studie (Hoofstukke 5, 6 & 7) tot die eksegetiese proses in die algemeen, maar dan met

spesifieke toepassing op die onderhawige studie. Van die belangrikste bydraes gaan kortliks toegelig word.

'n Eerste belangrike saak wat na vore gekom het, is dat hoewel Jesaja 36-39 'n duidelik afgebakende eenheid vorm, dit tog uit drie afsonderlike verhaaleenhede bestaan wat heel moontlik aanvanklik onafhanklik in omloop was (vgl. ook Hayes & Irvine 1987:372). As argumente kan daar byvoorbeeld gewys word op die inleidingsformules in Jesaja 38:1 en Jesaja 39:1. Daarby vorm elkeen van die drie verhaaleenhede in Jesaja 36-39 afsonderlik 'n logiese, geslote eenheid wat goedsikks selfstandig kan funksioneer. Daar is egter duidelike merkers in die teks, soos in hierdie studie uitgewys (vgl. ook Hoofstuk 5), wat aandui dat die finale redaktor(s) se bedoeling was dat die drie verhaaleenhede nou as 'n eenheid gelees moet word.

Tweedens dien dit net vermeld te word dat die resultate van die historiese ondersoek deur die literêre ondersoek bevestig is, naamlik dat die opeenvolging van gebeure, soos dit in Jesaja 36-39 aangebied word, eerder teologies as kronologies geïnterpreteer moet word. Die redaktor(s) het, na my oordeel, doelbewus die historiese orde ter wille van sy/hul eie oogmerke omgekeer. Die kronologiese volgorde van die huidige verhaal behoort soos volg te lees: Jesaja 38, Jesaja 39 en dan Jesaja 36-37.

In die derde plek het die detaileksege belangrike motiewe in Jesaja 38 en 39 na vore gebring, wat 'n bydrae in die vasstelling van die funksie en boodskap van Jesaja 36-39 kan lewer. So is daar byvoorbeeld Hiskia se siekte en herstel in Jesaja 38, wat ek probeer interpreteer het as sowel 'n historiese gebeure, as 'n gebeure wat hier vertel word ter wille van 'n teologiese motief, en dan spesifiek as metafoor vir Juda se ballingskap en herstel (Hoofstuk 6).

Dan kan die verskuiwing van Assirië as huidige bedreiging (Jes. 36-38) na Babilonië as toekomstige bedreiging (Jes. 39) nie misgekyk word nie; so ook die verwysing na Babel en dan spesifiek as 'n “ver land” (Jes. 39:3), wat kan dui op die ballingskap. Hierby kan nog die verwysing na Merodag-Baladan se gesant wat “alles gesien” het gevoeg word en die moontlikheid dat die beklemtoning deur herhaling van dié twee woorde op die ballingskap kan dui.¹²⁶ Kortliks, is dit duidelik dat, soos die historiese deel van hierdie studie (diakronies), ook die literêre deel van hierdie studie (sinkronies), belangrike bydraes tot 'n beter verstaan van die teks onder bespreking lewer. Daarby word talle resultate oor en weer in die twee benaderings bevestig.

¹²⁶ Vergelyk in besonder Ackroyd (1974) se baie insiggewende artikel in dié verband.

7.7 DIE WAARDE VAN DIE DIAKRONIESE ÉN SINKRONIESE PROSES – WAAR LAAT DIT DIE LESER NOU?

7.7.1 TERUG NA DIE GESKIEDENIS

Noudat die teks vanuit 'n literêre perspektief ondersoek is en dié perspektief, soos die historiese perspektief, daarop dui dat Jesaja 38-39 eerder 'n teologiese¹²⁷ as historiese funksie het (Childs 1983:326), volg dit logies dat daar gevra sal word na wie die gehoor was vir wie hierdie teks se teologiese funksie besondere betekenis sou dra. Anders gestel, wie sou die uiteindelijke hoorders van Jesaja 38-39 in sy huidige vorm en posisie kon wees? Ter wille van 'n duideliker motivering van die vraag, word die eksegetiese pad tot nou toe oorsigtelik in herinnering geroep.

Die teks, te wete Jesaja 36-39, is 'n eerste keer gelees. Met die deurlees daarvan het die teks die leser verplaas na gebeure wat in die agste eeu vC in die Ou Nabye Ooste afgespeel het. Hierdie historiese konteks is ernstig geneem deurdat daar aan die hand van sowel primêre as sekondêre bronne gepoog is om die genoemde historiese konteks te rekonstrueer (Hoofstukke 3 en 4). Met hierdie historiese konstruksie as agtergrond, is daar teruggegaan na die teks toe en is dié vanuit 'n literêre perspektief in detail geëksegetiseer (Hoofstukke 5, 6 en 7).

¹²⁷ Uit die aard van die saak word “teologie” hier in 'n sekere sin anakronisties gebruik. Dit word egter gedoen weens die gebrek aan 'n beter benaming.

Beide die historiese én die literêre perspektief het aan die lig gebring dat daar belangrike teologiese motiewe in die teks opgesluit lê en dat hierdie teologiese motiewe teen die agtergrond van 'n bepaalde tydvak in die geskiedenis van Juda verstaan behoort te word. Beide perspektiewe het verder aan die lig gebring dat die ontvangers van die boodskap van Jesaja 38-39 in sy huidige posisie en vorm nie koning Hiskia of die mense van Juda uit die agste eeu vC was nie.

Hieruit behoort dit duidelik te wees dat soos die historiese ondersoek die leser teruglei na die teks, die literêre ondersoek die leser weer terugneem na 'n historiese konteks, alhoewel nou egter die historiese konteks wat deur die teks geïmpliseer word. Dit wil sê, die vraag wat in die volgende hoofstuk aan die orde kom, is die vraag na die geïmpliseerde historiese konteks van Jesaja 38 en 39. Ons sou ook kon sê dat dit die vraag is na die geïmpliseerde hoorders van Jesaja 38 en 39. Wie is diegene tot wie Jesaja 38 en 39 in sy finale vorm en posisie gerig is? Wat was die omstandighede tot wie die boodskap van die teks sou spreek? Op hierdie en soortgelyke vrae gaan daar vervolgens gepoog word om antwoorde te bied.

7.7.2 DIE NA-EKSILIESE GEMEENSKAP IN JERUSALEM AS MOONTLIKE GEHOOR VIR JESAJA 38-39

Die vraag na die moontlike gehoor van Jesaja 38 en 39 bring die *Redaktionsgeschichtliche Fragestellung* van die boek Jesaja binne die navorser se

gesigsveld. Dit verg geen besondere kennis van die boek om te beseef dat die redaksionele en komposisionele geskiedenis van Jesaja 'n heel komplekse en ingewikkelde saak is nie. Byna elkeen wat hom/haar besig hou met die boek Jesaja verwys daarna.¹²⁸ Die skryf van 'n eie *Redaktionsgeschichte* van óf die boek Jesaja óf 'n deel daarvan was egter nooit die bedoeling van hierdie studie nie en gaan ook nie nou aangepak word nie. Trouens, die redaksiegeskiedenis van Jesaja regverdig sonder twyfel 'n studie wat slegs op daardie aspek fokus en niks meer nie. Selfs die skryf van 'n oorsig van resultate wat die redaksiegeskiedenis net tot dusver betref, sal reeds heelwat ruimte in beslag neem.

In hierdie studie val die klem op die historiese en literêre dimensies van Jesaja 38 en 39 en daar gaan met hierdie twee aspekte volstaan word. Daar moet egter wel van die resultate van die *Redaktionsgeschichtliche Fragestellung* kennis geneem word, omrede daar in die beantwoording van die vraag na die uiteindelijke gehoor van Jesaja 38 en 39 ten minste vanuit 'n bepaalde vooronderstelling ten opsigte van die *Redaktionsgeschichte* van die boek Jesaja uitgegaan sal word. In die opsig vind ek Sweeney (1996) se bondige opmerkings bruikbaar deurdat dit die belangrikste standpunte in die huidige *Redaktionsgeschichtliche* debat verreken.

Sweeney (1996:51) stel die nou reeds oor bekende en algemeen aanvaarde standpunt onder Jesajanavorsers oor die ganse metodologiese spektrum, naamlik dat hoewel die boek Jesaja ditself aanbied as 'n enkele literêre werk, detailstudies aan die lig gebring

¹²⁸ Vergelyk byvoorbeeld net vir Clements 1985:98 en Darr 1994:225.

het dat dit 'n saamgestelde werk is met 'n redaksionele geskiedenis wat strek oor ten minste vier eeue. Hy onderskei vier groot fases in die redaksionele proses wat hy soos volg aandui, beginnende by die finale fase: (1) die finale vorm van Jesaja 1-66 wat gestalte gekry het teen die agtergrond van die grootskaalse hervormings onder Esra en Nehemia in die middel tot laat vyfde eeu vC;¹²⁹ (2) 'n laat sesde-eeuse redaksie van die boek in Jesaja 2-32; 34-55 en 60-62, wat gestalte gekry het teen die agtergrond van die terugkeer van ballinge uit die Babiloniese ballingskap na Jerusalem en die bou van die tweede tempel;¹³⁰ (3) 'n laat sewende-eeuse redaksie bestaande uit Jesaja 5-23; 27-32 en 36-37, wat ten doel gehad het om koning Josia van Juda se nasionale en godsdienstige hervormings te ondersteun¹³¹ en dan (4) verskeie tekste wat reg deur Jesaja 1-32 te vinde is wat teruggevoer kan word na die agste-eeuse profeet, Jesaja.¹³²

Belangrik is om daarop te let dat daar 'n groeiende aantal navorsers is wat nie meer aan Proto-, Deutero- en Tritojesaja dink as aanvanklik drie selfstandige versamelings, elk met 'n eie wordingsgeskiedenis, wat later deur een redaktor byeengebring is om een groot profetewerk te verteenwoordig nie¹³³. Rendtorff formuleer die groeiende konsensus in dié verband soos volg:

¹²⁹ Vergelyk ook Watts (1985:xxix-xxxii).

¹³⁰ Vergelyk byvoorbeeld Blenkinsopp (2000:87).

¹³¹ Vergelyk byvoorbeeld Barth (1977).

¹³² Vergelyk byvoorbeeld Kaiser 1984:222 ev.

¹³³ Vergelyk byvoorbeeld Zenger (1996:313-315) se bespreking van die *Entstehung* van Jesaja waarin hy ook kortliks aandag gee aan die nuutste gedagterigtings.

“... the book of Isaiah has not been composed by the combination of three independent “books”, but is a work with many strata and a lengthy history behind it” (Rendtorff 1985:200).

Hoewel alle navorsers nie met die detail van Sweeney se redaksionele rekonstruksie saamstem nie en selfs enkele fases mag weglaat, kombineer of byvoeg, verteenwoordig dit die huidige konsensus in die breë. So is daar ook al hoe meer stemme wat opgaan ten gunste van die siening dat die finale redaksie van Jesaja 1-66 bedoel was om die hervormings van Esra en Nehemia te steun (vgl. o.a. Sweeney 1996:51 en Koole 1997:37) en dat dit moontlik ’n uitbreiding op die sesde-eeuse redaksie was (vgl. o.a. Sweeney 1996:51 en Blenkinsopp 2000:87).

EKSKURSIE 4

JESAJA 36-39 EN 2 KONINGS 18-20

- WIE WAS EERSTE?

Dit is belangrik om by wyse van ’n ekskursie tog net die een en ander te sê oor een spesifieke saak wat verband hou met die *Redaktionsgeschichtliche Fragestellung* van die boek Jesaja wat nie hierbo bespreek is nie. Dit is naamlik die vraag na watter redaktor van Jesaja 36-39 en II Konings 18-20 by die ander een geleen het, indien hoegenaamd. Weer eens is dit ’n vraag wat in baie meer detail bespreek kan word, maar uit die aard van die onderhawige studie word die bespreking beperk tot hierdie ekskursie.

Aan die een kant is daar navorsers, soos byvoorbeeld Kaiser

(1980:367), Watts (1987:22) en Sweeney (1996:454) wat van mening is dat Jesaja 36-39 aan die verhaal van 2 Konings 18-20 ontleen is. Twee argumente wat Watts aanvoer ter ondersteuning van hierdie standpunt is dat Jesaja 15-22, in die eerste plek, reeds die regeringstyd van Hiskia behandel het en dan spesifiek ook Sanherib se beleg van Jerusalem in 701 vC (Watts 1987:22). Ten tweede voer hy aan dat die boek Jesaja 'n aantal belangrike aspekte betreffende Hiskia en sy regeringstyd geriefshalwe verswyg. Hierdie is alles dinge wat Konings wel vermeld en wat maak dat Jesaja en 2 Konings se beeld van Hiskia vol teenstrydighede is (Watts 1987:22).

Aan die ander kant is daar navorsers wat net weer die omgekeerde standpunt huldig, naamlik dat 2 Konings se weergawe aan die Jesajateks ontleen is. Gray (1970:677) en Oswalt (1986:700) kan hier as voorbeelde dien. Hoewel vanuit 'n ander perspektief, meen ek, sluit Deist by hierdie denkrigting aan. In 'n artikel oor profete in Israel wys hy daarop dat van die sogenaamde Skrifprofete slegs Jesaja deur beide Konings en Kronieke vermeld word. Hy voer sy argument verder en wys daarop dat indien 'n mens in ag neem dat 2 Konings 18-20 byna woordeliks ooreenstem met Jesaja 36-39, dat Jesaja volgens 2 Kronieke 32:32 sy eie verhaal oor Hiskia saamgestel het, dat so 'n verhaal inderdaad in Jesaja 36-39 voorkom, en dat 2 Kronieke 32 'n opsomming is van Jesaja 36-39 (2 Kron. 32:32) en nie van 2 Konings 18-20 nie, dit voor die hand liggend lyk dat die teks van Jesaja 36-39 eers later in die Koningsboek ingevoeg is om 'n lakune te vul (Deist 1990:79-80).

Wildberger slaan egter 'n ander weg in wanneer hy daarop



wys dat hoewel daar 'n groot mate van eenstemmigheid onder navorsers is dat die Hiskia-narratief nie oorspronklik is aan Jesaja nie, hy egter nie so seker is dat dit van 2 Konings, soos die algemene standpunt dit wil hê, afstam nie (Wildberger 1982:1370-1371). Hy meen eerder dat Jesaja 36-39 nóg Jesiaans, nóg oorspronklik van 2 Konings afkomstig is, maar dat albei genoemde boeke die Hiskia-narratief aan 'n derde bron ontleen (Wildberger 1982:1370-1371). Wildberger baseer sy standpunt onder meer daarop dat die 2 Konings-tek langer is en makliker lees as die Jesaja-tek en dus as ondergeskik beskou behoort te word. Aan die ander kant is dit vir hom duidelik dat Jesaja 36-39 eers later deel geword het van die groter Jesaja-werk (Wildberger 1982:1370 e.v).

Persoonlik voel ek die gemaklikste oor Wildberger se standpunt, al is dit dan ook net omrede dit 'n mens help om op 'n geloofwaardige manier aan 'n keuse tussen Jesaja en 2 Konings te ontkom.

Indien ons nou weer terugbeweeg na die bespreking van die redaksionele geskiedenis van Jesaja in die breë, word hier gestel dat, in die lig van die navorsing tot op hede, hierdie studie aansluit by bogenoemde oorsigtelike, kursoriese en voorlopige rekonstruksie van die redaksionele prosesse van die boek Jesaja. Daar is geldige kritiek wat op sommige aspekte van hierdie konstruksie ingebring kan word. Daar is fyner nuanses wat nie hier uitgespel is nie. Hierdie rekonstruksie bied nie die finale antwoord nie en daar bly onbeantwoorde vrae ten opsigte hiervan op die tafel. Vir die verdere doel van die argument, word hierdie egter as vertrekpunt geneem.

Dus word die geïmpliseerde gehoor van Jesaja 38 en 39 hier beskou as die na-eksiliese gemeenskap in Jerusalem, of ten minste dan 'n bepaalde groep in dié gemeenskap en wel mense wat geleef het in om en by die middel tot laat vyfde eeu vC. In die volgende hoofstuk word daar 'n bondige rekonstruksie gemaak van die sosio-historiese en politieke omstandighede gedurende dié tyd en word daar gepoog om die boodskap van Jesaja 38 en 39 binne daardie konteks te interpreteer.

HOOFSTUK 8

DIE VYFDE EEU IN DIE OU NABYE OOSTE

8.1 PROBLEME MET DIE SKRYF VAN 'N HISTORIESE OORSIG VAN DIE VYFDE EEU VOOR CHRISTUS

Daar is, in verhouding tot ander tydperke in die geskiedenis van Israel, tot nog toe nie so baie geskryf oor die historiese bedding gedurende die vyfde eeu voor Christus in Juda en dan veral die omstandighede in Jerusalem nie (Albertz 1992^b:437). Hermann (1980:364) meen dat ons nie genoeg bronne tot ons beskikking het wat ons van inligting kan bedien omtrent die lang tyd van Persiese heerskappy oor

Palestina nie. Oor die beginjare van Persiese heerskappy is daar nog 'n redelike mate van inligting beskikbaar (Albertz 1992^b:437), maar na 440 vC raak dit al moeiliker om 'n idee te vorm van verdere gebeure en verwickelinge (Herrmann 1980:364). Aan die ander kant word die taak bemoeilik deur die problematiese aard van datering van Bybelse bronne wat op die een of ander wyse verband hou met die Persiese heerskappy in Palestina (Albertz 1992^b:437).¹³⁴

Een van die belangrike aspekte wat egter duidelik blyk uit literatuur wat wel poog om reg te laat geskied aan dié tydperk in die geskiedenis van Israel en wel tot die mate wat beskikbare bronne dit toelaat, is dat die gemeenskap daar gedurende die vyfde eeu voor Christus 'n diep verdeelde gemeenskap was (vgl. bv. Kaiser 1984:271), bestaande uit groepe of partye, elkeen met ('n) eie leier(s) of segspersoon(e) en 'n eie mening oor die verlede, hede en toekoms. Hierdie groepe het nie net elkeen 'n eie opinie gehuldig nie, maar was ook meermale in 'n stryd met mekaar gewikkel om legitimiteit en ondersteuning van die breër gemeenskap en selfs van hulle Persiese heersers (Jagersma 1979:279 e.v.).¹³⁵

¹³⁴ Albertz (1992^b:437) is van mening dat 'n verdere rede waarom die geskiedenis van Juda gedurende die Persiese tyd afskeepbehandeling in die meeste literatuur kry, die diepgewortelde Christelik-dogmatiese beskouing is wat die kerk die einddoel van die geskiedenis van Israel se godsdiens maak. Geskiedskrywers verkies gevolglik om direk van die euforiese hoogtes van Deuterokesaja direk oor te gaan na die Nuwe Testament. Miskien sal daar nog 'n draai gegooi word deur die laat profesieë en apokaliptiek, maar dit is hoe ver dit strek. In hierdie benadering word die godsdiens van "laat-Judaïsme" gedegradeer tot 'n wettiese en ritualistiese godsdiens met niks meer om die lyf nie.

¹³⁵ Pauritsch (1971) en Albertz (1992^b) is maar twee voorbeelde van talle navorsers wat aantoon dat die jongste tekste uit Jesaja, en dan met name Tritojesaja, gerig is tot 'n diep verdeelde gemeenskap, terwyl Smith (1987) en Hanson (1975) voorbeelde is van diegene wat die rol van verskillende partye in posteksiliese Juda beskryf.

Die mate waarin nuwe literatuur gedurende hierdie tyd die lig gesien het en ouer materiaal redaksionele verwerkings ondergaan het, bevestig bogenoemde. Om die waarheid te sê, is daar onder resente navorsers 'n groeiende mate van eenstemmigheid dat die jare 538-400 vC van die mees produktiewe tydperke in die geskiedenis van Israel was en dan in die besonder wat betref die skryf van godsdienstige literatuur.¹³⁶

“More recent research, which at many points has prompted critical questions about the customary early dating of many biblical texts, shows increasingly clearly that the post-exilic period, and especially the early post-exilic period (538-400), was one of the most productive eras in the history of Israelite religion. In the face of the challenge posed by the opportunity and the problems of rebuilding, at this time the foundations were laid which were normatively to shape later Jewish and Christian religion; at this time the course towards canonization was taken in the creation of a universally binding holy scripture; at this time the temple came to occupy the centre of religious life and became the central symbol of wide-ranging hopes; and at this time a

¹³⁶ Dit is uiters belangrik dat elke navorser wat hom/haar besig hou met die rekonstruksie van die geskiedenis van Israel sal kennis neem van die debat oor die laatdatering van die Hebreeuse Bybel in die geheel. Belangrike rolspelers in die gesprek is onder meer Lemche (1988), Davis (1992) en Bolin (1996), om maar net enkeles te noem. Vir 'n beoordeling van genoemde geleerdes en hul geesgenote se standpunte kan die leser onder meer verwys word na die artikels van Ehrensverd (1997) en Scheffler (1998). In 'n uitgawe van BAR (1997) is daar ook 'n geredigeerde weergawe geplaas van 'n gesprek wat onder leiding van die redakteur plaasgevind het tussen Lemche en Thompson aan die een kant en Dever en McCarter aan die ander kant. Hoewel hierdie 'n baie belangrike debat is, is dit buite die skopus van die onderhawige studie (sien die hipotese van hierdie studie soos gestel in Hoofstuk 1) en word daar volstaan met hierdie verwysings na genoemde debat.

horizon of eschatological expectations arose which increasingly clearly went beyond the limits of political history and human existence.

The liveliness of the theological discourse, particularly in the post-exilic period, is evident from a multiplicity of “theological currents” which scholars have long detected in the texts of this period.

... Their variety is so great that even now it is difficult to give them their due place in the history of Israelite religion and the social history of the community” (Albertz 1992^b437-438).

In dit alles het die Persiese heersers se breë politiese, ekonomiese en algemeen sosiale beleid, staatsbestuur en staatstrukture geen geringe rol gespeel nie (Albertz 1992^b444).

Die *Gattungen*, algemene oogmerke met en karakter van die Ou Testamentiese literatuur uit hierdie tyd, maak relatief akkurate daterings egter besonder moeilik (Jagersma 1979:279). Bepaalde teologiese belange en oorwegings wat die eie saak sou bevorder het by die onderskeie groepe/skrywers baie duidelik ’n rol gespeel.¹³⁷ Daar sal dus versigtig gebou moet word aan ’n rekonstruksie van gebeure en omstandighede gedurende die vyfde eeu vC. Die navorser het hier nie alleen te doen met ’n komplekse tyd in die geskiedenis van Palestina in die algemeen en Juda in die

¹³⁷ Die punt word duidelik geïllustreer deur byvoorbeeld Schramm (1995:58-64) se bespreking van die terugkeer uit Babilonië.

besonder nie, maar ook 'n tydperk waarvan ons nie oor genoegsame bronne beskik om tot 'n redelike mate van sekerheid 'n volledige historiese geheelbeeld te vorm nie.¹³⁸ In hierdie lig word die volgende historiese oorsig¹³⁹ aangebied.

8.2 DIE AANBREEK VAN 'N NUWE ERA

Die breër konteks vir die vyfde eeu vC begin reeds in die laaste helfte van die sesde eeu vC met die opkoms en uiteindelijke heerskappy van die Persiese ryk. Die nuwe era breek aan met die vreedsame inname van Babel deur Kores in 538 vC (Keller 1956:297).¹⁴⁰

“In the month of Arahshamnu, the 3rd day, Cyrus entered Babylon without battle. Afterwards Nabonidus was arrested in Babylon when he returned (there). Till the end of the month, the shield (-carrying) Gutians were staying within Esagila (but) nobody carried arms in Esagila and its pertinent buildings, the correct time (for a ceremony) was not missed. In the month of Arahshamnu, the 3rd day,

¹³⁸ In hierdie verband bespreek Herrmann (1980:364-366) kortliks die problematiek wat verband hou met die gebruik van Esra, Nehemia en die Kronitiese geskiedswerk as bronne vir 'n skryf van 'n geskiedenis van die vyfde eeu vC.

¹³⁹ Sien oor die term “historiese oorsig” Hoofstuk 3 van hierdie studie.

¹⁴⁰ Kores is deur die priesters van Marduk en baie van die inwoners van Babel as bevryder geëer, veral omrede hulle ontevrede was met Nabonidus, die laaste Babeloniese koning, se regering (Noth 1983:302). Hierdie beskouing van Kores herinner aan die boodskap van Deutrojesaja waar Kores by meer as een geleentheid by name genoem word as instrument in die hand van Jahwe (vgl. bv. Jes. 44:28).

Cyrus entered Babylon, green twigs were spread in front of him - the state of "Peace" (*šulmu*) was imposed on the city" (Pritchard 1973:204).

Soos die troonbestyging van Tiglat-Pileser III 'n paar eeue vantevore,¹⁴¹ verteenwoordig hierdie oorwinning van Kores oor Babel 'n nuwe era in die geskiedenis van die Ou Nabye Ooste (Jagersma 1979:268). Van dramatiese veranderinge aan die wêreldfront na aanleiding van hierdie verskuiwing in die magspolitek van destyds was daar egter gedurende die eerste aantal jare van Persiese bewind nie juis sprake nie (Herrmann 1980:364). Tog sou hierdie magswisseling op die lang duur ook sy stempel op die Judese volk laat (Deist en Le Roux 1987:140). Dit geld sowel die wat hulle in daardie stadium binne as buite Kanaän bevind het (Herrmann 1980:363).

Die Persiese heerskappy het baie langer as dié van die Babiloniërs geduur (Herrmann 1980:364) en sy grense het baie verder gestrek as dié van die Neo-Assiriese ryk, wat tot in daardie stadium die grootste ryk was wat die Ou Nabye Ooste geken het (Noth 1983:302). Die ryk se grense het gestrek vanaf die westkus van Klein-Asië tot by Indië in die ooste (Aharoni & Avi-Yonah 1979:107), terwyl dit selfs Egipte ingesluit het (Noth 1983:302), wat dit die grootste ryk gemaak het wat die Ou Nabye Ooste ooit geken het (Aharoni & Avi-Yonah 1979:107).¹⁴²

¹⁴¹ Sien die bespreking hiervan in Hoofstuk 3.

¹⁴² Die groot Persiese ryk is verdeel in een honderd en sewe en twintig satrapieë (provinsies) wat regeer is deur kommissarisse-generaal, goewerneurs en amptenare. Die vyfde satrapie was bekend as Abar-Nahara (Oorkant die Rivier) en Juda was hierby ingesluit (Aharoni & Avi-Yonah 1979:107).

Ons kan die tyd van Persiese heerskappy reken vanaf Kores se vreedsame inname van Babel in 539 vC tot en met die nederlaag wat die Persiese magte, onder leiding van Darius III, aan die hand van Alexander die Grote gelei het by die Issus in 333 vC (Jagersma 1979:268).¹⁴³

Dit beteken dat die mense van Juda, soos die res van die Ou Nabye Ooste, nie alleen oor 'n lang tyd blootgestel is aan hulle heersers se taal, Aramees, wat die *lingua franca* van die ryk geword het nie. Hulle is gedurende dieselfde tydperk ook deur die Persiese wêreldbeeld, wat onder meer op die godsdienstige en kulturele lewe 'n invloed uitgeoefen het, beïnvloed. Daar moet egter dadelik bygevoeg word dat bogenoemde invloede nie deur die Persiese heersers op die onderdane van die groot ryk afgedwing is nie. Die beïnvloeding was eerder subtiel, geleidelik en spontaan. So, byvoorbeeld, het die Persiese konings, anders as hulle Assiriese en Babiloniese voorgangers, hulle monumentale inskripsies in drie tale laat doen (Noth 1983:303), terwyl tempels nie geroof is van hulle godebeelde en skatte nie, maar eerder teruggestuur is na hulle eie tempels, vanwaar die Babiloniërs dit geneem het (Jagersma 1979:268). Kortom: hoewel die Persiese heersers die eintlike mag deur 'n goed georganiseerde burokrasie kragdadig in hulle eie hand gehou het, het hulle die

¹⁴³ Sommige, byvoorbeeld Roux (1992:412), meen dat dit eerder die veldslag by Gaugamela in 331 vC was wat die einde van die Persiese heerskappy beteken het.

oorwonne volke se nasionale instellings, kultuur en manier van lewe gerespekteer (Noth 1983:302-304).¹⁴⁴

Op ekonomiese gebied het die Persiese heerskappy wel 'n nuwe era ingelui. Met hulle magsoorname het daar 'n nuwe betaalmiddel in die Ou Nabye Ooste, te wete munte, tereg gekom (Jagersma 1979:272). Die invoering van geld as betaalmiddel het 'n nuwe ekonomiese struktuur die lig laat sien en kapitalisme bevorder. Daar ontstaan onder meer geleidelik 'n soort bankwese waarby die paleis en tempel geen geringe rol gespeel het nie (Jagersma 1979:285). Uit tekste soos Esra 2:69, 8:27 en Nehemia 7:69-71 blyk dat munte gedurende die vyfde eeu vC in Juda in gebruik gekom het.¹⁴⁵ Hierdie ekonomiese omwenteling, tesame met die Perse se onbuigsame belasting-beleid (Albertz 1992^b:447), het waarskynlik bygedra tot die verswakkende posisie van die kleinboer en die bevolking in die algemeen (Jagersma 1979: 285).

Op politieke vlak het Kores en sy opvolgers, soos hierbo gesien is, 'n beleid teenoor oorwonne volke gehandhaaf wat ingrypend verskil het van dié van hulle voorgangers, te wete die Assiriërs en Babiloniërs. Hulle het naamlik 'n beleid van verdraagsaamheid jeens die oorwonne volke gehandhaaf (Albertz 1992^b:444). Waar die Assiriese en Babiloniese heersers se beleid een was van vernietiging van die nasietrots van oorwonne volke, grootskaalse deportasie van mense en gepaardgaande

¹⁴⁴ Uit die aard van die saak het hulle so 'n verdraagsame houding ingeneem tot voordeel van hulleself en die Persiese ryk en nie ten eerste tot voordeel van die oorwonne volke nie (Noth 1983:302).

¹⁴⁵ Sien Aharoni & Avi-Yonah (1979:109) vir voorbeelde van munte uit die Persiese tyd wat opgegrawe is met die inskripsie "Jehud" (Juda) daarop.



assimilasie met ander volkere (Donner 1986:393),¹⁴⁶ het die Persiese heersers eerder gepoog om die oorwonne volke se goedgesindheid en lojaliteit te verseker deur hulle relatiewe outonomie te gee (Bright 1981:360, 362).¹⁴⁷ Voeg hierby hulle eerbiediging en bevordering van hulle onderdane se godsdiens- en kultuurgoedere deur Perse (Albertz 1992^b444), die terugbesorging van tempelskatte aan die onderskeie tempels en die geleentheid om terug te keer na elkeen se onderskeie vaderland (Herrmann 1980:366) en die navorser word meegesleur deur die ingesteldheid van die nuwe heersers met hulle verligte beleid. Die bronne getuig in dié verband as volg:¹⁴⁸

“I did not anybody to terrorize (any place) of [the country of Sumer] and Akkad. I strove for peace in Babylon (Ká.dingir.^{ki}) and in all his (other) sacred cities. As to the inhabitants of Babylon (DIN.TIR^{ki}), [they saw their] hearts con[tent] (because) [I abolished] the corvée (lit.: yoke) which was against their (social) standing....

All the kings of the entire world from the Upper to the Lower Sea, those who are seated in throne rooms, (those who) live in other [types of buildings as well as] all the kings of the West land living in tents, brought their heavy tribute and kissed my feet in Babylon (Šu.an.na).... I returned to (these) sacred cities on the other side of the Tigris, the sanctuaries

¹⁴⁶ Sien hoofstukke 3 en 4. Dit dien egter vermeld te word dat hoewel die Babiloniërs ook, soos die Assiriërs, die leidliede en room van die oorwonne volke gedeporteer het, hulle, anders as die Assiriërs, nie lede van ander volke in oorwonne gebiede hervestig het nie (Jagersma 1979:253).

¹⁴⁷ Miller & Hayes (1986:443) wys egter daarop dat die Persiese konings, indien die situasie na hulle oordeel dit vereis het, net so ongenaakbaar kon wees.

¹⁴⁸ Hierdie vertaalde aanhaling kom uit die sogenaamde “Cyrus Cylinder” tans in besit van die British Museum.

of which have been ruins for a long time, the images which (used) to live therein and established for them permanent sanctuaries. I (also) gathered all their (former) inhabitants and returned (to them) their habitations (ANET 1950: 316).

Hoewel hierdie teks slegs na volkere in die Mesopotamiese en Iranese gebiede verwys, verteenwoordig dit 'n beleid wat oor die ganse nuwe ryk onder heerskappy van die Persiese koning toegepas is (Mitchell 1998:83). Berigte in die boek Esra en 2 Kronieke 36:2-23, asook die uiteindelijke terugkeer van groepe Judese ballinge¹⁴⁹ gedurende hierdie tyd bevestig dit:

בְּשָׁנָה חֲדָה לְכוֹרֶשׁ מֶלֶכָּא כּוֹרֶשׁ מֶלֶכָּא שָׁם טָעַם
בֵּית־אֱלֹהֵא בִירוּשָׁלַם בֵּיתָא יִחְבְּנָא אַחַר דִּי־דְבַחִין
דְּבַחִין וְאֲשׁוּרֵי מְסוּבָּלִין רִוּמָה אֲמִין שְׁתִּין פְּתִיחָה
אֲמִין שְׁתִּין: ⁴נְדָבְכִין דִּי־אָבֹן גָּלֵל חֲלָתָא וְנִדְבָךְ
דִּי־אֵעַ תְּרַת וְנִפְקָתָא מִנ־בֵּית מֶלֶכָּא חֲתִיבָה:
⁵וְאֵף מְאִנֵּי בֵית־אֱלֹהֵא דִּי דְתִבְּהָ וְכִסְפָּא דִּי
נְבוּכַדְנֶצַּר הִנְפִּיק מִנ־חֵיקְלָא דִּי־בִירוּשָׁלַם וְהִיבֵל
לְבָבֵל גְּחִיבוּן וַיִּתֵּךְ לְחֵיקְלָא דִּי־בִירוּשָׁלַם לְאַחֲרָה

¹⁴⁹ Die terugkeer van ballinge na hulle vaderland na die troonbestyging van Kores is 'n saak waaroor navorsers nog nie algemene eenstemmigheid kon kry nie. Aan die een kant is dit nie sonder meer duidelik of daar reeds tydens Kores se bewind Judeërs was wat teruggekeer het nie (Herrmann 1980:369). Andersyds is daar nie sterk genoeg getuïenis vir die terugkeer van 'n groot groep ballinge met een geleentheid nie. Vir die huidige is die algemene standpunt dat daar wel ballinge uit Babel teruggekeer het na die Judese land, heel waarskynlik reeds onder Kores se bewind (Herrmann 1980:369). Daar moet egter nie gedink word aan 'n tipe groot trek nie, maar eerder aan kleiner groepe wat van tyd tot tyd hulleself, onder leiding van 'n bepaalde leiersfiguur, na Kanaän gewend het (vgl. in dié verband byvoorbeeld Jagersma 1979:271).



וְחָח בְּבֵית אֱלֹהֵי:

(Esra 6:3-5)¹⁵⁰

Daar blyk 'n duidelike verband te wees tussen die berigte in Esra 1:2-4 en 6:3-5, 2 Kronieke 36:22-23 en die sogenaamde “Edik van Kores”. Volgens Hermann (1980:367) bestaan daar geen rede om die egtheid van die “Edik van Kores”, soos dit in die Ou Testament oorgelewer is, in twyfel te trek nie - selfs al is dit nie volledig oorgelewer nie.

Op grond van bogenoemde kan ons konkludeer dat die Judeërs, dié wat in die land agtergebly het sowel as dié wat in ballingskap was, se situasie met die aanbreek van die Persiese wêreldryk mettertyd verander het. Daar is aan die ballinge die geleentheid gebied om terug te keer na hulle vaderland indien julle sou wou. Dié wat wel gegaan het, het gegaan met toestemming om die tempel te herbou en het selfs van die tempelgerei wat deur Nebukadnesar gebuit is, gekry om saam met hulle terug te neem.

¹⁵⁰ Hierdie is die Aramese weergawe van die sogenaamde Edik van Kores aangaande die terugkeer van die ballinge en die herbou van die tempel. In Esra 1:2-4 vind ons 'n Hebreeuse weergawe wat heelwat verskille toon met Esra 6:3-5. Terwyl die egtheid van Esra 6:3-5 meer algemeen aanvaar word onder navorsers, word die egtheid van Esra 1:2-4 sterk betwyfel, selfs deur diegene wat wel die egtheid van eersgenoemde aanvaar (Bright 1981:361). Vir 'n interpretasie van die verskille word die leser o.a. verwys na Deist & Le Roux (1987:141), Jagersma (1979:269-270) en toepaslike kommentare. Esra 6:3-5 kan soos volg vertaal word: “³In die eerste jaar van koning Kores het koning Kores bevel gegee: Die Godshuis in Jerusalem - dié huis moet gebou word as 'n plek waar hulle offers bring, en sy fondamente moet gelê word; sy hoogte moet sestig el, sy breedte sestig el wees; ⁴met drie lae groot klippe en een laag nuwe hout; en die onkoste sal deur die huis van die koning gedra word. ⁵En ook die goue en silwer voorwerpe van die huis van God wat Nebukadnesar uit die tempel in Jerusalem weggevoer het en na Babel gebring het, moet hulle teruggee, dat dit in die tempel in Jerusalem op hulle plek kan kom, en jy moet dit in die Godshuis sit”.

Moontlik het hulle selfs 'n geringe mate van stoflike hulp uit die hand van die Persiese koning ontvang om die proses aan die gang te kry (Albertz 1992^b:444). Ook spreek dit vanself dat die Persiese magsoorname van die Babiloniese ryk en alles wat met so 'n bewindsoorname verband hou, asook die terugkeer van groepe ballinge, 'n invloed sou uitoefen op die lewens en omstandighede van dié wat nie in 586 vC in ballingskap weggevoer is nie, maar in die land agtergebly het.

8.3 DIE POLITIEKE BESTUUR VAN JUDA

Hierbo is slegs 'n algemene beeld van onder meer die Persiese politieke beleid geskets. Vir die doel van 'n historiese oorsig van die vyfde eeu vC in Juda, is dit nodig dat daar meer spesifiek gefokus word op die organisasie en bestuur van die gemeenskap in Juda gedurende die Persiese bewind. Albertz (1992^b:446) gee 'n uiteensetting daarvan en dit word kortliks weergegee. Dit dien wel vermeld te word dat hoewel Kores en sy opvolgers waarlik verligte heersers was en hulle onderskeie onderdane se godsdiens en kultuur bevorder het, hulle tog 'n deeglike en streng gekontroleerde, komplekse burokrasie in stand gehou het (Bright 1981:362).

Die nuwe gemeenskap in Juda was ten minste sedert die tyd van Nehemia, maar waarskynlik reeds vroeër, onder beheer van die Persiese goewerneur gewees. Hierdie goewerneur kon 'n Pers of Judeër wees en was ondergeskik aan die *satrap* van 'Abar Nahara, of te wel die Transeufratus. Die goewerneur het, saam met sy familie en 'n

groep amptenare bestaande uit sowel buitelanders as inwoners van Judea, die Persiese provinsiale administrasie gevorm. Dit is in stand gehou deur die regeerders van die nege administratiewe streke gestrek tot op plaaslike vlak. Militêre poste is tot enkele leierskapsposte beperk, terwyl daar 'n spesiale belasting gehef is vir die finansiering van die goewerneurshof en sy amptenare.

Albertz (1992^b:446-447) vervolg met 'n uiteensetting van Joodse selfbestuur wat onder Persiese administrasie, soos hierbo uiteengesit, gefunksioneer het. As boonste vlak van Joodse selfbestuur was daar die twee leidende groepe, te wete die Raad van Oudstes en die Priesterlike Kollege, wat die goewerneur in besluite moes adviseer. Die Raad van Oudstes was saamgestel uit die mees prominente leiers van die nuutgevormde stamme en is gevorm na die terugkeer uit ballingskap en inkorporering in die gemeenskap. Belangrik is die feit dat elke familie wat deel wou wees van die gemeenskap by een van hierdie stamme moes registreer. Die Priestelike Kollege het bestaan uit lede van die priesters, Leviete en ander tempelpersoneel onder leierskap van die hoëpriester. Onder hierdie twee bestuursliggame vind ons die algemene vergadering wat byeengeroep is wanneer die neem van belangrike besluite op hande was.

8.4 DIE POLITIEKE BESTUUR VAN JUDA - GEVOLGE

Uit bogenoemde uiteensetting is dit duidelik dat die struktuur van die Joodse self-administrasie in 'n mindere of meerdere mate gaan leen het by die premonargale tyd (Albertz 1992^a:73). Ons kan selfs saam met Albertz stem wanneer hy opmerk dat die organisering van die gemeenskap in stamverband moontlik kan dui op 'n poging tot kunsmatige herstel van die sosiale strukture van die premonargale tyd (1992^b:447). Sommige navorsers gaan sover as om te sê dat dit dui op elemente van die stamme se ideaal om vryheid, wat hier in die posteksiliese tyd weer deurbreek; ideale wat nooit volkome deur alle groepe in Kanaän prysgegee is nie.¹⁵¹ Hierdie groepe het waarskynlik geglo dat hulle onder Persiese heerskappy moontlik die geleentheid sou kry om dít waarvoor hulle reeds gedurende die monargale tyd teen hulle eie mense geveg het, naamlik geleentheid tot medeseggenkap in die landsbestuur, te laat realiseer (Albertz 1992^b:447).

Hierdie netjies uitgewerkte selfregeringstrukture was egter nie daartoe in staat om die mate van gelykheid en solidariteit wat in premonargale tye bestaan het te laat herleef nie (Albertz 1992^b:447). Dit was net onmoontlik om te kon terugkeer na 'n situasie soortgelyk aan dié voor die sosiale differensiasie wat sedert die monargale tyd ontwikkel het nie. Intendeel, die sosiale differensiasie het eerder gedurende die Persiese tyd toegeneem en wel tot 'n groot mate as gevolg van die streng belastingbeleid van die Perse wat, anders as byvoorbeeld hulle beleid oor die

¹⁵¹ Sien Albertz (1992^b:447).

inheemse godsdienste, van geen verdraagsaamheid getuig het nie (Albertz 1992^b:447). Die gevolg was dat armer families en kleiner grondeienaars al hoe dieper in die skuld geraak het, veral na 'n swak seisoen, terwyl die ryk families en groter grondeienaars steeds geld gemaak het uit die ontwikkelende handel en die toestaan van lenings. Hierdie sosiale diskripsies het onder meer daartoe bygedra dat in die vergaderings die families uit die hoër klasse onder die oudstes en die priesters die toon aangegee het, terwyl die vergadering van gewone mense, as deel van die besluitnemingsproses, gedegradeer is tot 'n blote skynliggaam.

Hoewel daar aanduidings is dat sommige mense onder die hoër sosio-ekonomiese klasse wel die laer sosio-ekonomiese klasse se belange op die hart gedra het en hierdie proses probeer teengaan het, die armer deel van die bevolking in die algemeen die indruk gehad het dat baie van hulle ryk landgenote solidariteit met hulle afgesweer het en lakeie van die Persiese heersers geword het.

Die Persiese beleid van verdraagsaamheid jeens oorwonne volke en die gepaardgaande groot mate van selfregering wat aan hulle toegestaan is het dus in Juda gelei tot botsende belange onder die rykes en 'n groeiende opposisie in die samelewing in die algemeen. Anders gestel: die relatiewe outonomie onder Persiese heerskappy het in Juda gelei tot sosiale en uiteindelik ook godsdienstige polarisasie. Vanaf hierdie tydperk sou die Joodse gemeenskap hom al meer in groepe of gemeentes organiseer waar elkeen sy eie historiese en godsdienstige erfenis op sy eie manier sou aksentueer (Albertz 1992^b:449).

8.5 TERUGKEER NA JUDA EN DIE HERBOU VAN DIE TEMPEL

In die lig van bogenoemde agtergrond verskuif die fokus vervolgens na die impak wat die nuwe situasie gehad het op die sosio-ekonomiese, religieuse en politieke situasie van die Judeërs in die algemeen. Daar word in die besonder gekyk na die terugkeer van sommige ballinge en die impak daarvan op die gemeenskap in Juda.

Hoewel daar andersluidende stemme is (bv. Jagersma 1990:270), is die meeste navorsers dit eens dat die eerste groep ballinge reeds in Kores se tyd teruggekeer het na Juda en heel moontlik reeds in 538 vC (Deist & Le Roux 1987:140).¹⁵² Die eerste groep wat onder Sesbassar teruggekeer het na Juda was nie 'n groot groep nie (Jagersma 1990:271), maar die tempelgerei is onder meer saam met hulle teruggestuur (Esra 1:7). Die feit dat slegs 'n klein groepie aanvanklik teruggekeer het na Juda kan onder meer toegeskryf word aan die feit dat die meeste ballinge wat in werklikheid die val van Jerusalem beleef het, nou reeds te oud was vir so 'n lang tog (Deist & Le Roux 1987:141), terwyl baie van die jonges wat nog nooit in Jerusalem was nie, in die algemeen hulleself goed gevestig het in Babel (Bright 1981:363).

¹⁵² Die feite dat nie alle Jode uit Babel teruggekeer het na hulle vaderland nie en dan ook eerder in verskillende groepe oor 'n langer tydperk as met een slag, bemoeilik die vasstelling van 'n datum vir die beëindiging van die ballingskap (Herrmann 1980:353).

Miller & Hayes (1986:445, 447) wys tereg daarop dat dit in die sogenaamde Edik van Kores eerstens gegaan het om die herstel van die tempel van Jahwe en nie om 'n grootskaalse terugkeer van ballinge nie. Om te dink dat Jode uit die hele ryk versamel is wat sou terugkeer na hulle vaderland is oordrewe. Daar moet eerder gedink word aan 'n terugkeer wat verband hou met die herbou van die tempel en herstel van die kultus.

Daar is nie sekerheid onder navorsers of Juda in hierdie stadium reeds 'n selfstandige provinsie van die Persiese ryk was met sy eie goewerneur en of dit alleen maar 'n distrik was wat onder beheer van die goewerneur van die provinsie Samaria gestaan het nie (Jagersma 1990:271-272). Hoe dit ook al sy, dit is uit die literatuur duidelik dat daar beslis nie 'n te vriendskaplike band was tussen Juda en Samaria nie¹⁵³ en die swak verhouding het ook 'n invloed gehad op die ontwikkeling van gebeure in Juda.

'n Mens kan jou voorstel dat dit vir die terugkerendes 'n teleurstelling moes wees toe hulle terugkeer nie groot opgewondenheid in Juda veroorsaak het nie. Alles dui daarop dat daar 'n groot mate van bitterheid en wedersydse beskuldigings was tussen die teruggekeerdes en die inwoners van die land (Deist en Le Roux 1987:141). Die gedagte bestaan dat wat die agtergeblewenes betref, dié wat weggevoer is in ballingskap verantwoordelik was vir die katastrofe wat die volk van Jahwe getref het

¹⁵³ Uit die onderskeie geskiedenis van Israel blyk die feit baie duidelik. Bright (1981:365) kan dien as voorbeeld. Die Samaritaanse Schisma is 'n tema waaroor daar steeds in akademiese kringe gedebateer word en dan meer spesifiek oor die vraag na die tyd waarin die finale breuk gekom het. Hier word aangesluit by die talryke navorsers wat die finale breuk met Samaria in die Hellenistiese tyd plaas (bv. Jagersma 1990:289) en sommige dan meer spesifiek gedurende die Hasmoneërs se bewind (bv. Schramm 1995:73).

en dat hulle, dié wat agtergebly het, dus die ware volk van Jahwe is en dat Hy sy geskiedenis verder met hulle sal skryf (Bright 1981:366). Wat die ballinge betref, was dit uit die aard van die saak net mooi andersom.¹⁵⁴

In Jerusalem het die godsdienstige aktiwiteite gedurende die ballingskap onder leiding van die Leviete ongehinderd voortgegaan en het omstandighede in Juda selfs verbeter (Deist & Le Roux 1987:141-142). Ons kan aanvaar dat dié wat agtergebly het hulle ideale gehad het en drome gekoester het oor die toekoms wat Jahwe vir hulle in die oog sou hê.¹⁵⁵ Toe daar dus op 'n dag 'n groep begeesterde ballinge uit Babilonië in Jerusalem aankom, gereed om weer hulle grond en eiendom van weleer te bekom en vol van hulle eie idees, gevorm deur onder andere die visioene van Esegïel en die ideale van die Priestergeskrif, oor hulle nuwe lewe en toekoms in hulle vaderland, kan 'n mens jou die spanning goed voorstel.

Die spanning in die gemeenskap is waarskynlik tot breekpunt gevoer deur die feit dat die terugkerendes uit ballingskap behoort het tot die Jahwe-alleenparty, terwyl dié

¹⁵⁴ 'n Belangrike aspek van hierdie problematiek is die vraag na wie nou eintlik die draers van die suiwer geloof in Jahwe was: was dit dié wat in die land agtergebly het, of was dit die ballinge? Schramm (1995:51-64) staan heelwat plek aan die onderskeie argumente af en kom dan tot die volgende konklusie: "As was the case with 2 Kings and Jeremiah, the author of 2 Chronicles has no interest whatsoever in the people who continued to live in Judah during the exile. All three works assert that the totality of Judah's life and culture had shifted to Babylonia" (Schramm 1995:56). Op die volgende bladsy kom Schramm tot die gevolgtrekking dat: "The historical books of the Hebrew Bible are interested only in the exiles and not in those who remained behind in the land, and the purpose of these books is to make the polemically charged theological statement that 'God's people' were taken into exile" (Schramm 1995:57-58).

¹⁵⁵ Vroeër jare het daar 'n wyd verspreide gedagte onder navorsers geleef wat ingehou het dat die Judese land self gedurende die Babiloniese ballingskap grootliks verlate, onbewoond en onbewerk gelê het. Hierdie navorsers het die ballinge gesien as diegene wat eintlik maar die Israelitiese manier van leef met al sy tradisies in stand gehou en uitgebou het. Vandag geniet hierdie standpunt nie veel ondersteuning nie (Herrmann 1980:353-354).

wat in die land agtergebly het na die val van Jerusalem se godsdienste meer 'n sinkretistiese Jahwisme was (Smith 1987:75).¹⁵⁶

Hierdie spanning, en waarskynlik tot 'n groot mate ook slegte ekonomiese omstandighede, het daartoe gelei dat daar aanvanklik van tempelbouery nie veel tereg gekom het nie (Jagersma 1990:272-273). Daar was grondeise deur van die terugkerendes ingestel teen dié wat in die land agtergebly het en daar moes ook huise gebou word vir dié wat teruggekeer het (Albertz 1992^b:447). Daarby is die bevolking van Juda geteister deur opeenvolgende swak landbouseisoene wat talle mense sonder voedsel en behoorlike kleding gelaat het (Bright 1981:365). Daar moes ook rekening gehou word met die vyandigheid van Juda se bure, in die besonder van die kant van Samaria af (Bright 1981:365). Die Judeërs se aandag was dus ten eerste by die vestiging van die terugkerendes en gepaardgaande probleme, hulle haggelike ekonomiese omstandighede en die probleme wat daarmee saamgaan en nie by tempelbou nie.

Dit het inspirerende boodskappe van Haggai en Saggaria,¹⁵⁷ gedrenk in die teologie van Esegïel en die Priestergeskrif (Deist & Le Roux 1987:142), saam met twee ander besondere gebeure gedurende die laaste kwart van die sesde eeu vC gekos om die

¹⁵⁶ Later meer oor hierdie groepe.

¹⁵⁷ Met Saggaria word hier bedoel die boek Saggaria, hoofstukke 1-8. Die res van die hoofstukke kom duidelik van ander hande en daar word verder onderskei tussen Deuterosaggaria (9-11) en Tritosaggaria (12-14) (Jagersma 1990:277).

nasionaliste se hoop weer te laat opvlam en die tempelbouery uiteindelik aan die gang te kry.

Een van die belangrike gebeure waarna hierbo verwys is en wat waarskynlik aanleiding kon gee tot nuwe entoesiasme vir die herbou van die tempel, was die aankoms van 'n verdere, waarskynlik groter, groep ballinge onder leiding van Serubbabel, 'n kleinseun van Jojagin uit die geslag van Dawid, in Jerusalem (Noth 1983:312). Saam met Serubbabel het Josua, die seun van Seraja, ook in Jerusalem aangekom. Seraja was hoëpriester tydens die val van Jerusalem in 587 vC (Deist & Le Roux 1987:144) en uit Sadokitiese lyn (Bright 1981:366). 'n Mens kan jou net voorstel hoe entoesiasties diegene moes wees wat gehoop het op die herstel van Israel langs die lyn van die Dawidiese en Salomitiese tye (Hermann 1980:373). Die tekens was immer daar: 'n leier uit die geslag van Dawid en 'n priester uit die geslag van Sadok.

'n Verdere, moontlik belangrike, stimulus was die grootskaalse opstande en onrus in die hele Persiese ryk met die troonbestyging van Darius I in 521 vC (Jagersma 190:274). Blykbaar was Cambyses, die Persiese koning gedurende die laaste kwart van die sesde eeu vC, op pad terug van Egipte toe hy berig ontvang het dat ene Gaumata homself tot koning oor die Persiese ryk verklaar het. Met die aanhoor van die nuus het Cambyses, onder duistere omstandighede, selfmoord gepleeg (Bright 1981:369). Darius, een van Cambyses se offisiere en lid van die koningshuis, het op sy beurt onmiddellik aanspraak gemaak op die troon en is as koning deur die soldate aanvaar (Bright 1981:369). Darius se troonbestyging het egter 'n skokgolf deur die

ganse Persiese ryk gestuur (Hermann 1980:368) en dit het Darius ongeveer twee jaar geneem om die ryk weer te stabiliseer en as onbetwiste koning te regeer (Bright 1981:369).

Hierdie omstandighede het die hoop, veral onder die nasionalistiese groepe in Juda, laat opvlam vir die bevryding van Juda en die herstel van die Dawidshuis, die tempel en die stad (Jagersma 1990:174). Soos hierbo gemeld, het die prediking van Haggai en Sagaria hierin geen geringe rol gespeel nie. Trouens, die invloed van Esegël en die Priestergeskrif uit Babilonië, en Haggai en Sagaria in Palestina, kan duidelik in hierdie stadium van Juda se geskiedenis gesien word. Hulle het veral die Sadokitiese priesters se gedagtes vertolk met hulle klem op die herstel van Israel (Deist & Le Roux 1987:150). Hulle het groot planne gehad met die nuwe tempel en vir die volk, en in die lig hiervan was daar groot opgewondenheid oor Serubbabel en Josua (Deist & Le Roux 1987:150-151).

Hoewel hierdie groep se ideaal dan nou ook in 515 vC verwesenlik is met die voltooiing en feestelike ingebruikneming van die tempel, het daar 'n groot teleurstelling op die bevolking gewag. In dié verband kan daar gewys word op die feit dat Serubbabel toe nooit die vors van die heilstyd geword nie. Hy het stil-stil van die toneel verdwyn (Bright 1981:372). Daar was geen sprake van 'n verenigde Israel nie. Trouens, die vyandskap tussen Samaria en Jerusalem het eerder toegeneem (Jagersma 1990:288). Daarby was die tempel nie heeltemal van dieselfde gehalte as dié van Salomo nie en het Jerusalem nie die sentrum van die wêreld geword nie (Deist & Le

Roux 1987:151). Kortom: Haggai en Sagaria se profesieë is nie vervul nie (Albertz 1992^b:454).

Teleurstellings ten spyt, was hierdie tweede tempel tog van groot betekenis. Die tempel en die kultus wat daarin gevestig is, het byvoorbeeld 'n lang tyd 'n bindende faktor gevorm tussen die Jode in Jerusalem en dié in die diaspora (Jagersma 1990:275), en in beide gemeenskappe 'n essensiële rol vervul (Albertz 1992^b:458). Die priesterklas het ook 'n al hoe groter rol in die tempel en die gemeenskap gespeel, terwyl die Leviete steeds meer gesien is as tweederangse tempelpersoneel. Die tempel en tempeladministrasie is algaande, ten minste op plaaslike vlak, losgemaak van die staat en het tot 'n groot mate selfonderhoudend geword (Albertz 1992^b:460). Dit het egter 'n groeiende bydrae van die hele Judese gemeenskap geverg om die situasie te kon handhaaf en dit het die las op die gewone mense selfs swaarder gemaak as gedurende die tyd wat die tempel wel aan die staat gekoppel was (Albertz 1992^b:462). Hoe dit ook al sy, die situasie het daartoe gelei dat die tempel ontwikkel het tot die belangrikste ekonomiese faktor in die Judese gemeenskap (Albertz 1992^b:460).

Die rol van tempel en kultus op religieuse gebied is egter nie daarmee genegeer nie, intendeel, dit het op 'n persoonlik godsdienstige vlak 'n al hoe groter invloed op individuele piëteit gehad,¹⁵⁸ terwyl dit ook 'n rol gespeel het in 'n tyd van besondere

¹⁵⁸ Albertz (1992^b:458-464) gee 'n duidelike uiteensetting van die rol en invloed van die tempel gedurende die tweede tempelperiode.

literêre aktiwiteit wat onder meer die begin van die proses van kanonisering ingesluit het.¹⁵⁹ Wat die invloed op 'n meer algemene vlak betref, is die hoop op herstel, teleurstellings ten spyte, steeds lewendig gehou onder 'n groep uit die Sadokitiese priesters (Deist & Le Roux 1987:151). Daar was egter ook ander teologiese strominge gedurende dieselfde tyd wat 'n invloed onder sekere groepe uitgeoefen het en die fokus verskuif ten slotte na sommige van die groepe.

8.6 DIE HOORDERS VAN DIE TEKS IN SY HUIDIGE VORM EN POSISIE IN JESAJA - 'N VERDEELDE GEMEENSAP

Uit byna al die gelese literatuur is dit duidelik dat die gemeenskap in Jerusalem gedurende hierdie tyd, soos trouens die geval was met byna sy ganse geskiedenis, 'n verdeelde gemeenskap was (vgl. bv. Smith 1987). Hierdie verdeeldheid is sigbaar deur die hele boek Jesaja. Ons vind byvoorbeeld reeds in die agste eeu vC onder meer 'n pro-Assiriese party,¹⁶⁰ 'n pro-Egiptiese party (beide hierdie partye was meer sinkretisties van aard) en 'n party wat in die loop van die navorsingsgeskiedenis bekend geword het as die Jahwe-alleenparty (Smith 1987:30 e.v.).

¹⁵⁹ As voorbeelde kan Jagersma (1990:290-291) se bondige en Albertz (1992^b:464-493) se meer uitgebreide weergawes vermeld word.

¹⁶⁰ Wanneer Smith (1987:10) van "partye" praat meld hy dat daar met die begrip 'n groep van eendersdenkende individue bedoel word, sonder dat dit noodwendig dui op 'n formeel georganiseerde party of groep. In hierdie studie word daar by Smith se definisie aangesluit.

In die vyfde eeu vC het hierdie situasie weinig verander. Dit spreek vanself dat die onderskeie partye en hulle leiers meegeding het om aandag en ondersteuning onder die Judeërs, binne sowel as buite die grense van die Persiese provinsie van destyds.¹⁶¹ Ons sien as 't ware dat elke faset van Joodse belange op dié wyse gedek word (Watts 1985:xxx). In die literatuur word daar melding gemaak van die groep mense wat sedert die ballingskap in die land agtergebly het, of gedurende dieselfde tyd daarheen getrek het. Daar was diegene wat steeds in ballingskap was en dié wat terugkeer het na hulle vaderland, Kanaän, of dan die stad Jerusalem. Smith (1987:107) identifiseer laasgenoemde as die Jahwe-alleenparty en voeg die outeur(s)/redaktors(s)/profetegroep van Jesaja by hierdie Jahwe-alleenparty.

Dan was daar nog die priesterparty¹⁶² wat verwant was aan die Sadokiete waaruit die belangrikste tempelamptenare in pre-eksiliese tye bestaan het. 'n Laaste groep wat hier dien vermeld te word, het bestaan uit sowel die Dawidiese leiers, as leiers uit Samaria en van die omstreke van Juda (Watts 1985:xxx). Ons kan ons dus voorstel dat sowel politieke, godsdienstige en ekonomiese as streeks belange 'n rol sou gespeel het. Dit is in hierdie diverse gemeenskap met sy onderskeie groepe, leiers en faksies¹⁶³ wat Jesaja se boodskap ontvang en by sommige se gedagtes aansluit,

¹⁶¹ In Smith (1971) en Hanson (1975) se werk vind ons 'n duidelik beeld van die onderskeie partye en hulle ondersteuners.

¹⁶² Watts (1985:xxx) sien die Leviete as deel van hierdie groep, terwyl andere (bv. Deist & Le Roux 1987:153) die Leviete as teenstanders van die priesterparty sien.

¹⁶³ Albertz (1992^b:437) merk op dat daar onderskei moet word tussen verskillende instellings, byvoorbeeld die Raad van Oudstes en die priesterlike groepe en sosiale strata, byvoorbeeld aristokrasie, kleinboere en grondloses; tussen die minderheid, gevorm deur die legitieme tradente van die amptelike teologieë, en die meerderheid saamgestel uit die min of meer halfhartige medereisigers of selfs opponente.

ander tot orde roep en nog ander temper (Watts 1985:xxx).

Wat hierdie studie betref, gaan daar in die besonder gefokus word op die breër teologiese aspekte van hierdie konflik en gaan daar nie soseer op elkeen van die onderskeie groepe wat vanuit verskillende perspektiewe op die teks identifiseerbaar is en reeds geïdentifiseer is, gefokus word nie.

EKSKURSIE 5

ESRA EN NEHEMIA

Op hierdie punt is dit nodig om net eers iets te sê oor die optredes van Esra en Nehemia, aangesien albei se optrede waarskynlik in die tydperk onder bespreking plaasvind.

Een van die mees komplekse probleme wat met die tyd van Persiese heerskappy verband hou, is die kronologiese orde van Esra en Nehemia se optredes in Juda gedurende die vyfde eeu vC (Jagersma 1990:279). In die akademiese wêreld is daar steeds geen eenstemmigheid wat hierdie saak betref wat primêr handel om die datering van Esra se koms na Jerusalem nie (Bright 1981:391).

Volgens Esra 7:7-8 het Esra in die sewende regeringsjaar van koning Artasasta van Persië saam met 'n klomp Israëliete in Jerusalem aangekom, terwyl Nehemia 2:1 meld dat Nehemia in die twintigste regeringsjaar van koning Artasasta van Persië na Jerusalem gegaan het. Indien met albei hierdie konings

Artaxerxes I (464-424) bedoel word, sou die datums van Esra en Nehemia se koms na Jerusalem respektiewelik 458 vC en 445 vC gewees het en sou dit beteken dat Esra vóór Nehemia in Jersusalem was (Jagersma 1990:279).

Nou is dit so dat daar 'n groot mate van eenstemmigheid onder navorsers is dat ons byna sonder twyfel kan aanvaar dat dit inderdaad Artaxerxes I is na wie daar in die boek Nehemia verwys word (Bright 1981:391). Die Persiese koning na wie daar in Esra verwys word kon egter ook Artaxerxes II (404-359 vC) gewees het, en dit sou beteken dat Esra eers ná Nehemia na Jerusalem gekom het (Jagersma 1990:280). Die feit dat daar geen verwysing na interaksie tussen die twee is nie kan ook daarop dui dat die een se werksaamheid op die ander s'n gevolg het en dat latere redaktors die verhaal so geredigeer het dat die leser die indruk moes kry dat Esra en Nehemia wel tydgenote in Palestina was (Miller & Hayes 1986:468).

'n Ander standpunt plaas Esra wel na Nehemia, maar voor die einde van laasgenoemde se optrede in Jerusalem (Bright 1981:392). In hierdie studie word daar by laasgenoemde standpunt aangesluit, onder meer op grond van Noth (1983:320) se, na my insiens, geldige argument waarin hy dit stel dat indien Esra vóór Nehemia in Jerusalem was om die wet te vestig, soos hy wel gedoen het, Nehemia nie sake in sulke absolute chaos sou gevind het as wat wel die geval was met sy aankoms in Jerusalem nie. Talle van die geskiedenis van Israel vir hierdie studie gebruik, beredeneer die onderskeie standpunte tot 'n mindere of meerdere mate. In die lig van dié beredeneringe word daar dan gekies vir die



standpunt van Noth. Bright (1981:392-402), wat min of meer dieselfde standpunt handhaaf, se argumentering kan verder in die verband vergelyk word en so ook Miller & Hayes (1986:468-469), wat hulle keuse vir die standpunt dat Nehemia vóór Esra in Jerusalem werksaam was, sterk motiveer.

Hierdie keuse ten spyt bly dit egter belangrik om die volgende standpunt van Noth (1983:320) te beklemtoon:

“It must be stressed, however, that it is impossible to reach an absolutely firm decision on this point because there is a lack of reliable and unambiguous evidence, and that all we can hope to attain is a limited degree of probability.”

Ook Bright (1981:402) en Jagersma (1990:280) dien vermeld te word in die verband.

8.7 PRIMÊR TWEE STROME

Uit die Bybelse literatuur word die indruk geskep dat die hoop op ’n herstel van die Dawidiese ryk, ten minste wat die vyfde eeu vC betref, eers op die agtergrond geplaas is. Dit het waarskynlik te doen met die voltooiing van die tempel en die byna ongesiene verdwyning van Serubbabel van die toneel in Kanaän,¹⁶⁴ en die feit dat Haggai en Sagaria se profesieë nie gerealiseer het nie. Die latere Makabeëroopstande

¹⁶⁴ Sien 8.6.

gedurende die Hellenistiese tyd toon egter aan dat die hoop op politieke herstel nooit heeltemal begrawe is nie.

Op sosio-ekonomiese gebied was daar maar altyd spanning en soms selfs konflik tussen ryk en arm, 'n situasie wat gedurende die vyfde eeu vC ook eerder versleg as verbeter het. Die navorser kry egter die indruk dat selfs dit, ten minste wat die Hebreeuse kanon betref, effe op die agtergrond geskuif is ter wille van 'n baie meer akute konflik, te wete die konflik tussen twee godsdienstige strominge in die vorm van 'n sinkretistiese Jahwegroep en die Jahwe-alleengroep.¹⁶⁵

Hoewel navorsers, soos byvoorbeeld Smith (1987:81), ten minste nog 'n derde groep identifiseer, te wete die priesterparty, wat in die besonder ekonomiese belang gehad het in die herbou en bestuur van die tweede tempel, het die godsdienstige hom in twee breër strome voltrek, te wete die stryd tussen die Jahwe-alleenparty, wat die minderheidsparty was, en die sinkretisitiese Jahweparty, wat die meerderheidsparty was (Schramm 1995:179). Ter bevestiging van hierdie standpunt kan daarop gewys word dat Smith (1987:81-82) van mening is dat sommige lede van die priesterparty hulle aan die kant van die Jahwe-alleenparty geskaar het, terwyl ander lede van die priesterparty hulle weer aan die kant van die sinkretistiese Jahweparty, soos onder meer blyk uit hulle huwelike met vreemdelinge, geskaar het. Tussen die Jahwe-alleenparty en die priesterparty was daar tot 'n mindere of meerdere mate van

¹⁶⁵ Dit is belangrik om in aansluiting by Smith (1987:11-24) net weer daarop te wys dat daar ten minste reeds in die monargale tyd spanning was tussen die sinkretistiese Jahweparty en die Jahwe-alleenparty.

samewerking sprake (Smith 1987:84-85) en dit laat ons dan basies met die Jahwe-alleenparty versus die sinkretistiese Jahweparty¹⁶⁶.

In hierdie konflik gedurende die na-eksiliese tyd en dan veral gedurende die tweede tempel periode was een van die groot vrae gewees: Wie is nou eintlik die ware “volk van Jahwe”? Is dit die aanhangers van die Sinkretisitiese Jahwe-party, of is dit die aanhangers van die Jahwe alleen-party?

8.8 SINKRETISME VERSUS MONOTEÏSME

Indien 'n mens die boeke van Esra en Nehemia lees, dan is dit duidelik dat volgens hulle dit die “volk van Jahwe” was wat in ballingskap weggevoer is en dat dit die “volk van Jahwe” is wat uit ballingskap teruggekeer het (Schramm 1995:58). Dié wat uit die ballingskap teruggekeer het, word die בני הגולה genoem (letterlik: “die kinders van die ballingskap”), terwyl diegene wat die ballinge met hulle terugkeer na Kanaän in die land gevind het, die עם הארץ genoem word (letterlik: “die volk van die land”). Esra en Nehemia se grootste kommer was 'n vermenging van בני הגולה met עם הארץ. Anders gestel: hulle was bekommerd dat diegene wat, soos hulle

¹⁶⁶ Hierdie standpunt is kontra Hanson (1975:409) wat die Sadokitiese priesterparty uitsonder as die “vyand” van die outeurs/redaktors van Jesaja, die Leviëte en ander minderheidsgroepe. Waaroor daar egter wel tot 'n groot mate eenstemmigheid in die literatuur is, is dat diegene wat die sinkretistiese Jahwisme teengestaan het minderhede en selfs tot 'n groot mate randfigure was.

Jahwe alleen aanbid, deur ondertrouery met aanhangers van die sinkretistiese Jahwe-geloof, self ook in sinkretisme sal verval.

Ons sou dus Esra en Nehemia kon plaas onder die vaandel van die Jahwe-alleenparty (Smith 1987:92, 110) en hulle het gestaan teenoor die sinkretistiese Jahweparty. Met ander woorde die term בני הגולה en die term עם הארץ het teologiese terme geword. Almal wat aan Jahwe alleen vasgehou het en dus Esra se wet aanvaar het, het onder die vaandel van die בני הגולה beweeg. Dit kon dus, en het na alle waarskynlikheid wel, mense ingesluit wat nooit eens in ballingskap was nie, terwyl daar van die ballinge kon wees wat deur byvoorbeeld ondertrouery met vrouens uit die sinkretistiese Jahwisme beskou is as deel van die עם הארץ (Schramm 1995:61).

Volgens Smith (1987:88) het die sinkretistiese Jahweparty aanvanklik na die bou van die tweede tempel die beheer onder die Jode in Kanaän gehad. Verwysings na afgodsdienste in onder meer Tritojesaja en Sagaria bevestig die standpunt (Smith 1987:88). Deur die werk van Esra en Nehemia het die Jahwe-alleenparty egter langamerhand hulle vorm van die Jahwekultus laat deursyfer na die bevolking in die algemeen totdat hulle uiteindelik die oorhand in Juda gekry het sodat dit die karakter van 'n nasionale godsdienst aangeneem het (Smith 1987:110). Hierdie proses is deur die sukses van die Makabeëroopstande versnel, maar het hom tog eers gedurende die Christelike era voltrek (Smith 1987:62-63). Uit die aard van die saak is alle teenstand hiermee nie uit die weg geruim nie (Smith 1987:110), maar die Jahwe-alleenparty het die pas aangegee (Schramm 1995:181-182) en hulle tradisie het uiteindelik die finale

vorm van die Herbreuse kanon sterk beïnvloed (Albertz 1992^b:534 e.v. en Smith 1987:1-10).

8.9 DIE INVLOED VAN DIE KONFLIK OP DIE REDAKSIEGESKIEDENIS VAN JESAJA

Teen hierdie agtergrond begin die boodskap van Jesaja 36-39 vir die navorsers vorm aanneem, veral indien 'n mens met Schramm se eksegesis van TritoJesaja in gedagte, instemmend let op die volgende opmerking van hom:

“Our exegesis has shown that the polemics of Third Isaiah closely resemble those of the pre-exilic prophets. A logical explanation for this state of affairs is not that various oracles of third Isaiah are to be assigned a pre-exilic date, but rather that Third Isaiah provides evidence that many typical pre-exilic cultic practices persisted into the restoration period.”
(Schramm 1995:179).

Met verdere aansluiting by Smith (1987) en Schramm (1995) kan daar gestel word dat die outeurs/redaktors/skrywers van Jesaja in gesprek was, nie met 'n heidense godsdiens nie, maar met die tradisionele sinkretistiese Jahwisme waar Jahwe saam met ander gode aanbid is. Hierdie godsdiens word “tradisioneel” genoem omrede dit reeds in pre-eksiliese tye die oorheersende godsdiens was en talle profete hierteen in

opstand was. Die na-eksiliese konflik is dus tot 'n groot mate 'n voortsetting van 'n stryd wat reeds in pre-eksiliese tye gewoed het.

Dit was dus maklik vir die finale redaktors van Jesaja om motiewe uit pre-eksiliese en na-eksiliese tye afwisselend en in aansluiting met mekaar te gebruik, want hoewel historiese omstandighede en die onderskeie leiersfigure verander het, het die stryd min of meer dieselfde gebly - die Jahwe-alleenparty versus die sinkretistiese Jahweparty. Daarom is dit dan ook nie vreemd indien navorsers pre-eksiliese motiewe in Tritojesaja vind nie. Uit die aard van die saak sou die redaktors gaan leen by historiese figure om aan hulle boodskap gesag te verleen. Dit is dan ook nie vreemd dat die boeke Jesaja oor vier eeue kan strek nie. Die vyfde-eeuse groep sien hulleself in dieselfde tradisielyn as die agste-eeuse profeet Jesaja, wat die klem sterk laat val het op Jahwe en Jahwe alleen. In die verband maak Venter byvoorbeeld die volgende opmerking:

“He (Isaiah) belonged to the anti-Assyrian party who even clashed with the kings on the alliances they made with either the Assyrians or with their enemies (Is 18:1-19:15; Blenkinsopp 1983:114). In the long run it was the stance of Isaiah which became a viable model for thinking in later generations, even at a time when Jerusalem was eventually destroyed.” (Venter 1989:31).

Die mense van Tritojesaja bevind hulleself in hulle gemeenskap in die minderheid. In 'n poging om gesag te verleen aan hulle boodskap vind hulle aansluiting by die

bekende profeet Jesaja, uit die agste eeu voor Christus. Hulle boodskap is dus nie 'n nuwe of vreemde boodskap nie, maar is die boodskap van Jahwe, wat hy van lankal reeds aan sy knegte, die profete, bekend gemaak het, naamlik dat die volk se heil by Jahwe en Jahwe alleen lê.

HOOFSTUK 9

SAMEVATTING VAN DIE NAVORSINGSRESULTATE VAN HIERDIE STUDIE

9.1 INLEIDING

As navorsingsveld vir my nagraadse studie het ek gekies om by die huidige Jesajanavorsing, waarin daar opnuut gefokus word op die boek Jesaja as literêre eenheid, aan te sluit. Enersyds word die keuse geregverdig deur die oplewing in Jesajanavorsing oor ten minste die laaste drie dekades en wat onder andere gelei het

tot die organisering van die sogenaamde *The Formation of the Book of Isaiah Seminar of the Society of Biblical Literature* onder voorsitterskap van Marvin Sweeney en Roy Melugin (Melugin & Sweeney 1996:13). Andersyds word die keuse geregverdig deur Clements (1985:98) se, na my oordeel, akkurate en baie belangrike opmerking oor die boek Jesaja, naamlik:

“It is, I firmly believe, one of the most complex literary structures of the entire Old Testament”
(Clements 1985:98).

Trouens, ek wil my verstout om by Clements se opmerking te voeg dat die boek Jesaja se wordingsgeskiedenis in kompleksiteit waarskynlik vergelyk kan word met dié van die Pentateug. Die gevolg is dat dit nie so eenvoudig is om te bepaal presies wanneer watter stof in die redaksionele proses geherinterpreteer en bygewerk is, watter stof van Jesaja self afkomstig is en watter die werk van latere redaktor(s) is nie; wie nou eintlik die gehoor is op wie die boodskap gemik is en wat presies die funksie en boodskap van die boek is nie. Iets van hierdie literêre kompleksiteite blyk ook uit die magdom literatuur wat oor die afgelope dekades in verband met die boek Jesaja gepubliseer is.¹⁶⁷

Die kompleksiteit van die boek Jesaja waarna Clements verwys en wat hierbo aangehaal word, asook die magdom literatuur wat reeds verskyn het en steeds

¹⁶⁷ Vergelyk byvoorbeeld die literatuur wat vermeld word in die bronnelys aan die einde van hierdie studie.

verskyn op die gebied van Jesajanavorsing, wil 'n mens soms oorweldig. Ander kere voel 'n mens weer jy kry tog 'n greep op die boek. Alles in ag genome meen ek egter Darr is reg wanneer sy die volgende opmerking in dié verband maak:

“Isaiah’s vision is too complex, multifaceted, and rich ever to be summarized in a single work, regardless of its length” (Darr 1994:225).

Dat ek die gekose teks vanuit slegs twee perspektiewe belig, te wete 'n historiese en 'n literêre perspektief, is hopelik in dié lig te verstane. Voeg daarby dat dié twee perspektiewe nie alleen in die geskiedenis van Ou Testamentiese navorsing in Suid-Afrika 'n belangrike rol gespeel het nie (vgl. Le Roux 1993), maar dat die debat wat betref 'n sinkroniese en diakroniese lees van die teks steeds op Suid-Afrikaanse Ou-Testamentici se tafels is, word 'n keuse vir genoemde perspektiewe nog duideliker. Wat die onlangse verlede betref, dink ek byvoorbeeld aan die artikels van onder andere Deist (1995^a), Snyman (1996) en Human (1999) waarin elkeen, weliswaar op 'n eie manier, poog om 'n bydrae te lewer op die gebied van eksegetiese metodologie. By elkeen van genoemde artikels kom die saak van 'n sinkroniese en 'n diakroniese benadering tot die teks aan die orde.

Dus, in die lig van sowel die internasionale belangstelling in die boek Jesaja as die metodologiese debat in Suid-Afrika, is 'n studie soos hierdie, met sy afgebakendheid wat betref teks en perspektiewe, na my oordeel geregverdig.

9.2 NAVORSINGSGESKIEDENIS VAN DIE BOEK JESAJA

Daar is begin deur 'n bondige oorsig te gee van die belangrikste strominge binne die *Forschungsgeschichte* van die boek Jesaja sedert die Middeleeue tot en met die laaste dekade van die 20ste eeu. Daar is daarop gewys dat die boek aanvanklik van begin tot einde beskou is as die werk van een outeur, te wete die agste-eeuse profeet Jesaja en dat dit dus, op grond van dié outeurskap, 'n eenheid vorm.

Vervolgens is aangetoon dat met die koms van die *Aufklärung* dié standpunt vervang is met die standpunt dat die boek in sy geheel nie die werk is van die agste-eeuse profeet nie, maar dat daar slegs 'n beperkte aantal *logi Esaias* in 1-39 voorkom, terwyl 40-55 uit die eksiliese tyd en daarna dateer en 56-66 uit die Persiese tyd. Met ander woorde, waar die boek aanvanklik gesien is as 'n eenheid omrede dit aangebied word as *בְּנֵי-אֲמוֹץ שְׁעָרָהוּ יְהוֹן* (Jes. 1:1),¹⁶⁸ het die histories-kritiese navorsing, met sy klem op die historiese konteks van die teks in sy onderskeie stadiums van ontwikkeling, daartoe aanleiding gegee dat Jesaja nou nie meer gesien is as 'n eenheid nie, maar as die werk van ten minste twee, maar waarskynlik drie “Jesajas” wat in drie verskillende tye en plekke opgetree het en dat daar gevolglik nie sprake is van eenheid in die boek nie.¹⁶⁹

¹⁶⁸ “Visioen van Jesaja seun van Amos”

¹⁶⁹ Daar is daarop gewys dat, hoewel die voorstanders van die gedagte aan 'n Jesajaanse skool (Mowinckel e.a.) ook tel onder die kritiese navorsers, hulle ook in wese na eenheid in die teks op outeursvlak soek (sien Hoofstuk 1).

Gedurende die tweede helfte van die 20ste eeu het daar, so het ek aangetoon, 'n verskuiwing plaasgevind weg van die historiese na die tekstuele en uiteindelik ook na die hedendaagse leser. Van 'n diakroniese benadering is daar dus beweeg na 'n sinkroniese benadering tot die teks. Hierdie wegbeweeg van die historiese konteks na die teks se literêre en kanoniese konteks en uiteindelik na die konteks van die hedendaagse leser, het gestalte gevind in benaderings soos strukturalisme, retoriese kritiek, kanoniese benadering en in die nuwere literêre benaderings soos feministiese benaderings en resepsiekritiek (Clines & Exum 1993:15-20).

Met ander woorde, waar die histories-kritiese navorsing wegbeweeg het van 'n eenheid van die boek Jesaja, gaan hierdie nuwe bewegings weer terug na 'n eenheid binne die boek Jesaja. Nou lê die eenheid egter nie meer opgesluit in outeurskap nie, maar in die teks. Voorstanders van hierdie benaderings neem, soos die voorhistories-kritiese navorsers, ook die inleiding *בְּנֵי-אֱמוּנָה יִשְׁעֵיהֶוָה יְהוָה* (Jes 1:1)¹⁷⁰ as vertrekpunt, maar dan as aanduiding van die *Gattung* van die hele boek (bv. Watts 1985:xxvii-xxxii), of as argument dat Jesaja 1:1 as opskrif geld vir die hele boek (bv. Sweeney 1988:101) en dat die boek Jesaja se redaktor(s) dus bedoel het dat dit in sy geheel as eenheid gelees moet word. Volgens voorstanders van hierdie benaderings bied Jesaja 1:1, saam met die laaste hoofstukke van die boek, ook 'n aanduiding van wie die gehoor is tot wie die boodskap van Jesaja, soos ons dit vandag voor ons het, gerig is (bv. Watts 1985 & Sweeney 1988).

¹⁷⁰ "Visioen van Jesaja seun van Amos"

Deur die uitwys van intertekstuele relasies word die boek in sy geheel gevolglik gesien as tekstuele eenheid waarvoor 'n finale redaktor, of redaktors verantwoordelik was. Hierdie finale redaktor(s) het doelbewus sulke strukture en/of relasies in die teks ingebou sodat dit as eenheid deur sy/hulle gehoor gelees/gehoor moes word. Hierdie strukture en/of relasies kan met behulp van die nuwere benaderings ontsluit word en die funksie en boodskap van die teks sodoende vasgestel word. Dus, in die lig van hierdie strukture, relasies en uiteindelijke hoorders/lesers van die sogenaamde finale teks van Jesaja, word die boek dan nou in sy geheel as literêre eenheid geïnterpreteer. Almal is dit egter nie eens oor die moontlikheid om die gehoor aan wie Jesaja as geheel gerig is te bepaal nie en verkies om die klem te verskuif na die hedendaagse leser (vgl. bv. Conrad 1991:156 en Darr 1994:225 e.v.).

9.3 HISTORIESE PERSPEKTIEF

Na die bondige oorsig van die huidige stand van die *Forschungsgeschichte* in Jesajavnavorsing, het ek my aandag vervolgens verskuif na die teks self. As gevolg van die omvang van die boek Jesaja, moes noodwendig 'n seleksie gemaak word en het ek gekies om aan die hand van Jesaja 36-39 en dan meer toegespits op Jesaja 38-39, my navorsing te doen. Hoewel daar in die detaileksegeese byna uitsluitlik gefokus is op Jesaja 38 en 39, het die historiese ondersoek Jesaja 36-39 in die geheel hanteer. Enersyds is dit gedoen omrede Jesaja 36-39 as een verhaal aangebied word: andersyds omrede, soos nou reeds by meer as een geleentheid aangetoon is, die

redaktor(s) sowel Jesaja 38 as Jesaja 39 binne die historiese raamwerk van Sanherib se beleg van Jerusalem plaas.

Die teks het my verplaas na sowat die laaste dekade van die agste eeu vC en daarom het ek myself vergewis van omstandighede in die Ou Nabye-Ooste gedurende dié tyd. Sowel primêre as sekondêre bronne is geraadpleeg. In die proses het ek onder die indruk gekom dat Jesaja 36-39, soos die Assiriese bronne, alleen maar 'n weergawe van gebeure gedurende dié tyd verteenwoordig en dat die Ou-Testamentiese weergawe teologies gelaai is, sodat die gebeure waarvan vertel word op 'n heel bepaalde manier gehoor moes word. Om dit te bereik is die geskiedenis rondom bepaalde insidente gedurende koning Hiskia van Juda se regeringstyd op 'n bepaalde manier en in 'n heel spesifieke volgorde weergegee¹⁷¹.

So byvoorbeeld, het die historiese ondersoek duidelik uitgewys dat die gebeure waarna Jesaja 38 en 39 verwys kronologies vóór dié van Jesaja 36-37 hoort. Daar is byvoorbeeld in Jesaja 38:6 die verwysing na die toekomstige verlossing van die stad Jerusalem uit die mag van die Assiriërs. Daarby word gebeure wat oor 'n lang tyd plaasgevind het, vertel asof alles min of meer in dieselfde tyd gebeur het. Hier dink 'n mens byvoorbeeld aan Sanherib se dood, wat op so 'n wyse aangebied word dat dit die indruk by die leser skep dat hy pas na sy terugkeer van sy derde veldtog na Palestina vermoor is.

¹⁷¹ Soos in Hoofstuk 3 van hierdie studie uitgewys is, is ook die Assiriese bronne ideologies gelaai. Dit wat reeds daar gesê is, gaan egter nie hier herhaal word nie.

Wat die primêre bronne betref, is dit egter nie alleen die Ou-Testamentiese weergawes wat verskil van dié van die Assiriese weergawes nie. Die Ou-Testamentiese bronne verskil ook onderling. Die twee mees voor die hand liggende voorbeelde is waarskynlik die ontbreking van die sogenaamde Hiskiapsalm in die Konings weergawe, terwyl Jesaja 36-39 die betaling van tribuut deur koning Hiskia aan die Assiriese koning, Sanherib, verswyg.

Op grond van bogenoemde en nog ander navorsingsresultate wat nie hier herhaal is nie, is die afleiding gemaak dat dit nie die bedoeling van die redaktor(s) was dat Jesaja 36-39 as historiese dokument gelees moet word nie. Die betekenis van die teks moet gevolglik op 'n ander vlak gesoek word. Die feit dat Jesaja en 2 Konings se weergawes van mekaar verskil, beteken verder dat elkeen van dié tekste in die konteks van hulle onderskeie literêre *Sitze-im-Leben* gelees moet word (vgl. bv. Kasher (2001) se artikel in die verband).

9.4 LITERÊRE PERSPEKTIEF

Vervolgens is ek terug na die teks toe en is dié in meer detail geëksegetiseer. Die bestudering van die teks binne sy literêre konteks en na sy literêre aard het genoemde afleiding wat op grond van die historiese ondersoek gemaak is, bevestig. Die teks is geïdentifiseer as 'n duidelik afgebakende eenheid wat na sy *Gattung* as narratiewe teks getipeer kan word. Dit neem enkele grepe uit die geskiedenis van Juda

gedurende die tyd toe Assirië die wêreldmag was en Hiskia die koning in Jerusalem, en rangskik en wend dit dan so aan dat dit aan 'n gegewe gehoor gedurende 'n bepaalde tyd 'n bepaalde boodskap oorgedra het. In die proses is daarop gewys dat die verhaal deur intertekstuele relasies sowel na binne (Jes. 36-39) as na buite (Jes. 1-35 en Jes. 40-66) gebind word en sodoende deel gemaak word van die boek Jesaja in sy geheel.

Uit die detaileksegeese het dit geblyk dat die twee verhale, te wete dié in Jesaja 38, wat handel oor Hiskia se siekte en genesing en dié in Jesaja 39, wat handel oor die besoek van 'n hoë afvaardiging uit Babel, waarskynlik 'n dieper betekenis het as wat uit 'n oppervlakkige lesing sigbaar word. Ek het in die eksegeese daarop gewys dat daar navorsers is, en ek sluit by hulle aan, wat meen dat Hiskia se siekte en genesing onder meer kan dui op Juda se Babiloniese ballingskap, maar ook uiteindelijke herstel onder Persiese bewind. Daarmee word daar nie noodwendig 'n streep getrek deur die historisiteit daarvan nie, maar wil ek aandui dat die wyse waarop en die konteks waarin die verhaal aangebied word, moontlik kan dui op 'n teologiese interpretasie deur die redaktor(s) van Hiskia se siekte.

Insgelyks is ook Jesaja 39 geles in die konteks van die Babiloniese ballingskap. In aansluiting by Ackroyd (1974) is daar gewys op die moontlik dieper betekenis van 'n begrip soos byvoorbeeld הַרְאָה "sien", veral in die lig van die herhaling daarvan. Daar is daarop gewys dat dit moontlik kan dui op besitname van die skatte, wapentuig en die land, en dus die ballingskap op die oog kan hê. Meer voor die hand liggend is

egter die verwysings na die ballingskap in Jesaja 39:6-7, sodat daar geen twyfel kan wees oor die feit dat Jesaja 39 die ballingskap op die oog het nie.

Dit blyk dat hoewel Jesaja 38 en 39 deur bepaalde merkers aan die gebeure wat hom afgespeel het met die Assiriese beleg van Jerusalem in 701 vC gebind word, dit egter ook deur gebruikmaking van bepaalde motiewe vorentoe kyk en dat die Babiloniese ballingskap op die horison verskyn. Daar is dus in die teks 'n subtiele beweging van 'n tyd van Assiriese heerskappy na 'n tyd van Babiloniese heerskappy.

Na my oordeel is dit juis die herrangskikking van gebeure (Jes. 36-37, 38 & 39, i.p.v. Jes. 38, 39 & 36-37), die doelbewuste koppeling van bepaalde gebeure aan die daaraan voorafgaande gebeure (Jes. 38:1 & Jes. 39:1) asook die doelbewuste gebruikmaking van belangrike terme in Jesaja 36-39 (בטח; נצל en ישע) wat ook oor die hele Jesaja versprei is, wat daarop dui dat nóg die boek Jesaja in geheel, nóg Jesaja 36-39 in een sitting deur een persoon op een gegewe plek geskryf is. Die boek Jesaja, maar dan spesifiek ook Jesaja 36-39, het 'n bepaalde redaksionele pad gestap totdat dit uiteindelik in sy huidige vorm gestol het. Jesaja bestaan uit verskillende tekstuele lae wat oor 'n lang tyd saamgevoeg, oorgewerk en ook bygewerk is¹⁷². Daarom is die eenheid van die teks net so min absoluut as wat die tradisionele driedeling van die boek absoluut is.

¹⁷² Sien Hoofstuk 7 in verband met die rol van 'n *Redaktionsgeschichtliche* ondersoek in hierdie studie.

9.5 TERUG NA ('N) HISTORIESE KONTEKS

Die gevolgtrekkings wat na aanleiding van die historiese en literêre perspektiewe op die teks gemaak is, het aan die lig gebring dat die boek Jesaja, en dan met name Jesaja 38 en 39, eerder 'n teologiese as 'n historiese funksie het (vgl. Rendtorff 1988:7). Die historiese konteks geïmpliseer in die teks is nie dieselfde as die historiese konteks waarheen die teks die leser verplaas nie. Dus, wanneer daar nou teruggekeer word na 'n historiese konteks, is dit nie weer die agste-eeuse konteks nie, maar die konteks deur die teks geïmpliseer.

In die vorige twee hoofstukke is daar gepoog om aan te toon dat die na-eksiliese gemeenskap in Juda, maar met name Jerusalem se inwoners, diegene is tot wie Jesaja in sy finale vorm gerig is. Die historiese konteks gedurende die Persiese heerskappy is oorsigtelik gerekonstrueer en die rekonstruksie het onder meer daarop gedui dat die gemeenskap in Jerusalem gedurende hierdie tyd 'n verdeelde gemeenskap was.

Daar was gedurende hierdie tyd 'n verskeidenheid van groeperinge in Juda wat elkeen gestoei het vir sy belange. Daar is ook aangetoon dat die agste-eeuse profeet Jesaja juis om hierdie rede as relevant geag is deur die na-eksiliese gemeenskap. Die spore van die na-eksiliese verdeeldheid gaan inderdaad terug op vooreksiliese verdeeldheid in Juda.

9.6 ENKELE VOORLOPIGE GEVOLGTREKKINGS

Op grond van hierdie stuk navorsing word daar vervolgens enkele voorlopige¹⁷³ gevolgtrekkings gemaak. Die indruk wat deur die teks geskep word, is dat die redaktor(s) van Jesaja drie verhale wat in die agste eeu vC afspeel, neem, dit herrangskik en in 'n bepaalde literêre konteks plaas.

Deur dié verhale uit hulle historiese konteks te neem, blyk dit na my oordeel dat die redaktor(s) sy/hulle hoorder(s)/leser(s) doelbewus wil herinner aan die betrokke tyd. Hulle moet die tyd en sy gebeure in herinnering roep. Hulle moet onthou hoe die Assiriese koning, Sanherib, Jahwe gespot het, maar hoe hy uiteindelik in die tempel van sy eie god om die lewe gebring is. Hulle moes die feit dat die magtige Assiriese leër toe nooit Jerusalem kon inneem nie, in herinnering roep. Hulle moes hulleself herinner hoe Jahwe die lewe van die Judese koning van dié tyd, naamlik Hiskia, verleng het.

Die redaktor(s) wil waarskynlik hê dat hulle hoorder(s)/leser(s) Hiskia moes sien as 'n vrome koning wat, op aandrang van die profeet Jesaja, volledig en alleenlik op Jahwe vertrou het in sowel 'n nasionale as 'n persoonlike krisis. Op grond van hierdie

¹⁷³ “Voorlopig” omrede absolute antwoorde nie moontlik is nie. Ons het vandag slegs 'n verskeidenheid sekondêre bronne met verskillende weergawes van gebeure, wat nie bedoel is om geskiedskrywing te wees soos ons die begrip vandag verstaan nie, terwyl dit teologies/ideologies gelaaide tekste is. Ons weet nie wanneer en hoe die teks presies tot stand gekom het, wie almal 'n aandeel gehad het in die skep van die teks nie en wie die verskillende gehore/lesers in die loop van die geskiedenis was of wat hulle presiese omstandighede was nie. Dieselfde geld diegene wat meen dat strukturalisme, en kanoniese of leser-georiënteerde benaderings die antwoord bied.

absolute vertrouwe op Jahwe en Hom alleen is hy in sowel sy persoonlike as amptelike hoedanigheid verlos en het hy in 'n danklied aan God al die eer gebring. Ja, hulle moes onthou dat die stad en die koningshuis in 'n krisistyd deur hulle trou aan Jahwe en aan Jahwe alleen, deur Hom verlos is.

Hulle moes ook onthou hoedat een van die sterk konings van destyds, naamlik Merodag-Baladan, 'n afvaardiging van hoë amptenare na die koning van Juda gestuur het, maar hoe Hiskia se ydelheid daartoe gelei het dat die profeet in die naam van Jahwe aangekondig het dat alles wat die Babiloniese afvaardiging gesien het, na Babel weggevoer sou word. Die woord van Jahwe by monde van sy profeet is vervul. Daarvan is hulle immers getuie. Hulle het die ballingskap self beleef.

Die redaktors het Jesaja 36-39 in 'n heel spesifieke literêre konteks geplaas en dit deur bepaalde merkers en motiewe met die res van die boek Jesaja verbind. Jesaja 38 en 39 word net voor Jesaja 40 e.v., wat duidelik die eksiliese en selfs na-eksiliese tyd as historiese agtergrond het, geplaas. Op grond van my studie meen ek dat dit doelbewus so gedoen is. Die redaktor(s) wil op die wyse vir sy/hulle gehoor hoop gee in moeilike omstandighede en/of vir die toekoms. Indien ons aanvaar dat die finale redaksionele prosesse eers in die na-eksiliese tyd afgehandel is, en dit is na my mening die geval (vgl. die detaileksege van beide Jesaja 38 en 39), dan lyk dit of die redaktor(s) aan hulle gehoor/leser(s) 'n boodskap van hoop wou bring. Die hoorder(s)/leser(s) moes raaksien dat Jahwe in die verlede op 'n wonderbaarlike wyse in die volk en die koning se lewe ingegryp het. Hulle moes raaksien dat Jahwe deur sy profeet Jesaja die Babiloniese ballingskap aangekondig het. So kondig Hy nou

weer deur sy profeet aan dat die uitkoms op hande is. Hulle moes weet dat, soos daar in die verlede vir koning en stad herstel was, so lê daar ook vir hulle nou herstel voor. Hulle kan maar op die woorde van die profeet van hulle dag vertrou. Bo alles moet hulle op Jahwe en op Hom alleen vertrou. Hy is by magte om te verlos.

Aangesien hierdie studie reeds voorlopig die konteks vir Jesaja 38 en 39 geskets het as die na-eksiliese gemeenskap onder die hervormings van Esra en Nehemia (sien Hoofstuk 7 en 8), gaan hier vervolgens enkele kantaantekeninge gemaak word betreffende die boodskap van Jesaja 38 en 39 in sy huidige vorm en plek in die boek Jesaja.

9.7 DIE BOODSKAP VAN JESAJA 38 EN 39 IN SY HUIDIGE VORM EN PLEK IN DIE BOEK JESAJA

Uit die navorsing het dit geblyk dat dit in Jesaja 38 en 39 gaan oor vertroue op Jahwe in krisistye. Die een wat Hom vertrou kan reken op verlossing en herstel; hy kan Jahwe weer in sy tempel aanbid (Jes. 38). Daar is egter 'n bedekte waarskuwing oor die vertroue in mense, of dit nou 'n vreemde volk is (Babel), of 'n Dawidiese koning (Hiskia). Op mense moet die gelowige sy hoop nie plaas nie, want dit lei tot ondergang (Jes. 39). Ja, Jahwe gebruik mense as instrumente, maar die gelowige se vertroue moet steeds in Hom setel.

Vir die gemeenskap uit die tyd van Esra en Nehemia kon Jesaja 38-39 dus moontlik die boodskap gedra het dat:

- hulle op Jahwe en hom alleen moet vertrou, want Juda se heil lê nie by vreemde volke nie (vgl. die verwysings na Egipte en Babel), maar alleen vertrou op Jahwe bring herstel en verlossing (vgl. die bevryding van die stad en Hiskia se herstel van siekte);
- selfs nie die koning, die geslafde van Jahwe, die verlossing kan bring wanneer hy Jahwe vergeet nie, want Hiskia, van wie so baie verwag is, het ook maar teleurgestel - hy was nie die een wat sou kom nie (vgl. sy hubris in teenwoordigheid van die Babiloniese afvaardiging);
- Jahwe hulle sal verlos, dat hy hulle sal herstel en dat hulle Hom weer in die tempel sal aanbid.

Hierdie boodskap sou vir die mense van destyds nie alleen troos gebring het nie, maar ook 'n duidelike rigtingwyser gewees het.

9.8 JESAJA – NET EEN BOEK? DIE PENDULUM SWAAI

TERUG

In die lig van die vraag in die titel van hierdie stuk navorsing “*Jesaja net een boek? – Die pendulum swaai terug*” sal daar op grond van sowel die huidige stand van navorsing as die resultate van my ondersoek, bevestigend geantwoord moet word. Ja, die pendulum het teruggeswaai. Die huidige neiging in Jesajanavorsing is om die

boek weer as eenheid te lees en te interpreteer. Die kontinuïteit van die boek Jesaja spreek tans in die navorsing harder as die diskontinuïteit daarvan. Dat die kontinuïteit wat daar tans in Jesaja bespeur word hoofsaaklik die gevolg is van 'n lang en ingewikkelde redaksionele proses, kan egter nie ontken word nie en daarom kan die aanwesigheid van diskontinuïteit in Jesaja nie weggepraat of weggewens word nie.

Die resultate van hierdie studie bevestig dus die hipotese wat aan die begin van hierdie studie gestel is (1.2), naamlik dat die tradisionele skeiding tussen Proto-, Deutero-, en Tritojesaja nie so waterdig is as wat daar oor die algemeen onder histories-kritiese navorsers aanvaar word nie; dat daar wel 'n bepaalde relasie tussen die drie dele bestaan, maar dat die omvang en aard van die relasies nie so duidelik is as wat voorstanders van die sinkroniese benaderings tot die teks dit wil hê nie en dat 'n sinkroniese en 'n diakroniese benadering in die eksegetiese proses miskien nie teenoor mekaar gestel moet word nie, maar eerder komplementêrend aangewend moet word.

Net so min as wat ek oortuig is daarvan dat die skeiding tussen Proto-, Deutero- en Tritojesaja so waterdig is as waarop die histories-kritiese benaderings aanspraak maak, is ek oortuig daarvan dat die hedendaagse nuutgevonde eenheid van Jesaja, hetsy dit lê op strukturele, literêre, redaksionele, kanoniese of leser-respons vlak, waterdig is. Hierdie studie het my tot die gevolgtrekking laat kom dat daar in die boek Jesaja sowel 'n kontinuïteit as 'n diskontinuïteit aanwesig is. Na my mening kon, tot op hede, nog geen leesstrategie, op sy eie, al 66 hoofstukke van die boek Jesaja oortuigend en volledig verdiskonteer nie. Na my oordeel is die redaksionele

proses te kompleks en die tekstuele materiaal te divers om sonder meer 'n finale antwoord te gee wat betref die korrekte historiese konteks, struktuur, tekstuele eenheid, funksie of boodskap van die 66 hoofstukke van Jesaja in sy geheel.

Om betekenis dan te verskuif na die hedendaagse leser, net omrede 'n historiese konteks vir die hele boek nie oortuigend geponeer kan word nie, bevredig na my mening ook nie. Net so min as wat betekenis volledig in 'n bepaalde historiese konteks, of in die teks en sy struktuur, of in die finale kanoniese vorm opgesluit is, lê dit volledig by die hedendaagse leser. Soos wat die redaksionele ontwikkeling van Jesaja 'n dinamiese proses was, is die kommunikasie tussen die teks en die leser van vandag steeds 'n dinamiese proses. Daarom kan betekenis van die teks nóg volledig in die geskiedenis, nóg volledig in die teks en sy strukture, nóg volledig in sy finale of kanoniese vorm en nóg volledig by die leser opgesluit lê. Elkeen van hierdie fasette en perspektiewe lewer 'n bydrae tot 'n beter, maar nooit 'n finale verstaan van die teks nie.

OPSOMMING

JESAJA NET EEN BOEK? DIE PENDULUM SWAAI TERUG

deur

Stephanus Ignatius Cronjé

Promotor: Prof. W.S. Boshoff

Mede-promotor: Prof J.H. le Roux

Departement: Ou Testament

Graad: Doctor Divinitatis

Daar is nou reeds vir so om en by drie dekades 'n groeiende belangstelling in die boek Jesaja, maar dan in besonder die eenheid van die boek. In die Verenigde State van Amerika het dit onder meer gelei het tot die organisering van *The Formation of the Book of Isaiah Seminar of the Society of Biblical Literature* onder voorsitterskap van Marvin Sweeney en Roy Melugin.

Die huidige debat het gegroei uit die onvergenoegdheid van al hoe meer navorsers met die Histories-Kritiese metode en sy resultate. Die klassieke driedeling van Duhm, maar veral sy volgelingen se toepassing daarvan, word bevraagteken. As alternatief word daar gewys op die eenheid van al 66 hoofstukke van Jesaja. Dié eenheid, anders as die klassieke kerklike standpunt, lê egter nie opgesluit in die outeur nie, maar in die teks met sy verskeidenheid intratekstuele verbindings.

In Suid-Afrika, soos ook maar die geval is met die res van die akademiese wêreld, word die sinkroniese en diakroniese benaderings tot die teks dikwels teen mekaar afgespeel. Hier word gepoog om beide perspektiewe aan die orde te stel met die doel om aan te toon dat elke benadering sy tekortkominge het. Soos die Historiese Kritiek nie reg is met sy waterdigte skeiding tussen Proto-, Deutero- en Tritoesaja nie, is die sinkroniese benaderings ook nie reg in hul optimisme oor die duidelik gestruktureerde eenheid van die finale teks nie.

Daar is beide 'n kontinuïteit en diskontinuïteit in Jesaja te bespeur. Deur egter vanuit sowel 'n diakroniese as 'n sinkroniese perspektief na die teks te kyk, word die ryke geskakeerdheid van die teks ernstig opgeneem, komplimenteer genoemde twee perspektiewe mekaar se resultate, ondersteun mekaar self op bepaalde punte en kom die moontlike boodskap duideliker na die oppervlak.

In hierdie studie dien Jesaja 36-39 as illustrasie, terwyl Jesaja 38-39 in detail geëksegetiseer word. Hierdie teks staan reeds vir dekades om verskeie redes in die brandpunt van die bespreking. Die rede vir die plasing daarvan in die spesifieke konteks van Jesaja, die parallelle teks in 2 Konings 18-20 en die annale van Sanherib van Assirië en hul weergawe van die beleg van Jerusalem, is van die belangrikste vrae in die verband.

Die onderhawige studie bevestig die hipotese aan die begin van hierdie studie gestel, naamlik dat die pendulum terug geswaai het deurdat die klem verskuif het van 'n

driedeling na die eenheid van die boek Jesaja. Die klassieke skeiding tussen Proto-, Deutero- en Tritojesaja is nie so waterdig as wat daar oor die algemeen onder histories-kritiese navorsers aanvaar word nie. Daar is wel 'n bepaalde relasie tussen die drie dele, maar die omvang en aard van die relasies is nie so duidelik is as wat voorstanders van die sinkroniese benaderings tot die teks dit wil hê nie. Daarom behoort 'n sinkroniese en 'n diakroniese benadering in die eksegetiese proses nie teenoor mekaar gestel te word nie, maar behoort dit eerder komplementêrend aangewend te word.

SLEUTELTERME

OU TESTAMENT

JESAJA BOEK VAN

JESAJA 36-39

2 KONINGS 18-20

HISKIA

ASSIRIË

HISTORIES-KRITIESE METODE

FINALE TEKS

LITERÊR-HISTORIES

HISTORIOGRAFIE

SUMMARY

ISAIAH ONLY ONE BOOK? THE PENDULUM SWINGS BACK

by

Stephanus Ignatius Cronjé

Promoter: Prof. W.S. Boshoff

Co-Promoter: Prof J.H. le Roux

Department: Old Testament

Degree: Doctor Divinitatis

For three decades or so, there has been growing interest in the book of Isaiah, particularly with regard to the unity of the book. In the United States of America this has led to, among other things, an organisation called *The Formation of the Book of Isaiah Seminar of the Society of Biblical Literature* under the joint chairmanship of Marvin Sweeney and Roy Melugin.

The current debate has grown out of the discontent of more and more researchers with the Historical-Critical methods and their results. The classical tripartition of Duhm, and especially his supporters' application of it, is being queried. The unity of all 66 chapters of Isaiah is indicated as an alternative. This unity, unlike the traditional standpoint of the church, is, however, not implied in the authorship, but rather in the text, with its variety of intertextual links.

In South Africa, as is the case in the rest of the academic world, the synchronic and diachronic approaches to the text are often played off against each other. An attempt is made here to raise questions about both perspectives with the aim of showing that each approach has its shortcomings. Just as the Historical-Critical method is not correct in its rigid division between Proto-, Deutero- and Trito-Isaiah, neither are the synchronic approaches correct in their optimism over the clear, structured unity of the final text.

Both continuity and discontinuity can be detected in Isaiah. However, by looking at the text from a diachronic as well as a synchronic perspective, an improved view of the rich variety of the text can be seen. The results of the aforementioned perspectives are complementary, even supporting each other on certain points, and the eventual message comes more clearly to the surface.

In this thesis, Isaiah 36-39 serves as an illustration, while Isaiah 38-39 is analysed in detail. This text, for various reasons, has been the focal point of discussion for many years. The reason for its insertion in the specific context of Isaiah, the parallel text in 2 Kings 18-20 and the annals of Sennacherib of Assyria and their varying versions of the siege of Jerusalem, are some of the most important questions.

This study confirms the hypothesis proposed at the beginning, namely that the pendulum has swung back, shifting the emphasis from tripartition to a unified book of Isaiah. The classical division between Proto-, Deutero- and Trito-Isaiah is not as

rigid as generally accepted by the Historical-Critical researchers. There is a definite relationship between the three parts but the extent and nature of the relationship is not as clear as the advocates of the synchronic methods to the text would like it to be. Therefore, synchronic and diachronic methods in the exegesis should not be set against each other but should rather be applied in a complementary fashion.

KEY TERMINOLOGY

OLD TESTAMENT

ISAIAH BOOK OF

ISAIAH 36-39

2 KINGS 18-20

HEZEKIAH

ASSYRIA

HISTORICAL CRITICAL METHOD

FINALE TEXT

LITERARY-HISTORICAL

HISTORIOGRAPHY

BRONNELYS

- Abegg, MG (jr) 1998. The Hebrew of the Dead Sea Scrolls, in Flint and Vanderkam (ed), *The Dead Sea Scrolls after Fifty Years*. (Vol 1), Leiden: Brill, 325-358.
- Abegg, M (jr), P Flint & E Ulrich 1999. *The Dead Sea Scrolls Bible: The Oldest Known Bible Translated for the First Time into English*. San Francisco: Harper.
- Ackroyd, PR 1974. An Interpretation of the Babylonian Exile: A Study of 2 Kings 20, Isaiah 38-39. *SJT* 27, 329-352.
- Ackroyd, PR 1982. Isaiah 36-39: Structure and Function, in WC Delsman (ed.), *Von Kanaan bis Kerala*. Neukirchen-Vluyn: Neukirchener Verlag.
- Aharoni, Y en M Avi-Yonah 1979. *Bybelse Atlas*. Durban: Butterworths.
- Albertz, R 1992a. *Religionsgeschichte Israels in alttestamentlicher Zeit*. Teil 1. Göttingen: Vandenhoeck.
- Albertz, R 1992b. *Religionsgeschichte Israels in alttestamentlicher Zeit*. Teil 2. Göttingen: Vandenhoeck.
- Albright, WF 1945. The Chronology of the Divided Monarchy of Israel, *BASOR* 100, 16-22.

- Alter, R 1981. *The Art of Biblical Narrative*. New York: Basic Books Inc. Publishers.
- Althann, R 1988. The sun reversing its course: Poetry and textual criticism (Is 38:8; 2 Ki 20:11). *OTE* 1/3, 21-27.
- Andersen, KT 1969. Die Chronologie der Könige von Israel und Juda. *ST* 23, 69-114.
- Auret, A 1993. A different background for Isaiah 22:15-25 presents an alternative paradigm: disposing of political and religious opposition? *OTE* 6, 46-56.
- Baly, D 1974. *The Geography of the Bible*. (new and rev ed) New York: Harper & Row.
- Bar-Efrat, S 1997. *Narrative Art in the Bible*. (2nd edition) JSOTS 70. Sheffield: Academic Press.
- Barré, ML 1995. Restoring the "Lost" prayer in the psalm of Hezekiah (Isaiah 38:16-17b). *JBL* 114/3, 385-399.
- Barth, H 1977. *Die Jesaja-Worte in der Josiazeit*. Neukirchen-Vluyn: Neukirchener Verlag.
- Begg, CT 1989. Babylon in the Book of Isaiah, in J Vermeulen *The Book of Isaiah. Le Livre d' Isaïe*. Leuven: Uitgeverij Peeters, 121-125.
- Beuken, WAM 1986. *Jesaja deel II^A*. POT. Nijkerk: Uitgeverij G.F. Callenbach BV.

- Beuken, WAM 1999. Jesaja 36-39 van ongepubliseerde kommentaar deur outeur aan my beskikbaar gestel in September 1999.
- Blenkinsopp, J 2000. *Isaiah 1-39*. AB. Doubleday: Anchor Bible.
- Bolin, TM 1996. When the End is the Beginning. The Persian Period and the Origins of the Biblical Tradition. *SJOT* 10(1), 3-15.
- Bright, J 1981. *A History of Israel* (3rd Edition). London: SCM Press.
- Brink, AP 1987. *Vertelkunde: 'n Inleiding tot die lees van verhalende tekste*. Kaapstad: Academica.
- Burger, M 1992. *Verwysingstegnieke*. 8ste Hers uitg. Pretoria: Universiteit van Suid-Afrika.
- BGSA 1983. *Die Bybel*. Kemptonpark: Die Bybelgenootskap van Suid-Afrika.
- Calvijn, J 1900. *Uitlegging op de Profetieën Jesaja en Jeremia*. Utrecht: A.H. Ten Bokkel.
- Carr, D 1993. Reaching for Unity in Isaiah. *JSOT* 57, 61-80.
- Childs, BS 1967. *Isaiah and the Assyrian Crisis*. SBT Second Series. London: SCM Press.
- Childs, BS 1983. *Introduction to the Old Testament as Scripture*. London: SCM Press.
- Clements, RE 1980a. *Isaiah 1-39*. Grand Rapids: Eerdmans.

- Clements, RE 1980b. *Isaiah and the Deliverance of Jerusalem: A Study of the Interpretation of Prophecy in the Old Testament*. JSOTS 13. Sheffield Academic Press.
- Clements, RE 1982. The Unity of the Book of Isaiah. *Interpretation* XXXVI/2, 117-129.
- Clements, RE 1985. Beyond Tradition-History: Deutro-Isaianic Development of First Isaiah's Themes. *JSOT* 31, 95-113.
- Coetzee, JH 1989. The "song of Hezekiah" (Isaiah 38:9-20): A doxology of judgement from the exilic period. *OTE* 2/3, 13-26.
- Cogan, M 2000. Sennacherib's First Campaign: Against Merodach-Baladan, in Hallo, WW (ed), *The Context of Scripture: Monumental Inscriptions from the Biblical World*, 300-303. Leiden: Brill.
- Conrad, EW 1991. *Reading Isaiah*. Minneapolis: Fortress Press.
- Cornelius, I 1989. The image of Assyria: An iconographic approach by way of a study of selected material on the theme of "power and propaganda" in the neo-Assyrian palace reliefs. *OTE* 2/1, 55-74.
- Cornfeld, G 1976. *Archaeology of the Bible: Book by Book*. New York: Harper & Row, Publishers.
- Cowley, AE 1980. *Gesenius' Hebrew Grammar*. (edited and enlarged by the late E. Kautzsch). Second English Edition. Oxford: Clarendon Press.

- Cross, FM 1995. *The Ancient Library of Qumran*. 3rd Edition. Sheffield: Sheffield Academic Press.
- Darr KP 1994. *Isaiah's vision and the family of God*. Louisville: Westminster.
- Davis, PR 1992. *In search of "ancient Israel"*. JSOTSS 148. Sheffield: JSOT Press.
- Davies, PR 2000. What Separates a Minimalist from a Maximalist? Not Much. *BAR* 26/2, 24-27,72.
- Deist, FE 1980. *'n ABC van Bybeluitleg*. Pretoria: J.L. van Schaik.
- Deist, FE 1981. *Towards the Text of the Old Testament*. (Second Edition) (Translated by W.K. Winckler) Pretoria: N.G. Kerkboekhandel.
- Deist, FE 1982. The Problem of History in Old Testament Theology. *OTWSA* 24 (1981), 23-39. Papers read at the 24th meeting of "Die Ou Testamentiese Werkgemeenskap in Suider-Afrika".
- Deist, FE 1988. *Witnesses to the Old Testament*. The literature of the Old Testament, Volume 5. Pretoria: N.G. Kerkboekhandel (Edms) Bpk.
- Deist, FE 1989. Is die Massoretiese teks die Ou Testament? *Skrif en Kerk* 10/1, 9-20.
- Deist, FE 1990. Profete in Israel: 'n Probleemstelling. *HTS* 46/1 & 2, 71-84.

- Deist, FE 1994. *Ervaring, Rede en Metode in Skrifuitleg*. Pretoria: RGN-Uitgewers.
- Deist, FE 1995a. On 'Synchronic' and 'Diachronic': Wie es eigentlich gewesen. *JNSL* 21/1, 37-48.
- Deist, FE 1995b. Text, Textuality, and Textual Criticism. *JNSL* 21/2, 59-67.
- Deist, F & W Vorster (red.) 1986. *Woorde wat ver kom*. Die literatuur van die Ou Testament, Deel I. Kaapstad: Tafelberg-Uitgewers.
- Deist, FE & JH le Roux 1987. *Rewolusie en Reïnterpretasie*. Die Literatuur van die Ou Testament, Deel 4. Kaapstad: Tafelberg-Uitgewers.
- Delitzsch, F 1975. *Isaiah*. Volume VII. COT. Grand Rapids: Eerdmans.
- Donner, H 1986. *Geschichte des Volkes Israel und seiner Nachbarn in Grundzügen*. Teil 2. ATD 4/2. Göttingen: Vandenhoeck & Ruprecht.
- Duhm, B 1968. *Das Buch Jesaia*. HKAT 3.1. 5. Auflage. Göttingen: Vandenhoeck & Ruprecht.
- Edelman, D 2000. What if we had no accounts of Sennacherib's third campaign or the palace reliefs depicting his capture of Lachish? *Biblical Interpretation* 8, 1/2, 88-103.
- Ehrensvärd, M 1997. Once again: The problem of dating Biblical Hebrew. *SJOT* 11/1, 29-40.

- Eichrodt, W 1967. *Der Herr der Geschichte. BAT*. Erste Auflage. Stuttgart: Calwer Verlag.
- Elliger, K et W Rudolph 1977. *Biblia Hebraica. Stuttgartensia*. Stuttgart: Deutsche Bibelstiftung.
- Etz, DV 1996. The Genealogical Relationship of Jehoram and Ahaziah and of Ahaz and Hezekiah, Kings of Judah. *JSOT* 71, 39-53.
- Exum, JC & DJA Clines 1993. *The New Literary Criticism and the Hebrew Bible*. JSOTSS 143. Sheffield: Sheffield Academic Press.
- Eybers, I 1984. *A Geography of Biblical Israel*. (2nd ed) Pretoria: N G Kerkboekhandel.
- Fensham, FC en DN Pienaar 1982. *Geskiedenis van ou Israel*. Pretoria: Academica.
- Fohrer, G 1977. *Geschichte Israels*. Heidelberg: Quelle & Meyer.
- Galil, G 1996. *The Chronology of the Kings of Israel & Judah*. Leiden: E.J. Brill.
- Gray, J 1970. *I and II Kings, a Commentary*. OTL. 2nd ed. London: SCM Press.
- Greenspoon, LJ 1998. The Dead Sea Scrolls and the Greek Bible, in Flint and Vanderkam (ed), *The Dead Sea Scrolls after Fifty Years*. (Vol 1), Leiden: Brill, 101-127.

- Gunneweg, AHJ 1972. *Geschichte Israels bis Bar Kochba*. Stuttgart: Verlag W. Kohlhammer.
- Hallo, WW (ed) 2000. *The Context of Scripture: Monumental Inscriptions from the Biblical World*. Leiden: Brill.
- Handy, LK 1988. Hezekiah's Unlikely Reform. *ZAW* 100, 111-115.
- Hanson, P 1975. *The Dawn of Apocalyptic*. Philadelphia: Fortress Press.
- Harris, RL, GL Archer (jr) & BK Waltke 1980. *Theological Wordbook of the Old Testament*. (2 Vols.). Chicago: Moody Press.
- Harrison, RK 1977. *Introduction to the Old Testament: with a comprehensive review of Old Testament studies and a special supplement on the Apocrypha*. S I: Inter-Varsity Press.
- Hayes, JH & PK Hooker 1988. *A New Chronology for the Kings of Israel and Judah and Its Implications for Biblical History and Literature*. Atlanta: John Knox Press.
- Hayes, JH & SI Irvine 1987. *Isaiah the eighth-century prophet: His times and his preaching*. Nashville: Abingdon Press.
- Herrmann. S 1980. *Geschichte Israels in alttestamentlicher Zeit*. München: Kaiser.
- Herodotus 1996. *The Histories*. (rev ed) London: Penguin Books.
- Hoffer, V 1992. An Exegesis of Isaiah 38.21. *JSOT* 56, 69-84.

- Horn, HS 1966. Did Sennacherib Campaign Once or Twice against Hezekiah? *Andrews University Seminar Studies* 4, 1-28.
- Human, DJ 1999. Die *literêr-historiese* lees van 'n teks. *Skrif en Kerk* 20/2, 354-368.
- Høgenhaven, J 1990. The Prophet Isaiah and Judaeon Foreign Policy under Ahaz and Hezekiah. *JNES* 4, 351-354.
- Jagersma, H 1979. *Geschiedenis van Israël in het Oudtestamentische Tijdvak*. Kampen: Uitgevermaatschappij J.H. Kok.
- Jensen, J 1984. *Isaiah 1-39*. Old Testament Message 8. Wilmington, Delaware: Michael Glazier, Inc.
- Jenni, E & C Westermann 1984. *Theologisches Handwörterbuch zum Alten Testament*. (Zwei Bände) Band I. Zürich: Theologischer Verlag.
- Kaiser, O 1980. *Isaiah 13-39*. (OTL) London: SCM Press.
- Kaiser, O 1984. *Introduction to the Old Testament: A Presentation of its Results and Problems*. Oxford: Blackwell.
- Kasher, R 2001. The *Sitz im Buch* of the Story of Hezekiah's Illness and Cure (II Reg 20,1-11; Isa 38,1-22.) *ZAW* 113/1, 41-55.
- Keller, W 1956. *The Bible as History*. London: Hodder & Stoughton.
- Kilian, J [1985] 1993. *Form & Style in Theological Texts*. Paperback. Pretoria: University of South Africa. (Miscellanea Generalia 5 UNISA 1989).

- Kilian, R 1994. *Jesaja II*. Die Neue Echter Bibel. Würzburg: Echter Verlag.
- King, LW 1898. *First Steps in Assyrian*. London: Kegan Paul, Trench, Trübner & Co., Ltd.
- Koch, K 1982. *The Prophets*. Volume One. London: SCM Press.
- Koehler, L & W
Baumgartner 1958. *Lexicon in Veteris Testamenti Libros*. Leiden: E.J. Brill.
- Koehler, L & W
Baumgartner 1958. *Supplementum ad Lexicon in Veteris Testamenti Libros*. Leiden: E.J. Brill.
- Koole, JL 1997. *Isaiah III*. (Volume 1/Isaiah 40-48). Kampen: Pharos.
- Kruger, HAJ 1996. Gods, for argument's sake. A few remarks on the literature and theological intention of Isaiah 36-37 (Part I). *OTE* 9/1, 52-67.
- Kutscher, EY 1974. *The Language and Linguistic Background of the Isaiah Scroll (IQIsa^a)*. Studies on the Texts of the Desert of Judah, Volume VI. Leiden: E.J. Brill.
- König, E 1926. *Das Buch Jesaja*. Gütersloh: Bertelsmann.
- Laato, A 1987. Hezekiah and the Assyrian Crisis in 701 B.C. *SJOT* 2, 49-68.

- Laato, A 1995. Assyrian propaganda and the falsification of history in the royal inscriptions of Sennacherib. *Vetus Testamentum* 45(2), 198-226.
- Lemche, NP 1988. *Ancient Israel: A new history of Israelite society*. Sheffield: JSOT Press.
- Le Roux, JH 1993. *A Story of two Ways*. Old Testament Essays Supplement Number 2, Pretoria: Verba Vitae Publishers.
- Lisowsky, G 1981. *Konkordanz zum Hebräischen Alten Testament*. Stuttgart: Deutsche Bibelgesellschaft.
- Luckenbill, DD 1926. *Ancient Records of Assyria and Babylonia*. Volume I Historical Records of Assyria from the earliest times to Sargon. Chicago: The University of Chicago Press.
- Luckenbill, DD 1927. *Ancient Records of Assyria and Babylonia*. Volume II Historical Records of Assyria from Sargon to the end. Chicago: The University of Chicago Press.
- Matthews, VH & DC Benjamin 1995. *Social World of Ancient Israel 1250-587*. Peabody, Massachusetts: Hendrickson.
- Melugin, RF & MA Sweeney (eds) 1996. *New Visions of Isaiah*. JSOTS 214. Sheffield: Sheffield Academic Press.
- Miller, JM & JH Hayes 1986. *A History of Ancient Israel and Judah*. Philadelphia: The Westminster Press.

- Mitchell, TC 1998. *The Bible in the British Museum. Interpreting the Evidence*. Reprinted. London: British Museum Press.
- Müller, M 1993. The Septuagint as the Bible of the New Testament Church. *SJOT*. 7/2, 194-207.
- Na'aman, N 1995. The Debated Historicity of Hezekiah's Reform in the Light of Historical and Archaeological Research. *ZAW* 107, 179-195.
- Nestle, E et K Aland 1981. *Novum Testamentum Graece*. 26. Auflage, Stuttgart: Deutsche Bibelstiftung.
- Noth, M 1983. *The History of Israel*. London: SCM Press.
- O'Connell, RH 1994. *Concentricity and Continuity. The Literary Structure of Isaiah*. JSOTS 188. Sheffield: Sheffield Academic Press.
- Oswalt, JN 1986. *The Book of Isaiah. Chapters 1-39*. (NICOT). Grand Rapids: Eerdmans Publishing Company.
- Parry, DW & E Qimron 1999. *The Great Isaiah Scroll (1QIsa^a)*. A New Edition. Leiden: Brill.
- Paul, SM & WG Dever 1973. *Biblical Archaeology*. Jerusalem: Keter Publishing House.
- Pauritsch, K 1971. Die Neue Gemeinde, Jesaja 60-66. *Analecta Biblica* 47, 24-30.

- Potgieter, JH 1991. *'n Narratologiese ondersoek van die boek Jona*. HTS Supplementum 3, Pretoria: Fakulteit Teologie (Afdeling A) Universiteit van Pretoria.
- Prinsloo, WS 1987. Die boek Jesaja, in Burden, JJ & WS Prinsloo (red), *Tweegesprek met God*, 83-114. Kaapstad: Tafelberg-Uitgewers.
- Prinsloo, WS 1988. Eighth-century passages from the Book of Isaiah?: Reflections on Isaiah 28:1-6. *OTE* 1/3, 11-19.
- Pritchard, JB (ed) 1950. *Ancient Near Eastern Texts*. Princeton: Princeton University Press.
- Pritchard, JB (ed) 1973. *The Ancient Near East*. (Volume I) An Anthology of Texts and Pictures. Princeton: Princeton University Press.
- Procksch, DO 1930. *Jesaja I*. KAT Leipzig: A. Deichert'sche Verlagsbuchhandlung D. Werner Scholl.
- Rahlfs, A 1979. *Septuaginta*. Duo volumina in uno. Stuttgart: Deutsche Bibelgesellschaft.
- Reade, J 1998. *Assyrian Sculpture*. (2nd ed) London: British Museum Press.
- Rendtorff, R 1984. Zur Komposition des Buches Jesaja. *VT*. XXXV/3, 295-320.
- Rendtorff, R 1985. *The Old Testament: An Introduction*. London: SCM Press.

- Rendtorff, R 1988. How to read Isaiah 1-39 against its historical background: Some hermeneutical reflections. *OTE* 1/3, 1-10.
- Rendtorff, R 1996. The Book of Isaiah: A Complex Unity: Synchronic and Diachronic Reading, in RF Melugin & MA Sweeney *New Visions of Isaiah*. JSOTS 214. Sheffield: Academic Press.
- Roux, G 1992. *Ancient Iraq*. London: Penguin Books.
- Sanders, JA 1999. The Scrolls and the Canonical Process, in Flint and Vanderkam (ed), *The Dead Sea Scrolls after Fifty Years*. (Vol 2), Leiden: Brill, 1-23.
- Scheepers, C & E Scheffler 2000. *From Dan to Beersheba*. Pretoria: Biblia Publishers.
- Scheffler, E 1998. Debating the late-dating of the Old Testament. *OTE* 11/3, 522-533.
- Scheffler, E 2000. *Fascinating Discoveries from the Biblical World*. Pretoria: Biblia Publishers.
- Schoors, A 1972. *Jesaja*. Roermond: J.J. Romen & Zonen-uitgevers.
- Schoors, A 1998. *Die Königreiche Israel und Juda im 8. und 7. Jahrhundert v. Chr.* Biblische Enzyklopädie 5. Stuttgart: Kohlhammer.
- Schramm, B 1995. *The Opponents of Third Isaiah. Reconstructing the Cultic History of the Restoration*. JSOTS 193. Sheffield: Sheffield Academic Press.

- Seitz, CR 1991. *Zion's final destiny: The Development of the Book of Isaiah – A Reassessment of Isaiah 36-39*. Minneapolis: Fortress Press.
- Seitz, CR 1993. *Isaiah 1-39*. Interpretation. Louisville: John Knox Press.
- Shanks, H (ed.) 1997. Face to Face. Biblical Minimalists meet their Challengers. *BAR* 23/4, 26 e.v.
- Shea, WH 1999. Jerusalem under siege. Did Sennacherib attack twice? *BAR* 25/6, 36-64.
- Smith, M 1987. *Palestinian Parties and Politics that Shaped the Old Testament*. New York: Columbia University Press.
- Snijders, LA 1969. *Jesaja*. Deel I, Nijkerk: Callenbach.
- Snyman, SD 1996. 'n Struktureel-historiese benadering tot die eksegesi van die Ou Testament. *NGTT*. XXXVII (4), 540-549.
- Soggin, JA 1989. *Introduction to the Old Testament: From its origins to the closing of the Alexandrian canon*. (3rd Edition) London: SCM Press.
- Soggin, JA 1993. *An Introduction to the History of Israel and Judah*. (2nd rev and updated ed). London: SCM Press.
- Stansell, G 1988. *Micah and Isaiah: A Form and Tradition Historical Comparison*. SBL Dissertation Series 85. Atlanta: Scholars Press.

- Steck, OH 1985. *Bereitete Heimkehr: Jesaja 35 als redaktionelle Brücke zwischen dem Ersten und dem Zweiten Jesaja*. Stuttgarter Bibelstudien 121. Stuttgart: Verlag Katholisches Bibelwerk.
- Steck, OH 1989. *Exegese des Alten Testaments*. (12., überarbeitete und erweiterte Auflage) Neukirchener: Neukirchener Verlag.
- Sweeney, MA 1988. *Isaiah 1-4 and the Post-Exilic Understanding of the Isaianic Tradition*. (BZAW 171) Berlin: De Gruyter.
- Sweeney, MA 1996. *Isaiah 1-39 with an introduction to prophetic literature* (FOTL 16). Michigan: Eerdmans.
- Tadmor, A 1976. *A History of the Jews People*, ed. H. Ben-Sasson. Cambridge.
- Tawil, H 1982. The historicity of 2 Kings 19:24 (= Isaiah 37:25): The problem of YE ORE MASOR. *JNES* 41, 195-206.
- Thiele, ER 1977. *A Chronology of the Hebrew Kings*. Grand Rapids: Zondervan.
- Tomes, R 1993. The reason for the Syro-Ephraimite War. *JSOT* 59, 55-71.
- Vaughn, A 1999. *Theology, History, and Archaeology in the Chronicler's Account of Hezekiah*. Atlanta: Scholars Press.
- Venter, PM 1989a. Isaiah and Jerusalem. *OTE* 2/3, 27-35.

- Venter, PM 1989b. Jesaja en die kanonvormingsproses vanaf die agste eeu voor Christus. *HTS* 45/2, 527-553.
- Vermes, G 1977. *The Dead Sea Scrolls*. London: Collins
- Von Rad, G 1982. *Old Testament Theology*. Vol 2. London: SCM Press.
- Watts, JDW 1985. *Isaiah 1-33*. (WBC Vol 24). Waco: Word Books, Publisher.
- Watts, JDW 1987. *Isaiah 34-66*. (WBC Vol 25). Waco: Word Books, Publisher.
- Westermann, C 1985. *Isaiah 40-66*. (OTL) London: SCM Press.
- Widyapranawa, SH 1990. *The Lord is Savior: Faith in national crisis. A Commentary on the Book of Isaiah 1-39*, Grand Rapids: Eerdmans.
- Wildberger, H 1982. *Jesaja. Kapitel 28-39*. (BKAT X3). Neukirchen-Vluyn: Neukirchener Verlag.
- Williams, DT 1989. The dial and boil: Some remarks on the healing of Hezekiah. *OTE* 2/2, 29-45.
- Williamson, HGM 1994. *The Book Called Isaiah: Deutero-Isaiah's Role in Composition and Redaction*. Oxford: Clarendon Press.
- Würthwein, E 1957. *The Text of the Old Testament*. Oxford: Basil Blackwell.



- Zenger, E (u.a.) 1998. *Einleitung in das Alte Testament*. (Studienbücher Theologie Band 1,1) Dritte, neu bearbeitete und erweiterte Auflage. Stuttgart: Kohlhammer.
- Ziegler, J 1976. Die Vorlage der Isaias-Septuaginta (LXX) und die erste Isaias-Rolle von Qumran (1QIs^a), in Cross, FM & S Talmon *Qumran and the History of the Biblical Text*. Massachusetts: Harvard University Press, 90-115.